

DIE ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE
VAN
ONTSPANNING VIR DIE BANTOE
IN
ENKELE STEDELIKE GEBIEDE

deur

ERASMUS PETRUS SMITH TALJAARD
(B.Sc., Honns. B.A., M.A.)

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
van die graad

D. PHIL. in die Fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE
HOËR ONDERWYS

STELLENBOSCH

Junie 1976

I N H O U D S O P G A W E

BLADSY

VOORWOORD

INLEIDING	1
-----------------	---

HOOFSTUK

1. <u>DIE PROBLEEM, DOEL EN METODE</u> <u>VAN ONDERSOEK</u>	8 - 14
1.1 Die probleem	8
1.2 Die doelstelling	10
1.3 Metode van ondersoek	13
2. <u>BESPREKING VAN DIE LITERATUUR EN DIE</u> <u>AGTERGROND VAN DIE PROBLEEM</u>	15 - 91
2.1 Begripsontleding	15
2.1.1 Administrasie	15
2.1.2 Organisasie	16
2.1.3 Ontspanning	17
2.1.4 Vrye tyd	24
2.2 Bantoe-ontspanning	31
2.2.1 Toekenning van ruimte vir parke- en ontspanningsfasi- liteite in Bantoe woonbuurte	49
2.3 Administrasie van Parke- en Ontspanningsdepartemente ...	67
2.3.1 Blanke Parke- en Ontspan- ningsdepartemente in Suid- Afrika	67
2.3.1.1 Johannesburg	69
2.3.1.2 Port Elizabeth	73
2.3.1.3 Oos-Londen	74
2.3.2 Die parke- en ontspanningsop- set in enkele stede in Ameri- ka	78
2.3.2.1 Los Angeles	78
2.3.2.2 Austin	80

HOOFSTUK

BLADSY

2.3.3	'n Evaluering van die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse stedelike parke- en ontspanningsopset	84
2.3.3.1	Historiese oorsig van parke- en ontspanningsgeriewe in die twee lande	84
2.3.3.2	Organisasie	84
2.3.3.3	Personeel	90
3.	<u>DIE ONTSPANNINGSOPSET VIR DIE BANTOE IN DIE STEDELIKE GEBIEDE VAN SUID-AFRIKA</u>	92 - 124
3.1	Pretoria	92
3.2	Durban	100
3.3	Port Elizabeth	106
3.4	Bloemfontein	112
3.5	Kaapstad	114
4.	<u>DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE ONTSPANNINGSOPSET IN DIE BANTOEWOON- BUURTE VAN JOHANNESBURG</u>	125 - 216
4.1	Die totstandkoming en ontwikkeling van Soweto	125
4.2	Faktore wat bygedra het tot die daarstelling van ontspanning vir die Bantoe in Johannesburg	130
4.2.1	Verandering in huislike leefwyse	131
4.2.2	Die daarstelling van nuwe Bantoewoonbuurte en die voorsiening van ruimtes vir ontspanningsgeriewe daarin	134
4.2.3	Die personeel van die Afdeling Nie-blankesake se belangstelling in en toewyding aan die vestiging van ontspanningsfasiliteite en -dienste	136

HOOFSTUK

BLADSY

4.2.4	Die resultate wat die vestiging van die eerste ontspanningsgeriewe ten gevolg gehad het	138
4.2.5	Bevindings van kommissies, konferensies en ander ondersoeke	140
4.2.6	Die rol wat die Bantoe-Sporttrust en ander instansies in die vestiging van ontspanningsgeriewe gespeel het	143
4.2.7	Finansiering van ontspanningsfasiliteite uit Bantoe-bierwinste	148
4.3	Die historiese ontwikkeling van die administratiewe opset van die Seksie Ontspanning	148
4.3.1	Die Bantoe-gemeenskapsentrum	150
4.3.2	Die Bantoe-sportterrein	152
4.3.3	Die administratiewe opset ..	154
4.3.4	Die historiese ontwikkeling van ontspanningsgeriewe en -dienste in Soweto	167
4.3.4.1	Swembaddens	189
4.3.4.2	Bioskoopdienste	196
4.3.4.3	Rehabilitasie en Jeugdienste	202
4.3.4.4	Seksie Kultuurbedrywighede	210
5.	<u>DIE ADMINISTRATIEWE OPSET EN ORGANISASIE VAN DIE SEKSIE ONTSPANNING ONDER BEHEER VAN DIE AFDELING NIE-BLANKESAKE VAN DIE JOHANNESBURGSE STADSRAAD</u>	217 - 347
5.1	Administratiewe beheer van die Seksie Ontspanning	221
5.1.1	Afdeling Nie-Blankesake	221
5.1.2	Bantoe-Adviesrade	225
5.1.3	Stedelike Bantoerade	228
5.2	Administratiewe prosesse benodig vir doeltreffende bestuur	229

HOOFSTUK

BLADSY

5.2.1	Beleidsbepaling	229
5.2.2	Finansiering	232
5.2.2.1	Finansiering van ontspanning in Soweto	232
5.2.2.2	Bantoe-Inkomsterekening	237
5.2.2.3	Jaarlikse begroting vir ont- spanning	247
5.2.2.4	Effektiewe besteding van fondse vir die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite	253
5.2.3	Personeelvoorsiening en Be- nutting	260
5.2.4	Beheer	262
5.3	Funksionele bedrywigheide van die Seksie Ontspanning	264
5.3.1	Senior ontspanningsbeampte	264
5.3.2	Ontspanningsbeamptes	273
5.3.3	Terreinbeamptes	280
5.3.4	Sportorganiseerders	283
5.3.4.1	Aantal en waar gestasioneer	283
5.3.4.2	Funksionele bedrywigheide ...	285
5.3.4.2.1	Skoleligas	285
5.3.4.2.2	Vryetydsbestedingsaktiwi- teite	303
5.3.4.2.3	Instandhouding van fasili- teite	304
5.3.4.2.4	Aandklubs, vakansiekampe en ander aktiwiteite	305
5.3.5	Sportorganiseerders met spe- siale take	306
5.3.6	Bantoepersoneel (Nie-gegra- deer)	309
5.3.6.1	Bantoepersoneel by depot ...	309
5.3.6.2	Bantoepersoneel in sones ...	315
5.4	Organisasie van die onderaf- deling swembaddens	336
5.4.1	Swembadpersoneel - Bantoes	336
5.4.2	Swembadpersoneel - Blankes	337
5.4.3	Swemonderrig	338
5.5	Organisasie van die onderaf- deling bioskoopdienste	343

HOOFSTUK

BLADSY

6.	<u>OPLEIDING VAN BANTOE-ONTSPANNINGS-</u> <u>PERSONEEL</u>	348 - 358
6.1	Algemene inleiding	348
6.2	Opleiding van Bantoe-sport- organiseerders	355
7.	<u>BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE MET SPE-</u> <u>SIFIEKE VERWYSING NA DIE HUIDIGE</u> <u>PARKE- EN ONTSPANNINGSOPSET IN DIE</u> <u>WES-RANDSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIE-</u> <u>RAAD</u>	359 - 371
7.1	Die ontstaan van Bantoesake- administrasierade	359
7.2	Die samestelling van Bantoe- sake-administrasierade	361
7.3	Benadering van Bantoesake- administrasierade met betrek- king tot die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite	362
7.4	Die Wes-Randse Bantoesake-ad- ministrasieraad	366
7.4.1	Die Wes-Randse Bantoesake-ad- ministrasieraadsgebied	366
7.4.2	Die huidige Parke- en Ont- spanningsopset	367
7.4.2.1	Ontspanning	367
7.4.2.2	Parke	369
8.	<u>GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</u>	372 - 439
8.1	Inleiding	372
8.2	Administrasie en organisasie	372
8.3	Die administratiewe prosesse vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite	374
8.3.1	Organisasie	374
8.3.1.1	Voorgestelde organisasie- struktuur van 'n gekombineer- Parke- en Ontspanningsdepar- tement	378

<u>HOOFSTUK</u>		<u>BLADSY</u>
8.3.2	Beleid	383
8.3.3	Finansiering	385
8.3.4	Personeelvoorsiening en Benutting	387
8.3.5	Werksprosedure	389
8.3.6	Beheer	390
8.4	Basiese organisasiestruktuur vir uitvoering van die parke- en ontspanningsfunksies van Bantoesake-administrasierade	391
8.5	Die ruimte wat vir parke- en ontspanningsfasiliteite benodig word	395
8.5.1	Die Bantoe se belangstelling in ontspanning	397
8.5.2	Die basiese parke en ontspanningsfasiliteite wat in Bantoe-woonbuurte vereis word en die ruimte wat daarvoor afgesonder behoort te word	401
8.5.3	Bykomstige fasiliteite wat in Bantoe-woonbuurte vereis word en die ruimte wat daarvoor afgesonder behoort te word	406
8.6	Algemene aanbevelings vir die ontwikkeling en organisasie van ontspanningsfasiliteite	411
8.7	Sportorganisasie	423
8.8	Streekontspanning	429
8.9	Opsomming van aanbevelings	436
8.10	Onderwerpe vir verdere navorsing	439
<u>BIBLIOGRAFIE</u>		440
<u>AANHANGSEL "A"</u> Voorbeeld van wedstrydbepaling - Soweto skool-sportliga		446
<u>AANHANGSEL "B"</u> Voorbeeld van vorm vir insameling van hekgelde by stadions		448

HOOFSTUK

BLADSY

<u>AANHANGSEL "C"</u>	Opsomming van ontspanningsfasiliteite vir die Bantoe in die onderskeie stedelike gebiede	450
<u>AANHANGSEL "D"</u>	Opsomming van ontspanningsfasiliteite in die Wes-Randse Bantoesake-administrasieraadsgebied ..	451

---oOo---

V O O R W O O R D

In die stedelike gebiede van Suid-Afrika word daar op een of twee uitsonderings na, in vergelyking met fasiliteite wat vir Blankes daargestel word, relatief min aandag aan ontspanning vir die Bantoe geskenk.

Indien ons aanvaar dat die Blanke as voog oor die Bantoe moet optree en dat 'n groot deel van die Bantoebevolking nog in die voorsienbare toekoms in blanke gebiede teenwoordig sal wees, is dit die plig van die Blanke om ook op hierdie terrein leiding aan die Bantoe te gee.

Dit is dan die doel van hierdie studie om na te gaan hoe-danig ontspanning vir die Bantoe in enkele stedelike gebiede geadministreer en georganiseer word en om dan daardie inligting te gebruik om organisasie-patrone voor te stel en aanbevelings te maak in verband met die voorsiening van Bantoe-ontspanning in stedelike gebiede. Die noodsaaklikheid van geskikte ontspanningsfasiliteite en -dienste in stedelike gebiede word benadruk deur die sterk standpunt wat die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling in die jongste tyd ten gunste van die daarstelling van sodanige fasiliteite ingeneem het. Navorsing is dus nodig om te bepaal hoe die taak (van voorsiening) die beste uitgevoer kan word, want doeltreffende beplanning van fasiliteite is nie moontlik sonder dat dit deur navorsing gerugsteun word nie.

Hierdie studie is dan 'n poging om 'n bydrae tot die insame-

ling van basiese kennis wat vir dié doel benodig word, te lewer. Die ondersoek het 'n aanvang geneem in April 1972 en is in Junie 1976 voltooi.

Graag wil ek hiermee my dank en waardering betuig aan:

Prof. Dr. D.P.J. Smith vir sy bereidwilligheid om as promotor op te tree. Ek is opreg dankbaar vir sy inspirasie, aanmoediging en bekwame leiding, nie alleen met betrekking tot hierdie studie nie, maar ook gedurende al my jare as student in sy departement. Dit was inderdaad 'n groot voorreg om my studieloopbaan in Liggaamlike Opvoeding onder sy leiding aan die Potchefstroomse Universiteit te kon voltooi. 'n Woord van dank word ook gerig aan prof. G.J.L. Scholtz wat as mede-promotor opgetree het;

Die amptenare van die Afdeling Nie-blankesake van die Munisipaliteite van Johannesburg, Pretoria, Durban, Port Elizabeth, Bloemfontein en Kaapstad vir hulle bereidwilligheid om my in hierdie studie behulpzaam te wees;

Mev. C. Anthonissen vir die taalkundige versorging van die manuskrip;

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat bygedra het daartoe om die finansiële onkoste van hierdie studie te delg.

'n Besondere woord van dank aan my eggenote vir haar aanmoediging gedurende die studietydperk en vir die tik van hierdie manuskrip. Uit dankbaarheid vir hulle ondersteuning dra ek hierdie proefskrif op aan my eggenote en my kinders, Ronelle, Werner en Renee.

E.P.S. TALJAARD

STELLENBOSCH

Junie 1976

I N L E I D I N G

Gedurende die afgelope aantal jare is daar in Suid-Afrika 'n nuwe entoesiasme en belangstelling in ontspanning te bespeur. Hierdie oplewing is nie tot die Blankes beperk nie; ook die stedelike Bantoe se belangstelling in en deelname aan Westerse ontspanningsvorme het aansienlik toegeneem. Net soos by die Blankes, kan hierdie tendens by die Bantoe grootliks aan verbeterde salarisse en meer vrye tyd toegeskryf word. 'n Opname in Soweto het getoon dat meer as die helfte van die Bantoes aldaar nie op Saterdag of Sondag werk nie. Hierbenewens geniet die werker van Soweto gemiddeld 21 dae per jaar verlof. ¹⁾

'n Hoër inkomste stel al meer Bantoes in staat om voertuie te bekom. Diesulkes is naweke nie meer huisgebonde nie, daarom sal daar vir hulle ontspanningsbehoefte voorsiening gemaak moet word. Indien daar hierin versuim word, sal Bantoes weens 'n gebrek aan eie ontspanningsterreine, veral oor naweke, oral langs die paaie of op ander ongeoorloofde plekke uitspan. Hierdie tendens is reeds in die Wes-Kaap te bespeur, waar Blankes en veral Kleurlinge weens gebrek aan genoegsame ontspanningsterreine oral in ons lieflike bergpasse uitkamp en op ongeoorloofde plekke vuurmaak en vleis braai. Sodoende word die gevaar van bergbrande vergroot en word die natuur dikwels deur rommelstrooiing ontsier.

Dit word reeds aanvaar dat die Blanke se deelname aan ont-

1. DE VILLIERS, C.M., Die Vyetydsbesteding van Volwasse Manlike Bantoe, pp. 86 en 94

spanning in direkte verhouding met sy inkomste is. Alhoewel dieselfde nog nie ten opsigte van die Bantoe deur navorsing bewys is nie, kan ons aanneem dat dieselfde beginsel ook vir die Bantoe sal geld. ¹⁾ Ons kan dus verwag dat die huidige tendens van stygende salarisse vir Bantoewerkers 'n soortgelyke styging in ontspanningsdeelname sal toon.

Aangesien ontspanning 'n fundamentele en universele menslike behoefte is, en die Blanke die Bantoe nie hierdie voorreg sal misgun nie, is navorsing in hierdie verband noodsaaklik. Die aard en omvang van die Bantoe se huidige sowel as toekomstige behoeftes moet bepaal word sodat fasiliteite op 'n wetenskaplike wyse beplan kan word.

In hierdie moderne wêreld is beide werk en ontspanning deel van die mens se omvattende lewenspatroon - albei is essensieel en vul mekaar aan - as die een ten koste van die ander oordryf word, is die resultate fataal. Ekonomie is in die jongste tyd begaan oor produktiwiteit. Dit word allerweë aanvaar dat produktiwiteit veral onder Bantoewerkers verhoog moet word. In die oplossing van die probleem van lae produktiwiteit word die invloed van ontspanning op die produktiwiteitspotensiaal van die Bantoe met uitsondering van die goudmynbedryf grotendeels misken. Hierdie miskenning van die waarde van ontspanning vir die arbeider kan teruggevoer word na die tydperk van die Her-

1. TALJAARD, E.P.S. Opelugontspanning op Boseiendomme.
Die Suid-Afrikaanse Bosboutydskrif,
No. 86, p. 34

vorming gedurende die vroeë 16de eeu. Die begrip vrye tyd is toe aan onproduktiwiteit en ledigheid gekoppel.¹⁾ Hierdie opvatting is nie volledig waar nie. Ekonomie moet besef dat die swak fisieke toestand van die Bantoe 'n groot faktor is in sy lae produktiwiteit en dat deelname aan gesonder aktiewe ontspanning hierdie toestand kan verbeter. Daardeur sal die probleem van lae produktiwiteit ten dele opgelos word.

Met die Bantoe se verhuising na die stede het vryetydsbesteding 'n probleem geword. In sy stamland het sy werk en ontspanning ineengevloei en 'n volmaakte balans gevorm. In die stede was die westerse ontspanningsvorme vir die Bantoe vreemd en die beskikbare vrye tyd is verwyd met sosiaal onaanvaarbare gedragspatrone soos dobbel, drankmisbruik, verdowingsmiddels, misdaad, jeugmisdaad en ander soortgelyke vorme van wanaanpassing.²⁾

Die beplanning en besteding van vrye tyd behoort egter nie 'n las op die skouers van die gemeenskap te plaas nie. Indien die Bantoe se vrye tyd positief benut word, kan dit vir die individu, die gemeenskap en die algemene ekonomie van 'n land 'n groot bate wees. Daarom is dit 'n gemeenskap se reg om bekommerd te wees oor die wyse waarop mense van hulle vrye tyd gebruik maak. In Suid-Afrika met sy veelvolkige samelewingstruktuur het die Blanke wat as voog oor die gekleurde volke dien 'n groter verantwoor-

1. KRAUS, R., Recreation and Leisure in Modern Society, p. 152

2. Union of South Africa, Native Economic Commission, 1930-1932, Report U.G. 22/1932, p. 81

delikheid, omdat die wyse waarop hierdie volke hulle vrye tyd bestee die Blankes direk raak. Die gevolg van negatiewe gedragspatrone is vir die staat 'n las nie alleen vanweë die finansiële implikasies daarvan nie, maar omdat hierdie sosiale ewels stadigaan besig is om die Bantoebevolking in die stedelike gebiede se nasietrots te verbrokkel. Wanneer daar geen nasietrots meer is nie, sal die dryfkrag om 'n nuwe lewe in 'n lewensvatbare tuisland te begin, ontbreek. Hulle sal eerder volle afhanklikheid van die Blanke aanvaar as om hulle eie tuislande deur middel van harde werk en opoffering te ontwikkel. Die Blanke moet alle moontlike pogings aanwend om te verhoed dat hierdie demoralisasie-proses wat besig is om onder die stedelike Bantoebevolking te ontwikkel, te ver vorder. In hierdie opsig kan die beplanning van ontspanning 'n bydrae lewer.

Die Blanke kan deur middel van leiding en bystand in die voorsiening van ontspanningsfasiliteite en -dienste 'n positiewe poging aanwend om die Bantoe op te voed sodat hy sy vrye tyd nuttig bestee. As hierdie doelstelling bereik is, sal die goeie resultate nie agterweë bly nie.

Soos ons in hierdie studie sal aandui, is die Bantoe nog nie in staat om die administrasie en organisasie van sy eie ontspanning doeltreffend te onderneem nie. Hierdie studie sal die belangrikste rede hiervoor toeskryf aan gebrekkige kennis en ervaring. Die politieke opset in ons land is ook sodanig dat die regte beheer uiters noodsaaklik is. Hiermee bedoel ons dat vreemde, veral vyandige

invloede op 'n terrein soos ontspanning uitgeskakel moet word. Verveeldheid tydens vrye tyd kan vrugbare teelaarde vir volkskadelike invloede wees.

Die Bantoe beskik nie oor die nodige middele om die vestiging van ontspanningsfasiliteite te finansier nie en daarom moet die Blanke ook op hierdie terrein finansiële ondersteuning verskaf. Om bogenoemde redes het die Blanke tot 'n sekere mate die reg om die beheer en bestuur van Bantoe-ontspanning in die blanke gebiede te reël.

Die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling het dan ook die leiding geneem om die daarstel van ontspanningsgeriewe in die stedelike Bantoewoonbuurte te bespoedig. Vir hierdie doel is 'n fonds gestig om sodanige geriewe te finansier en danksy bydraes deur groot sakeondernemings beloop hierdie fonds op die huidige stadium meer as R600 000.

Wat die bydraes van plaaslike owerhede betref het hierdie studie getoon dat Johannesburg die verste gevorder het ten opsigte van die voorsiening van ontspanningsgeriewe en die administratiewe opset van sy ontspanningsafdeling vir die Bantoewoonbuurte. Om hierdie rede word die Seksie Ontspanning van die Johannesburgse Afdeling Nie-blankesake en die parke- en ontspanningsfunksies van die huidige Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad in diepte ondersoek. Die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad het die administrasie van Bantoesake in die Wes-Randse gebied op 1 Julie 1973 van die Johannesburgse stadsraad oor-

geneem. Die ontspanningsopset in stede soos Bloemfontein, Durban, Port Elizabeth, Kaapstad en Pretoria word slegs oorsigtelik behandel.

Die sendinggenootskappe en die myngroepe was die eerste instansies wat ontspanning op 'n georganiseerde basis vir die Bantoes in Johannesburg aangebied het. Van die „hawu" van die rou mynbantoe wat in 1920 vir die eerste keer die beeld van 'n wandelende olifant teen die kombuis-muur van 'n Johannesburgse mynkampong gesien het, tot by die vestiging van 'n drama-afdeling deur die Seksie Ontspanning in 1973, was daar 'n deurlopende reeks van gebeurtenisse wat die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite en -dienste in Johannesburg bepaal het. Duisende Bantoes het reeds by die vestiging van fasiliteite en die aanbied van ontspanningsdienste gebaat.

Sedert die ontwikkeling van Orlando-woonbuurt ten suidweste van Johannesburg in 1930 is alle nuwe woonbuurte wetenskaplik beplan. Gevolglik is daar voorsiening gemaak vir ruimte waar parke- en ontspanningsfasiliteite ontwikkel kon word. Soos die behoefte aan ontspanningsfasiliteite gegroei het, is die nodige ontwikkeling gedoen en personeel moes aangestel word vir die toesig en instandhouding daarvan. Dit is dus nodig om die historiese ontwikkeling van die Seksie Ontspanning sedert die stigting van die Afdeling Nie-blankesake in 1927 kortliks te skets. 'n Breedvoerige bespreking van die huidige administratiewe opset en organisasie van ontspanning vir die Bantoe in die Wes-Randse Bantoesake-Administrasie-

raadsgebied moet ook gegee word.

Die finansiering van ontspanning vir die Bantoe op plaaslike owerheidsvlak geskied op 'n unieke wyse en om hierdie rede is dit noodsaaklik dat aandag hieraan bestee word.

In die slothoofstuk word inligting wat met hierdie studie ingesamel is, gebruik om aanbevelings ten opsigte van Bantoe-ontspanning te doen.

H O O F S T U K 1

DIE PROBLEEM, DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK

1.1 DIE PROBLEEM

Die fenomenale toename in die getalle van Suid-Afrika se Bantoebevolking skep geweldige probleme op alle terreine. Alhoewel die meeste van hierdie probleme die aandag van die owerhede geniet, is daar t.o.v. die voorsiening van ontspanningsfasiliteite aan hierdie groot getalle mense nog baie weinig vermag.

In 1904 het 12 persent van die totale Bantoebevolking in dorpe en stede gewoon. Hierdie persentasie het in 1960 tot 30 persent gestyg. ¹⁾ Teen 1970 was daar al 54,7 persent van die totale Bantoebevolking in blanke stedelike gebiede. ²⁾ Volgens 'n nuusbuletin van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie sal meer as 70% van die totale Bantoebevolking van Suid-Afrika teen die jaar 2 000 in die stedelike gebiede woonagtig wees. ³⁾ Hierdie statistiek toon die dringende noodsaaklikheid vir die voorsiening van voldoende ontspanningsgeriewe vir Bantoes in blanke stedelike gebiede. Indien voorsorg nie betyds getref word nie, kan sosiale probleme van geweldige omvang in hierdie

-
1. HENNING, J.J., Dorpstigting in die Bantoe-tuislande
 2. Departement Statistiek (1972)
 3. S.A.U.K. - Bulletin, (2/5/74) 9.00 nm.

stedelike Bantoewoonbuurte ontstaan. Daar word gemeen dat die omvang van die oproer in Soweto gedurende die vyftigerjare van baie groter omvang en van ernstiger aard sou gewees het as daar nie soveel ontspanningsgeriewe was waarmee die inwoners hulle gedurende hierdie krisistye kon besig hou nie. Opnames in Amerikaanse stede toon ook dat nagenoeg 50 persent van jeugmisdadigers se vrye tyd deur niksseggende en doellose aktiwiteite in beslag geneem word, terwyl slegs een persent van die wetsgehoorsame jeugdiges hulle vrye tyd so verwyd. ¹⁾ Ten dele blyk die oorsaak van deelname aan hierdie doellose soort aktiwiteite onder ons eie Bantoejeug uit die volgende gesprek: Op die vraag waarom hulle so in die strate rondrentel, het 'n groep seuns geantwoord:

"We have nothing to do, Sir." Why don't you get a ball and kick it around? We have no ball, Sir." ²⁾

Onvoldoende ontspanningsgeriewe vir Bantoes in die stedelike gebiede van Suid-Afrika is nie slegs 'n probleem van die verlede nie, maar ook van die hede. Met die instel van Bantoesake-administrasierade gedurende 1973 het verskeie voorsitters van die administrasierade en selfs die Adjunkminister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling van hierdie tekortkoming gewag gemaak en belowe dat die voorsiening van sodanige fasiliteite versnel gaan word. ^{3, 4 & 5)}

1. PHILLIPS, R.E., The Bantu in the City, p. 195

2. PHILLIPS, R.E., Ibid.

3. DIE VOLKSBLAD, 15 Junie 1973, p. 9

4. DIE VADERLAND, 2 Augustus 1973, p. 1

5. OGGENDBLAD, 3 Julie 1973, p. 11

Tot op die huidige stadium is daar nog weinig navorsing met betrekking tot Bantoe-ontspanning in Suid-Afrika gedoen. Sodanige navorsing is nie net aktueel nie, maar ook noodsaaklik sodat lig gewerp kan word op die doeltreffendste manier waarop ontspanning vir die Bantoe in stedelike gebiede georganiseer kan word.

1.2 DOELSTELLING

Die hoofdoel van hierdie ondersoek is om 'n opname te maak van die fasiliteite wat in die onderskeie Bantoe-woonbuurte van die stede in Suid-Afrika daargestel is en om dan te bepaal hoe die ontspanningsafdelings in die onderskeie stede wat vir die beheer en bestuur van hierdie fasiliteite verantwoordelik is, geadministreer en georganiseer word. 'n Diepte-ondersoek na die Bantoe-ontspanningsopset in al die stede is egter 'n taak wat onmoontlik in 'n enkele studie onderneem kan word. Daarom was dit nodig om eers te bepaal watter stad die verste op hierdie gebied gevorder het sodat die opset dáár noukeurig ondersoek en 'n diepte-verslag daaroor opgestel kon word. Hiervolgens kan ons dan leemtes in die voorsiening van fasiliteite en dienste wat daar mag bestaan, bepaal en aanbevelings doen om dit reg te stel.

Tans is die posisie dat ontspanningsafdelings onder 'n verskeidenheid departemente by die verskillende administrasies ingeskakel is. Dit skyn dus dat daar onsekerheid bestaan oor waar ontspanning tuishoort. Die parke- en ontspanningsbedrywighede vir Blankes word in die meeste

stede deur een departement behartig en hierdie studie sal aantoon of dieselfde reëling ook in Bantoewoonbuurte nagevolg moet word.

Dit is verder nodig om die aard en belangstellings van die Bantoe met betrekking tot ontspanningsaktiwiteite vas te stel. ¹⁾ Hiervolgens kan daar dan besluit word watter tipe fasiliteite en dienste in Bantoewoongebiede verskaf moet word. In hierdie opsig moet voorkom word dat fasiliteite daargestel word wat nie optimaal deur die Bantoe-gemeenskap gebruik sal word nie. Dit is ook belangrik om te bepaal watter kwaliteit of standaard gehandhaaf moet word met die daarstel van fasiliteite in Bantoewoonbuurte. In hierdie verband kan ons minister M.C. Botha, die voormalige Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling aanhaal:

„Ten opsigte van geriewe vir vryetydsbesteding en ontspanning berus die beheer en organisasie by die betrokke plaaslike besture wat die inisiatief en leiding neem met die verskaffing van sportfasiliteite, jeugklubs, jeugbewegings en sosiale klubs - almal moet binne stedelike Bantoewoongebiede wees. Hier geld ook die gedagtes reeds uitgespreek by die aanleg van stedelike Bantoewoongebiede dat daar gewaak moet word teen oordadige en luukse fasiliteite.“ ²⁾

-
1. 'n Omvattende ondersoek na die vryetydsbestedingsaktiwiteite van die Bantoe regverdig egter 'n afsonderlike ondersoek en is nie die doel van hierdie studie nie. Die nodige riglyne in hierdie verband word in die literatuurstudie verskaf.
 2. BOTHA, M.C., Elfde Jaarkongres van Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 28 - 31 Augustus 1962, p. 79

Aangesien vandalisme 'n ernstige probleem is waarmee elke parke- en ontspanningsdepartement in 'n Bantoewoonbuurt te kampe het, en dit die beheer en bestuur van fasiliteite ten nouste raak, sal dit ondersoek en aanbevelings om dit te bekamp, gedoen word.

Vandalisme sowel as die doeltreffende gebruik van fasiliteite of toerusting hang ten nouste saam met die ontwerp en die beplanning daarvan. Geboue en fasiliteite wat heeltemal toereikend is vir gebruik in blanke woongebiede is dikwels nie bestand teen die ruwe hantering en gebruik daarvan in Bantoewoonbuurte nie. As voorbeeld kan genoem word dat standaard speelterreintoerusting wat jare se gebruik in blanke speelterreine deurstaan, slegs 'n paar weke lank in Bantoe-speelterreine ongeskonde bly. Spesifikasies vir geboue en toerusting vir gebruik in Bantoewoonbuurte sal dus uit die aard van die saak verskil van dié in blanke woonbuurte. Een van die doelstellings met hierdie studie is om aan hierdie aangeleenthede aandag te gee en om aanbevelings daaromtrent te doen.

Dit is ook nodig om na te gaan hoe die skole in die Bantoewoonbuurte by die ontspanningsprogramme van die owerhede betrek word, want weens die swak fisieke mondering van Bantoeskoolkinders ¹⁾ is dit uiters noodsaaklik dat elke kind by sodanige programme ingeskakel word. Om hierdie rede sal die organisasie van skoolsport bestu-

1. TALJAARD, E.P.S., Prestasiestandaarde in Atletiek vir Bantoesseuns van 12 tot 15 jaar, p. 192

deur en aanbevelings om dit meer doeltreffend te maak, gedoen word.

Aangesien die sukses van ontspanningsprogramme in Bantoe-
woonbuurte in 'n groot mate afhang van die bekwaamheid van
die sportorganiseerders wat direk in kontak met die pu-
blik is, is dit nodig dat hulle behoorlik opgelei word.
Hierdie studie sal dan ook riglyne vir die opleiding van
sodanige personeel verskaf.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie navorsingsprojek is 'n opnamestudie wat deur die
ondersoeker self in die genoemde stede onderneem is. Om
die nodige inligting te kon bekom, is van die volgende
werksprosedure gebruik gemaak:

i) Nadat die besoeke vooraf met die plaaslike ower-
hede gereël is, is daar ten tyde van die besoeke onder-
houde gevoer met die bestuurders van die Bantoesake-afde-
lings en die persone wat direk in beheer is van ontspan-
ningsafdelings. Waar Bantoesportorganiseerders in diens
is, is daar geprobeer om ook met soveel as moontlik van
hulle onderhoude te voer. Met hierdie onderhoude is die
administratiewe beheer en organisasie van die ontspan-
ningsafdelings deeglik nagevors.

ii) By elke ontspanningsafdeling is 'n lys van die
fasiliteite wat beheer word, verkry en met behulp van 'n
gids is soveel as moontlik van dié fasiliteite self be-
soek. Die hoeveelheid geriewe is met die blanke ont-
spanningsbeampte en Bantoesportorganiseerders of -werkers
gekontroleer.

iii) Die ondersoeker het soveel as moontlik van die fasiliteite self besigtig om die gehalte en standaard van die geriewe te bepaal.

iv) Aangesien die administrasie en organisasie van die Seksie Ontspanning van die Johannesburgse Afdeling Nie-blankesake breedvoerig behandel word, is die dokumente en inligting oor 'n lang tydperk, d.i. terwyl die ondersoeker self daar werkzaam was, versamel. Navorsing oor sowel die historiese ontwikkeling van die betrokke ontspanningsafdeling as die administratiewe opset daarvan het vereis dat die ondersoeker die naslaanbiblioteek van die Johannesburgse stadsraad moes raadpleeg. Alle notules van die stadsraad sedert 1900, jaarverslae van die Afdeling Nie-blankesake sedert die stigting daarvan in 1927 en ander dokumente is deursoek.

v) Na voltooiing van die opname is sowel die administrasie en organisasie as die fasiliteite van die ontspanningsafdelings skematies uitgebeeld en vir kommentaar aan die bestuurders van die verskillende Bantoesake-afdelings gestuur.

vi) Die administratiewe opset van die verskillende Bantoe-ontspanningsafdelings is met mekaar en ook met dié van blanke parke- en ontspanningsafdelings vergelyk. Vir die evaluering van hierdie bestaande praktyke is die parke- en ontspanningsopset in Amerikaanse stede, waar al die vereistes vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite nagekom word, as maatstaf gebruik.

vii) Aanbevelings word gedoen wat as riglyne vir die Bantoe-administrasierade kan dien om die administrasie en organisasie van Bantoe-ontspanning in Suid-Afrika op 'n gesonder grondslag te plaas.

H O O F S T U K 2

BESPREKING VAN DIE LITERATUUR EN DIE AGTERGROND
VAN DIE PROBLEEM

2.1 BEGRIPSONTLEDING

Ontspanningsnavorsing is 'n betreklik nuwe veld in Suid-Afrika en daarom is daar nog meningsverskil oor sekere begrippe in die vakrigting. Vir die doel van hierdie studie is dit dan ook nodig om bepaalde begrippe wat gebruik word, nader te omskryf. Aangesien die studie oor die organisasie en administrasie van ontspanning op plaaslike owerheidsvlak handel, sal die ondersoeker die begrippe "organisasie" en "administrasie" soos dit op hierdie studie betrekking het, asook die omstrede begrippe "ontspanning" en "vrye tyd" ontleed.

2.1.1 ADMINISTRASIE

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal ¹⁾ definieer administrasie as volg: 1) Beheer, bestuur van 'n openbare of private instelling of onderneming, veral die tegniese en finansiële sy daarvan soos die boekhouding, korrespondensie, die beheer van die vermoë, die uitvoering van beleid, ens. 2) Waarneming van 'n amp of pos. 3) Personeel wat met die beheer of bestuur belas is.

1. SCHOONEES, P.C. et. al., Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Eerste deel A - C)

Hierdie definisie voorsien 'n breedvoerige uiteensetting van administrasie wat vir die praktiese doeleindes van hierdie studie te omvattend is; daarom is dit nodig dat die administratiewe gebied, soos wat dit betrekking het op die stedelike ontspanning vir die Bantoe op plaaslike owerheidsvlak afgebaken word. Die operasionele definisie wat vir hierdie studie gebruik word omvat aspekte van administrasie soos beleid, beheer, finansies, personeel en korrespondensie. Dit stem ooreen met wat Cloete ¹⁾ noem die administratiewe prosesse wat benodig word vir doeltreffende bestuur.

2.1.2 ORGANISASIE

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal ²⁾ definieer "organisasie" soos volg: 1) Handeling van organiseer. 2) Manier waarop iets georganiseer, ingerig is. Dieselfde bron beskou "organiseer" as die „reël, inrig, op tou sit dat die onderdele goed saamwerk, 'n sistematiese geheel vorm."

Organisasie is een van die administratiewe prosesse en het, wat hierdie studie betref, betrekking op die organisatoriese struktuur wat vir die daarstel van ontspanningsfasiliteite in die Bantoewoongebiede voorsiening maak, asook vir die benutting van dié fasiliteite.

-
1. CLOETE, J.J.N., Die Administrasie van Openbare Parke, p. 3 (Referaat)
 2. SCHOONEES, P.C., et. al., Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

2.1.3 ONTSPANNING

Die begrip "ontspanning" vind sy oorsprong in die Latynse werkwoord "recreare". Tradisioneel het ontspanning beteken 'n periode van ligte en rustige aktiwiteit wat vrywilliglik beoefen word. Deelname aan ontspanning het beteken dat die mens homself moet herstel of verfris na 'n periode van harde arbeid. ¹⁾ Hierdie siening word vandag nog deur sommige voorgehou. De Grazia skryf:

"Recreation is activity that rests men from work, often by giving them a change (distraction, diversion), and restores them for work." ²⁾

Hierdie konsep van ontspanning is egter in die moderne tyd om twee redes nie meer voldoende nie. Eerstens is die eise wat werk in die moderne gemeenskap aan die mens stel nie altyd so veeleisend soos vroeër nie en baie mense leef hulle liggaamlik en geestelik meer uit in hulle ontspanning as in hulle werk. Die ou opvatting dat ontspanning lig en rustig moet wees, is dan volgens die moderne sienswyse te beperk in omvang. Tweedens is die opvatting dat ontspanning hoofsaaklik bedoel is om die mens na sy dagtaak te verfris nie volkome geregverdig nie, want ou mense wat nie meer werk nie, het ook ontspanning nodig om hulle lewens meer betekenisvol te maak.

Die vraag ontstaan of ekstrinsieke doelstellings aan ont-

1. KRAUS, R., Recreation and Leisure in Modern Society, p. 260

2. DE GRAZIA, S., Of Time, Work and Leisure, p. 233

spanningsdeelname gekoppel kan word. Butler se siening oor hierdie aangeleentheid is soos volg:

"Many people refuse to believe that recreation is an end in itself - that the joy, happiness, and satisfaction which give an experience the quality of recreation are a sufficient justification for it. They hold that recreation is primarily - a tool or instrument for improving the mind, developing character, acquiring skills, improving health or physical fitness, increasing workers' productivity or morale, and achieving other desirable ends. Some see recreation as a means of solving or alleviating community problems." ¹⁾

Butler beskou deelname aan ontspanning dus nie as 'n middel om een of ander doel te bereik nie; hy stel dit primêr dat deelname moet geskied slegs om die genot wat daaruit geput word. Hy stel dit wêl duidelik dat ontspanning 'n bydrae kan lewer om sekere verlangde individuele en sosiale doelstellings te bereik, maar impliseer dat hierdie doelstellings sekondêr is. ^{2 & 3)}

Parke- en ontspanningsdepartemente beklemtoon die sekondêre doelstellings van ontspanning en hulle bestaan word

-
1. BUTLER, G.D., Introduction to Community Recreation, p. 9
 2. BUTLER, G.D., Ibid.
 3. In hierdie verband ontstaan daar probleme wanneer parke en ontspanningsdepartemente die besteding van fondse moet regverdig. Die fondse word vir die uitvoering van funksionele bedrywighede aan hulle bewillig; daarvoor moet hulle met ander departemente soos die gesondheids- en stadsingenieursdepartemente in die jaarlikse begroting meeding. Dit help nie om die besteding van fondse te regverdig deur Butler se primêre doelstellings van ontspanning voor te hou nie - "joy, happiness and satisfaction" is nie aanvaarbare doeleindes vir uitgawe van die belastingbetaler se geld nie.

geregverdig deur die nastreef van die ekstrinsieke doelwitte van ontspanning, soos die bekamping van jeugmisdaad, ontspanningsprogramme vir bejaardes en gestremdes, en die aanbied van sinvolle ontspanningsprogramme vir die jeug.. Kraus se mening oor hierdie aangeleentheid word in die volgende aanhaling weergegee:

"Recreation, as such, does not imply social acceptability or a set of socially oriented goals or values. When, however, it is provided as a form of community-based service, supported by taxes or voluntary contributions, it must be attuned to prevalent social value systems and must be aimed at achieving desirable social outcomes, as seen by dominant groups and agencies in community life." ¹⁾

Hierdie siening van Kraus is nie teenstrydig met dié van Butler nie, alhoewel eersgenoemde die sekondêre doelstellings beklemtoon wanneer ontspanning as 'n gemeenskapsdiens aangebied word. Kraus beveel slegs 'n klemverskuiwing na die sekondêre doelstellings aan waar ontspanning as 'n diens gelewer en die finansiële begroting daarvan geregverdig moet word.

Wanneer ons die definisies van 'n paar deskundiges in oënskou neem, sien ons dat ontspanning in hoofsaak beskou word as 'n aktiwiteit of ondervinding. Hier volg 'n paar sodanige definisies:

Butler: "Recreation may be considered as any form of leisuretime experience or activity in which an individual engages from choice because of the en-

1. KRAUS, R., Op. Cit., p. 263

joyment and satisfaction which it brings directly to him." 1)

Neumeyer: "Recreation is any activity, either individual or collective, pursued during one's leisure time. Being relatively free and pleasurable it has its own appeal." 2)

Kraus: "Recreation consists of activities or experiences carried on within leisure, usually chosen voluntarily by the participant, either because of the satisfaction or pleasure he gains from them or because he perceives certain personal or social values to be derived from them." 3)

Yukic: "Recreation is an act or experience, selected by the individual during his leisure time, to meet a personal want or desire, primarily for his own satisfaction." 4)

As ons hierdie definisies ontleed, sien ons dat die volgende elemente deurgaans teenwoordig is: 1) Dit is 'n aktiwiteit of ondervinding, 2) Dit word uit vrye wil beoefen, 3) Dit is genotvol, 4) Dit word in die individu se vrye tyd beoefen. Die enigste definisie wat die voorwaarde stel dat die aktiwiteit of ondervinding sosiale waarde moet hê, is dié van Kraus. Die stel van hierdie voorwaarde in definisies soos bogenoemde is belangrik, want drankmisbruik, bestudering van pornografie, dobbel

-
1. SAPORA, A.V. & MITCHELL, E.D., The Theory of Play & Recreation, p. 115
 2. SAPORA, A.V. & MITCHELL, E.D., Ibid.
 3. KRAUS, R., Recreation and Leisure in Modern Society, p. 266
 4. YUKIC, T.S., Fundamentals of Recreation, p. 5

en ander sosiale euwels het net soos opbouende ontspanningsvorme almal elemente van 1 - 4 vir die beoefenaars daarvan, en sulke bedrywe kan nie as ontspanning beskou word nie.

Nou ontstaan die vraag watter aktiwiteite of ervarings as ontspanning beskou kan word. In die beskrywing van hulle definisies blyk dit dat bogenoemde skrywers die volgende ervarings as ontspanning klassifiseer: Handwerk, musiek, sport, drama, kuns, uitvoerende kunste, reis, stokperdjies, kampeer en sosiale aktiwiteite. Ja, ons kan selfs 'n ete as ontspanning beskou - nie soseer die alledaagse maaltyd wat met die gesin genuttig word nie, maar wel wanneer ons 'n paar vriende vir ete oornooi en daar gesellig om die tafel verkeer word. Wanneer 'n persoon gevra word waarheen hy met vakansie gaan, sal hy miskien antwoord, „Ek gaan in Suid-Wes ontspan". Hierdeur impliseer hy dat hy gaan jag reis, tennis speel, gholf speel, vleisbraai en gesellig gaan verkeer. Indien 'n persoon gevra word aan watter ontspanning hy deelneem, sal 'n mens uiteenlopende antwoorde kry: dat hy tennis speel, lees, kampeer, klavier speel of klippe slyp. Ons sien dus dat die omvattende begrip "ontspanning" reeds in die volksmond opgeneem is. Hieruit ontstaan dan weer die vraag of die begrippe "spel" en "ontspanning" nie sinoniem is nie. Sapora ¹⁾ gee die definisies van 21 persone weer in sy werk en in sy kommentaar daaroor sê hy dat die verskil tussen die definiëring van die spelbegrip en "ontspanning" te wyte is aan 'n gebrek aan belangrike feitekennis en dat baie meer navorsing

1. SAPORA, A.V. & MITCHELL, E.D., Op. Cit., p. 114

op die gebied nodig is om die spelletjies van mens en dier beter te verstaan. Botha ¹⁾ skryf dat die Nasionale Jeugraad die begrip "spel" as verouderd sien en dat die begrip ontspanning al meer gebruik word. Hy meen dat die implikasie hiervan, naamlik dat die begrip "ontspanning" die spelbegrip kan vervang, nie aanvaarbaar is nie. Hy meen ook dat die spelbegrip nie verouderd is nie en beskryf dit as 'n onderdeel van ontspanning. Die ondersoeker is ook die mening toegedaan dat die begrippe "ontspanning" en "spel" elkeen sy eie bestaansreg het en nie as sinoniem beskou kan word nie. Dit blyk egter dat die siening van die begrip "spel" met die jare verandering ondergaan het. Die siening van die begrip "spel" soos dit aan die begin van die 20ste eeu in terme van spesifieke aktiwiteite gedefinieer is, was heeltemal onprakties. Hieroor skryf Sapora:

"--- play was considered a waste of time; and work, which provided something of consequence, was touted as the great goal of education. Play was held to be the antithesis of work, an impassable barrier separated the two." ²⁾

Daar het dus verandering ingetree, want werk en spel word nie meer as teenstellend t.o.v. mekaar gesien nie. Die twee begrippe oorvleuel soms so dat dit moeilik is om die verskil tussen die twee te verduidelik. Spel word nou gedefinieer as 'n gesindheid wat by enige menslike aktiwiteit aanwesig mag wees, en wat nie beperk is tot spesifieke aktiwiteite nie. Dit word aanvaar dat wat vir een

1. BOTHA, J.L., 'n Onderzoek na die funksie van 'n staatsdepartement van Sport en Ontspanning in S.A., p. 9

2. SAPORA, A.V., & MITCHELL, E.D., Op. Cit., p. 116

persoon spel is, vir die volgende persoon werk mag wees en omgekeerd. Ontspanning en spel het dus elk 'n eie bestaansreg.

Die siening in verband met die begrip "ontspanning" het met die verloop van jare op soortgelyke wyse as "spel" verander. Gedurende die vroeë periode van die spelbeweging het die begrip "ontspanning" gegroei uit die opvatting dat die industriële werker hom na arbeid deur sy deelname aan ontspanningsaktiwiteite moes herskep of verfris (recreare). Tans word die begrip "ontspanning" egter in 'n baie breër lig gesien en sluit dit al die aktiwiteite in wat gedurende vrye tyd beoefen word. Die begrip "spel" het hierteenoor sy meer beperkte betekenis behou.

"Recreation and play are often used interchangeably; some authors now refer to play as a phase of recreation. It is only a matter of interpretation, then, as to what these words mean." ¹⁾

In hierdie studie word die begrip "ontspanning" dan ook as 'n omvattende begrip gebruik, dit wil sê dit sluit in alle tipes aktiewe sowel as passiewe aktiwiteite waaraan beide kinders en volwassenes in hulle vrye tyd deelneem.

Die vraag ontstaan ook welke van die begrippe "rekreasie" of "ontspanning" inderdaad hier van toepassing is. Aangesien die Afrikaanse skryftaal dieselfde betekenisinhoud aan beide begrippe toeken, is dit net die feit dat "ontspanning" reeds in die volksmond opgeneem is en "rekreasie"

1. SAPORA, A.V., & MITCHELL, E.D., Op. Cit., p. 115

eintlik volksvreemd klink wat dit groter bestaansreg in die Afrikaanse taal verseker.

Na hierdie ontleding van die begrip "ontspanning" kan ons nou oorgaan tot die vorming van 'n eie definisie. Ons het reeds gesien dat die volgende elemente in 'n definisie van ontspanning opgeneem moet word: Dit moet 'n aktiwiteit of ondervinding wees; dit moet uit vrye wil beoefen word; dit moet genotvol wees; in die individu se vrye tyd bedryf word; en laaste, dit moet aansluit by die sosiale waardes van die groep. Die volgende definisie voldoen aan hierdie vereistes:

Ontspanning is die sosiaal aanvaarbare, vrywillige en genotvolle besteding van vrye tyd deur middel van aktiewe of passiewe ervarings waarby die mens in sy totaliteit betrokke is.

2.1.4 VRYE TYD

In die algemeen word vrye tyd beskou as dié deel van die dag (24 uur) wat 'n persoon vry is van arbeidsverpligtinge. Dit word beskou as 'n antitese van arbeid. Die begrip "vrye tyd" is egter veel meer kompleks as hierdie siening daarvan. As gevolg van die hedendaagse korter werksweek, meer verlof, vroeër aftree-ouderdom en 'n langer verwagte leeftydperk het die mens meer vrye tyd as byvoorbeeld in 1850.

Daar is twee Engelse terme wat gebruik kan word om die begrip "vrye tyd" te vertaal: "leisure" en "free time". Daar bestaan egter in Afrikaans nie 'n aanvaarbare woord

wat die begrip "leisure" korrek weergee nie. Die volgende vier betekenisse word nog algemeen daaraan gekoppel:

- i) Die klassieke betekenis van "leisure"
- ii) "Leisure" as 'n funksie van die sosiale klasse-sisteem
- iii) Die konsep van "leisure" as 'n vorm van aktiwiteit
- iv) Die konsep van "leisure" as vrye tyd.

i) Die Klassieke betekenis van "Leisure"

Vir die Griekse filosoof Aristoteles het die lewe uit twee dinge bestaan, naamlik aksie en vrede. Hierdie twee woorde was kenmerkend van die inwoners van Sparta se leefwyse - aksie (oorlog) en vrede ("leisure").¹⁾ Die Griekse woord vir "leisure" is schole en Aristoteles het die twee woorde vrede en "leisure" dikwels saam gebruik. Die oorspronklike betekenis van die woord schole is "ophou" of "stop" terwyl die Engelse woord "leisure" skynbaar afstam van die Franse woord licere wat "om toe te laat" of "om vry te wees" beteken. Later het die Griekse woord schole ook die betekenis van "die plek waar akademiese besprekings gevoer word" bygekry. Een so 'n plek was 'n plantasie langs die tempel van Appolo Lykos wat later as die lyceum bekend geword het. Die Engelse woord "school" of "scholar" stam van schole af en impliseer dus 'n verband tussen "leisure" en opvoeding.²⁾

Nog later het hierdie Griekse woord die betekenis van

1. DE GRAZIA, S., Op. Cit., p. 10

2. KRAUS, R., Op. Cit., p. 253

"spaartyd" of "tyd vir jouself" geïmpliseer. Die destydse Grieke het twee woorde vir "werk" gehad, naamlik ponos wat harde fisieke arbeid beteken het en die woord ascholia - werk sonder die fisieke element - wat eintlik "die afwesigheid van werk" beteken. Dit is van die woord schole afgelei deurdat 'n "a" vooraan geplaas is om afwesigheid van die betrokke eienskap aan te dui. Dit beteken dus letterlik "un-leisure" en dui op die toestand van besig te wees of te handel. Vir Aristoteles was die enigste rede waarom 'n mens besig sou wees dus dit: dat hy daardeur "leisure" kon bekom. Aristoteles beskryf "leisure" met ander woorde as "om vry te wees van die nodigheid om te werk". Green som hierdie saak soos volg op:

"In short, work was understood as the absence of leisure rather than leisure being understood as the absence of work. From this perspective, one works only in order that he may in that way be freed from the necessity of being occupied." ¹⁾

Aristoteles het "leisure" verder gesien as 'n geestestoe-stand waarin handeling plaasvind sonder enige doelnastrewing. Aangesien spel en ontspanning verwant was aan werk of "besig wees", kon dit nie as "leisure" beskou word nie. Dit het die mens gehelp om te ontspan en dan was daar doelnastrewing teenwoordig. Om as "leisure" te kwalifiseer, moes 'n ervaring slegs intrinsieke waarde hê. Handeling soos skryf, lees, gimnastiek doen en skilder is as nuttig, maar nie as klassifiseerbaar onder "leisure" beskou nie. Nogtans was dié dinge nodig vir die behoorlike benutting van "leisure" in die opvoeding van die verstand.

1. GREEN, T.F., Work, Leisure and the American Schools, p. 64

Vir Aristoteles was daar net twee aktiwiteite wat die titel "leisure" verdien het, naamlik musiek en kontemplasie. Hy het nietemin ook luister na die voorlesing van poësie en die gesellige omgang met persoonlike vriende genoem in die beskrywing van die begrip "leisure". Kontemplasie is deur Plato sowel as Aristoteles as die belangrikste aspek van "leisure" beskou.

"----we can see how philosophers, in an interplay of scholasticism and the contemplative life, transformed a word meaning simple spare time into the classified ideal of leisure with all its sense of freedom, superiority, and learning for its own sake. The life of leisure was the only life fit for a Greek." ¹⁾

De Grazia, die Amerikaanse politieke wetenskaplike en filosoof vereenselwig hom met die klassieke siening van die begrip "leisure" en beweer dat ontspanning uit die aard van die saak altyd doelgerig is, omdat dit die mens moet verfris vir sy dagtaak. Daarom kan dit ook nie as "leisure" beskou word nie. Hy sê ook dat die neiging by die moderne mens om sy vrye tyd met werkies om die huis, stokperdjies, minder belangrike bedrywigheide en gemeenskapsverpligtinge te vul, meebring dat hulle nie ware "leisure" het nie.

Hierdie siening van "leisure" kom daarop neer dat dit die voorreg van 'n klein groepie bevoorregtes is eerder as 'n geleentheid vir almal. Groot getalle mense stel belang in aktiwiteite soos stokperdjies, die kunste, sport en aktiewe spel. Om te suggereer dat geeneen van hierdie dinge onder "leisure" tuishoort nie, gee aan die begrip so 'n be-

1. DE GRAZIA, S., Op. Cit., p. 18

perkte betekenis dat dit in die moderne tyd weinig nut het.

ii) "Leisure" as 'n simbool van die Sosiale Klasse-
struktuur

Die siening dat "leisure" verband hou met die klassestruktuur kom uit die geskrifte van Veblen, 'n Amerikaanse filosoof van die 19de eeu. Hy het aangetoon dat die regerende klas deur die opeenvolgende periodes van die geskiedenis ontstaan het en sterk geïdentifiseer is as besitters van "leisure". Gedurende die feodale- en Renaissance-periodes en uiteindelik die industriële tydperk het die besit en gebruik van "leisure" 'n kenmerk van die opperklasse geword. Die feit dat 'n persoon nie hoef te gewerk het nie, was 'n bewys van rykdom en status. Veblen het die werksku rykes aangeval en "leisure" beskryf as die leefwyse van die bevoorregtes. Hy het hulle beskou as uitbuiters wat op die sweet van ander se arbeid geteer het. As gevolg van Veblen se geskrifte het die konsep van "leisure class" tot stand gekom. Hy het dié "leisure class" soos volg beskryf:

"The --- gentlemen of leisure ---- consumes freely and of the best, in food, drink, narcotics, shelter, services, ornaments, apparel, weapons and accoutrements, amulets and idols or divinities ---. He must cultivate his tastes --- he becomes a connoisseur ----".¹⁾

Hierdie siening is tans nie aanvaarbaar nie, aangesien die werkende klasse baie meer vrye tyd het as industriële bestuurders, sakemanne en professionele mense. Met die

1. KRAUS, R., Op. Cit., p. 255

uitsondering van 'n klein groepie pierewaaiers bestaan die klas wat Veblen so gekritiseer het nie meer nie.

iii) "Leisure" as 'n vorm van aktiwiteit

'n Derde siening van "leisure" is dat dit 'n aktiwiteit is waaraan mense gedurende hulle beskikbare vrye tyd deelneem. Die Franse sosioloog Dumazedier, definieer "leisure" soos volg:

"Leisure is activity - apart from the obligations of work, family or society - to which the individual turns at will, for either relaxation, diversion or broadening his knowledge and his spontaneous social participation, the free exercise of his creative capacity." ¹⁾

iv) "Leisure" gesien as onverbonde tyd

Gedurende die Middeleeue en daarna het "leisure" die antitese vir werk geword. Almal moes werk - leeglêers is as uitvaagsels van die samelewing beskou. Werk is as goed vir die mens beskou en as oplossing vir alle probleme voorgelê. Gedurende hierdie periode en veral met die groei van die tegnologie het die antieke siening van "leisure" verdwyn. Toe die nadenke oor "leisure" later weer posgevat het, het die vorm daarvan verander. "Leisure" is nou beskou as tyd vry van arbeid. Die soeke na "leisure" het verander in 'n strewe na vrye tyd. Werktye is nou deur die horlosie afgebaken en "leisure" moes dieselfde weg volg.

1. KRAUS, R., Op. Cit., p. 256

Dit is dan ook tans die mees algemene benadering aangaande die begrip "leisure". Dit word as 'n soort onverbondetyd beskou. Kraus haal die volgende definisie uit 'n woordeboek aan om sy stelling te illustreer:

"Leisure is the free time after the practical necessities of life have been attended to --- conceptions of leisure vary from the arithmetic one of time devoted to work, sleep and other necessities, subtracted from 24 hours - which gives the surplus time - to the general notion of leisure as the time which one uses as he pleases." ¹⁾

Hierdie konsep van "leisure" sien dit as tyd wat vry is van werk of enige aktiwiteite wat verwant is aan werk soos reis, studies of gemeenskapsverpligtinge. Dit word ook gereken as tyd wat anders is as dié wat bestee word aan noodsaaklike bestaansaktiwiteite soos slaap, eet of persoonlike versorging. Die belangrikste eienskap is dus dat dit sonder verpligting of dwang is.

Wanneer ons 'n dag van 24 uur ontleed, vind ons dat dit bestaan uit ongeveer agt uur werk, agt uur slaap en agt uur vir die res - inkopies, persoonlike versorging, vervoer, liefde, kinders help met huiswerk, koerantlees, los werkies in en om die huis en nog vele ander verpligtinge wat die gemeenskap waarin die individu lewe van hom "verwag". "Leisure" in die antieke konteks impliseer 'n persoonlike- of 'n geestestoestand. Deur die verskuiwing van die begrip "leisure" na die begrip "vrye tyd" het die klem van 'n kwalitatiewe na 'n kwantitatiewe benadering verskuiwe. Die subjektiewe element in eersgenoemde begrip het egter

1. KRAUS, R., Op. Cit., p. 257

nie totaal verlore gegaan nie en bly voortbestaan in die "vryheid" van vrye tyd. Vrye tyd word dikwels gesien as tyd wat nie aan werk bestee word nie terwyl slaapyd en tyd wat aan ander noodsaaklike aktiwiteite bestee word ook nie daaronder ressorteer nie. Dit wat oorbly is wat Kraus onverbonde vrye tyd noem.

Om hierdie rede kan alle vryetydsbestedingsaktiwiteite nie as ontspanningsaktiwiteite geklassifiseer word nie. Dit sal meer korrek wees om na onverbonde-vryetydsbestedingsaktiwiteite te verwys. Hierdie benaming voldoen ook aan die vereistes van die moderne definisie van "leisure" soos deur Kraus uiteengesit (p. 20), maar dit is 'n lompe begrip wat nie maklik in die volksmond opgeneem sal word nie. Ons moet tot die slotsom kom dat vrye tyd, soos dit met betrekking tot ontspanning in Afrikaans gebruik word, 'n komplekse begrip is en dat daar nog nie 'n aanvaarbare woord is wat die begrip "leisure" korrek weergee nie.

2.2 BANTOE - ONTSPANNING

Op 1 Augustus 1946 is 'n interessante memorandum in verband met Bantoe-ontspanning deur die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake aan die stadsraad van Johannesburg voorgelê.¹⁾ Hierdie memorandum sit nie alleen die voorsiening van ontspanningsgeriewe in die Bantoewoonbuurte uiteen nie, maar ook die oprigting van fasiliteite in die blanke woonbuurte. Hierdie idee is reeds in 1938 sterk

1. Johannesburg Municipal Reference Library: Recreation Facilities for Natives, (1946)

benadruk op 'n konferensie wat gehou is om jeugmisdaad te bespreek. Die volgende besluit is op hierdie konferensie aanvaar:

"It is recommended that steps be taken for the provision of recreation at accessible points for Africans working in European residential areas and that propaganda be instituted through newspapers and lectures to Europeans pointing out the necessity for some provision being made for African recreation in these areas." ¹⁾

Volgens die memorandum van 1946 was die groot agterstand in die voorsiening van ontspanningsfasiliteite aan die Bantoe in en om Johannesburg te wyte aan die enorme koste van Bantoebehuising. Daaraan moes voorkeur gegee word, met die gevolg dat ontspanningsgeriewe afgeskeep is.

Verder meld die memorandum dat:

"The increasing incidence of delinquency, particularly amongst adolescents, demonstrates the urgent need for an organised recreational plan which to be effective, must embrace the whole city." ²⁾

Tans geniet die verskaffing van ontspanningsgeriewe vir Bantoes in hulle eie woonbuurte, in die stedelike gebiede en selfs in blanke woongebiede weer eens wye belangstelling in die pers. In teenstelling met die destydse posisie is die huidige regering gewillig om sodanige ontspanningsgeriewe en ander noodsaaklike fasiliteite tot beskikking van die Bantoe te stel. Hierdie beleid het ver-

1. Conference on Urban Juvenile Delinquency - Johannesburg on 10th, 11th and 12th October, 1938: Findings and Recommendations, p. 13

2. Recreation Facilities for Natives: Op. Cit., p. 1

al in die afgelope twee jaar sterk na vore getree, sodanig dat die regering reeds in 1973 'n Bantoesport en -ontspanningsfonds in die lewe geroep het. Teen die einde van 1973 het private instansies reeds R275 000 bygedra tot dié fonds. ¹ & 2) Hierbenewens het 'n sekere maatskappy onderneem om R500 000 oor 'n periode van 10 jaar daartoe by te dra. ³⁾

Wat die daarstel van geriewe in stede betref, is daar volgens die Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, vier vlakke waarop sodanige geriewe verskaf kan word. ⁴⁾

1. Werkgewers kan op hul persele eet-, was- en toiletgeriewe aan Bantoewerknemers verskaf (Bouwerordeninge sal, waar nodig aangepas word.)
2. Private ondernemers kan eethuise vir Bantoe werkers en dagbesoekers oprig op plekke wat deur die betrokke plaaslike bestuur en Bantoe-Administrasie goedgekeur is.
3. Plaaslike owerhede kan toilet- en wasgeriewe vir Bantoes oprig in parke waar Bantoes toegelaat word.

1. RAPPORT: 16 September 1973, p. 2

2. Navraag by die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling het getoon dat daar tot op 5 Maart 1976 reeds R604 577 ingesamel is waarvan 'n bedrag van R310 959 reeds aangewend is om sport- en ontspanningsgeriewe vir Bantoes te verbeter.

3. BURGER: 18 Januarie 1974, p. 5

4. RAPPORT: 8 Februarie 1974, p. 1

4. Indien 'n Bantoe-administrasieraad nie oornaggeriewe vir die reisende Bantoe-publiek in stedelike Bantoewoongebiede kan beskikbaar stel nie, mag private ondernemers toegelaat word om dit te doen.

Daar is egter 'n voorwaarde verbonde aan die verskaffing van hierdie geriewe aan Bantoes in blanke stede: sodanige geriewe mag Blankes nie vervreem van die betrokke gebied nie, of Bantoes buite perke daarheen aanlok nie. Dit blyk ook dat eetplekke se tye van diensverskaffing so moet wees dat die klandisie tot werkers en dagbesoekers beperk sal wees.

Wat ontspanningsfasiliteite betref, het Pretoria en Seepunt groot openbare belangstelling gaande gemaak t.o.v. die verskaffing van ontspanningsgeriewe aan die Bantoes in die stedelike gebiede. Pretoria het in 1973 sy parke permanent vir alle rassegroepe oopgestel na 'n proef tydperk tydens die internasionale S.A. Spele. Hierdie oopstelling het nie sonder teenstand geskied nie. Mnr. John Voster het (tereg) die volgende oor die aangeleentheid gesê:

"---- die kwessie van parke moet in die hande van stadsrade gelaat word om die behoefte van elke woonbuurt te ondersoek en dan sake daarvolgens te reël."¹⁾

Waar plaaslike owerhede dus voel dat oopgestelde parke in sekere woonbuurte deur Bantoes oorstrom word, kan ander reëlins getref word.

1. RAPPORT: 10 Maart 1974, p. 3

In Seepunt waar die Kaapstadse stadsraad ontspanningsgeriewe vir Nie-blankes wil verskaf, kan geskikte persele nie bekom word nie.

„Seepunt se belastingbetalers wil nie ontspanningsgeriewe vir Nie-blankes in hul woonbuurt goedkeur nie.“¹⁾

Dieselfde probleem, naamlik die verkryging van geskikte persele vir die oprigting van ontspanningsgeriewe in blanke woongebiede, was soos ons weldra sal sien, reeds in 1946 die oorsaak daarvan dat 'n soortgelyke skema in Johannesburg skipbreuk gely het. Blankes in Suid-Afrika hou nie daarvan dat Bantoe-ontspanningsfasiliteite in die nabyheid van hulle woonhuise daargestel word nie. Hierdie tipe geriewe moet in die Bantoe se eie woongebiede verskaf word. Dit is dan ook hoe die ondersoeker die regering se beleid ten opsigte van sodanige fasiliteite interpreteer.

Die kwessie van eet- en rusplekke in blanke stede is egter anders. Gedurende etenstye is daar duisende Bantoes wat nie 'n plek het waar hulle 'n billike maaltyd kan nuttig of waar hulle kan ontspan nie. Om hierdie rede moet Bantoes hulle etes op die sypaadjies nuttig en in die strate rond dwaal totdat hulle weer moet begin werk. Dit is van kardinale belang dat fasiliteite om hierdie probleem te oorkom in ons stede gevestig moet word. Werkgewers in stede wat groot getalle Bantoes in diens het, kan hier 'n groot bydrae lewer deur sodanige fasiliteite vir hulle werknemers te verskaf. Pretoria se stadsraad kan as

1. DIE BURGER: 13 Februarie 1974, pp. 3 en 6

voorbeeld voorgelê word: in die nuwe kantoorgebou, Municipality, is daar eetplek en ontspanningsgeriewe vir die Bantoe-werknemers beskikbaar gestel.

Om terug te keer tot die posisie in Johannesburg gedurende 1946, kan ons meld dat die stadsraad gedurende dié tyd verantwoordelik was vir nagenoeg 254 000 Bantoes, waarvan 145 000 in huise in die munisipale Bantoe-woonbuurte gewoon het. Die ontspanningsgeriewe wat in die Bantoe-woonbuurte daargestel is, was onvoldoende, terwyl die beplanning en instandhouding daarvan swak was. In die industriële gebied tussen Denver en Fordsburg het ongeveer 42 000 Bantoe-mans op die persele van hulle werkgewers gebly. Buiten die geriewe by die Bantoesportgronde (Von Wiellighstraat) en die Wemmersokkerveld (Lovedaystraat) was daar geen ander ontspanningsgeriewe vir hulle beskikbaar nie. Die Sosiale Sentrum vir Bantoe-mans (Eloffstraat uitbreiding), die Pollystraat Palais-de-Dance en drie bioskope was die enigste binnemuurse geriewe vir ontspanning in hierdie gebied. In die sentrale stadsgebied en die blanke woonbuurte was daar geen voorsiening vir enige ontspanningsgeriewe vir Bantoes nie.¹⁾

Die memorandum het aanbeveel dat ontspanningsentrums in die industriële gebied, in Bantoe-woonbuurte en in blanke woongebiede opgerig moes word. Die sentrums in blanke gebiede sou hoofsaaklik vir binnemuurse aktiwiteite en miskien vir 'n tennis- of ringtennisbaan voorsiening maak.

1. Johannesburg Municipal Reference Library, Recreational Facilities for Natives, July, 1946

Die terrein om die gebou moes so aantreklik moontlik uitgelê en in stand gehou word.

Dieselfde tipe sentrums is vir industriële gebiede en Bantoewoonbuurte aanbeveel, maar langs dié sentrums moes daar ook vir opelugbioskoopvertonings, korfbal en sokker voorsiening gemaak word. Daar is aanbeveel dat 'n stadion en 'n ontspanningsentrum op een terrein in die blanke stad ontwikkel word. Die Bantoesportgronde is as die geskikste terrein beskou en die kompleks sou die enigste wees wat in Johannesburg toegelaat word. Hierbenewens is 'n stadion in Orlando benodig.

Die Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake het in die memorandum aanbeveel dat vier van hierdie ontspanningsentrums in die noordelike blanke gebiede van Johannesburg, twee in die oostelike, een in die westelike, een in die sentrale en een in die suidelike gebied gebou word. Hy het die volgende voorwaarde t.o.v. die ontwikkeling van hierdie sportsentrums gestel:

"It is realised that in applying this scheme to the European residential areas, care must be taken to prevent the concentration of natives in large numbers and that the amenities provided in such areas should be designed so as to be as unobtrusive as possible." ¹⁾

Daar is sonder sukses gepoog om grond vir die sentrums in die blanke voorstede te verkry. Om hierdie rede is daar besluit om grond wat aan die stadsraad behoort en in die

1. Johannesburg Municipal Reference Library: Op. Cit., p. 4

betrokke voorstede lê, vir hierdie doel aan te wend. 'n Opname is met die oog hierop onderneem en in die memorandum word elke terrein se geskiktheid vir dié doel ontleed. Sover vasgestel kon word, is geen sodanige ontspanningsentrum in die blanke woongebiede egter opgerig nie.

Tydens hierdie ondersoek het die stadsraad besluit om as noodmaatreël, opelugbioskoopvertonings vir die Bantoewerknemers in blanke voorstede aan te bied. Alhoewel die notules meld dat geskikte plekke, waar die Blankes nie deur die vertonings gesteur sou word nie, vir hierdie doel gevind is, kon die ondersoeker nie vasstel of sodanige vertonings wel aangebied is nie. ¹⁾

Botto ²⁾ het in 1954 'n opname van die wyse van vryetydsbesteding van Kaapstad se Bantoebevolking gemaak. Hy meld daarin dat 'n opname deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseaangeleenthede in 1952 getoon het dat ontspanningsfasiliteite vir die Bantoes in en om Kaapstad feitlik nie bestaan nie. Met sy opname in 1954 het hy altesaam 13 tennisbane, 14 sokkervelde, 9 korfbalbane, 1 hokkieveld, 3 swembaddens en 4 speelterreine in die verskillende Bantoe woonbuurte aangeteken, maar van die fasiliteite sê hy:

"The Amenities Committee of the Cape Town City Council stated that Africans are not excluded from any playing fields provided by the municipality, but in practice some are used exclusively by coloured people

1. Notules: Johannesburg Stadsraad - 1947:I:213

2. BOTTO, R., Some Aspects of the Leisure Occupations of the African Population in Cape Town

3. BOTTO, R., Ibid. p. 35

and some by Africans, in other coloured and African people play at different times, according to a previous agreement." ³⁾

Hy meld dat 'n toekenning van vyf akker per 1 000 inwoners as standaard vir die verskaffing van ontspanningsfasiliteite aanvaar word. Volgens hierdie standaard sou die nagenoeg 44 300 Bantoes binne die munisipale grense 220 akker grond vir ontspanningsgeriewe benodig het. Sy bevinding was dat slegs 30 akker vir hierdie doel in Kaapstad beskikbaar was. Hy het verder gemeld dat die beskikbare sportvelde geheel en al vertrap is, aangesien sokker spanne van 1 nm. tot sononder op Saterdag en van 9 vm. tot sononder op Sondag die velde gebruik.

Botto lê klem op die belangrikheid daarvan dat plaaslike owerhede ontspanningsgeriewe in Bantoewoonbuurte verskaf: ekonomiese faktore en 'n gebrek aan vervoermiddele verhoed dat hulle aan enige ander ontspanningsaktiwiteite kan deelneem.

Botto maak ook gewag van 'n baie belangrike beginsel van Bantoe-ontspanning op plaaslike owerheidsvlak, naamlik dat indien 'n plaaslike owerheid fasiliteite verskaf, hy dit ook in stand moet hou. Ondervinding het geleer dat die Bantoe òf nie geïnteresseerd is nie, òf nie oor die middele beskik om sodanige fasiliteite self te onderhou nie. Wanneer hierdie fasiliteite nie behoorlik in stand gehou word nie, gaan die geriewe sodanig agteruit waar dit nie meer bruikbaar is nie en mense ontmoedig word om die fasiliteite te benut. Tydens Botto se opname het die

stadsraad van Kaapstad nie die instandhouding van gevestigde fasiliteite behartig nie met die gevolg dat die fasiliteite in 'n baie swak toestand was. Afgesien van die swak fasiliteite is daar ook gevind dat die organisasie van Bantoesport nie na wense was nie en toe hy Bantoe-administrateurs hieroor uitvra, is hy meegedeel dat 'n "Sports Board of Control" daargestel sou word om die probleme wat bestaan het, op te los.

In Durban is daar 'n soortgelyke vereniging, die "Durban Bantu Recreation Grounds Association", in beheer van al die sportvelde wat aan die Afdeling Nie-blankesake behoort en blykbaar verrig hulle baie goeie werk. So 'n vereniging is gewoonlik 'n oorkoepelende liggaam met verteenwoordigers van al die betrokke sportsoorte en dit is verantwoordelik vir die administrasie, organisasie en beheer van sport en die sportvelde in 'n sekere gebied.

Retief ¹⁾ meld in sy ondersoek dat 'n gebrek aan ontspanningsfasiliteite en -geriewe een van die oorsake is daarvoor dat jeugdige Bantoes doelloos in die strate rond dwaal en hulle besig hou met dobbel en dergelyke aktiwiteite wat die ontwikkeling van anti-sosiale gedragspatrone ten gevolg kan hê. Coertze ²⁾ behandel die vroeë skoolverlating van die Bantoejeug. Hy meld dat seuns reeds van hulle 12de jaar af die skool verlaat terwyl die aantal skoolverlatendes op 15 jarige ouderdom aanmerklik en kon-

1. RETIEF, G.M., Oortredinge onder Jeugdige Stedelike Naturelle, p. 288

2. COERTZE, R.D., Atteridgeville, 'n Stedelike Bantoe-woonbuurt, pp. 203 en 389

stant vermeerder. Hierdie kinders is te jonk om werk te kry en raak gou by die aktiwiteite van jeugbendes betrokke. Botto ¹⁾ bring jeugmisdaad met ontspanning in verband deur uit die Cleveland Recreational Survey aan te haal dat jeugmisdadigers in die algemeen 'n gebrek het aan geleentheid tot gesonde ontspanning en gevolglik die meeste van hul tyd doelloos in die strate rondslenter.

Retief beweer ook in sy ondersoek dat die ouerhuis in die moderne tyd, veral onder die Bantoe, sy ontspanningsfunksie verloor het en dat dít die vryetydsbesteding van die Bantoejeug verder kompliseer.

„Die tye wat hulle as gesinsgroep saam verkeer, is minimaal. Selfs op Sondag wanneer een of albei ouers tuis is, is hulle selde bymekaar. Die ouers beskou dit as hulle enigste kuier- en drinkdag en, soos enige ander dag, moet die kinders hulle maar weer buite met enigiets probeer besig hou.” ²⁾

Phillips ³⁾ skryf dat kinders hulle ouerhuise in die meeste gevalle slegs beskou as 'n plek om te eet en te slaap. Die huis het sulke beperkte ruimte dat ouer kinders gewoonlik saans so laat as moontlik uitbly om aan die benouende toestande te ontkom. Huislike omstandighede speel volgens hom 'n belangrike rol in die bevordering of teëwerking van jeugmisdaad. Die vader van die huisgesin beskik tans oor genoeg vrye tyd om saam met sy huisgesin

1. BOTTO, R., Op. Cit., p. 103

2. RETIEF, G.M., Op. Cit., p. 294

3. PHILLIPS, R.E., A Survey of the situation on the Witwatersrand, p. 4. Conference on native Juvenile delinquency, 10-12th October, 1938

deur te bring.

Retief ¹⁾ maak melding van 'n interessante studiestuk, Chicago Recreation Commission waarin die verband tussen vryetydsbesteding en jeugoortredings nagegaan is. Die vryetydsbestedingsaktiwiteite van 15 000 seuns en 8 000 dogters tussen die ouderdomme 10 en 17 jaar is nagegaan en die informante is in drie groepe verdeel, naamlik oortreders met hofrekords, nie-oortreders en onbeheerbare kinders. Retief haal die volgende uittreksels uit die bevindings aan:

- a) Seuns bo 14 jaar neem minder deel aan ontspanningsprogramme as jonger seuns.
- b) Na verhouding neem meer nie-oortreders as oortreders aan georganiseerde ontspanning deel.
- c) Oortreders verkies mededingende sport en ongeorganiseerde aktiwiteite.
- d) Oortreders besoek die bioskoop meer dikwels as nie-oortreders.
- e) Alle seuns en dogters bestee twee keer meer tyd in bioskope as aan georganiseerde aktiewe ontspanning.
- f) Deelname aan georganiseerde ontspanning toon 'n korrelasie met geringe voorkoms van residivisme.

Hierdie bevindings toon dat daar 'n verband is tussen jeugmisdaad en ongeorganiseerde ontspanning, m.a.w. in plaas

1. RETIEF, G.M., Op. Cit., p. 289

van aan opbouende aktiewe ontspanningsaktiwiteite deel te neem, is sekere jeugdiges in hulle vrye tyd besig met ongeoorloofde of afbrekende aktiwiteite. Gesonde, georganiseerde ontspanning sou dan as 'n voorkomingsmiddel beskou kon word en sou selfs by die rehabilitasie van jeugmisdadigers 'n belangrike faktor kon wees.

Ontspanning is al dikwels voorgelou as 'n metode om jeugmisdad te bekamp, as 'n manier om liggaamlike en geestelike gesondheid te waarborg, om karakter en persoonlikheid op te bou; verskeie ander voordele is al aan ontspanning toegesê. Dit is egter nodig om in die lig hiervan 'n waarskuwing te rig: Daar is soveel invloede en faktore in elke omgewing en gemeenskap teenwoordig dat dit uitermate moeilik is om 'n enkele faktor soos ontspanning as die enigste of belangrikste oorsaaklike of voorkomende faktor uit te sonder. Dit is selfs nie moontlik om die aandeel wat dit gespeel het om veranderings in 'n situasie teweeg te bring, te evalueer nie. So kan 'n verlaging in die misdaadsyfers nadat ontspanningsdienste in 'n omgewing verskaf is byvoorbeeld nie alleenlik aan die voorsiening van die ontspanningsdienste toegeskryf word nie. Eers moet daar noukeurig op die invloed van behuising, opvoeding, godsdiensonderrig, werkstoestande en baie ander omgewingsfaktore ingegaan word.

Wat egter wel van ontspanning gesê kan word, is dat die persoon wat aan ontspanning (soos dit vir die doel van hierdie studie gedefinieer is) 'n regmatige plek in sy lewe toeken, heel dikwels 'n meer gesonde, goed gebalanseerde en wetsgehoorsame burger is as die persoon wat sy be-

skikbare vrye tyd nie aan gesonde aktiewe of passiewe ontspanningsaktiwiteite wy nie - uitsonderings is daar wel.

Retief beweer dat die swak sportmangees van die stedelike Bantoe verantwoordelik is vir die sukkelbestaan wat georganiseerde sport onder hulle voer. Met hierdie siening kan die ondersoeker nie saamstem nie, want swak sportmangees kom ook onder die Blankes op alle vlakke van sportmededinging voor; dit is gewoonlik nie aan swak sportorganisasie toe te skryf nie. Uitbarstings kom wel gedurende sokkerwedstryde by die Bantoes voor, maar dit gebeur ook elders. Die ondersoeker is van mening dat swak sportorganisasie by die Bantoe na gebrekkige ondervinding op die gebied teruggevoer kan word. (sien p. 351) Retief skat dat slegs 10% van alle jeugoortredings onder die Bantoes aan georganiseerde sport deelneem. Alhoewel geen navorsingsresultate beskikbaar is nie, wil die ondersoeker beweer dat selfs onder die skoolgaande jeug 'n 10% tot 15% deelname aan georganiseerde sport 'n oordrewe skatting is. Aan die Bantoeskole in Soweto word slegs sokker, atletiek en korfbal op 'n georganiseerde basis aangebied en dan is dit ook net die drie of vier spanne in elke sportsoort by iedere skool aan wie daar aandag geskenk word.

Coertze ¹⁾ behandel in sy studie die algemene speletjies wat onder Bantoe kinders in Atteridgeville aangetref word sowel as bende vorming en hulle bedrywighede in dié woonbuurt. Hy gee ook die ontspanningsfasiliteite en ont-

1. COERTZE, R.D., Atteridgeville, 'n Stedelike Bantoe-
woonbuurt, p. 385

spanningsaktiwiteite wat in die woonbuurt aangetref word weer en hy maak melding van 'n baie interessante aspek van die ontspanningsafdeling se funksionele bedrywighede. Sedert 1948 het die Afdeling Sport en Ontspanning in samewerking met die prinsipale van die vyf laerskole in Atteridgeville daartoe oorgegaan om een periode liggaamsoefeninge per week aan alle laerskole vir seuns en dogters tussen die ouderdomme 10-14 jaar te gee. Die oefeninge het hoofsaaklik bestaan uit vrystaande-oefeninge en elementêre apparaatwerk.¹⁾ Die ondersoeker vind hierdie poging van Pretoria se ontspanningsbeamptes navolgingswaardig want in Soweto se skole en seker in die meeste ander Bantoeskole word liggaamlike opvoeding baie afgeskeep.

Pretoria se Afdeling Sport en Ontspanning is ook verantwoordelik vir die stigting van verskeie sportverenigings op junior sowel as op senior vlak. Die administratiewe pligte van hierdie verenigings word gewoonlik deur die Bantoesportorganiseerders van die Afdeling behartig. Coertze meld dat skole-atletiek deur die organiseerders behartig word, maar weens 'n personeel tekort word die organisasie van sokker en korfbal aan die onderwysers oorgelaat. Sporttoerusting soos sokkerballe, korfbalballe, tennisballe, hokkiestokke en dergelike apparaat word kosteloos aan die onderskeie sportliggame verskaf.

Prins²⁾ verwys na die verskillende kerke in Johannesburg

1. COERTZE, R.D., Op. Cit., p. 405

2. PRINS, J.M.G., Aspekte van die Lewe van die Stedelike Bantoejeug en hulle Sendingbenaandering

se belangstelling in jeugwerk en hulle betrokkenheid by die vryetydsbesteding van die Bantoejeug. Hy noem dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n groot agterstand by sommige ander kerke het wat georganiseerde jeugwerk betref. Prins beveel aan dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk daadwerklike belangstelling moet toon in die verskaffing van ontspanningsdienste deur middel van kerkjeugklubs.

„Vanweë die algemene behoefte aan gesonde vryetydsbesteding en 'n gesonde opvoeding in die gesin, het die kerk 'n roeping en 'n geleentheid om die jeug langs ander weë as die gewone pastorale sorg, tot diens te wees." ¹⁾

Henning het die beplanning van twee tuislanddorpe, Garankuwa en Makwarela bestudeer en gevind dat daar in Garankuwa (Pretoria) ruim voorsiening vir sportgronde en parke gemaak is, maar dat daar weens die huisbouprogram en die voorsiening van noodsaaklike dienste nog nie veel gedoen is in verband met die ontwikkeling van sodanige fasiliteite nie. Teen 1968 is daar nog maar een gemeenskapsaal opgerig. Wat Makwarela betref, is daar ook genoeg voorsiening vir ontspanningsfasiliteite gemaak, maar weens finansiële beperkings was daar teen 1968 ten spyte van ver- toë deur die inwoners, nog geen ontspanningsfasiliteite gevestig nie. ²⁾

De Villiers het die wyse van vryetydsbesteding van manli-

1. PRINS, J.M.G., Op. Cit., p. 133

2. HENNING, J.J., Dorpstigting in die Bantoetuislande, p. 231

ke Bantoes in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging gebied nagegaan. ¹⁾ Wat beskikbare vrye tyd vir die Bantoes van Soweto betref, het De Villiers ²⁾ se opname getoon dat 75% van Soweto se Bantoemans nege uur of minder per dag werk, terwyl 56% vyf dae per week en 90% slegs dagskofte werk. Aangesien 56% van die Bantoewerkers van treindiënste en 28% van 'n bus sowel as 'n trein gebruik maak, kry ons 'n totaal van 84% wat van redelik stadige vervoer afhanklik is. Die meeste werkers verlaat dus die huis baie vroeg (6 vm.) en kom nie voor 6 nm. tuis nie. Gedurende die wintermaande is dit natuurlik teen 6 nm. reeds donker en word deelname aan aktiwiteite in die opelug beperk. ³⁾

Hierbenewens het De Villiers aan die lig gebring dat die Bantoes wat hy ondervra het gemiddeld 21 dae per jaar vakansie kry. Aan die ander kant is dit ongelukkig dat 76% van sy informante hulle vakansies in die stedelike gebied en slegs 22% hulle vakansies in Bantoegebiede deurbring.

Wat die mense van Soweto se belangstelling in ontspanningsaktiwiteite betref, blyk dit volgens De Villiers se opname dat 78% van sy informante tuinbou op hulle klein erwe beoefen. Hierdie tydverdryf word hoofsaaklik oor naweke beoefen aangesien die meeste werkers soos reeds hierbo aangetoon is, taamlik laat by die huis kom.

-
1. DE VILLIERS, C.M., Die Vryetydsbesteding van Volwasse Manlike Bantoe in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging
 2. DE VILLIERS, C.M., Die Vryetydsbesteding van die Volwasse Manlike Bantoe, p. 46
 3. Sien aanmerking oor spreiligte op sokkervelde, p.

Volgens De Villiers neem 26% van sy informante in Soweto deel aan een of ander vorm van sport. Hierdie persentasie is die hoogste van die vier ondersoekgebiede. Hieronder verskyn die persentasies in die ander drie ondersoekgebiede:

Mamelodi	16%
Daveyton	15%
Sharpeville	22%

Die onderstaande tabel dui die sportsoorte en die persentasie deelnemers waaraan die informante in De Villiers se opname meestal deelgeneem het, aan:

Boks	Gew. st.	Gholf	Judo	Rugby	Sagtebal	Sokker	Tennis	Ander	Meer as 1 sportsoort
5%	9%	2%	4%	2%	8%	62%	4%	2%	2%

„Verder is dit ook opmerklik dat die aantal sportsoorte wat deur die informante beoefen word aansienlik van die een ondersoekgebied na die ander wissel, en wel tussen slegs vier soorte in die geval van Sharpeville en feitlik die ganse verskeidenheid in dié van Soweto." 1 & 2)

Die ondersoek het getoon dat 62% van die informante in Soweto gereelde sporttoeskouers is, terwyl die ander drie ondersoekgebiede die volgende persentasie aantoon:

1. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 147
2. Hierdie bevinding is vir die ondersoeker geensins vreemd nie, want die wye verskeidenheid van ontspanningsfasiliteite en -dienste wat die Johannesburgse stadsraad reeds sedert 1927 in die Bantoe woonbuurte voorsien het, is van die beste wat in enige Bantoe woonbuurt in Suid-Afrika beskikbaar is

Mamelodi	51%
Daveyton	50%
Sharpeville	50%

Nagenoeg 80% van die informante gee voorkeur aan die bywoning van sokkerwedstryde. ¹⁾ In al vier ondersoekgebiede vind De Villiers dat 86% van die jongste ouderdomsgroep (16-25) sporttoeskouers is en dat die persentasies daarna met ouderdomstoename geleidelik daal. ²⁾ Daar is ook gevind dat sportbywoning min of meer eweredig met 'n verhoging in die onderwyspeil styg. Hierdie selfde tendens is ook by aktiewe sportdeelname gevind.

2.2.1 TOEKENNING VAN RUIMTE VIR PARKE- EN ONTSPANNINGS-FASILITEITE IN BANTOEWOONBUURTE

Om ontspanningsfasiliteite in Bantoewoonbuurte te beplan en te ontwikkel, is die eerste vereiste dat daar grond of ontspanningsruimte beskikbaar moet wees. Sodanige ruimte moet volgens sekere standarde spesiaal vir dié doel deur die beplanners van die woonbuurte toegeken word. Die vraag is nou tot watter mate grond in die verlede in die beplanningstadium van woonbuurte vir hierdie doel toegewys is. Tot en met die veertigerjare het munisipaliteite, wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir Bantoehuisvesting in stedelike gebiede, min deskundige aandag aan die uitlê van Bantoewoonbuurte gegee. Gevolglik is daar min aandag aan die toekenning van ruimte vir ontspanning gegee. Kort daarna is daar egter 'n begin gemaak met 'n meer weten-

1. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 157

2. DE VILLIERS, C.M., Ibid. p. 156

skaplike beplanning van Bantoewoonbuurte.

Die publikasies van die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Cost of Urban Bantu Housing - 1954, en van die Nasionale Behuisingskantoor, A Guide to the Planning of Non-European Townships - 1955, het baie tot hierdie wetenskaplike beplanning bygedra. 'n Ander publikasie wat aandag aan ontspanningsruimte in Bantoewoonbuurte geskenk het, was die proefskrif van D.M. Calderwood, Native Housing in South Africa - 1953. Sover die ondersoeker kon vasstel, was die Research Committee on Minimum Standards of Accommodation van die National Building Research Institute - 1949 die eerste wat breedvoerige aandag aan hierdie saak geskenk het. Alhoewel hierdie behuisingstandaarde spesifiek vir blanke behuisingsprojekte saamgestel is, word daar, wat die toekenning van ruimte vir ontspanning betref, aanbeveel dat dieselfde standaarde ook vir Nie-blanke-woonbuurte van toepassing sal wees. Hierdie publikasie beveel aan dat daar vir die volgende ontspanningsgeriewe in die beplanning van woonbuurte voorsiening gemaak moet word. ¹⁾

a) Speelplek vir voorskoolse kinders. ("playlots")

Daar word aanbeveel dat areas van $140 - 233m^2$ vir hierdie doel in woonbuurte beskikbaar moet wees en dat geen kleuter verder as 800m moet loop om een te bereik nie. Kinders van 2-8 jaar kan hierdie speelplekke gebruik. Die totale ruimte vir hierdie doel word teen 0,305ha per 1 000 inwoners bereken.

1. National Building Research Institute: Interim Report of the Sub Committee on Estate Planning, p. 54

b) Kinderspeelterreine. (Childrens Playgrounds)

Die Bounavorsings-instituut erken dat hierdie tipe area die belangrikste van al die ontspanningsruimtes is. Sulke terreine moet vir die gebruik van kinders van 5-15 jaar afgesonder word. Hierdie speelterreine moet op afstande van 1,61km van mekaar ingerig word. Die totale ruimte wat benodig word, word op 0,405ha per 1 000 inwoners bereken.

c) Sportterreine

Hierdie terreine moet ook binne loopafstand (800m) van die huise in die woonbuurt wees en 4,05ha word as die minimum bruikbare area vir hierdie doel beskou, terwyl die ideale grootte op 8,0ha bereken word. Waar klipkoppies of onbruikbare grond in so 'n area voorkom, moet onthou word dat die netto bruikbare grond 4 - 8ha moet wees. Daar moet ten minste een sportterrein vir elke 20 000 inwoners voorsien word en die totale ruimte wat benodig word, word op 0,405ha vir elke 800 inwoners bereken.

d) Ontspanningsterreine en Parke

Hierdie terreine sluit in formele tuine waarvan die totale ruimte wat benodig word teen 0,405ha per 1 000 inwoners bereken word. Hierdie formele tuine kan as aparte entiteite bestaan of deel uitmaak van die uitleg by rolbalbane, tennisbane of dergelike ontspanningsgeriewe. Hierbenewens is dit noodsaaklik dat woonbuurte oop ruimtes sal hê wat met gras en bome beplant is en waar inwoners rustig kan ontspan. Die ruimte wat vir hierdie doel in 'n woonbuurt benodig word, word op 0,81ha per 1 000 inwoners bereken.

e) Spesiale Ontspanningsgebiede

Swembaddens

Genoeg swembaddens moet voorsien word sodat 3% van die totale Bantoebevolking in 'n Bantoe woonbuurt daarvan ge-

bruik kan maak. Vir elke swemmer moet daar $1,116\text{m}^2$ wateroppervlak toegelaat word. Hiervolgens moet daar vir 'n woonbuurt met 20 000 inwoners genoeg swembaddens wees dat 600 swemmers tegelyk daarvan gebruik kan maak.

Die Bounavorsingsraad maak dus voorsiening vir die toekenning van die volgende ruimtes vir die onderskeie geriewe:

Speelplekke vir voorskoolse kinders	 0,305/1 000 inwoners
Kinderspeelterreine	 0,405/1 000 inwoners
Sportterreine	 0,405/800 inwoners
Ontspanningsterreine en Parke	 1,215/1 000 inwoners

Ondervinding in Amerika het getoon dat ten minste $0,405\text{ha}$ permanente ontspanningsruimte vir elke 100 inwoners 'n bevredigende stelsel van parke- en ontspanningsfasiliteite ten gevolg het. Hierdie standaard geld slegs vir geriewe in en grensend aan die woonbuurte. Die ruimte moet natuurlik eweredig deur die woonbuurt versprei wees want een groot gebied aan die een kant van die woonbuurt, alhoewel dit aan die ideale standaard van $0,4\text{ha}/100$ inwoners mag voldoen, is weens die afstand van sommige huise nie bevredigend nie.

Die standaard wat deur die Bounavorsingsraad aanbeveel en hierbo weergegee is, is blykbaar gebaseer op standaard wat destyds deur die Amerikaanse National Recreation Association voorgestel is. Die huidige National Recreation and Parks Association het hierdie standaard na breedvoerige opnames iewat gewysig en beveel die volgende stan-

daarde vir die toekenning van ontspanningsruimtes in stedelike gebiede aan: ¹⁾

Speelterreine	(1,6 - 2,8ha elk)	0,5ha/1 000 inwoners
Sportterreine	(4,9 - 8,0ha elk)	0,5ha/1 000 inwoners
Parke	(ten minste 0,80ha elk)	1,00ha/1 000 inwoners
Groot Parke	(40,5ha elk)	2,00ha/1 000 inwoners

Opnames in 51 van Amerika se grootste distrikte (counties) het getoon dat slegs 20 daarvan voorsiening maak vir meer as 4ha/1 000 inwoners. Die gemiddelde vir die 51 distrikte was 3,52ha/1 000 inwoners. In Johannesburg word 2,84ha/1 000 inwoners as die minimum standaard vir parke en ontspanningsgeriewe aanvaar, terwyl huidige standaarde in Suid-Afrika vir die voorsiening van parke en ontspanningsruimte in nuwe stede $\pm$ 4,05ha per 1 000 inwoners is. ²⁾ Hierdie standaarde is slegs vir geriewe binne die stedelike gebiede bedoel. Dit is nie in blanke gebiede voldoende nie, maar dan moet ons in ag neem dat 'n groot persentasie Suid-Afrikaners lede is van private klubs wat in 'n groot mate in hulle ontspanningsbehoefte binne die stedelike gebied voorsien.

Die Bantoes wat hulle ontspanningsbehoefte in hulle eie woonbuurte moet bevredig, benodig meer ontspanningsruimte en daarom is dit noodsaaklik dat 'n standaard van ten minste 4,05ha/1 000 inwoners in Bantoewoonbuurte gehandhaaf word. Dit is veral noodsaaklik as ons in ag neem dat die gemiddelde erfgrootte waarop 'n Bantoehuis gebou word van

1. GOLD, S.M., Urban Recreation Planning, p. 168

2. Johannesburg City Council, Recreation Study, 1970.
p. 4

14m x 21m tot 17m x 21m wissel (daar is wel uitsonderings, wat egter nie as ekonomies beskou word nie aangesien die meerderheid nie behoorlik in stand gehou word nie, behalwe miskien in die geval van meer gegoede Bantoes). Die huis is verder maar baie beknop ¹⁾ (n tweekamer-eenheid wat 4-5 persone huisves, het n hoofslaapkamer van 11m², n kombuis/eetkamer van 7m² en n woon/slaapkamer van 11m²).

Dit spreek dus vanself dat daar in n Bantoehuis en op die erf nie genoeg ruimte is om in die gesin en veral die ouer kinders se ontspanningsbehoefte te voorsien nie. ²⁾

Butler ³⁾ sê dat n toekenning van 10% van n woonbuurt se grondoppervlak nie voldoende is vir parke- en ontspannings-fasiliteite nie tensy die persentasie varieer met die bevolkingsdigtheid van so n woonbuurt. Dit is logies dat n gebied met hoë digtheidsbehuising proporsioneel meer ontspanningsruimte as n ylbevolkte gebied sal benodig. Digtheid van bevolking is egter nie die enigste faktor wat oorweging verg nie. Ander faktore soos ekonomiese status, grootte van woonerwe, beskikbare private en kommersiële fasiliteite, ontspanningsgeleenthede in omliggende streke, klimaat en nog baie ander sal n invloed op die toekenning van voldoende ontspanningsruimte hê. Dit is daarom dringend noodsaaklik dat beplanners van Bantoe woonbuurte ruim voorsiening vir parke- en ontspanningsruimte maak aangesien die swartmense vir hulle ontspanningsbehoefte groot-

1. Nasionale Behuisingskantoor: Minimum Standaarde van Behuising vir Nie-blankes, p. 3

2. Hierdie gedagtes word geopper ten spyte van die rooskleurige prentjie wat Calderwood in sy studie Native Housing in South Africa, p. 56, skilder

3. BUTLER, G.D., Op. Cit., p. 185

liks tot hulle eie woonbuurte beperk is.

Die standarde vir die toekenning van ruimte vir parke- en ontspanningsfasiliteite wat in 1949 deur die Bounavorsings-instituut goedgekeur is, is blykbaar nie deur alle beplanners en munisipaliteite as riglyne gebruik nie. In 1951 het die National Housing and Planning Commission 'n publikasie, naamlik A Guide to the Planning of Non-European Townships ¹⁾ die lig laat sien. Daarin is weereens gewys op die belangrikheid van genoeg parke- en ontspanningsruimte in Bantoewoonbuurte. Hierdie publikasie skryf die volgende voor:

Ontspanningsterreine	 5,06ha/10 000 inwoners (p.14)
Parke	 4,05ha/10 000 inwoners (p.14)
Gemeenskapsaal	 0,2025ha/10 000 inwoners (p.17)
Bioskoop	 0,2025ha/10 000 inwoners (p.16)

Die totale parke en ontspanningsruimte wat in hierdie publikasie per 1 000 inwoners toegelaat word, is nagenoeg 0,8 tot 1,6ha/1 000 inwoners wat onvoldoende is om in die behoeftes van die Bantoegemeenskap te voorsien.

Dieselfde publikasie meld dat dit nodig is om met die beplanning van 'n woonbuurt 'n tabel op te stel wat die grondgebruik in daardie woonbuurt sal aantoon.

"A Table must be drawn up, preferably on the layout drawing, giving the area in acres and the percentage of the total area allocated to each use. The fol-

1. Die Herdruk van hierdie publikasie (Julie 1955) is geraadpleeg

lowing is an example of such a table": 1)

Example of Table of Land Uses, for 10 000 persons 2)

<u>Allocation</u>	<u>Area in Acres</u>	<u>Percentage</u>
Effective Buffer Strip	17	5,02%
Waste Land	34	10,00
Residential Plots	147	43,24
Schools	30	8,82
Shops and Market	3	0,88
Community Centre and Churches	6	1,76
Sports	12	3,52
Parks	10	2,94
Roads and Parking Areas	78	22,94
Administration	3	0,88
<u>Total:</u> (138ha)	340	100,00%

Uit dié bron blyk dit dat hierdie tabel 'n voorbeeld is van hoe so 'n tabel opgestel moet word. Nêrens word beweer dat dit 'n voorskrif is van hoe die indeling van grond moet geskied nie. Ten spyte hiervan verskyn hierdie tabel in ten minste twee studiestukke, Page 3) en Mathewson 4), en word dit voorgehou as voorskrif vir ruimtelike toekenning. Hierdie tabel dui terloops op 'n totale toekenning van 0,9ha/1 000 inwoners vir parke- en ontspanningsdoeleindes. Indien hierdie publikasie, A Guide to the Planning of Non-European Townships wel hierdie tabel as 'n voorskrif geïmpliseer het, het dit die aanbeveling van die Bounavorsings-

-
1. National Housing Office, A Guide to the Planning of Non-European Townships, 1955, p.6
 2. National Housing Office, Ibid, p. 7
 3. PAGE, D., Die Verstedeliking van Bantoegebiede van Transvaal, p. 267
 4. MATHEWSON, J.E., The Establishment of an Urban Bantu Township, p. 36

raad van 1949 (sien p. 50) in verband met die toekenning van parke- en ontspanningsruimte in Bantoewoonbuurte verontagsaam. Indien dit nie as 'n voorskrif bedoel was nie, het dit tot verkeerde interpretasie gelei en kan die onvoldoende parke- en ontspanningsruimte in gevestigde Bantoewoonbuurte gedeeltelik hieraan toegeskryf word.

In 1953 het daar tabelle vir die ruimtelike toekenning van parke- en ontspanningsgeriewe in 'n studie van Calderwood verskyn. ¹⁾ Benewens 0,2025ha vir 'n gemeenskapsaal en 0,2025ha vir 'n bioskoop vir elke 10 000 inwoners word daar vir die volgende voorsiening gemaak:

"Area required for outdoor recreation in acres" ²⁾

Item	Population									
	1000	2000	3000	4000	5000	6000	7000	8000	9000	10000
Playlots	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Childrens play	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Recreation	3 $\frac{1}{4}$	4	5	7	7 $\frac{1}{2}$	9	10 $\frac{1}{2}$	11	11	12 $\frac{1}{2}$
Parks	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
	4 $\frac{1}{4}$	6	8	11	12 $\frac{1}{2}$	15	17 $\frac{1}{2}$	19	20	22 $\frac{1}{2}$

In hierdie tabel word een van die belangrikste aspekte van ontspanning in 'n Bantoewoonbuurt, naamlik speelplek vir

1. CALDERWOOD, D.M., Native Housing in South Africa, p. 72-73

2. Hierdie tabel verskyn ook in 'n publikasie van die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad - Cost of Urban Bantu Housing - 1954, en A Guide to the Planning of Non-European Townships - 1955, (Calderwood)

kinders, oor die hoof gesien. Calderwood ¹ & ²) voer die volgende rede hiervoor aan:

"Many of these needs (speelplek vir kinders) could be met by making use of school sites, if the school authorities would allow all children to play on their playgrounds at all times when school is not in session. In the types of housing under discussion, the provision of playlots is not essential, as private gardens are provided with each dwelling. This means all the children's needs can be accommodated, but those of the adults will require certain allowances."

Vir hierdie doel stel hy dan die ruimte-toekenning (p. 57) voor. Saam met die bioskoop en gemeenskapsaal kom dit neer op 'n toekenning van nagenoeg 0,93ha/1 000 inwoners. Ten spyte van Calderwood se aanhaling beweer hy ook die volgende in sy studiestuk:

"The older children require bigger areas where ball games and organized play can be provided, but these areas are too large for most gardens. They must be planned close to the dwellings and along routes not frequented by dangerous, fast-moving traffic." ³)

Dit is teenstrydig met sy bewering dat "all the children's needs can be accommodated", deur gebruik te maak van skoolterreine en ruimte op woonerwe.

Hierdie verontagsaming van kinders se ontspanningsbehoef-

-
1. CALDERWOOD, D.M., Op. Cit., p. 71
 2. Hierdie selfde aanhaling kom presies so voor in A Guide to the Planning of Non-European Townships, p. 14. Dit blyk dus asof Calderwood 'n groot aandeel in die opstel van hierdie gids gehad het
 3. CALDERWOOD, D.M., Op. Cit., p. 56

tes deur geen spesiale voorsiening vir kinderspeelterreine te maak nie, is in ander studiestukke voortgesit. Rossouw ¹⁾ meld die volgende:

„Alhoewel voorskoolse speelparkies deur die minimumstandaarde van 1949 aanbeveel word, word hier aanvaar dat die grootte van woonerwe sodanig is dat speelplek vir die kleiner kinders op die woonerf voorsien kan word, terwyl daar verder, deur die voorsiening van kleuterskole, in hierdie behoefte voorsien word.”

Calderwood ²⁾ beweer tereg dat kinders van twee en drie jaar oud tevrede is met klein speelareas en dat hulle daarom op die klein woonerwe geakkomodeer kan word. Op vier of vyfjarige ouderdom begin hulle egter hulle onmiddellike omgewing verken. Daar bestaan dus 'n behoefte aan speelplek vir vier- tot sesjariges naby hulle woonhuise want anders maak hulle die strate hulle speelplek. Volgens waarneming in Soweto is die gewildste speelplekke van hierdie ouderdomsgroep die naby geleë sokkervelde, ou motorwrakke naby hulle woonhuise of die kinderspeelterreine wat nie een verder as 800m van enige woonhuis in Soweto geleë is nie.

Verder moet ons hierby in aanmerking neem dat die meeste Bantoes hulle eie groente plant en tesame met die rommel wat in die agterplaas aangetref word, dra dit by tot die beperking van die ruimte op die erf.

Wat betref die rol wat bewaarskole ("Play Centres" - geen

1. ROSSOUW, D.D., Die Stad as Funksionele kern van die Bantoe-tuisland, met spesiale verwysing na die Hammanskraalgebied, p. 88

2. CALDERWOOD, D.M., Op. Cit.,

kleuterskool-onderrig word hier aangebied nie) speel in die voorsiening in die voorskoolse kind se ontspanningsbehoeftes, kan ons net meld dat dit weglaatbaar klein is, veral in 'n Bantoewoonbuurtdompleks soos Soweto. Teen Julie 1973 was daar ses bewaarskole met 'n totale ledetal van 840. Hierdie bewaarskole neem kinders van drie tot ses jaar, is oop van 7.30 vm. tot 4 nm. vir vyf dae van die week en ouers betaal dan R1,25 per maand. ¹⁾ As ons die bevolkingstatistiek van Soweto gedurende 1965 in oënskou neem, sien ons dat daar die volgende aantal kinders in Soweto was. ^{2 & 3)}

<u>Ouderdomsgroep</u>	<u>Aantal</u>	<u>% van Totale Bevolking</u>
0-4	58 776	16,19
5-9	55 178	15,20
10-14	50 756	13,98
15-19	34 108	9,39

As ons in gedagte hou dat bogenoemde statistiek reeds byna 10 jaar oud is en dat die jaarlikse bevolkingstoename op 2,4% bereken word ⁴⁾, kan ons ten minste 'n idee vorm van hoe gering bewaarskole se rol is in die voorsiening van genoeg ontspanningsruimte vir voorskoolse kinders. Daar kan op gelet word dat 263 600 of 45,37% van die totale aantal inwoners van Soweto in 1965 uit kinders onder 14 jaar bestaan het. Hierdie getalle dui weer eens op die belangrikheid van ontspanningsfasiliteite in die woonbuur-

-
1. Jaarverslag: Tak Gemeenskapsdienste, 1972/73, p. 7
 2. Meadowlands en Diepkloof is nie by die Bevolkingstatistiek ingesluit nie.
 3. LEWIS, R.B., A "City" within a City - The Creation of Soweto, p. 52
 4. LEWIS, R.B., Op. Cit., p. 51

te en gevolglik ook op die noodsaaklikheid van beskikbaarstelling van ruimte om in dié kinders se ontspanningsbehoefte te voorsien.

Die ander voorstel van Calderwood dat skoolowerhede moet toelaat dat die omgewing se kinders ook na skool op die skoolterreine speel, is uit 'n praktiese oogpunt nie realisties nie. Die een of twee skole in Soweto wat wel sportvelde binne die skoolterrein het, het baie las deurdat spanne oor naweke op die velde speel en die spelers en toeskouers baie skade aanrig. Vensters van die skool en deure van die kleedkamergeriewe word gereeld beskadig. Hierbenewens is die skole finansieël nie in staat daartoe om hulle eie sportgeriewe in stand te hou nie. Om hierdie redes is dit die beleid in Soweto om voldoende sportfasiliteite in die nabyheid van skole vir die gebruik van die skole sowel as die publiek en sportverenigings daar te stel.

Ons het reeds melding gemaak daarvan dat oorsese standaarde, 4ha/1 000 inwoners of 10% van die totale oppervlak van 'n woonbuurt aanbeveel vir parke- en ontspanningsgeriewe, terwyl die Bounavorsingsinstituut dieselfde standarde reeds in 1949 aanbeveel het. Ons het ook gesien dat gemeentehiere, standarde wat vir Bantoewoonbuurte in Suid-Afrika aanbeveel is, ver te kort skiet.

Nou kan ons by wyse van voorbeelde kyk na watter standarde in die praktyk toegepas is in Bantoewoonbuurte. Wat Soweto betref, het die kommissie wat ondersoek ingestel het na die oproere in Johannesburg gedurende die vyftiger-

jare soos volg gerapporteer:

"There seemed to be a sufficiency of open spaces for the provision of the necessary number of playing fields. We were informed by Mr. Carr (Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake) that the ratio of open spaces to space occupied by houses was as laid down by the National Housing and Planning Commission." ¹⁾

Ons het reeds daarop gewys dat die standarde wat deur die National Housing and Planning Commission aanbeveel word, nie voldoende is nie (sien p. 55). Om die werklike posisie ten opsigte van parke- en ontspanningsruimte in Soweto vas te stel is die ruimte wat vir hierdie funksies in drie woonbuurte van Soweto, naamlik Zola, Jabavu en Dube afgestaan is, bepaal en die gegewens word hieronder weergegee:

Parke- en Ontspanningsruimte in enkele woonbuurte van Soweto ²⁾

Woon- buurt	Totale Oppervlak	Parke en ont.- ruimte	Persentasie van Totale oppervlak	Aantal inwoners (1972)	Aantal ha per 1 000 inwoners
Zola	312,42ha	48,31ha	15,46	35 318	1,37ha
Jabavu	199,98ha	22,30ha	11,15	25 178	0,89ha
Dube	170,84ha	12,49ha	7,31	12 353	1,01ha

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat in die lig van die faktore wat die toekenning van parke- en ontspanningsruimte beïnvloed (p. 54) die voorsiening van die ter sake ruimte per 1 000 inwoners van Soweto, volgens enige redelike standarde, heeltemal onvoldoende is. In sommige van die ouer gevestigde woonbuurte bestaan daar 'n groter

1. Report of the Riots Commission, April 1958, Para. 34

2. Alle Oppervlaktes is met 'n planimeter bepaal.

tekort aan parke- en ontspanningsruimte en hierdie toestand is benewens gebrekkige voorsiening hoofsaaklik aan twee faktore te wyte. Die eerste faktor word deur die volgende aanhaling geïllustreer:

"Frequently the lots reserved for open spaces were, in fact, pieces of ground unwanted by the township developer because of their unsuitability for building purposes - rocky, steep or low lying ground difficult to subdivide." ¹⁾

Sommige van hierdie terreine wat aan parke- en ontspanningsfasiliteite toegesê is, is òf onbruikbaar òf kan slegs teen geweldige onkoste bruikbaar gemaak word. Hierdie terreine word later plekke waar inwoners hulle rommel gooi en dit word gou 'n las op die skouers van die owerheid. In sommige woonbuurte is sportvelde tydelik ontwikkel op grond wat vir skole bestem was en soos hierdie grond vir die bou van skole opgeëis is, het daar 'n tekort aan ruimte vir ontspanningsfasiliteite ontstaan.

Hierdie neiging van beplanners om onbruikbare grond vir parke en ontspanning toe te ken, kom dikwels voor. Dit is 'n uiters ongesonde toestand want in later jare wanneer hierdie ruimte vir ontwikkeling benodig word, is grond geweldig duur of onbekombaar en dan wil owerhede nie geld spandeer aan 'n stedelike funksie wat (nog verkeerdelik) deur baie as onbelangrik beskou word nie.

Die tweede faktor wat bygedra het tot 'n tekort aan parke- en ontspanningsruimte in sommige woonbuurte is die ou-ou

1. National Building Research Institute: Research Committee on Minimum Standards of Accommodation, p. 52

gebruik van stadsvaders om ruimte wat deur die beplanners vir parke en ontspanning toegeken is, later vir ander stedelike funksies te benut. Daar is net een verklaring vir so 'n stap en dit is swak beplanning¹. Die volgende aanhaling som hierdie aspek van beplanning op:

"It must be borne in mind at all times that the plan of today forms the pattern of living tomorrow. Areas zoned today as open spaces must be regarded by authorities as proclaimed areas and not built upon haphazardly, thus destroying the entire scheme." ¹⁾

Gedurende die boekjaar 1972/73 ²⁾ is sewe sokkervelde in Soweto vir die bou van skole afgestaan en daar is net nie ruimte om hierdie geriewe weer in dieselfde omgewing daar te stel nie.

In die eerste beplande gedeelte van die woonbuurt Daveyton naby Johannesburg is slegs 2,6% van die totale oppervlakte vir parke- en ontspanningsgeriewe opsy gesit terwyl daar in die Bantoewoonbuurt wat gedurende die vyftigerjare in Potchefstroom uitgelê is slegs 0,79% aan sport en ontspanning en 22,38% aan parke en oop ruimtes afgestaan is. ³⁾ Wat die ruimte vir parke en oop ruimtes betref, wil dit voorkom asof heelwat hiervan onbruikbare grond is, anders kan die klein toekenning aan sport en ontspanning nie verklaar word nie. In die Bantoewoonbuurt by Carletonville is 3% van die totale oppervlak aan sportterreine en 4,7% aan oop ruimtes en parke afgestaan. In Pretoria is

-
1. National Housing Office: A Guide to the Planning of Non-European Townships, p. 28
 2. Jaarverslag: Tak Gemeenskapsdienste, p. 3
 3. MATHEWSON, J.E., The Establishment of an Urban Bantu Township, p. 37

55,61ha of 5,34% van die totale oppervlak van die Bantoe-
woonbuurt wes van Pretoria aan sportterreine en oop ruim-
tes afgestaan, terwyl 83,1ha of 13,89% van die woonbuurt
oos van Pretoria vir dieselfde doel opsy gesit is. In
die tweede geval word daar egter gemeld dat 39,4ha van die
13,89% onbruikbare grond is. Dit bring die totaal vir
sportterreine en oop ruimtes te staan op nagenoeg 7% van
die totale oppervlak.

Die tabel vir die grondgebruik in die Bantoewoonbuurt by
Witbank word hieronder gegee. ¹⁾

<u>Allocation</u>	<u>Area in acres</u>	<u>Percentages</u>
1 510 Residential plots	106,70	37,6
3 Primary schools	16,15	5,67
Shops and Markets	4,0	1,31
Community centre	1,14	0,42
Parks	68,97	24,22
Sport	5,91	2,04
Roads	69,65	24,52
Churches	3,05	1,1
Ablution blocks	2,00	0,75
Administration	2,06	0,73
Existing cemetary	0,4	0,1
Nursery schools	2,8	0,97
Pump station	0,45	0,16
Transformer sites	0,25	0,07
Car park	0,98	0,34
Totals: (115,0ha)	284,5	100,00%

Daar is 1 521 huise vir die woonbuurt beplan en met 'n ge-
middeld van vier persone per woning sal daar 6 084 inwo-
ners wees. Vir 'n woonbuurt van hierdie grootte moet daar

1. CALDERWOOD, D.M., Op. Cit., p. 121

volgens die aanbeveling van die National Recreation and Parks Association (sien p. 53) vir speel- en sportterreine 'n totaal van 6ha en vir parke 18ha beskikbaar gestel word. Alhoewel die totale toekenning van nagenoeg 30,0ha dus die aanbevole ruimtetoeckenning oorskry, is dit te betwyfel of hierdie toekenning van 24% vir parke alles bruikbare ruimte is.

Rossouw ¹⁾ behandel in sy studie die uitleg van drie Bantoetuislanddorpe, naamlik Leboneng, Temba en Garankuwa, almal in die Hammanskraalgebied. Behalwe dat 'n gedeelte van die dorpsmeent in Leboneng as sportterrein gereserveer is, is geen verdere voorsiening vir parke gemaak nie.

In Temba is voorsiening vir 346 woonerwe en buiten die vier klein parkies in die dorp self, is 'n openbare sportterrein van ongeveer 5ha aan die een kant van die dorp voorsien. Alhoewel daar volgens die standaard van die National Recreation and Parks Association genoeg voorsiening vir ontspanningsruimte gemaak is, is die plasing van die sportterrein aan die een kant van die dorp baie onbevredigend. Vir maksimale gebruik van die fasiliteite is dit nodig dat sodanige ruimtes vir alle inwoners maklik bereikbaar moet wees.

Behalwe parke en oop ruimtes in Garankuwa self, is daar voorsiening gemaak vir 'n sportterrein van nagenoeg 19ha ten noorde van die dorp. Alhoewel presiese groottes van die parke en oop ruimtes nie vermeld word nie, lyk dit as-

1. ROSSOUW, P.D., Op. Cit., p. 52

of die voorsiening voldoende is. Die daarstelling van die sportterrein buite die dorp is egter, soos by Temba, onbevredigend. Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat daar heelwat aspekte by die beplanning van parke- en ontspanningsruimte in Bantoewoonbuurte in die stedelike gebiede sowel as die tuislanddorpe is, wat veel te wense oorlaat.

2.3 ADMINISTRASIE VAN PARKE- EN ONTSPANNINGS- DEPARTEMENTE

Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om die administratiewe beheer van Parke- en Ontspanningsdepartemente hier te lande en oorsee na te gaan. Daarvolgens kan riglyne vir die doeltreffende administrasie en organisasie van Bantoe-ontspanning in Suid-Afrika, verskaf word.

2.3.1 BLANKE PARKE- EN ONTSPANNINGSDEPARTEMENTE IN SUID-AFRIKA ¹⁾

In al die groot stede van Suid-Afrika behalwe Kaapstad word die parke- en ontspanningsbedrywighede net soos ingenieurswerke, gesondheidsaspekte en verkeersake deur onafhanklike departemente behartig. ²⁾ Die status van die departemente wissel van stad tot stad, maar gewoonlik geniet hulle hoë aansien in die munisipale hiërargie.

1. Gegewens wat hier weergegee word is deel van 'n navorsingsprojek, Die Administrasie en Organisasie van Parke- en Ontspanningsdepartemente in S.A., wat deur die Afdeling Parke- en Ontspannings-Administrasie van die Fakulteit Bosbou van die Universiteit van Stellenbosch onderneem word.

2. Die Afdeling Parke en Bosse van die Kaapstadse stadsraad ressorteer onder die departement van die stadsingenieur

Die funksionele bedrywigheide van die meeste Parke- en Ontspanningsdepartemente stem gewoonlik met mekaar ooreen. By kusstede ressorteer verantwoordelikhede soos strandgeriewe ook nog onder dié departemente. Die werksaamhede van Parke- en Ontspanningsdepartemente kan soos volg opgesom word:

- i) Die beplanning, ontwikkeling en onderhoud van parke, kwekerye, straatrande en -eilande
- ii) Die aanplant en onderhoud van straatbome
- iii) Die administrasiewerk en tuinboukundige onderhoudswerk ten opsigte van begraafplase vir Blankes, Kleurlinge en Asiate
- iv) Die administrasie- en ontwikkelingswerk ten opsigte van dieretuine en ander landgoed
- v) Die administrasie, ontwikkeling en onderhoudswerk ten opsigte van munisipale golfbane
- vi) Die verskaffing, deur middel van konsessiehouers, van verversings in parke en by munisipale swembaddens waar die nodige verversingsgeriewe beskikbaar is
- vii) Die onderhoud van departementele werktuigkundige toerusting en 'n sekere mate van onderhoudswerk aan departementele geboue
- viii) Die administratiewe werk ten opsigte van munisipale sportgeriewe met inbegrip van stadions, rolbal- en tennisbane
- ix) Die toewysing van terreine aan verskillende sportliggame

- x) Die administratiewe en onderhoudswerk ten opsigte van munisipale swembaddens
- xi) Die administratiewe en organisasiewerk ten opsigte van ontspanningsentrums vir Blankes
- xii) Die onderhoud van munisipale sierfonteine en watterversierings
- xiii) Die verskaffing van vermaaklikhede en die reëling van musiekuitvoerings en kunsuitstallings in parke, en hoofsaaklik in samewerking met private instansies

2.3.1.1 JOHANNESBURG

Die Parke- en Ontspanningsdepartement van die Johannesburgse stadsraad is die grootste in die Republiek. Dit verskaf werk aan 700 Blankes en 1 708 Nie-blankes (1972). Die blanke personeel sluit onder meer die volgende amptenare in: Administratiewe personeel, tuinboukundiges, leerling-tuinboukundiges, ontspanningsbeamptes, dieretuinpersoneel en swembadpersoneel.

Die lopende uitgawes van die Johannesburgse Departement van Parke en Ontspanning het vir die boekjaar 1971-1972, R5 096 456 beloop, terwyl die inkomste R461 042 was. Die saldo van R4 635 414 is na die Saamgevatte Belastingfondstrekening oorgedra. ¹⁾ Volgens die beraming van die stadsraad sou die uitgawes vir die boekjaar 1973-1974 op R7 953 700 te staan gekom het. Indien ons hierdie bedrag

1. Jaarverslag, Johannesburg Afdeling Parke en Ontspanning, 1971/72, p. 4

met die lopende uitgawes van R3 938 671 vir die boekjaar 1969-1970 vergelyk, sien ons dat die totale uitgawes van die departement in die afgelope vyf jaar meer as verdubbel het.

Daar is 'n algemene bestuurder, wat aan die Komitee vir Gesondheid en Geriewe verantwoordelik is, in beheer van die departement. Vir funksionele doeleindes is die departement in drie eenhede ingedeel. Hierdie drie eenhede, naamlik tuinbou, ontspanning en vermaaklikheid en die administratiewe afdeling ressorteer saam met die geboue- en werktuie-afdeling direk onder 'n adjunk-bestuurder. Onder die adjunk-bestuurder is daar twee bestuurders, een behartig die tuinboueenheid terwyl die ander vir ontspanning en vermaaklikheid verantwoordelik is. Alle tuinboukundige dienste binne die munisipale grense van Johannesburg ressorteer onder die bestuurder (tuinbou). Die hele gebied is geografies in twee streke verdeel en elkeen van die streke is onder bevel van 'n senior-tuinboukundige. Om funksionele redes is elke streek weer in vyf areas verdeel.

Die bestuurder van die ontspanningsafdeling het direkte beheer oor die dieretuin, alle swembaddens en waterspeelterreine, terwyl die hoofontspannings- en vermaaklikheidsbeampte vir ontspanningsentrums, speelterreine, sportterreine en vermaaklikheidsfunksies verantwoordelik is. Johannesburg is tans die enigste stad in Suid-Afrika waar die stadsraad ontspanningsentrums verskaf (25 sentrums) wat strategies oor die stad versprei is. Hulle voorsien opgeleide ontspanningsbeamptes wat bereid is om die publiek, oud en jonk in die deeglik toegeruste geboue en op

ruim en goed versorgde terreine by te staan. So kan almal hulle vrye tyd in hierdie sentrums nuttig deurbring. Veertien van die sentrums is hoof-ontspanningsentrums en elf kleiner ontspanningsentrums. Die hoofentrums het elk 800 tot 1 000 volwasse lede en tussen 400 en 600 kinderlede. Die sentrums word daaglik deur tussen 300 en 400 mense met inbegrip van kinders, besoek. ¹⁾

Die bestuurder (ontspanning en vermaaklikheid) en die hoof-ontspannings- en vermaaklikheidsbeampte se pligte is hoofsaaklik administratief. Die verskillende stadions soos Ellispark-tennisstadion, Ellispark-rugbystadion, die Randse-sokkerstadion en die atletiek- en fietsrystadion by Hector Norrispark word aan die onderskeie sportliggame toegesê. Dié liggame moet dan 'n sekere persentasie van die toegangsgelde as huur betaal.


Buiten Durban, is Johannesburg die enigste stad wat oor openbare gholfbane beskik. Ander sportfasiliteite vir Blankes soos rolbalbane (61), tennisbane (224), jukskeibane (83), sokkervelde (37), rugbyvelde (13), hokkievelde (18), bofbalvelde (6), korfbalbane (21), krieketvelde (32) en sagtebalvelde (5) word aan klubs toegesê. ²⁾ Die huurgeld wat vir die fasiliteite betaalbaar is, sowel as die voorwaardes waarop die fasiliteite verhuur word, word uiteengesit in die kontrak wat tussen elke klub en die stadsraad gesluit word. Hieruit blyk duidelik waarom die

1. Jaarverslag, Johannesburgse Parke- en Ontspanningsdepartement, 1969/70, p. 23

2. Jaarverslag, Johannesburgse Afdeling Parke en Ontspanning, 1969/70

STADSRaad VAN JOHANNESBURG
DEPARTEMENT VAN PARKE EN
ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



afdeling ontspanning so baie administratiewe werk moet ver-
rig. Die organisasiediagram op bladsy 72 sit die opset
van die Johannesburgse Departement van Parke en Ontspan-
ning skematies uiteen.

2.3.1.2 PORT ELIZABETH

Die Port Elizabethse Departement van Parke en Ontspanning
word deur 'n direkteur bestuur. Hy is direk verantwoorde-
lik aan die Komitee vir Parke en Ontspanning, wat uit
stadsraadlede bestaan. Hierdie departement is in die vol-
gende funksionele eenhede ingedeel: 'n Bedryfseenheid, Be-
planning en Ontwerp en Administrasie wat 'n subsidiêre funk-
sie vervul. 'n Adjunk-direkteur is vir die bedryfseenheid
en vir die tegniese bedrywigheide van die departement ver-
antwoordelik, terwyl 'n assistent-direkteur die Beplanning
en Ontwerp-afdeling behartig. 'n Administratiewe beampte
is in beheer van die administratiewe afdeling. Hierdie
drie beamptes is direk aan die direkteur verantwoordelik.

Die bedryfsafdeling bestaan uit drie eenhede, naamlik 'n
tuinboukundige, 'n dienste- en 'n ontspanningseenheid. Die
tuinboukundige eenheid staan in beheer van vier geografies-
omlynde distrikte, 'n natuurreservaat en begraafplase.
Die dienste-eenheid is vir die instandhouding van geboue,
bosse en grasperke verantwoordelik; die kwekerye en 'n
boomseksie ressorteer ook onder dié eenheid. Die ontspan-
ningseenheid sorg vir strandgeriewe, algemene ontspanning
en swembaddens. Port Elizabeth se ontspanningsopset is
heeltemal anders as dié van Johannesburg. Omdat Port
Elizabeth 'n gesogte vakansieoord is, konsentreer die muni-

sipaliteit op strand- en kampeergeriewe vir die inwoners en besoekers. Naby die gewilde strande is daar drie karavaankampe vir Blankes wat deur die departement beheer word. Die twee stadions, "Westbourne Oval" (sokker en atletiek) en "Davies Stadion" (tennis) is al sportfasiliteite wat die munisipaliteit self beheer; talryke klubs huur grond teen 'n nominale bedrag van die munisipaliteit om hul le eie fasiliteite op te rig. Die enigste ander ontspanningsfasiliteite wat beskikbaar is, is die swembaddens (6) en die 54 speelterreine wat oral in die stad en voorstede aangebring is.

Die departement het 'n personeel van 147 Blankes en 539 Nie-blankes. Tydens die vakansieseisoen word 'n addisionele 45 Blankes en 21 Nie-blankes in diens geneem. Die lopende uitgawes vir die boekjaar 1972 het R1 262 743 beloop.


'n Volledige uiteensetting van die departement se organisasie word op bladsy 75 gegee.

2.3.1.3 OOS-LONDEN

Oos-Londen weeg na die ondersoeker se mening nie op teen ander stede betreffende die ontwikkeling, die vooruitgang en die administratiewe opset van sy parke- en geriewedepartement nie. Die organisasie-struktuur van die departement (p. 77) is nie maksimaal doeltreffend nie. Verder blyk dit dat die ontwikkeling van die departement sedert 1969 baie min gevorder het. Waar stede soos Johannesburg en Port Elizabeth gedurende dieselfde tydperk, in ooreen-

STADSRaad VAN PORT ELIZABETH
DEPARTEMENT VAN PARKE EN
ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



stemming met 'n landswye oplewing van die belangstelling in parke en ontspanningsfasiliteite, 'n toename van 100 persent in die lopende uitgawes uit die belastingfondsinkomsterekening toon, is Oos-Londen se toename slegs 39%. Hierbenewens het die persentasie van die belastingfondsinkomstrekening wat jaarliks aan parke- en ontspanningsdienste bestee word van 19,9% in 1969 tot 12,6% in 1972 gedaal. Hierteenoor toon ander stede in hierdie opsig 'n stygende tendens. ¹⁾


Die Direkteur van Parke en Geriewe is vir die bedrywigheide van die departement verantwoordelik. Hy word deur 'n adjunk-direkteur wat die tuinboukundige funksies behartig, bygestaan. Die departement bestaan uit drie afdelings, naamlik tuinbou, administrasie en geriewe. Vir die uitvoering van die tuinboukundige dienste is die stad geografies in drie verdeel en elke deel word deur 'n senior tuinboukundige beheer. Die ander funksionele eenhede wat onder hierdie afdeling ressorteer, is die kwekery, die werkplaas, die parke-polisie en ontspanning; laasgenoemde word deur 'n superintendent behartig. Die hoofbeampte (geriewe) is vir die akwarium, dieretuin, begraafplaas en krematorium, die strande, vir musiek en openbare vermaaklikheid verantwoordelik. Wat Oos-Londen se organisasie-struktuur betref, word die indeling van die superintendent van ontspanning onder die tuinbou-afdeling onlogies en ondoeltreffend gevind. Daarteenoor word begraafplase en krematoriums wat tans onder die geriewe-afdeling ressorteer.

1. Berekenings volgens syfers verkry uit die geouditeurde state van stadsrade

STADSRAAD VAN OOS-LONDEN

DEPARTEMENT VAN PARKE EN GERIEWE

ORGANISASIEDIAGRAM




teer, in ander stede normaalweg deur die tuinbou-afdeling beheer.

Die personeel van die departement bestaan uit 70 Blankes en 281 Nie-blankes; die lopende uitgawes vir die boekjaar 1972, het R703 705 beloop.

2.3.2 DIE PARKE- EN ONTSPANNINGSOPSET VAN ENKELE STEDE IN AMERIKA

2.3.2.1 LOS ANGELES

Die Parke- en Ontspanningsdepartement van Los Angeles se begroting het in 1969 20 miljoen dollar beloop. In die toekenning en ontwikkeling van terreine vir ontspanning word noue kontak gehou met die Stedelike, Streeks-, Staats- en Federale vlakke van regering. Soos uit die eerste organisasiediagram (p. 79) blyk, is daar 'n algemene bestuurder in beheer van die departement; sekere magte in verband met die daaglikse werksaamhede word dan aan die uitvoerende beampte gedelegeer. Die bestuurder behartig hoofsaaklik toekomsbeplanning, openbare skakelwerk en formulering van beleid en hy dien as skakel tussen die Parke- en Ontspanningsraad en die departement self. Afgesien van die vyf bedryfseenhede, naamlik die dieretuin, gholfbane, ontspanning, parke en die sterrewag, wat direk onder die uitvoerende beampte ressorteer, behartig hy ook die drie personeeleenhede, naamlik bestuursbeheer, administratiewe dienste en personeel. Die uitvoerende beampte se funksie is om beleid ten opsigte van die eenhede te interpreteer, die funksies van die eenhede te koördineer en be-



STADSRAAD VAN LOS ANGELES

DEPARTEMENT VAN PARKE EN
ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM I

heer oor al die eenhede uit te oefen.



Die tweede organisasiediagram (p. 81) dui die ontspanningsafdeling sowel as die parke-afdeling aan. Die afdelings word onderskeidelik deur 'n Superintendent van Ontspanning en 'n Superintendent van Parke beheer.

Omdat gholf, die dieretuin en die sterrewag as drie gespesialiseerde ontspanningsrigtings beskou word, word hulle as aparte eenhede georganiseer. Die Superintendent van Ontspanning het die hulp van 'n administratiewe-assistent wat die administratiewe werk van die afdeling behartig en wat die superintendent by vergaderings kan verteenwoordig. Die afdeling se vernaamste funksionele bedrywighede is die werksaamhede by die 25 ontspanningsentrums. Die Parke-afdeling bestaan uit twee personeeleenhede, naamlik beplanning en tegniek en geboue en fasiliteite. Daar is verder ook drie bedryfseenhede, naamlik terreininstandhouding, konstruksie- en herstelwerk en tuinbou.

2.3.2.2 AUSTIN ¹⁾


Hierdie stad met 220 000 inwoners het in 1928 'n ontspanningsdepartement gekry en in 1964 het dit die Parke- en Ontspanningsdepartement geword. Soos uit die organisasiediagram (p. 82) blyk, is die direkteur van parke en ontspanning aan die stadsbestuurder verantwoordelik en is daar 'n adviserende parke- en ontspanningsraad van dertien

1. BUTLER, G.D., Op. Cit., p. 462



STADSRAAD VAN LOS ANGELES
DEPARTEMENT VAN PARKE EN ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM II



lede. Die assistent-direkteur is vir die grootste gedeelte van die departement se werksaamhede verantwoordelik. Die departement is in twee afdelings, naamlik 'n parke-afdeling en 'n ontspanningsafdeling verdeel, elk met 'n superintendent en 'n assistent-superintendent in bevel.

Die personeel van die parke-afdeling is vir die instandhouding van terreine, die stad se gholfbane en verskeie swembaddens verantwoordelik. Hier verskil dit van Los Angeles se organisasiestruktuur, waar gholf as 'n aparte afdeling beheer word en die strande en swembaddens deur die ontspanningsafdeling behartig word.

Die meeste van die personeel in die ontspanningsafdeling is by ontspanningsentrums en speelterreine werksaam onder die beheer van distrik-opsieners wat elk vir 'n geografiese gebied van die stad verantwoordelik is. Ander opsieners is in beheer van atletiek, watersport en spesiale aktiwiteite. Die opsiener in beheer van watersport is ook vir die lewensredders en sweminstrukteurs by die stad se swembaddens verantwoordelik. Die kurators van die twee museums en die bestuurder van die tennissentrum staan onder direkte beheer van die assistent-ontspanningsuperintendent. Die administratiewe sekretaris en die sekretaris van publikasies staan onder direkte beheer van die assistent parke- en ontspanningsdirekteur wat ook as 'n skakel dien tussen die departement en verskeie ander organisasies wat daarmee geaffilieer is.

2.3.3 'N EVALUERING VAN DIE AMERIKAANSE EN SUID-AFRIKAANSE STEDELIKE PARKE- EN ONTSPANNINGSOPSET

2.3.3.1 HISTORIESE OORSIG VAN PARKE- EN ONTSPANNINGSGERIEWE IN DIE TWEE LANDE

Met die aanvang van die geskiedenis van die parke- en ontspanningsbeweging in Amerika het tuinboukundiges die aanvoerwerk gedoen. Met die opkoms van die ontspanningsbeweging het baie parke-hoofde egter geweier om in hulle parke voorsiening te maak vir ontspanningsfasiliteite. Gevolglik is aparte afdelings gestig om ontspanning te behartig. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n samesmelting van die afsonderlike afdelings in stede plaasgevind. Omdat ontspanningspersoneel professionele opleiding geniet het, het hulle met sulke samesmeltings gewoonlik die hoogste poste bekom. Die gevolg hiervan was dat daar tans in Amerikaanse departemente van Parke en Ontspanning, in teenstelling met die gebruik in Engeland en Suid-Afrika, oorwegend aandag gegee word aan ontspanningsdienste.

Die pioniers van die parke-beweging in Suid-Afrika is hoofsaaklik afkomstig uit Engeland en Holland waar die klem op tuinboukundige dienste gelê word. Om hierdie rede word die parke- en ontspanningsbedrywighede in Suid-Afrikaanse dorpe en stede vandag nog deur eng tuinboukundige benadeerings oorheers.

2.3.3.2 ORGANISASIE

In Amerika word parke- en ontspanningsdienste deur verskeie

instansies op plaaslike owerheidsvlak behartig. In 'n opname wat gedurende 1970 uitgevoer is, het nagenoeg 1 200 instansies inligting aangaande hulle parke- en ontspanningsdienste verskaf. Hulle word volgens die tipe bestuursliggaam as volg geklassifiseer: ¹⁾

Munisipaliteite	-	76%
Graafskapsowerhede	-	9%
Distriksowerhede	-	8%
Skooldistriksoverhede	-	2%
Ander	-	5%

Die state van Amerika is opgedeel in distrikte (counties) en sommige behartig uitgebreide parke- en ontspanningsdienste. Die hoofdoel van hierdie distrikte met betrekking tot parke en ontspanning is om regionale dienste te lewer.

In sommige Amerikaanse state word spesiale outonome ontspanningsdistrikte aangetref wat onafhanklik van ander owerheidsinstansies fungeer. Hierdie tipe bestuursliggaam word veral in California aangetref en voorsien in die parke- en ontspanningsbehoefte van buite-stedelike gebiede wat nie by munisipaliteite geïnkorporeer is nie. Soortgelyk aan die ontspanningsdistrikte word spesiale skooldistrikte in die Amerikaanse state aangetref wat benevens hulle onderwysfunksie, ook vir die openbare ontspanningsdienste verantwoordelik is.

Die bestuursliggame wat in die opname betrek is, het met betrekking tot parke en ontspanning die volgende organisa-

1. "Local Parks and Recreation", Parks and Recreation, August 1971, pp. 18-31

siestrukture vir die uitvoering van hulle funksionele bedrywighede daargestel:

Gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartemente	- 66%
Ontspanningsdepartemente	- 14%
Parkedepartemente	- 7%
Parke-, Ontspannings- en Bewaringsdepartemente	- 6%
Ander	- 7%

Die opname het getoon dat 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement die mees algemene organisasiestruktuur vir parke- en ontspanningsdienste is. Hierdie organisasiestruktuur word in Amerika as noodsaaklik vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite beskou en die aanduidings is dat die persentasie gekombineerde departemente sal toeneem. Die voordele van die ter sake organisasiestruktuur kan as volg opgesom word:

- Dit maak voorsiening vir 'n meer uitgebreide program van aktiwiteite;
- Dit voorkom duplikasie en oorvleueling van funksionele bedrywighede; wat weer groter doeltreffendheid en 'n meer ekonomiese werkverrigting meebring;
- Skep meer geleentheid vir ontspanningsbedrywighede in parke wat vroeër deur parkepersoneel as hulle heiligdom beskou is;
- Meer aandag word aan die estetiese verfraaiing van sport- en ontspanningsfasiliteite geskenk deur die aanplant van bome, plante en struik;
- Beplanning van toekomstige parke- en ontspanningsfasiliteite vir die gemeenskap word vergemaklik;

- 'n Gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement het groter prestige.

Van die 1 200 instansies wat in die opname betrek is, maak 85% gebruik van 'n raad of kommissie wat òf as bestuursliggaam oor die Parke- en/of Ontspanningsdepartement dien (45%) òf slegs in adviserende hoedanigheid (39%) die departement bystaan. ¹⁾

In die eerste geval is die raad of kommissie 'n outonome liggaam, onafhanklik van die plaaslike owerheid met die reg om belastinge te hef en dra dit volle verantwoordelikheid vir die beleid en administrasie van die Parke- en Ontspanningsdepartement. In die tweede geval fungeer die raad of kommissie slegs in 'n adviserende hoedanigheid en word dit beskou as 'n skakel tussen die publiek en die plaaslike owerheid wat parke- en ontspanningsdienste betref. Die hoofamptenaar van die Parke- en/of Ontspanningsdepartement is onder die direkte beheer van die uitvoerende amptenaar van die plaaslike owerheid.

In Suid-Afrika word parke- en ontspanningsdienste op plaaslike owerheidsvlak deur dorp- en stadsrade verskaf. ²⁾ Hierbenewens voorsien die Bantoe-administrasierade parke- en ontspanningsdienste aan die Bantoe-inwoners binne hulle gebiede.

-
1. "Education in Parks and Recreation", Parks and Recreation, January 1974, p. 19
 2. Enkele Afdelingsrade in die Kaapprovinsie ontwikkel ontspanningsgebiede, karavaankampe en dergelike fasiliteite in die buite-stedelike gebiede

In drie van die stede, naamlik Johannesburg, Pretoria en Bloemfontein, word gebruik gemaak van die bestuurskomiteestelsel om beheer oor die rade se funksies uit te oefen. In Pretoria is die hoofamptenaar van die Parke- en Ontspanningsdepartement direk aan die bestuurskomitee verantwoordelik, terwyl die hoofamptenaar van die Johannesburgse Parke- en Ontspanningsdepartement deur 'n gesondheid- en geriewekomitee aan die bestuurskomitee verslag lewer. Seke-re sake in verband met die ontwikkeling van parke word ook na die omgewingskomitee verwys. In Bloemfontein is die hoofamptenaar ook aan die bestuurskomitee verantwoordelik, maar kapitale projekte word eers deur 'n advieskomitee bespreek voordat dit aan die bestuurskomitee voorgelê word. Die Durbanse stadsraad is besig om geleidelik oor te skakel na 'n bestuurskomiteestelsel, maar die Departement van Parke, Ontspanning en Strande is op die oomblik nog onder beheer van 'n geriewekomitee. Port Elizabeth en Kaapstad se stadsrade maak gebruik van die gewone komiteestelsel en is die onderskeie Departemente van Parke en Ontspanning vir hulle funksionele bedrywighede onderhewig aan die gesag van parke- en ontspanningskomitees. In Oos-Londen is 'n gewysigde vorm van die bestuurskomiteestelsel in werking en word alle departemente se bedrywighede deur 'n aksiekomitee gekontroleer.

Wanneer ons die organisasiediagram van 'n Parke- en Ontspanningsdepartement van enige Amerikaanse stad bestudeer en dit vergelyk met dié van die Suid-Afrikaanse stede, val die verskil in die beklemtoning van funksionele bedrywighede onmiddellik op. ¹⁾

1. Vgl. Johannesburg se organisasiediagram (p. 72) met dié van Los Angeles (p. 81)

Volgens die gegewens wat aan die begin van hierdie hoofstuk gegee word, blyk dit dat daar benewens die omvangryke funksionele bedrywighede en die verskil in klem op ontspanning of tuinbou, nie 'n wesenlike verskil tussen die parke- en ontspanningsopset van Amerikaanse stede en dié van die Johannesburgse departement is nie. Wat die ander Suid-Afrikaanse stede betref, is daar wel 'n groot verskil in die beklemtoning van die funksionele bedrywighede van die twee lande se parke- en ontspanningsdepartemente.

In Suid-Afrika val die klem nog grootliks op die voorsiening en instandhouding van fasiliteite soos parke, tuine, kwekerye, begraafplase en dergelike tuinboukundige dienste. Met die uitsondering van Johannesburg is daar geen organisatoriese reëlins vir die benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite nie. Die meeste plaaslike owerhede in Suid-Afrika versaa selfs hul plig met die voorsiening van sportfasiliteite aan hulle blanke inwoners. Die verhuur van grond aan sportorganisasies vir amateurs om hulle eie fasiliteite op te rig en daarna self in stand te hou, plaas, weens die hoë onkoste daaraan verbode, 'n demper op die ontwikkeling van sportfasiliteite in 'n gemeenskap en gevolglik ook op die deelname aan sport. Die groot uitgawe wat die ontwikkeling van fasiliteite meebring, sal sportorganisasies vir amateurs in 'n toenemende mate noodsaak om plaaslike owerhede te nader vir die voorsiening en instandhouding van sportfasiliteite of ten minste vir 'n groot subsidie om sodanige onkoste te help dek. Plaaslike owerhede behoort die beginsel te aanvaar dat hulle die nodige sport- en ontspanningsfasiliteite aan hulle inwoners moet verskaf en in stand moet hou.

In Amerikaanse stede val die klem op dienslewering ten opsigte van die ontspanningsbehoefte van die inwoners. Sport- en ontspanningsfasiliteite word voorsien, in stand gehou en bestuur, terwyl ontspanningsentrums, waar 'n direkte diens aan die publiek gelewer word, groot voorrang geniet. Die publiek word hier deur opgeleide ontspanningsbeamptes bedien. Hierdie beamptes ontwikkel en inisieer programme en kursusse en die publiek word aangemoedig om daaraan deel te neem. Benewens hierdie programme bied die sentrums spesiale ontspanningsprogramme aan vir blindes, oues van dae, verstandelik vertraagdes en dergelyke groepe. In Suid-Afrika word hierdie ontspanningsdienste op 'n enkele uitsondering na aan privaat inisiatief en amateur-organisasies oorgelaat.

2.3.3.3 PERSONEEL

Die oorgrote meerderheid personeellede in diens van parke- en ontspanningsdepartemente in Amerika is professioneel opgelei. In 1973 was daar 390 kolleges en universiteite wat graadkursusse in Parke- en Ontspanningsadministrasie aangebied het en 'n totaal van 27 694 studente was vir hierdie vakrigting ingeskryf. ^{1 & 2)}

In Suid-Afrika kan parke- en ontspanningspersoneel hulle deur middel van drie kursusse, wat deur die tegniese kolleges aangebied word, vir die beroep bekwaam. Twee van

1. "Education in Parks and Recreation", Parks and Recreation, January, 1974, p.32

2. Van hierdie totaal het 21 914 'n vierjarige, terwyl 5 780 'n tweejarige graadkursus gevolg het

die kursusse is suiwer tuinboukundig van aard, terwyl slegs een vak uit 'n totaal van twaalf in die derde kursus aandag aan ontspanning skenk.

Hierdie gegewens toon aan hoekom die funksionele bedrywig-hede van Parke- en Ontspanningsdepartemente in Suid-Afrika deur eng tuinboukundige benaderings oorheers word en die organisatoriese reëlins vir die benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite so min aandag geniet. Om hierdie leemte in die funksionele bedrywig-hede van Parke- en Ontspanningsdepartemente reg te stel is 'n graadkursus in Parke- en Ontspanningsadministrasie aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel en die eerste studente sal teen die einde van 1976 promoveer.

Die professionele opleiding van parke- en ontspanningspersoneel in Amerika het die gevolg dat navorsing deur die ter sake departemente op plaaslike owerheidsvlak 'n gesonde grondslag vir die funksionele bedrywig-hede vorm terwyl die gebrek daaraan in Suid-Afrikaanse departemente die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite kniehalter.

H O O F S T U K 3

DIE ONTSPANNINGSOPSET VIR DIE BANTOE IN DIE STEDELIKE GEBIEDE VAN SUID - AFRIKA

3.1 PRETORIA

Pretoria se bykans 217 000 Bantoes word in twee woongebiede, naamlik Atteridgeville/Saulsville en Mamelodi gehuisves.

i) Fasiliteite - Atteridgeville/Saulsville

Hierdie woonbuurt het twee stadions waarvan die grootste, die Makomane stadion, in die vroeë sestigerjare teen 'n koste van nagenoeg R80 000 opgerig is. In die pawiljoen wat 2 000 mense huisves, is ook voorsiening gemaak vir oefenlokaal en kleedkamergeriewe. Die sentrale sokkerveld met 'n grasoppervlak, het 'n veiligheidsomheining van twee meter hoog om die toeskouers van die speelgebied te skei. Dit word deur 'n standaard atletiek- en fietsrybaan omring. Buiten die pawiljoen is daar reg rondom die veld terasse vir die toeskouers aangebring. Wanneer groot skares met spesiale wedstryde verwag word, word tydelike pawiljoene voorsien. In die huidige boekjaar (1974) is ook vir die installering van spreiligte voorsiening gemaak,

Die Pelindokastadion (Mbolekwastadion) wat kleiner is, is reeds gedurende die dertigerjare teen 'n koste van R22 000 opgerig. Die veld self is met gras beplant en word gebruik vir spele, stamdanse en ander vertonings en kompeti-

sies. Toeskouers maak gebruik van die terasse wat met gras beplant is en van 'n pawiljoen. Benewens hierdie twee stadions is daar 'n arena wat vir 'n verskeidenheid van aktiwiteite soos konserte, bokstoernooie, drama en ander byeenkomste gebruik word. Hierdie arena wat 3 000 toeskouers kan huisves, is teen 'n koste van nagenoeg R134 000 opgerig. Daar is ook 'n biblioteek by die arena ingerig wat in die behoeftes van die inwoners van die enkelkwartiere digby die arena, voorsien.

In hierdie woonbuurte is daar ook drie gemeenskapsale, waarvan die grootste teen 'n koste van R47 000 gebou is. Die ander twee, die Atteridgeville-saal en die Saulsville-saal, is respektiewelik teen 'n koste van R6 000 en R8 200 opgerig. Alhoewel daar 'n rugbyveld in hierdie woonbuurt is, is daar op die oomblik geen rugbyspelers wat die spel beoefen nie en die veld word deur die sokkerspelers gebruik. Daar is ook een gholfbaan van 'n redelike hoë standaard.

Afgesien van die geriewe by die stadions, is daar ook sewe kleedkamers by sokkervelde versprei deur die woonbuurt. In die huidige boekjaar (1974) is daar ook voorsiening gemaak vir die bou van 'n swembad van R160 000 in dié woonbuurt. Verder is die volgende fasiliteite in die woonbuurte voorsien:

Sokkervelde	11	-	4 gras en 7 gruis
Tennisbane	13	-	Weervastebane
Atletiekbane	2	-	Grondbane
Korfbalbane	6	-	Gras
Sagtebalvelde	2	-	Grond

Fietsrybane	1	-	Sement
Bioskoop	1	-	Gebou teen 'n koste van R50 000

ii) Mamelodi

Die Mamelodistadion is feitlik identies met die Makomane-stadion. Dit het ook 'n atletiekbaan en fietsrybaan rondom die sentrale sokkerveld wat egter nie van 'n veiligheidsomheining voorsien is nie. Die Mamelodi-Oos en die Muckleneuk sportvelde wat uit 13 sokkervelde bestaan, is teen 'n koste van nagenoeg R24 000 opgerig en 'n verdere vyf velde word in die vooruitsig gestel. Ander fasiliteite in dié woonbuurt is:

Tennisbane	6	-	4 Weervastebane
Gemeenskapsaal	1	-	Gebou teen 'n koste van $\pm$ R32 500
Saal	1	-	Gebou teen 'n koste van $\pm$ R 8 000
Bioskoop	1	-	Gebou teen 'n koste van $\pm$ R50 000
Korfbalbane	5	-	Grond
Kleedkamers	3	-	

iii) Die Organisasie


Die organisasiediagramme vir die onderskeie woonbuurte word op pp. 95 en 96 weergegee.

Die ontspanningspersoneel in die twee Bantoewoonbuurte, Mamelodi en Atteridgeville/Saulsville fungeer onafhanklik van mekaar alhoewel die funksionele bedrywighede ooreenstem.

Twee Senior Ontspanningsbeamptes (Blankes) behartig die administrasie en organisasie van ontspanningsbedrywighede in die onderskeie woonbuurte en is in beheer van al die ont-

BANTOESAKE ADMINISTRASIERAAD VIR SENTRAAL TRANSVAAL
AFDELING WELSYN EN ONTSPANNING — MAMELODI

ORGANISASIEDIAGRAM



1 VROULIKE ONTSPANNINGS- 3 BANTOE-ONTSPANNINGSBEAMPTE (BANTOE) NINGSBEAMPTE

5 BEWAARSKOOL PRINSIPALE 6 ARBEIDERS


35 ONDERWYSERESSE (ARBEIDERS)

4 ARBEIDERS (TUINE)

BANTOESAKE ADMINISTRASIERAAD VIR SENTRAAL TRANSVAAL

AFDELING WELSYN EN ONTSPANNING — ATTERIDGEVILLE/
SAULSVILLE

ORGANISASIEDIAGRAM



spanningsfasiliteite. Hulle is vir die opstel van die begrotings en vir die effektiewe besteding van die fondse wat deur die Bantoesake-Administrasieraad vir ontspanning bewillig word, verantwoordelik. Hulle is ook in direkte beheer van die Bantoe-sportorganiseerders, arbeiders en ander personeel in hulle afdelings. Daar is nie, soos in Johannesburg die geval is, blanke terreinbeamptes wat hulle bystaan in hulle pligte sover dit die konstruksie en instandhouding van fasiliteite betref nie. As gevolg hiervan kan die ontspanningsbeamptes nie hulle volle aandag aan die inisiëring van programme wy of genoegsame leiding aan die verskillende amateursportorganisasies gee nie. Hierdie las behoort van hulle skouers geneem te word deur die aanstelling van terreinbeamptes.

Die bioskoop in Mamelodi, is deur die stadsraad gebou en word aan Bantoe-sakemanne verhuur. Die ontspanningsbeamptes het niks met die administrasie daarvan te doen nie. Daarteenoor word die bioskoop in Atteridgeville/Saulsville deur die ontspanningsbeampte self beheer. Die Bantoe-kinesmatograafbedieners is vir die programme verantwoordelik.

Die onderhoud en instandhouding van fasiliteite, terreine en apparaat word deur arbeiders onder toesig van die ontspanningsbeamptes gedoen, terwyl onderhoudswerk aan die geboue deur die onderhoudseksie van die ingenieursafdeling op die lewering van werksbestellings uitgevoer word. Die sportfasiliteite in die woonbuurte word aan die amateursportverenigings toegesê. Wanneer 'n instansie van buite een van die stadions wil huur vir een of ander byeenkoms, moet hulle eers by die amateurliggaam aansoek doen om toe-

stemming. Daarna moet die ontspanningsbeampte van daardie woonbuurt besoek word sodat 'n kontrak vir die huurooreenkoms opgestel kan word. In sulke gevalle moet tien persent van die inkomste uit die toegangsgelde aan die stadsraad betaal word. Wanneer hierdie geld by die kantoor inbetaal word, word 'n kwitansie uitgereik, waardeur die persoon of instansie dan kwalifiseer daarvoor om in die toekoms weer van die stadion gebruik te kan maak. By die onderskeie stadions word daar nie van draaihekke gebruik gemaak nie; toegang word verkry deur kaartjies wat by die stadion te koop is.

Die amateursportverenigings wat wettig gekonstitueer moet wees om van plaaslike geriewe gebruik te maak, is in noue skakeling met die ontspanningsbeamptes. Wanneer omstandighede dit vereis, woon laasgenoemde die vergaderings van hierdie verenigings by. Anders as in Johannesburg, behartig die Bantoeskole in Pretoria hulle eie skoolsport, alhoewel die ontspanningsbeamptes wel soms optree as skeidsregters en beamptes by wedstryde of atletiekbyeenkomste as hulle hulp gevra word. Geen sportapparaat word aan die skole verskaf nie.

Die Bantoe-ontspanningsbeamptes behartig binnenshuise sportaktiwiteite by die gemeenskapsale en organiseer kleinterreinspele vir jeugdiges. Hierdeur word gepoog om die kinders gedurende hulle vrye tyd van die straat af te hou. Die sportorganiseerders help ook met die bedrywigheide van ontspanningsklubs by die gemeenskapsale. Dit gebeur veral saans wanneer aktiewe sportsoorte soos boks, judo, karate, gewigoptel, tafeltennis en skaak beoefen word. Die

apparaat wat deur hierdie ontspanningsklubs gebruik word, word kosteloos deur die afdeling verskaf. Daar word van die sportorganiseerders verwag om die vergaderings van amateursportverenigings by te woon. Die sale in die woonbuurte word op Vrydag- en Saterdaggaande aan professionele vermaaklikheidsgroepe verhuur.

In vergelyking met die ontspanningsopset vir die Bantoe in Johannesburg is die ontspanningsfasiliteite en administratiewe opset vir die voorsiening in die ontspanningsbehoeftes van Pretoria se 217 000 Bantoes, karig. Die Bantoe-Administrasieraad van Sentraal-Transvaal behoort 'n aksieprogram van stapel te stuur om hierdie posisie te verbeter.

Daar is drie amateursokkerverenigings wat in die Pretoria-gebied funksioneer. Hulle is die Pretoria Football Association wat in Atteridgeville aktief is, Pretoria and District Football Association wat in Saulsville en Mamelodi funksioneer en die Mamelodi Football Association. Al hierdie liggame is met die Transvaal Football Association geaffilieer wat op sy beurt weer met die South African National Football Association ¹⁾ geaffilieer is.

Geen probleme word met die linksgesinde South African Soccer League en die South African Soccer Federation ondervind nie, aangesien hulle geen steun onder die Bantoeclubs van Pretoria geniet nie.

1. Hierdie liggaam het vroeër as die South African Bantu Football Association bekend gestaan en het nou onlangs van naam verander

3.2 DURBAN

Durban se nagenoeg 160 000 Bantoe-inwoners word in verskeie woonbuurte en in enkelkwartiere gehuisves. Die belangrikste en grootste woonbuurt is Kwa Mashu met 120 000 inwoners. Die fasiliteite wat in die onderskeie woonbuurte en enkelkwartiere aanwesig is, word hieronder aangegee:

i) Kwa Mashu

- 2 Stadions - Kwa Mashustadion (25 000 toeskouers)
Rotary Stadion (4 000 toeskouers)
- 9 Sokkervelde
- 3 Tennisbane
- 1 Dansarena
- 2 Swembaddens
- 4 Gemeenskapsale
- 1 Gholfbaan (9 putjies)
- 1 Strandgebied
- 1 Bioskoop (800 sitplekke)

Al twee die stadions in Kwa Mashu is in 'n goeie toestand. Die nege sokkervelde is almal met gras beplant. Een van hierdie velde is voorsien van spreiligte. Soos in Johannesburg is hierdie tipe oefenvelde baie gewild by die Bantoes omdat hulle dan tot laat saans kan oefen. As gevolg van die sukses met die spreiligte word die voorsiening van oefenspreiligte by meer velde beplan. Sodanige ligte word teen 'n koste van R2 000 opgerig. 'n Interessante mededeling van die welsynsbeampte van die Welsynsafdeling is dat geen sokkerspanne in Durban van die kleedkamers wat by velde of selfs by die stadion voorsien word, gebruik maak nie. Die rede hiervoor is dat die onderskeie spanne vrees dat die kleedkamers deur hulle teenstanders getoor

kan wees. ¹⁾

Die tennisbane is al drie weervas. Die oprigting van 'n verdere drie bane word beoog. Die dansarena is massief; in die middel daarvan is drie korfbalvelde vir gebruik deur skole. Daar word nie toegangsgelde by die swembaddens in Kwa Mashu ingevorder nie. Oral waar swembaddens in Bantoewoonbuurte verskaf word, is hierdie probleem onder bespreking. Die vraag is telkens of dit die moeite werd is om kassiere in diens te hou om die geld in te vorder, aangesien swemmers so 'n klein bedrag betaal om te swem. Die swembaddens maak nie voorsiening vir die bewaring van swemmers se klere terwyl hulle swem nie; slegs kleedkamers, storte en toiletgeriewe is beskikbaar. Die swembaddens word ook dikwels, soos dit in ander stede ook gebeur, deur kerklike instansies vir doopseremonies gebruik.

Die gemeenskapsale word vir ontspannings- en kulturele aktiwiteite soos boks, gewigoptel, liggaamsbou, kooroefening, konserte en sosiale byeenkomste gebruik. Hier behartig die Bantoes self die organisasie van dié aktiwiteite. Die gholfbaan is buite die woonbuurte by Umgeni geleë. Die strandgebied word deur die blanke Afdeling Strande geadministreer, terwyl die personeel wat daar diens doen onder die Welsynsafdeling ressorteer. Die inspekteurs van die blanke strandgebiede help om 'n oog te hou oor die bedrywigh-

1. DE VILLIERS, C.M., Bespreek ook in sy studie Die Vryetydsbesteding van Volwasse Manlike Bantoe die plek wat towery in Bantoesokker inneem, p. 165

hede in hierdie strandgebied. Die bioskoop wat met die modernste apparaat uitgerus is, word ook deur die Welsyns-afdeling geadministreer. Die personeel bestaan uit 'n toesighouer, twee operateurs, twee vakleerlinge wat gelyktydig as kassiere diens doen en ses arbeiders wat ook sitplekke aanwys en die gebou skoonmaak. Die films wat vertoon word, word deur kontrakteurs voorsien. Volgens die welsynsbeampte is hierdie bioskoop nie winsgewend nie.

ii) Chesterville

- 1 Gemeenskapsaal
- 1 Biblioteek
- 2 Sokkervelde
- 1 Weervaste tennisbaan

iii) S.J. Smith-enkelkwartiere

- 5 Tennisbane (2 met spreiligte)
- 1 Sokkerstadion (Spreiligte en bied sitplek aan
8 000 toeskouers)
- 1 Gemeenskapsaal

iv) Lamont

- 3 Sokkervelde
- 1 Tennisbaan
- 1 Rolbalbaan
- 1 Swembad
- 1 Groot gemeenskapsaal (Snoekertafel beskikbaar)
- 'n Paar junior sokkervelde

Alle speel- en ander apparaat wat nodig is vir rolbal word deur middel van donasies van blanke klubs verkry. Tennis en rolbal is 'n statussport in hierdie woonbuurt en die ge-

goede Bantoes, beide mans en vroue, neem hieraan deel.
Die snoekertafel is deur die Welsynsafdeling verskaf; dié
tydverdryf is veral onder die jeugdige baie gewild.

v) Glebelands-enkelkwartiere

- 1 Tennisbaan (Weervastebaan, maar word nie baie gebruik nie)
- 1 Omheinde sokkerveld
- 1 Swembad (spreiligte)
- 1 Gemeenskapsaal

vi) Jacobs-enkelkwartiere

- 1 Sokkerveld
- 1 Gemeenskapsaal

vii) Daltonweg-enkelkwartiere

- 1 Gemeenskapsaal


Afgesien van hierdie fasiliteite is daar 'n Bantoesentrum
in die stad waar alle binnemuurse sportsoorte beoefen
kan word.

viii) Die Organisasie


STADSRAAD VAN DURBAN
WELSYNSAFDELING-SEKSIE

ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



Vervolg/



Die Welsynsafdeling behartig die administrasie en organisasie van al die ontspanningsfasiliteite in die Bantoe-woonbuurte; daar is geen Bantoe-sportorganiseerders wat direk met die publiek se ontspanningsbedrywighede te doen het nie. Die Afdeling hou al die ontspanningsfasiliteite in stand. Dit bring mee dat die senior terreinbeampte (Suidelike gebiede) 'n vakman is; die ander senior terreinbeampte is 'n gekwalifiseerde tuinboukundige wat met sy span arbeiders omsien na die verfraaiing van die woonbuurte en die instandhouding van grasvelde. Die twee beamptes staan onder direkte beheer van 'n assistent welsynsbeampte.

Al die sportterreine in die woonbuurte word toegesê aan die Durban Bantu Recreation Grounds Association wat uit verteenwoordigers van alle sportsoorte bestaan. Hierdie vereniging beheer dan weer die toekenning van fasiliteite aan die verskillende sportliggame. Die Kwa Mashu Stadion

is egter die uitsondering want die Welsynsafdeling administreer dit self. Al die kleiner stadions kan deur die sportverenigings teen 'n tarief van R6,00 op Saterdag en R12,00 op Sondag gehuur word. Hierbenewens is die afdeling op 15 persent van die bruto toegangsgelde geregtig. Kwa Mashu Stadion het geen draaihekke nie; daar word van die kaartjie-sisteem gebruik gemaak. Vir die huur van hierdie stadion betaal verenigings R20,00 op Saterdag en publieke vakansiedae en R40,00 op Sondag. Die afdeling neem nie in so 'n geval 'n persentasie van die toegangsgelde nie.

Die begroting vir die afdeling word deur die welsynsbeamp-te behartig. Hy lê dit aan die Stedelike Bantoeraad voor voordat dit vir goedkeuring deur die stadsraad oorweeg word.

Sokker word in die Bantoewoonbuurte van Durban deur twee verenigings, naamlik Durban Kwa Mashu Football Association, (119 klubs) en Durban Bantu Football Association, (76 klubs) beheer. Hierdie twee verenigings is deur hulle distrik-verenigings met die Natal Bantu Football Association geaffilieer. Dié vereniging is weer by die South African National Football Association (voorheen S.A.B.F.A.) geaffilieer. Die drie professionele Bantoe-sokkerspanne in Durban is onder beheer van die amateurliggaam Durban Bantu Football Association en hulle wedstryde word op nasionale vlak deur die National Professional Soccer League gereël. Hierdie professionele sokkerliga ressorteer vir administratiewe doeleindes onder die nasionale amateur sok-

kerliggaam (S.A.N.F.A.). Die linksgesinde federasie-sokkergroep wat vroeër in Durban baie probleme veroorsaak het, is nie meer so aktief onder die Bantoes nie, aangesien velde in die Bantoewoonbuurte nie aan hulle toegeken word nie.

3.3 PORT ELIZABETH

Port Elizabeth se nagenoeg 200 000 Bantoe-inwoners word in drie woonbuurte, naamlik New Brighton, Kwazakele en Zwide gehuisves.

i) Ontspanningsfasiliteite

Daar is vier stadions in die Bantoewoonbuurte. Die eerste, naamlik New Brightonstadion, bestaan uit een rugbyveld, een sokkerveld, twee krieketkolfblaaie, twee tennisbane, twee korfbalbane en 'n pawiljoen wat aan ongeveer 500 mense sitplek kan bied. Hierby is daar ook kleedkamers, toiletgeriewe en 'n kantoor waar die kaartjies verkoop word. 'n Opsigter en twee arbeiders beheer hierdie stadion.

Die Kwafordstadion het ook 'n opsigter en twee arbeiders wat dit in stand hou. Daar is die volgende fasiliteite: een sokkerveld, een krieketkolfblad, een atletiekbaan en 'n pawiljoen wat aan 400 mense sitplek bied. Daar is verder toiletgeriewe, kleedkamers en 'n kaartjieskantoor in dié stadion.

Die kompleks, Isaac Wolfsonstadion, is met gras beplant en sluit vyf rugbyvelde, drie krieketkolfblaaie, ses korfbal-

bane, drie tennisbane, 'n pawiljoen vir 2 000 mense langs die rugbyveld asook een vir 200 toeskouers langs die tennisbane, in. Dieselfde bykomende geriewe as wat by die ander stadion aangetref word, is ook hier beskikbaar. Zwidestadion is die vierde. Dit word vir rugby en krieket gebruik.

Twee van dié stadions, naamlik die Isaac Wolfsonstadion en die Zwidestadion is van internasionale standaard. Hulle word hoofsaaklik vir rugby gebruik. Gedurende die somer word krieket in die stadions gespeel, waar die graskrieketkolfblaaie van besonder goeie gehalte is. Kwafordstadion word as die hoofkwartier van atletiekbyeenkomste beskou terwyl New Brightonstadion hoofsaaklik vir sokker gebruik word. Sportliggame huur die stadions by die Afdeling Nieblankesake, maar hoef nie soos op ander plekke 'n persentasie van die hekgelde te betaal nie. Vir die Wolfsonstadion en die Zwidestadion word huurgeld van R80,00 per dag gehef, terwyl die ander twee stadions teen R10,00 per dag verhuur word.

Van die vyf gemeenskapsale in die woonbuurte is die Centenary Community Centre die grootste. Dit bestaan uit 'n groot saal met 'n verhoog, 'n kleiner saal wat ook 'n verhoog het, kleedkamers, toiletgeriewe, kamers vir vergaderings en 'n goed toegeruste biblioteek. Verder is 'n speelterrein vir kinders langs die sentrum opgerig. Die groot saal in hierdie sentrum bied aan 2 000 mense sitplek. Dit word vir boksgevegte en ander groot byeenkomste gebruik. Die kleiner saal bied aan ongeveer 300 mense sitplek. Hierdie sale kan deur die Bantoe-gemeenskap gehuur word teen R30,00

vir die groot saal en R8,00 vir die kleiner saal. 'n Bedrag van R25,00 vir die groot saal en R10,00 vir die kleiner saal word as deposito gehef.

Port Elizabeth het verder 'n strandgebied vir Bantoes by Wells Estate waarop daar 'n kampeerterrein aangebring is. Alhoewel aansoeke van Bantoes om hier te kampeer direk aan die blanke Parke- en Ontspanningsdepartement gerig word, word die verdere administrasie van die strandgebied deur die welsyns- en ontspanningsbeampte waargeneem. Klagtes in verband met die kampeerterrein kan deur middel van die Bantoe-adviesraad aan die beampte voorgelê word. Die Bantoes het ook hulle eie lewensreddersklub by dié strandgebied na wie se belange die welsyns- en ontspanningsbeampte omsien. Swembaddens is by New Brighton, Kwazakele en Murray beskikbaar.

Afgesien van hierdie ontspanningsfasiliteite is daar 20 ander onoffisiële sportterreine wat vir allerlei doeleindes gebruik word; daar is 'n aantal korfbalbane wat nie indrukwekkend vertoon nie en 'n onoffisiële gholfbaan waar daar geen ontwikkeling merkbaar is nie.

Die Afdeling onderhou die vier stadions in die Bantoewoonbuurt en in die algemeen is hierdie fasiliteite van 'n puik gehalte. Die ander sportterreine is egter in 'n swak toestand. Die meeste van dié velde is ongelyk en volgens die ondersoeker gevaarlik om op te speel. Tydens die ondersoeker se besoek aan hierdie terreine is daar gevind dat die sokker- en korfbalpole van krom pole aanmekaarge-

flans is. In die meeste ander stedelike gebiede word netjiese doelpale wat uit 3" waterpyp (75mm) gemaak is, aangetref. 'n Bepaalde bedrag word jaarliks aan die ontspanningsafdeling toegeken vir herstel- en instandhoudingswerk aan terreine en geboue, maar te oordeel na die toestand van die sportterreine, is hierdie bedrag beslis nie voldoende nie.

Rugby geniet onder die Bantoes in Port Elizabeth die grootste aanhang; sokker het wel in die afgelope tyd heelwat vordering getoon - daar bestaan nou 27 klubs. Professionele sokker is egter nog in die beginstadium van ontwikkeling. Krieket is ook baie gewild onder die Bantoes van Port Elizabeth en die 10 klubs wat daar bestaan, gebruik al die stadions plus 10 onoffisiële buitevelde as hulle gedurende die krieketseisoen hulle wedstryde speel.

ii) Organisasie


Die welsyns- en ontspanningsbeampte staan direk onder beheer van die adjunk-direkteur van die Afdeling Nie-blanksake. Uit die ondersoek se besoek aan hierdie Afdeling het dit duidelik geblyk dat die welsyns- en ontspanningsbeampte selfs met die beperkte fasiliteite en ontspanningsdienste van die Afdeling, te besig is met die ander aktiwiteite van die Afdeling om aan die ontspanningsafdeling reg te laat geskied. Hiermee word nie geïmpliseer dat pligte versuim word nie, maar wel dat welsyn en ontspanning twee afdelings met veelvuldige en uitgebreide funksionele bedrywighede is en dat die ontspanningsopset nie behoorlik kan

STADSRAAD VAN PORT ELIZABETH

AFDELING NIE-BLANKESAKE

DEPARTEMENT GEMEENSKAPSDIENSTE

ORGANISASIEDIAGRAM



5 OPSIGTERS VAN VELDE 5 OPSIGTERS (BANTOE) 1 BIBLIOTEKARIS (BANTOE)

2 OPSIGTERS VAN SWEMBADDENS 10 ARBEIDERS 1 ASSISTENT (BANTOE)

10 ARBEIDERS

1 LEWENSREDDER

ontwikkel indien dit slegs die verdeelde aandag van een beherende beampte geniet nie.

Afgesien van die gewone administratiewe werk en toesig wat die welsyns- en ontspanningsbeampte rakende die ontspanningsopset behartig, is hy ook verantwoordelik vir die reël van sportklinieke vir skole. Hy moet verder aanbevelings aan die stadsingenieursafdeling maak as instandhouding aan enige skoolgebou vereis word. Hierbenewens reël hy verblyf en opvoedkundige toere vir groepe studente van Bantoeskole, -universiteite en ander opvoedkundige inrigtings wat Port Elizabeth besoek.

Die twee Bantoe-sportorganiseerders werk onder die direkte beheer van die welsyns- en ontspanningsbeampte. Hulle konsentreer veral op bedrywigheide van jeugklubs, waarvan daar drie in die woonbuurt is.

Wat die organisasie van rugby betref, is daar twee organisasies in beheer van sake. Eerstens is daar die Eastern Province African Rugby Union wat deur sy moederliggaam met die blanke nasionale liggaam geaffilieer is. Dan is daar die Kwazakele African Rugby Union (KWARU) wat van die "E.P.A.R.U." weggebreek het. Hierdie sportliggaam se simpatie lê by die linksgesinde sportgroep in Suid-Afrika en een van die sportstadions (Zwide) is tydelik vir hulle gebruik afgesonder.

Die ander beherende sportliggame, naamlik die P.E. North Football Association en die P.E. African Cricket Board is albei met die blanke liggame geaffilieer.

3.4 BLOEMFONTEIN

i) Fasiliteite

In Bloemfontein is 'n blanke sport- en welsynsorganiseerder verantwoordelik vir die verskaffing en beheer van ontspanningsfasiliteite en ontspanningsdienste aan die nagenoeg 70 000 Bantoe-inwoners. Daar is slegs een sokkerstadion in die woonbuurt. Hierdie stadion het 'n grasveld en drie pawiljoene wat elk sitplek aan ongeveer 500 toeskouers bied. Hierbenewens is daar plek vir 'n bykomende 6 000 toeskouers op die walle rondom die atletiekbaan.

Daar is ook 'n sportkompleks wat bestaan uit 'n gemeenskap-sentrum, 'n swembad en tennisbane. Die gemeenskap-sentrum bestaan uit 'n groot saal en drie kleiner sale wat vir sosiale byeenkomste, binnenshuise sport, filmvertonings en vergaderings gebruik word. Die een saal word gebruik vir aktiwiteite soos veerpyltjies, dambord, skaak en snoeker terwyl 'n ander as gimnasium deur boksers gebruik word. Bokstoernooie word in die Bochabela-opelug arena wat met spreiligte en stellasië-sitplekke (tiered seating) toegerus is, aangebied. Die swembad in die sportkompleks is 25m by 25m en het voldoende kleedkamers en toiletgeriewe. Die agt weervaste tennisbane is in 'n baie goeie toestand. Daar word sitplek verskaf in die vorm van verplaasbare-pawiljoene. Die Suid-Afrikaanse Bantoe-tenniskampioenskappe is verskeie male reeds hier aangebied.

Afgesien van die sale in die sportkompleks is daar ook twee ouer gemeenskapsale in die woonbuurte. 'n Nuwe gemeenskap-sentrum is in 1973 voltooi en daar word beoog om een van die oues af te breek. Die gemeenskapsale word vir orkes-

uitvoerings en filmvertonings gebruik. Die inkomste uit die filmvertonings word vir die onderhoud van die plaaslike ouetehuis aangewend.

Daar is ook 'n tak van die Christelike Jongeliedevereniging ("Y.W.C.A.") wat naaldwerkklassie, kookkunsdemonstrasies, huisvlytklassie en sosiale byeenkomste vir die Bantoevrouens reël.

In die kampong van die Suid-Afrikaanse Spoorweë wat in die woonbuurte geleë is, is 'n atletiekbaan, 'n opelug-dansarena en 'n fietsrybaan. Afgesien van die genoemde fasiliteite is daar ook die volgende ontspanningsfasiliteite in die Bantoewoonbuurte beskikbaar:

1. 35 Oop terreine wat slegs gelykgeskraap en van sokkerpale voorsien is (gebruik vir oefening);
2. Krieketoefennette;
3. Sagtebalvelde wat buite die sokkerseisoen op die sokkervelde ingerig word;
4. Behalwe vir die sokkerstadion is daar nog vier ander sokkervelde wat vir wedstryde gebruik kan word;
5. Twee kinderspeelterreine wat geheel en al vernietig is, en
6. 'n Gholfbaan wat op langtermyn ontwikkel word.

ii) Organisasie

Die blanke organiseerder van sport en welsyn is nie alleen vir hierdie aktiwiteite verantwoordelik nie, maar behartig ook die mark in die Bantoewoonbuurte en is in beheer van die twee bewaarskole. Hy het 'n welsynswerker wat as af-rigter in sport en ontspanning diens doen. Alhoewel die

Bantoeskole in Bloemfontein hulle eie sportorganisasie behartig, hou die afrigter toesig oor hierdie aktiwiteite. Die personeel by die swembad bestaan uit 'n Bantoe-superintendent, twee kassiere en een konstabel. Hierdie personeellede help gedurende die winter met die markbedrywigheide. Die bespreking van die opelug-boksarena en van die gemeenskapsale word by die organiseerder van sport en welsyn gedoen. 'n Vasgestelde bedrag word as huurgeld vir hierdie fasiliteite gehef. Wat sokker betref, betaal die sokkerliggaam 10% van die bruto hekgelde as huur vir die stadion.

Die instandhouding van die sportterreine word deur die ontspanningsafdeling self waargeneem. Hulle het hiervoor twee padskrapers, een stootskraper, vyf grassnyers en vragmotors in gebruik. Hierbenewens is daar ook 'n kwekery waar blomme en struik vir die verfraaiing van openbare terreine, sportterreine en openbare geboue gekweek word. Die tuinier van hierdie kwekery werk onder toesig van die sport en welsynsorganiseerder.

3.5 KAAPSTAD

Die Skiereilandse Bantoe-administrasieraad het in 1973 die administrasie van die Bantoewoonbuurte Guguletu (45 000 inwoners) en Langa (33 000 inwoners), van die Kaapstadse stadsraad en Nyanga (25 000 inwoners) van die Kaapse Afdelingsraad oorgeneem.

i) Die Administrasie en Organisasie

Die administrasie van Bantoesake in die Skiereiland berus by 'n hoofdirekteur en vier direkteure wat elk vir een van die volgende funksies verantwoordelik is: administrasie, finansies, werke en behuising en arbeid en gemeenskapsdienste. Die afdeling Welsyn, Sport en Ontspanning ressorteer onder die Direkteur van Arbeid en Gemeenskapsdienste. Die hoof van die afdeling Welsyn, Sport en Ontspanning staan bekend as kontroleur terwyl sy twee assistente as senior assistent-kontroleur en assistent-kontroleur bekend staan. Die senior assistent-kontroleur behartig alle sport- en ontspanningsaspekte terwyl die assistent-kontroleur die welsynsaktiwiteite behartig. Die kontroleur is vir die administratiewe opset van die hele afdeling verantwoordelik. Die organisasiediagram van die afdeling word op bladsy 116 gegee.


ii) Gemeenskapsentrums

Die drie beamptes wat hierbo genoem is, is al drie blanke welsynsbeamptes terwyl alle ander personeellede Bantoes is.

Daar is vyf gemeenskapsentrums in die Skiereilandse gebied en twee kluborganiseerders sorg vir die koördinerings van die sentrums se aktiwiteite. Elke sentrum het twee klubleiers wat die aktiwiteite organiseer en 'n opsigter wat vir die skoonmaak van die gebou sorg. 'n Kluborganiseerder is verantwoordelik vir die koördinerings van opelug-aktiwiteite soos junior rugby, -sokker en -tennis by die gemeenskap.

DIE SKIEREILANDSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD
AFDELING WELSYN SPORT EN ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



sentrums sowel as vir die binnemuurse bedrywighede soos amateur boks (baie populêr), pluimbal, liggaamsbou, judo, karate, stoei, tafeltennis, dambord en karem.

Kaapstad is die enigste stad waar die ondersoeker pluimbal as 'n gewilde sportsoort onder die Bantoes aangetref het. Die Bantoe se belangstelling hierin is aangeleer by die Kleurlinge in die omgewing. Pluimbalkompetisies word gereeld in die gemeenskapsentrum aangebied. Karem is 'n spel wat in die jongste tyd veral onder die jeug baie inslag vind in Bantoewoonbuurte.

Dit word soos snoeker gespeel, met plat skyfies in plaas van balle en met 'n tafel wat baie kleiner is as 'n snoekertafel.

'n Vroulike kluborganiseester is verantwoordelik vir die koördinerings van passiewe binnemuurse bedrywighede by die gemeenskapsentrums. Daar is verskeie vroueklubs in die sentrums vir wie daar kursusse in naaldwerk, huishoudkunde, handwerk en kookkuns gereël word. Klasse in naaldwerk word ook vir vroue wat nie aan die klubs behoort nie, aangebied. Benewens hierdie aktiwiteite word klasse in drama en lesings oor gesinsbeplanning en dergelike onderwerpe vir die Bantoevroue gereël. 'n Kenmerk van die aktiwiteite by die sentrums is dat vrywillige helpers dikwels gebruik word om met afrigting en klasse te help. Hierdie helpers word nie vir hulle dienste vergoed nie; wanneer geldelike bydraes wel vereis word, dra die klubs self die onkoste.

Die klubleiers by die gemeenskapsentrums is self vir die

organisasie van die bedrywighede verantwoordelik. Die klubleidster is in die oggende van 9 vm. - 1 nm. by die sentrum. Dan word voorskoolse kinders wat die sentrums besoek, met eenvoudige handwerk en speletjies besig gehou. In die middag (2 nm. - 6 nm.) besoek die junior lede die sentrums en dan is 'n klubleier ook aan diens. Vanaf 6 nm. - 10 nm. is slegs die klubleier by die sentrum om die senior lede met hulle aktiwiteite by te staan. Nog 'n interessante aspek van hierdie sentrums is dat dieselfde aktiwiteite op dieselfde tye by die verskillende sentrums plaasvind.

Een keer per jaar vind daar 'n byeenkoms plaas, waartydens die verskillende sentrums se klublede in alle aktiwiteite wat by die klubs beoefen word, teen mekaar meeding. Hierdie kompetisies word op 'n puntebasis beslis en die sentrum wat die meeste punte insamel, is die wenner van die byeenkoms. Die lede word dus aangemoedig om vir die eer van hulle sentrum mee te ding en dit veroorsaak 'n gevoel van samehorigheid.

Die afdeling het ook twee 16mm projektors waarmee bioskoopvertonings, hoofsaaklik opvoedkundig van aard, by al vyf sentrums aangebied word. Sporttoerusting en apparaat word aanvanklik vir alle aktiwiteite by hierdie sentrums verskaf, maar daarna is lede self vir die instandhouding van die apparaat en die vervanging van toerusting verantwoordelik.

Die ledegeld wat Bantoes moet betaal om as lede by hierdie

sentrums aan te sluit, is baie min. Kinders bo 18 en volwassenes betaal 50 sent per jaar terwyl junior lede 10 sent per jaar betaal. Die sentrums hanteer hulle eie fondse, alhoewel die kontroleur 'n ogie hou oor die boekhouding daarvan. Fondsinsameling geskied deur middel van funksies. Nadat alle onkoste verhaal is, word die wins in die betrokke klub se rekening gedeponeer. Wanneer een van die klubs geld vir een of ander doel benodig, word die kontroleur genader. Hy is gemagtig om geld wat aangevra word uit die betrokke klub se eie fondse beskikbaar te stel. Veral die jeugklubs by hierdie sentrums is aktief met die insameling van fondse waarmee daar vakansiekampe vir hulle gereël word.

iii) Swembaddens

Guguletu het twee swembaddens (36,6 x 22,9m) en (45,8 x 22,9m), terwyl daar net een in Langa is (22,9 x 15,2m). Die diepte van hierdie swembaddens verdiep van 0,76 meter aan die vlakkant tot 2,4m aan die diepkant. Die diepkante word met toue afgekamp en slegs ervare swimmers word daar toegelaat. Elke swembad het 'n personeel bestaande uit:

- 1 Hoofopsigter
- 2 Kassiere
- 3 Masjienbedieners
- 3 Assistentente (mans)
- 3 Assistentente (vrouens)

Die swembaddens in die Bantoewoonbuurte is baie gewild, alhoewel 95% van die bywoners kinders is; vrouens en mans maak selde daarvan gebruik. Die hoofopsigters van die

swembaddens is nie slegs verantwoordelik vir die swembaddens nie, maar met behulp van sewe arbeiders elk is die tuinboukundige dienste in die Bantoewoonbuurte ook onder hulle sorg. Hierdie dienste sluit die instandhouding van grassportvelde (alle velde het gras oppervlaktes), die versorging van tuine by administratiewe geboue en die aanplant van gras, in. Daar is dus geen aparte tuinbou-afdeling nie.

iv) Stadions, sportvelde en speelterreine

Die twee stadions in die woonbuurte, een in Guguletu (10 000 toeskouers) en een in Langa (9 000 toeskouers) is albei omring deur 'n agt voet hoë baksteenmuur. Daar is twee velde in elke stadion. In elke stadion word een van die velde vir rugby en die ander een vir sokker gebruik. Elke stadion bied sitplek vir slegs 300 toeskouers; kleedkamers en toiletgeriewe is ook beskikbaar.

Die stadions word verhuur aan die onderskeie verenigings wat rugby en sokker in die Bantoewoonbuurte administreer. Die tarief vir die huur van die stadions is R9,50 vir 'n oggend van 10 vm. - 1 nm. en dieselfde vir 'n middag van 2 nm. - 6 nm. Daar is voorsiening vir 'n huurtarief van R300,00 per dag vir professionele sokkerspanne, maar tot op datum is die stadions nog nie vir dié doel gebruik nie. Buiten die stadions is daar elf ander sportvelde wat met gras beplant is en wat vir rugby sowel as sokker gebruik word.

Wat speelterreine betref, is daar twee in Langa en ses in

Guguletu; almal is omhein. Alhoewel die speelterreine opsigters het, word speelapparaat nogtans deur kwaaddoeners beskadig. Dit is veral die skoppelmaaie wat deurloop en in die jongste tyd word ou buitebande met 'n redelike mate van sukses gebruik.

v) Ontspanningsale

Daar is twee sale in Guguletu en een in Langa wat vir openbare vermaaklikheid verhuur word. In hierdie sale word konserte, toneelopvoerings, lesings, uitstallings, danse en soortgelyke funksies aangebied. Die saal in Langa is groot genoeg vir 350 mense terwyl Guguletu se saal 600 mense kan huisves. Die tarief vir die huur van die sale wissel van R3,50 tot R11,00, maar vir bokstoernooie word R30,00 betaal en dit sluit die gebruik van die afdeling se bokskryt in.

vi) Openbare badgeriewe en -toilette

In Langa is daar vier en in Guguletu drie van hierdie geboue wat baie populêr is en waar Bantoes 'n warm of koue bad of stort kan geniet, teen 'n tarief van vyf sent vir volwassenes en drie sent per kind. Hierdie geboue het elk 'n manlike en vroulike opsigter aan diens van 7 vm. - 8 nm. en is elke dag van die week oop. Een opsigter hou toesig oor die bedrywighede by al hierdie geboue.

In Langa en Guguletu is daar elk een blok toiletgeriewe met 'n manlike en vroulike opsigter by elk, van 6.30 vm. - 7.30 nm., aan diens.

vii) Bantoe-strandgebied

Die Mmandistrand naby Duikerklip sowat ses myl van Guguletu is vir die Bantoes van die Kaapse Skiereiland afgesonder en word deur die Afdeling geadministreer. Gedurende die seisoen is daar 'n busdiens na die strand, maar geen treindienste nie. Op die strandgebied is daar 'n restourant met kraampies daarnaas, waar koeldranke, lekkers en ligte versings gekoop kan word. In hierdie omgewing is daar ook 'n ruim grasperk waar speelterreintoerusting aangebring is. Vir die administrasie van die gebied word die volgende personeel deur die afdeling aangestel:

- 1 Hoofopsigter
- 1 Kassier (restourant)
- 1 Skoonmaker
- 2 Arbeiders

Aangesien die strandgebied nie onder die jurisdiksie van die Skiereilandse Bantoe-administrasieraad ressorteer nie, word dit aan die einde van 1974 deur die Stadsraad van Kaapstad oorgeneem.

viii) Sportorganisasie

Alle sokkervelde in die administrasieraad se gebied is aan die Cape Town Mpumelelo African Football Association toegesê. Hierdie vereniging verteenwoordig alle sokkerklubs (39) in Guguletu, Nyanga en Langa en is met die South African National Football Association geaffilieer. Dié vereniging is op sy beurt weer met die blanke beheerliggaam die Football Association of South Africa geaffilieer. Die

linksgesinde South African Soccer Federation geniet geen aanhang in Kaapstad nie. Velde mag in elk geval nie aan verenigings toegesê word wat nie met die blanke beherende liggaam geaffilieer is nie.

Wat rugby betref, geniet die linksgesinde South African Rugby Union groot aanhang en die 18 spanne in Guguletu is dan ook met hierdie liggaam geaffilieer. Tot verlede jaar was die 16 Bantoe-rugbyspanne in Langa met die regsgesinde South African Rugby Board geaffilieer, maar teen 1974 was nog net ses spanne daar geaffilieer. Die toestand het ontstaan dat die spanne wat die regering steun, nie genoeg velde het om op te speel nie. Die reëling dat sokkerspanne wat nie deur hulle moederliggaam met die blanke beherende liggaam van sokker in Suid-Afrika geaffilieer is nie, geen sokkervelde in die administrasiegebied kan gebruik nie, bestaan nie ten opsigte van rugby nie. Hierdie is 'n netelige situasie en versigtige optrede sal nodig wees om die probleem op te los.

ix) Uitgawes in verband met ontspanning

Die begroting vir Bantoe-ontspanning in die Skiereiland vir die boekjaar 1974/75 word hieronder uiteengesit:

Bestuur	R49 000	(Salarisse, ens.
Gemeenskapsentrums en Sale ..	75 000	
Sport en ander aktiwiteite ..	89 000	
Swembaddens	102 000	
Welsyn	27 000	
Biblioteke	28 000	
	±	R370 000

Die ondersoek na die ontspanningsopset vir Bantoes in die stedelike gebiede het getoon dat Johannesburg in die huidige stadium die verste ontwikkel het op hierdie gebied. Daarom sal die ontspanningsopset in die Bantoewoonbuurte van dié stad in die volgende hoofstukke in diepte behandel word.

Nota: 'n Opsomming van die fasiliteite in die onderskeie stede word in aanhangsel "C" gegee.

H O O F S T U K 4

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE ONT-
SPANNINGSOPSET IN DIE BANTOEWOONBUURTE
VAN JOHANNESBURG

4.1 DIE TOTSTANDKOMING EN ONTWIKKELING VAN SOWETO

Om vas te stel hoe dringend die noodsaaklikheid van die voorsiening van ontspanningsdienste en -fasiliteite vir die Bantoe in die stedelike gebied van Johannesburg is, moet ons kyk na die ontwikkeling van die toestande waaronder die Bantoe sedert die ontstaan van Johannesburg lewe. Dit is juis die toestande van die vroeër jare van Johannesburg se bestaan wat die direkte aanleiding tot die totstandkoming van Soweto was, en wat die owerhede laat besef het dat ontspanningsdienste en -fasiliteite 'n dringende noodsaaklikheid is; die Bantoe moes sy vrye tyd nuttig kon bestee. Daar word verder kennis geneem van hoe hierdie toestande en woonbuurte deur die jare ontstaan, verander en ontwikkel het.

Johannesburg beslaan vandag 'n gebied van 244 vk. km, terwyl Soweto wat as die "dogterstad" beskou kan word, 'n gebied van 88 vk. km beslaan. Dit is suid-wes van Johannesburg geleë. Die naam Soweto was vroeër die naam van die gedeelte wat tot 4 April 1963 as die Suid-Westelike Bantoe-dorpe bekend gestaan het. ¹⁾

1. SOWETO - South Western Townships

Johannesburg is nooit goed beplan as stad nie omdat dit destyds slegs as 'n tydelike mynkamp beskou is. Die Nie-blankes wat vir die myne gewerk het, moes vir hulle eie huisvesting sorg. 'n Vroeër kaart van Johannesburg dui aan dat daar reeds in 1897 in die gebied van die huidige Braamfonteinstantie verskeie lokasies tot stand gekom het. ¹⁾

In die gebied wat vandag as Newtown bekend staan, het Blankes en Nie-blankes in smerige toestande deurmekaar gewoon. Toe die Johannesburgse stadsraad tot stand gekom het, is besluit dat Bantoes nie meer buite die lokasies mag bly nie. In 1901 is 'n bestuurder van lokasies aangestel. ^{2 & 3)}

Die toenmalige regering se beleid in verband met Bantoe-inwoners in blanke stede was vaag omdat hulle verblyf nie as permanent beskou is nie. Net na die Tweede Wêreldoorlog is die lokasies noord van die gaswerke op die hoek van West- en Presidentstraat soos volg beskryf:

"The streets were twisted and narrow, the water was drawn from polluted wells and lavatories were just holes dug in the ground." ⁴⁾

In 1904 is die hele lokasie na gerugte van builepes aan die brand gestee en is die inwoners na Klipspruit, twaalf myl suid-wes van Johannesburg verskuif.

Met die groot griep-epidemie van 1918 het baie Bantoes gesterf. Toe is die Westelike Bantoedorp ontwikkel om beter

1. LEWIS, R.B., A 'City' within a City - The creation of Soweto, p. 37

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1901:I:81

3. Notules: Ibid., 1901:I:83

4. LEWIS, R.B., Op. Cit., p. 4

huisvesting aan die Bantoes te verskaf. Die haglike toestand in ander woonbuurte soos Newclare, Sophiatown en Prospect het egter voortgeduur totdat die Naturellen (stadsgebieden) Wet van 1923 verbeterings gebring het. Daardeur is die verantwoordelikheid op die plaaslike owerhede geplaas om te sorg vir die verskaffing van huisvesting aan Bantoes wat in hulle gebiede gewerk en gewoon het. Bestaande lokasies is uitgebrei, nuwe lokasies is ontwikkel en enkelkwartiere vir Bantoemans is toe opgerig.

Die verskillende woonbuurte is deur twee verskillende departemente beheer. Dit het dikwels tot verwarring gelei sodat daar in 1926 besluit is dat alle lokasies en kampongs onder die beheer van een administratiewe beamppte geplaas moes word.¹⁾ Op 1 Mei 1927 is die Departement van Naturellesake dus ingestel.²⁾

Die Departement van Parke en Eiendomme het tot met 1 Julie 1928 Nie-blankesake behartig; op hierdie datum is 'n komitee vir Naturellesake gestig om hierdie funksie oor te neem. Behuising het toe meer aandag gekry: in die tydperk tot 1930 is 2 625 huise gebou.

In 1930 is 1 300 morge suid-wes van Johannesburg aangekoop vir die bou van huise en die nuwe woonbuurt wat Orlando gedoop is, is behoorlik beplan. Voorsiening is selfs vir oop ruimtes en vir ontspanningsfasiliteite gemaak. Lewenstoestande in ander woonbuurte was egter nog swak.

-
1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1926:II:504
 2. Notules: Ibid., 1927:I:254

Die Murray Thornton komissie van 1935 ¹⁾ het die onhigiëniese toestande in die krotbuurte ondersoek en gevind dat daar op sommige persele van 15,2m x 30,5m in Sophiatown tot soveel as 300 Bantoes in 60 kamers gewoon het.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was Bantoe-arbeid sterk in aanvraag en duisende Bantoes het na Johannesburg gestroom. Dit het die behuisingsnood verder vererger. Sakdorpe het oral opgeskiet en toestande het daaglik versleg.

Noodkampe met skuilings is in Moroka en Orlando opgerig en slegs die noodsaaklikste dienste is hier verskaf. Die bou van huise het voortgegaan. Tussen 1945 en 1953 is 8 292 huise gesamentlik in Orlando-Oos en in Orlando-Wes gebou. Die tydperk na 1953 word as dié tydperk van deurbraak op die gebied van huisvesting beskou. Die Wet op Naturellebouwerkers van 1951 het dit moontlik gemaak dat Bantoes as messelaars en ander vakmanne opgelei kon word sodat hulle in geproklameerde gebiede gebruik kon word om huise te bou. Huise is goedkoper opgerig as wat met die gebruik van blanke vakmanne moontlik was. Die Wet op Heffings vir Naturelledienste van 1953 het die finansiering van Bantoebehuising nog verder aangehelp. Hiervolgens is werkgewers verplig om 'n maandelikse bydrae te betaal ten opsigte van Bantoe-arbeiders wat vir hulle werk, maar aan wie hulle nie huisvesting kan verskaf nie. Hierdie fondse is gebruik om noodsaaklike dienste soos paaie, riolering en watervoor-

1. Jaarverslag: Johannesburg Naturellesake, 1926/27,
p. 112

siening in woonbuurte te verskaf.

Behuisingslenings van die regering en private instansies het die stadsraad in staat gestel om die boubedrywighele te versnel. Die Behuisingsafdeling het toe 'n hoogtepunt bereik deur in een jaar, vanaf Junie 1957 tot Junie 1958, 11 074 huise op te rig.

Die krotbuurte in en om Johannesburg het daarna vinnig verdwyn; die laaste een, naamlik dié in Klipspruit, is gedurende die laat sestigerjare opgeruim. Klipspruit was die eerste lokasie wat in die huidige Soweto-gebied totstand gekom het.

Volledigheidshalwe word die totale Bantoebevolking van Soweto sowel as van die hele Johannesburg hieronder gegee: ¹⁾

SOWETO

Gebiede wat deur die stadsraad beheer word:

Lokasies	402 064
Tehuse	19 966

Gebiede wat deur die Hervestigingsraad beheer word:

Lokasies	148 406
Tehuse	15 320

STADSGEBIEDE

Stedelike lokasies	2 030
Munisipale tehuise	12 602

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1971/72

Munisipale kampongs	11 499
Privaat gehuisves	89 723

MYNMAATSKAPPYE

Gehuisves in kampongs	7 676
	709 286

Die ontwikkeling wat op die gebied van behuising in Soweto plaasgevind het, het die inwonerstal snel laat toeneem. Hierdie bevolkingstoename het die stadsraad genoodsaak om ontspanningsfasiliteite en -dienste te verskaf sodat die inwoners hulle vrye tyd nuttig kon bestee. Die onderstaande tabel toon aan hoedanig die bruto uitgawe van die Seksie Ontspanning met die kapitaalbesteding op dorpsontwikkeling tred gehou het:

Kapitaalbesteding/ Dorpsontwikkeling	Inwoners	Bruto Uitgawe/ Seksie Ontspanning
	¹⁾	²⁾
1947 R6 561 807	± 200 000	± R15 000
1953 R12 637 416	± 230 000	± R55 000
1969 R66 437 530	± 400 000	± R400 000

4.2 FAKTORE WAT BYGEDRA HET TOT DIE DAARSTELLING
VAN ONTSPANNING VIR DIE BANTOE IN JOHANNESBURG

Die verskaffing van ontspanningsfasiliteite en -dienste vir die Bantoe het in Johannesburg eers gedurende die twintigerjare van hierdie eeu begin aandag kry. Vandag kan

1. LEWIS, R.B., Op. Cit., p. 2

2. Jaarverslae: Afdeling Nie-blankesake, onderskeie jare

3. Johannesburg stadsraad, Begrotings van onderskeie jare

hierdie stad, wat die administratiewe opset, beplanning en ontwikkeling van ontspanningsgeriewe aan sy Bantoebevolking betref, ongetwyfeld as 'n model vir enige ander stad in die land voorgelê word. Talle faktore het daartoe bygedra dat die eerste geriewe daargestel en deur die jare aangevul is. In hierdie hoofstuk sal net enkele van die belangrikste faktore behandel word.

4.2.1 VERANDERING IN HUISLIKE LEEFWYSE

Die Bantoe het in sy stamland 'n goedgebalanseerde leefwyse onder streng stamgewoontes en -wette gehandhaaf. Elke lid van die Bantoe huisgesin het sy spesifieke pligte en tydverdrywe gehad. Die vrouens en ouer dogters is in en om die huis en met die bewerking van die lande besig gehou. Die jonger dogters het babas opgepas, die hutte en werf skoongehou en water aangedra. Die mans het hulself besig gehou met die bou en herstel van hutte, die versorging van hulle vee en die melk van die koeie. Die kleiner seuns het die vee opgepas terwyl die ouer seuns gewoonlik die harde werk moes verrig. ¹⁾

Ten spyte van die menigvuldige pligte van elke lid van die huisgesin, was daar ruim tyd vir ontspanning. Die seuns wat die vee opgepas het, het hulleself besig gehou met kalwersry, die maak van kleiosse, die vang van voëls met strikke, swem en velerlei ander aktiwiteite. Die meisies het hulle met poppe en 'n verskeidenheid van speletjies besig gehou. Die jong manne en hulle vaders het soms ge-

1. PHILLIPS, R.E., The Bantu in the City, p. 291

leentheid gehad om aan 'n jagtog deel te neem of om hulle krag in kompetisies teen ander mans te meet. Daar was genoeg geleentheid vir sosiale byeenkomste, waarvan Ashton sê:

"Gossiping, eating, drinking and visiting are the main social activities. Of these, 'visiting' is the most important." ¹⁾

Die sosiale orde van die Bantoe in sy stamverband was dus goed gebalanseerd. Dit is verkeerd om te dink dat kinders in die statte sonder opleiding of dissipline groot geword het. Daar was 'n definitiewe sisteem van opleiding; iets soos jeugmisdaad was ongehoord. ²⁾

Met die koms van die Bantoe na die stede is hierdie gebalanseerde leefwyse omvergewerp. Met dié wat werk gekry het, het dit gedurende die dag goed gegaan, maar na werksure wanneer hulle moes terugkeer na die sombere woonbuurte het ernstige probleme ontstaan. Phillips sê van hierdie tydperk (die vroeë dertigerjare):

"--- when it comes to leisure time activities, it seems never to have occurred to the minds of most Europeans that very little has been given the Bantu to make life endurable and interesting, even in the best of the Native locations." ³⁾

As die koms na die stede en die verandering in leefwyse

1. ASHTON, H., The Basuto, p. 90

2. EISELEN, W., Conference on Urban Juvenile Native Delinquency, p.2

3. PHILLIPS, R.E., The Bantu in the City, p. 292

die volwasse Bantoe ontwrig het, het dit ramspoedige gevolg vir die gemoedslewe van die jong kinders wat aan 'n vrye lewe na aan die natuur gewoond was, gehad. 'n Opname in 1936 het getoon dat 32% van die Bantoe kinders wat hulle aan jeugmisdaad skuldig gemaak het, kort tevore van die platteland af gekom het. ¹⁾

Die Bantoe se leefwyse in die stad het klaarblyklik drasties verander. Indien 'n man gelukkig genoeg was om in een van die krotbuurte 'n kamer te huur te kry, het sy gesinslewe meestal baie vinnig agteruitgegaan en kort voor lank het situasies soos die volgende ontstaan:

"The parents are either liquor dealers or drinkers or do not live honest lives. They allow their children to go off their control, to do just what they like, to go away from home, because home is often wearisome, and to join bad company, who teach them the thieving trade." ²⁾

Vir die kinders, veral dié wat nie skool bygewoon het nie, was daar geen ander plek as die stowwerige strate om in te speel nie; daar was geen fasiliteite vir nuttige vryetydsbesteding beskikbaar nie en hulle het hul oormaat vrye tyd met dobbel deurgebring. Daar was egter mense wat die waarde van gesonde ontspanningsaktiwiteite en vryetydsbesteding vir hierdie Bantoe kinders besef het.

Die sendeling Phillips, het gesê dat opleiding in die regte gebruik van vrye tyd nie 'n luukse is nie. Duisende Bantoes was besig om hulle gesondheid en sedelikheid te on-

1. Jaarverslag: Johannesburg stadsraad, 1936/37, p. 6

2. PHILLIPS, R.E., Op. Cit., p. 192

dermyn deurdat hulle nie in die geleentheid was om hulle liggame of hulle karakters op te bou deur die konstruktiewe benutting van vrye tyd nie. Bantoes moes nie alleen geleer word om effektief te werk nie,

"--- They must also be taught to play healthfully". ¹⁾
Carr het 'n soortgelyke mening gehuldig toe hy beweer het dat die mees opvallende behoefte van die Bantoe die geleentheid tot gesonde vryetydsbesteding is.

"His primitive games and pleasures were sought in nature, and these are not available in urban areas. We must, therefore, not only provide opportunities for wholesome recreation, but we must adopt a positive policy of teaching him to play." ²⁾

Dit blyk dus dat daar deur die verandering in die Bantoe se leefwyse met hulle koms na die stad, toestande ontstaan het wat die verskaffing van ontspanningsfasiliteite en -dienste genoodsaak het.

4.2.2 DIE DAARSTELLING VAN NUWE BANTOEWOONBUURTE EN DIE VOORSIENING VAN RUIMTES VIR ONTSPANNINGSGERIEWE DAARIN

Die komitee vir Nie-blankesake het in 1928 tot stand gekom om die Afdeling Nie-blankesake op die stadsraad te verteenwoordig. Die stadsraad het sekere magte aan hierdie komitee gedelegeer; onder andere moes die komitee toesien dat ontspannings-, kulturele en sosiale dienste aan die Bantoe-inwoners beskikbaar gestel word. Gesien teen die agtergrond van die wetlike verordeninge van die regering was hierdie opdrag egter bykomend by die opdrag om behui-

1. PHILLIPS, R.E., Op. Cit., p. 292

2. CARR, W.P.J., Recreation Facilities for Natives, p. 1

sing en ander munisipale dienste te voorsien. Daarom is hierdie bykomende dienste beskou as 'n vergunning aan die Bantoes eerder as 'n verpligting. ¹⁾ Nogtans het die stadsraad deur die jare hierdie dienste tot die maksimum van sy finansiële vermoë voorsien.

Met die stigting van Klipspruit in 1905, is daar aanvanklik nie juis voorsiening vir ontspanningsgeriewe gemaak nie, maar mettertyd is daar fasiliteite aangebring. ²⁾ Met die totstandkoming van Westelike Bantoedorp in 1920 moes die stadsraad teen groot onkoste, op grond wat nie geskik was vir die doel nie, sportgronde bou. ³⁾ Die inwoners van die Oostelike Bantoedorp (1926) moes vertoë tot die stadsraad rig om grond vir 'n tennisbaan te bekom. ⁴⁾ Met die beplanning van Orlando in 1930 is ruim voorsiening gemaak vir ontspanningsgeriewe. Dit lyk asof die stadsvaders toe die belangrikheid van sodanige fasiliteite begin besef het. ⁵⁾

Die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake het in sy jaarverslag van 1934/35 gesê dat die voorsiening van behoorlike behuising nie voldoende is nie en dat 'n spesiale afdeling gestig moet word om na die welsyns- en ontspanningsbehoefte van die Bantoebevolking om te sien. So 'n

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1964:II:3037

2. Notules: Ibid., 1934:II:1247

3. Notules: Ibid., 1920:II:729

4. Notules: Ibid., 1927:I:62

5. MAUD, J.P.R., City Government, p. 356

afdeling is dan ook kort daarna gestig.

Calderwood ¹⁾ het oor die beplanning van Bantoewoonbuurte die volgende gesê:

"Planning cannot end at the house, as the lives of the families are affected by more than housing alone; the planned neighborhood with its schools, shops, sports-fields, community centre and parks is just as important as the home and must demand the same careful investigation."

Sedert die ontstaan van Orlando in 1930 is daar reeds 25 ander woonbuurte in Soweto opgerig en in almal is daar voorsiening gemaak vir parke- en ontspanningsfasiliteite.

Standaarde vir die voorsiening van die nodige ruimte in 'n woonbuurt is gebasseer op riglyne wat deur die Nasionale Behuising en Beplanningskommissie daargestel is. ²⁾

4.2.3 DIE PERSONEEL VAN DIE AFDELING NIE-BLANKESAKE SE BELANGSTELLING IN EN TOEWYDING AAN DIE VESTIGING VAN ONTSPANNINGSFASILITEITE EN ONTSPANNINGSDIENSTE

Een van die belangrikste faktore in die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite was die persoonlike belangstelling wat die eerste bestuurder van die afdeling in dié werk getoon het. Met die stigting van die Seksie Ontspanning was die beplanning en ontwikkeling van fasiliteite asook die

-
1. CALDERWOOD, D.M., Native Housing in South Africa, p.14
 2. Reports of the Riots Commission, 1958, para., 34
 3. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1934/35, p. 149
 4. Notules: Johannesburg stadsraad, 1934:II:894

personeel wat hom hierin moes bystaan onder sy direkte beheer. 3 & 4) Van die Amalayita-bendes wat gedurende dié tyd (1932) so bedrywig was, het hy gesê:

"I think one of the best methods would be to organize sports, get hold of them somehow, and encourage them to take part in organized games as an outlet for their energy." 1)

Saam met die bestuurder was ook die personeel baie entoesiasties oor die verskaffing van ontspanningsgeriewe. Hulle het daadwerklik gehelp en dikwels hulle eie vrye tyd opgeoffer om hierdie taak te ondersteun. 2)

Een van die personeellede was in sy vrye tyd vir die bioskoopvertonings in die Bantoe woonbuurte verantwoordelik, terwyl die superintendent van Orlando en sy personeel die eerste klub vir seuns gestig het. Met verloop van jare het dié klub ontwikkel sodat dit vandag 'n baie belangrike aandeel het in jeug-ontspanningsbedrywigheide. 3)

Hierdie belangstelling van die bestuurder, mnr. G. Ballenden en sy personeel het veral kort na die stigting van die Afdeling Nie-blankesake baie daartoe bygedra om ontspanningsaktiwiteite by die Bantoe-inwoners bekend te stel en gewild te maak.

1. Native Economic Commission, 1930-1932, p. 82

2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1928/29, p. 90

3. Jaarverslag: Ibid., 1938/39, p. 82

4.2.4 DIE RESULTATE WAT DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE
ONTSPANNINGSGERIEWE TEN GEVOLG GEHAD HET

Dit is vanselfsprekend dat indien ontspanningsfasiliteite en -dienste nie deur die gemeenskap gebruik word of andersins bevredigende resultate lewer nie, die beplanning en ontwikkeling van verdere geriewe nutteloos is. Dit is ook logies dat gunstige kommentaar op die gebruik van ontspanningsgeriewe en voordele wat die gebruik daarvan vir die Bantoe gemeenskap inhou, sou lei tot die uitbouing van hierdie fasiliteite en dienste.

Na die vestiging van die Bantoesportterrein in die stad het dit baie gou die middelpunt van die ontspanningsaktiwiteite van die Bantoes geword. Die groot opkomste na sportbyeenkomste het tot gevolg gehad dat misdaad in die middestad afgeneem het. Die polisie het hierdie verskynsel direk in verband gebring met die gesonde ontspanningsaktiwiteite wat by die Bantoesportterrein aangebied is.¹⁾

Die matrone van die Nie-blanke hospitaal het ook opgemerk dat na die vestiging van die Bantoesportterrein daar baie minder gevalle van aanranding by die ongevalle-afdeling aangemeld is.²⁾ Hoewel nie wetenskaplik betroubaar nie, gee sulke observasies tog die aanduiding van 'n moontlike verband tussen vryetydsbesteding en jeugmisdaad.

Na die vestiging van 'n sokkerveld by die Wemmer-enkelkwar-

1. PHILLIPS, R.E., Op. Cit., p. 246

2. PHILLIPS, R.E., Ibid.

tiere in die stad het die bestuurder van die afdeling weer dat dronkenskap by hierdie kwartiere met nagenoeg 75% afgeneem het. As gevolg van hierdie waarneming is daar verder 'n groot kamer in die hostel afgesonder as 'n lees- en skryfkamer vir die inwoners. ¹⁾

Die voormalige organiseerder van die Kommunistiese Party, mnr. E.R. Roux, het teenoor eerwaarde Phillips te kenne gegee dat hulle werk baie bemoeilik word deur aktiwiteite soos lesings, konserte en sport waarmee die Bantoes gedurende hulle vrye tyd besig gehou word.

"These help them to forget their troubles. It makes it very difficult organising them for serious effort to oppose their oppressors. Sport and games absorb a lot of the thinking of the people. Sunday sports attract so many people that we cannot get a hearing on Sunday." ²⁾

Kort na die aanstelling van die sportorganiseerder het hy begin om sport op 'n georganiseerde basis te plaas en Bantoes het gretiglik by die sokker-, krieket- en tennisklubs aangesluit. Die bestuurder het hom soos volg oor hierdie entoesiasme uitgelaat:

"Instead of the week-ends developing into beer parties, etc. the youth of the locations and barracks are now sober sportmen." ³⁾

Die sukses van die Johannesburgse Bantoe Sokkervereniging

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1928/29, p. 89

2. PHILLIPS, R.E., Op. Cit., p. 311

3. Jaarverslag: Op. Cit., 1929/30, p. 105

("J.B.F.A."), wat die sportorganiseerder, S.G. Senaoane as sekretaris gehad het, word deur die bestuurder soos volg aangeprys:

"The improvement in control over players and spectators that the Football Association exercises, is very marked. The free fighting and kniving episodes that were such a big feature at native football matches played for money prizes on all odd pieces of ground before the creation of Bantu Football Association, have almost completely disappeared." ¹⁾

In die lig van hierdie bewerings en waarnemings is dit verstaanbaar dat die Afdeling Nie-blankesake deur die jare 'n beleid van aanmoediging tot deelname aan georganiseerde ontspanningsbedrywighede en van ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite vir die Bantoebevolking, gevolg het.

4.2.5 BEVINDINGS VAN KOMMISSIES, KONFERENSIES EN ANDER ONDERSOEKE

Die gebrek aan ontspanningsfasiliteite vir Bantoes in die stedelike gebiede was 'n besprekingspunt by verskeie konferensies en ondersoeke. Gedurende 1929 het die "National European - Bantu" -konferensie in Kaapstad plaasgevind waar hierdie probleme bespreek en plaaslike owerhede versoek is om op die volgende maniere ontspanning in Bantoe woonbuurte te bevorder: ²⁾

- i) deur die daarstelling van atletiekbane en kinderspeelterreine onder bekwame toesig;

1. Jaarverslag: Op. Cit., 1931/32, p. 108

2. Resolutions of the National European-Bantu Conference, 1929

- ii) deur die aanstelling van sportorganiseerders;
- iii) deur gemeenskapsentrums en soortgelyke geboue vir binnemuurse spele, konserte en ander georganiseerde vermaaklikheid;
- iv) deur die opleiding van sportorganiseerders en onderrig in sosiologie aan alle Bantoe-studente in opleidingskolleges;
- v) deur die finansiële ondersteuning van alle behoorlik georganiseerde ontspanningsinstansies as 'n doeltreffende bydrae tot die welsyn van die gemeenskap

Die Ekonomiese Naturelle-kommissie (1930-1932) het bevind dat die amalayita-bendes en drankmisbruik 'n logiese uitvloeisel was van die verandering in die Bantoe se leefwyse asook van die afwesigheid van sy tradisionele wyse van vryetydsbesteding.¹⁾ Daar is gevind dat daar 'n noue verband tussen die behoefte aan ontspanning en die voorkoms van drankmisbruik en baie ander vorme van misdaad bestaan. Die kommissie het gemeld dat die myne baie groot sukses behaal het met die bestryding van drankmisbruik en misdaad onder hulle Bantoes deur georganiseerde ontspanning daar te stel en hulle Bantoesportklubs finansiël te ondersteun. Die kommissie het die noodsaaklikheid van die voorsiening van ontspanningsfasiliteite en ontspanningsdienste soos volg gestel:

"It is very desirable that local authorities and large employers of native labour should make provision for

1. Native Economic Commission 1930-1932, p. 81

Natives under the guidance of Native sports organizers." ¹⁾

Gedurende die dertigerjare het jeugmisdaad onder die Bantoejeug so toegeneem dat 'n konferensie in 1938 belê is om jeugmisdaad onder die stedelike Bantoejeug te bespreek. ²⁾ Die konferensie het die volgende aanbevelings aangaande ontspanning gedoen:

- i) dat ontspanningsklubs vir nie-skoolgaande tienderjariges daargestel moet word;
- ii) dat ontspanningsfasiliteite vir Bantoes wat in blanke gebiede werk, op sekere plekke in daardie gebied opgerig moet word;
- iii) dat munisipaliteite en verenigings vir stadsbeplanning in kennis gestel moet word van die dringende noodsaaklikheid van fasiliteite vir Bantoeontspanning in blanke gebiede. By die uitlê van nuwe woonbuurte, moes dit in ag geneem word;
- iv) dat munisipaliteite moes versoek word om steun te verleen aan klubs vir seuns en dogters sowel as aan die Padvinders-beweging omdat hierdie instansies waardevolle werk kon verrig in die bekendstelling van gesonde aktiwiteite aan die jeug.

In 'n memorandum aan die Kommissie van Onderzoek na die oproer by Moroka in 1947, het die Johannesburgse stadsraad aanbeveel dat ontspanningsfasiliteite uitgebrei moes word. ³⁾

- 1. Native Economic Commission, Op. Cit.,
- 2. Conference on Urban Juvenile Native Delinquency - Johannesburg, October 1938
- 3. City Council of Johannesburg: Memorandum for submission to the Fagan Commission of enquiry into the riot at Moroka emergency camp on Saturday, 30th August 1947, p. 16

In 'n aanvullende memorandum word gemeld dat addisionele sportterreine en ontspanningsentrums reeds beoog is. ¹⁾

Tien jaar later het 'n oproer by Dube-enkelkwartiere vir Bantoemans plaasgevind en het die kommissie wat aangestel is, weer bevind dat ontspanningsfasiliteite en -aktiwiteite vir vryetydsbesteding nie voldoende was nie. ²⁾ In dieselfde verslag word dan gemeld dat addisionele fasiliteite vir daardie boekjaar beplan is.

Ook die Naturellesake-kommissie van 1941 het gevind dat met uitsondering van enkele groot sentra, die voorsiening van ontspanningsfasiliteite vir Bantoes veel te wense oorge-
laat het. ³⁾ Klaarblyklik het hierdie bevindings en aanbevelings van kommissies en konferensies die voorsiening van ontspanningsfasiliteite en -dienste beïnvloed. As voorbeeld kan genoem word dat die stigting van klubs vir seuns en meisies in Soweto gedurende 1939 'n direkte gevolg was van die konferensie oor jeugmisdaad in 1938.

4.2.6 DIE ROL WAT DIE BANTOE - SPORTTRUST EN ANDER INSTANSIES IN DIE VESTIGING VAN ONTSPANNINGS-GERIEWE GESPEEL HET

Die Bantoe-Sportklubtrust het in 1929 tot stand gekom toe

-
1. Supplementary Memorandum to the Fagan Commission of Enquiry into the Riot at Moroka Emergency Camp on Saturday, 30th August 1947
 2. Report of the Johannesburg (City) Riots Commission - September 1957, p. 80
 3. Report of the Native Affairs Commission appointed to enquire into the working of the provisions of the Natives (Urban Areas) Act relating to the use and supply of Kaffir beer, 1941, p.52 (Chairman G.H. Nichols)

mnre. Howard Pim en John Hardy, die eienaars van Centre Syndicate Limited, 'n sekere gedeelte van die plaas Turfontein aan die Bantoes van Johannesburg geskenk het met die doel dat dit as sportterrein ontwikkel moes word. Die komitee wat die terrein bestuur het, kon nie met die behoorlike ontwikkeling van die terrein volhou nie sodat die Bantoe-Sportterrein soos dit bekend geword het, in 1948 deur die stadsraad vir 'n bedrag van R300 000 aangekoop is. Die geld sou deur die Bantoe-Sportklubtrust gebruik word om ontspanningsprojekte vir Bantoes te finansier. Die Trust het sedert 1953 baie bygedra tot die ontwikkeling van ontspanningsgeriewe dwarsdeur die Republiek. Hulle het tot Julie 1972 al 'n bedrag van R294 328 daaraan bestee.¹⁾

Die finansiële bystand wat hierdie Trust deur die jare aan die Johannesburgse stadsraad verleen het, beloop duisende rande en het 'n enorme bydrae gelewer tot die snelle ontwikkeling van ontspanningsgeriewe in Soweto.

Die Anglikaanse Sendingraad onder aanvoering van eerw. Trevor Huddleston was verantwoordelik vir die bou van die eerste swembad in Soweto, alhoewel hulle gou besef het dat 'n private instansie nie 'n openbare gerief behoorlik in stand kan hou nie. Dit was hoofsaaklik die groot getalle wat na hierdie swembad gestroom het wat die plaaslike owerheid oortuig het daarvan dat swembaddens 'n absolute noodsaaklikheid in die Bantoe woonbuurte is.²⁾

1. Persoonlike briefwisseling met president van Bantoe-Sportklubtrust

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1953:I:450

Aan die begin van 1953 was daar reeds speelterreine opgerig vir kinders in die Oostelike Bantoedorp, Orlando, asook in die Westelike Bantoedorp. Die Bantoe-Sporttrust het toe R2 500 aan die stadsraad geskenk om 'n speelterrein in Moroka op te rig. Die bou van hierdie speelterrein was die eerste bydrae van die Bantoe-Sporttrust tot die vestiging van ontspanningsfasiliteite in Soweto. ¹⁾ Dié sporttrust was so beïndruk met die sukses van hierdie speelterrein dat daar besluit is om in samewerking met die stadsraad 'n uitgebreide skema te onderneem waardeur daar veral gepoog sou word om ontspanningsaktiwiteite onder die jeug van die Bantoewoonbuurte te bevorder. Die Trust sou, indien die stadsraad 'n soortgelyke bedrag bydra, elke jaar 'n bepaalde bedrag vir die kapitale ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite in Soweto skenk. Die stadsraad het hierdie aanbod aanvaar en besluit om op elke speelterrein wat ontwikkel sou word, ook 'n klubhuis te bou. Hierdie geboue kon vir binnemuurse bedrywighede gebruik word.

Aangesien Soweto in hierdie stadium uit 20 wooneenhede bestaan het, is besluit om in elkeen 'n speelterrein met 'n klubhuis op te rig. Die koste per eenheid is op R2 800 bereken, dus sou die stadsraad en die Trust elk R28 000 bydra om die ontwikkeling te finansier. In die begroting van 1954/55 het die stadsraad R5 600 gestem vir die oprigting van die eerste vier eenhede. Die projek is oor 'n tydperk van vyf jaar voltooi. ²⁾

1. Notules: Op. Cit., 1953:I:450

2. Notules: Ibid., 1954:I:523

Fietsry was taamlik gewild onder die Bantoes en alhoewel kompetisies by die Bantoe-Sportterrein in die stad gehou is, was daar nog geen weervaste baan wat hulle kon gebruik nie. In oorlegpleging met die stadsingenieur het 'n mnr. J. Hurwitz in 1956 'n terrein in Soweto uitgesoek, waar so 'n fietsrybaan gebou kon word. Hy het toe R2 000 vir hierdie doel geskenk. Die baan is kort daarna voltooi en kompetisies is gereeld daar gehou. ¹⁾

Die bou van Orlandostadion wat vandag bekend is as dié stadion waar alle belangrike sportgebeurtenisse in Soweto plaasvind, is in 1956 as deel van die Johannesburg se feesvierings beplan. Die oprigting daarvan is moontlik gemaak deur bydraes van individue en besighede. Hierdie bydraes het altesaam R42 000 beloop. Die stadsraad het 'n verdere R30 000 tot die onkoste bygedra. Na voltooiing is die stadion op 2 Mei 1954 deur die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, mnr. M.D.C. de Wet Nel, geopen.²⁾

In 1957 het die Bantoe-Sporttrust 'n verdere R20 000 op 'n rand-vir-rand-basis vir die ontwikkeling van ontspanningsgeriewe aan die stadsraad beskikbaar gestel. Daarmee is die volgende fasiliteite opgerig: ³⁾

Arenas vir Bantoe-stamdanse (Dube en Nancefield).....	R16 000
Aanbouings by Ontspanningsale (Dube en Nancefield).....	R10 000

-
1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1956:I:49
 2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1958/59, p. 3
 3. Notules: Op. Cit., 1958:I:684

Kegelbane (Dube en Nancefield	R 4 000
Pawiljoen (Morokastadion)	R 8 000
Onvoorsiene Uitgawes	R 2 000
	R40 000

Die Chiawelloosentrum wat deur die Nasionale Oorlogsgedenkstigting vir Gesondheid opgerig en in 1949 in gebruik geneem is, het die middelpunt van Soweto se kultuurbedrywighede geword. Hierdie sentrum is aan die stadsraad geskenk en hulle het dit in September 1958 oorgeneem. ¹⁾

Gedurende 1967 het die Bantoe-Sporttrust 'n verdere R30 000 aan die stadsraad beskikbaar gestel om 50% van die onkoste aan die bou van 'n swembad te delg. Kort hierna is nog 'n swembad op soortgelyke wyse gefinansier. ²⁾ Gedurende hierdie tyd was die stadsraad ook besig met die verandering van gruiстennisbane in weervaste bane. Alhoewel daar in die begroting vir agt bane voorsiening gemaak is, is slegs vier goedgekeur. Die Bantoe-Sporttrust is genader en was ook bereid om die ekstra R3 000 by te dra sodat die ander vier bane gelyktydig gedoen kon word. ^{3 & 4)}

Dit is opmerklik dat die stadsraad die skenkings van die Sporttrust en van ander private instansies hoofsaaklik gebruik het om nuwe fasiliteite soos 'n fietsrybaan, dansare-

-
1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1961:II:1672
 2. Notules: Ibid., 1967:I:77
 3. Notules: Ibid., 1967:I:72
 4. Notules: Ibid., 1967:I:77

na, kegelbane, klubhuise en gemeenskapsentrums daar te stel. As die stadsraad aanvanklik self hierdie geriewe moes finansier het, sou dit seker eers jare later tot stand gekom het. Hierdie instansies het dus 'n wesenlike bydrae gelewer tot die uitbouing van ontspanningsgeriewe in Soweto en Sodoende ook indirek veroorsaak dat die personeel van die Seksie Ontspanning uitgebrei het.

4.2.7 FINANSIERING VAN ONTSPANNINGSFASILITEITE UIT BANTOE-BIER - WINSTE

Hierdie faktor was sekerlik die belangrikste oorsaak daarvan dat ontspanningsfasiliteite gedurende die vyftiger- en sestigerjare so vinnig daargestel is. ¹⁾

4.3 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE ADMINISTRATIEWE OPSET VAN DIE SEKSIE ONTSPANNING

Voor die stigting van die Afdeling Nie-blankesake in 1927 was dit veral die Kamer van Mynwese en die Amerikaanse Sendingraad wat na die ontspanningsbehoefte van die Bantoe in Johannesburg omgesien het. Eerwaarde J.D. Taylor van die Amerikaanse Sendingraad het hom in 1929 op 'n konferensie in Kaapstad soos volg uitgelaat:

"As a missionary perhaps one may be permitted in this company to indulge in a little sense of gratification that it was the missionary who first recognized the necessity for recreational activities among the Na-

1. Hierdie aspek sal in 'n latere hoofstuk oor die finansiering van Bantoe-ontspanning volledig behandel word

tives as part of a thorough redemptive programme." 1)

In Johannesburg het die Amerikaanse Sendingraad deur middel van die Kamer van Mynwese gereelde bioskoopvertonings in die kampons en in die Oostelike en Westelike Bantoedorpe gereël. Hierdie funksie is in 1922 deur die stadsraad oorgeneem. 2) Die Sendingraad het ook ontspanningsklubs wat bekend gestaan het as Gamma Sigma-klubs in Johannesburg gestig. 3) Die klubs het hulle oorsprong in 1918 in Doornfontein se krotbuurte gehad en teen 1935 het daar reeds nege bestaan. Hulle was hoofsaaklik ingestel op besprekings- en debatteergroepe, maar het ook dikwels konserte, musiekuitvoerings en danse gereël. Die latere jeugklubs in die Bantoewoonbuurte het uit hierdie Gamma Sigma-klubs ontwikkel.

Die myne het die eerste georganiseerde ontspanning vir die Bantoe in Johannesburg aangebied. Omdat hulle duisende Bantoewerkers gedurende hulle vrye tyd moes besig hou, is 'n sokker en 'n krieketvereniging gestig waarby buitestaanders ook kon aansluit. 4) Filmvertonings by 60 mynkampons aan die Witwatersrand was baie gewilde byeenkomste wat die Bantoes gedurende hulle vrye tyd druk besoek het. Hierbenewens was die myne ook vir verdere filmvertonings by 83 ander plekke buite die kampons verantwoordelik. 5)

1. MAGUBANE, Sport and Politics in an Urban African Community, p. 194

2. Notules: Op. Cit., 1922:II:363

3. LEWIS, R.B., Op. Cit., p. 301

4. PHILLIPS, R.E., Op. Cit., p. 308

5. PHILLIPS, R.E., Ibid., p. 315

Vir Bantoe-ontspanning in Johannesburg was die totstandkoming van die "Bantu Men's Social Centre" in 1924 en die Bantoe-Sportterrein in 1925 van onskatbare betekenis.

Die "B.M.S.C." was die eerste gemeenskapsentrum vir Bantoes in Johannesburg en het vir 'n verskeidenheid van sosiale en ontspanningsbedrywighede voorsiening gemaak. Die sukses van die sentrums het die publiek en die plaaslike owerheid bewus gemaak van die behoefte aan sodanige fasiliteite vir die Bantoe. Die Bantoe-Sportterrein was op sy beurt die eerste hoofkwartier vir Bantoesport in Johannesburg en die heilsame ontspanning wat dit die Bantoe-gemeenskap gebied het was 'n belangrike faktor in die vestiging van latere fasiliteite.

4.3.1 DIE BANTOE-GEMEENSKAPSENTRUM

Die "Bantu Men's Social Centre" is 'n gemeenskapsentrum aan die onderpunt van Eloffstraat wat in 1924 deur die ywer van 'n groep sendelinge, 'n volksraadlid en 'n sakeman teen 'n koste van nagenoeg R14 500 opgerig is. 1, 2 & 3)

Johannesburg het lank reeds die behoefte aan so 'n sentrum gevoel, want daar was tot op daardie stadium geen plek aan

1. Notules: Van Burgemeester - 1922/23, p. 115

2. Notules: Ibid., 1923/24, p. 109

3. Die persone betrokke hierby was twee Amerikaanse sendelinge, Dr. Ray E. Phillips en Dr. Frederick B. Bridgeman, 'n Suid-Afrikaanse Parlements-lid, Walter Weber, Burgemeester van Johannesburg, Edwin Orlando Leake en 'n besigheidsman, Howard Pim

die Rand waar Bantoes saans in 'n gesonde omgewing kon ontspan nie. Die gevolg hiervan was dat Bantoes hulle vir ontspanning gewend het tot die krotbuurte, met hulle skadelike invloede.¹⁾ Die daarstelling van hierdie sentrum was 'n natuurlike uitvloeisel van die reeds bestaande Gamma Sigma-klubs. Dit het bekend geword as 'n belangrike kultuursentrum vir die Bantoebevolking - die enigste in die destydse Johannesburg. Daar was in die sentrum 'n groot saal vir konserte, musiekuitvoerings, danse en lesings en verskeie kleiner sale wat vir lesings, vergaderings en sportaktiwiteite gebruik kon word.

Die voortbestaan van hierdie sentrum in die stad is gedurende die vroeë sestigjarige verskeie kere deur die regering bevraagteken omdat dit as ongewens beskou is. Daar is aangevoer dat die meeste Bantoes wat in die middestad op hul werkgewers se persele woonagtig was en vir wie hierdie sentrum daargestel is, reeds in Soweto gehuisves is. Tweedens is aangevoer dat die bestaan van 'n Bantoe-ontspanningsfasiliteit in 'n blanke gebied ongewens is.

"On 4th August 1964 discussions were held with the chairman of the Executive Committee of the centre and it was pointed out that it was considered in some quarters that the need for the amenities which the centre provided had largely fallen away and that the venue for these activities had shifted from the city to Soweto."²⁾

Na baie onderhandelings tussen die Uitvoerende Komitee van

1. Notules: Op. Cit., 1922/23, p. 115

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1968:I:166

die sentrum, die stadsraad en die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, is die sentrum op 31 Desember 1971 finaal gesluit.¹⁾

4.3.2 DIE BANTOE-SPORTTERREIN

Soos reeds gemeld, is die grond (Von Wiellighstraat) waarop die sportterrein ontwikkel is, vir ontspanningsdoeleindes aan die Bantoes van Johannesburg geskenk. 'n Onafhanklike beheerraad onder voorsitterskap van die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake het die terrein geadministreer.

Hierdie sportterrein met sy sportfasiliteite het waardevolle ontspanning aan duisende Bantoes in die sentrale deel van Johannesburg gebied en was die enigste van sy soort in die stad.

Die Beheerraad van die Bantoe-sportterrein het egter gedurende die veertigerjare besef dat hulle nie die fondse het om die terrein ten volle te ontwikkel nie. Gevolglik is daar besluit om die terrein aan die stadsraad te verkoop. Die koop was egter onderhewig aan die voorwaarde dat die grond vir geen ander doel as Bantoe-ontspanning gebruik moes word nie, en indien die sluiting daarvan deur onvoorsiene omstandighede vereis sou word, moes daar eers 'n alternatiewe terrein in die stad beskikbaar gestel word.²⁾

1. Notules: Op. Cit., 1971:II:3073

2. Notules: Ibid., 1948:I:549

Nadat die terrein deur die stadsraad oorgeneem is, is dit in 'n volwaardige sportkompleks ontwikkel en is dit aan die "Johannesburg African Football Association - J.B.F.A." toegesê.

Die stadsraad sou vir die instandhouding, verbeterings en betaling vir die lewering van alle noodsaaklike dienste, soos water en elektrisiteit verantwoordelik wees. ¹⁾

Die Bantoe-Sportterrein was nou die middelpunt van Bantoe-sportbedrywighe in die stad. Gedurende die week het die Bantoeskole in Sentraal Johannesburg gebruik gemaak daarvan en oor naweke het duisende toeskouers die sokker- en tenniswedstryde bygewoon. ²⁾

Die Bantoe-Sportterrein het deur die jare 'n belangrike sentrum vir Bantoesportaangeleenthede gebly, maar in 1963 is 'n deel van die terrein benodig vir 'n snelweg en die oorblywende gedeelte was nie groot genoeg om met die sport-aktiwiteite voort te gaan nie. Om uitvoering te gee aan die voorwaarde waaronder die grond aangekoop is, moes die aktiwiteite by die Bantoe-Sportterrein verskuif word na die George Gochstadion wat gedurende 1964 langs die Oostelike Bantoedorp voltooi is. Nadat addisionele tennisbane en 'n huis vir die sportorganiseerder in George Gochstadion voltooi is, is die Bantoe-Sportterrein finaal gesluit.

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1951:I:606

2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1951/52, p. 10

4.3.3. DIE ADMINISTRATIEWE OPSET

Met die stigting van die Afdeling Nie-blankesake in 1927 en die aanstel van 'n bestuurder wat die voorsiening van ontspanningsgeriewe aan die Bantoes van Johannesburg goedgesind was, sou dit nie lank duur voordat positiewe stappe vir die ontwikkeling van ontspanningsgeriewe gedoen word nie. In 1929 is die eerste Bantoesportorganiseerder, ene S.G. Senaoane, in diens geneem.¹⁾ Die ontspanningsbedrywighede het so vinnig toegeneem dat nog twee Bantoesportorganiseerders aangestel moes word.

In 1936 is 'n pos vir 'n Welsynsbeampte geskep sodat die werksaamhede van ontspanning en welsyn behoorlik gekoördineer en aandag aan jeugmisdadigers gegee kon word. Terselfdertyd is ook 'n assistent-welsynsbeampte aangestel om nie alleen die organisasie van sosiale- en ontspanningsaktiwiteite waar te neem nie, maar ook om noodsaaklike navorsing te onderneem. Die onderafdeling Welsynsdienste het teen 1937 die volgende personeellede in diens gehad: een sosiale antropoloog, een welsynsbeampte, twee deeltydse assistent-welsynsbeamptes (Bantoevroue), een Bantoesportorganiseerder en vier Bantoe-assistent-sportorganiseerders.

In 1939 is 'n operateur in tydelike hoedanigheid aangestel om bioskoopdienste te organiseer. Hierdie pos het op 1 Julie 1946 permanente status verkry.²⁾ Die pligte van

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1929:I:527

2. Notules: Ibid., 1946:I:223

sportorganiseerders het verder uitgebrei deurdat klubs vir seuns en dogters in die woonbuurte gestig is. Nog 'n interessante ontwikkeling gedurende hierdie tyd was die stigting van 'n Huisvlyttak onder beheer van Welsynsdiens-te. Hiermee is beplan om huisvrouens gedurende hulle vrye tyd met nuttige onderrig in kookkuns, naaldwerk en kleremaak besig te hou. ¹⁾

Sover vasgestel kon word, is daar in 1943 vir die eerste keer kwalifikasievereistes vir die indiensneming van sportorganiseerders vasgelê. ²⁾ 'n Sportorganiseerder moes afgesien van St. VIII ook 'n Diploma in Sosiale werk hê, terwyl die assistent-sportorganiseerders se kwalifikasievereistes op St. VIII gestel is.

Die goedkeuring van 'n pos vir 'n blanke ontspanningsbeamp-te op 28 Augustus 1945 was 'n hoeksteen in die ontwikkeling van die administratiewe opset van ontspanning. ³⁾ Die aanstelling kon egter slegs gedoen word met die hulp van 'n subsidie deur die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding. Omdat mnr. Young wat aangestel sou word nie 'n gekwalifiseerde instrukteur in Liggaamlike Opvoeding was nie, is die subsidie net tydelik toegeken (19 Junie 1946 - 18 Julie 1947). Mnr. Young is op 19 Junie 1946 aangestel op voorwaarde dat hy voor Junie 1948

1. Jaarverslag: Johannesburg stadsraad, 1939/40

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1943:II:721

3. Notules: Ibid., 1945:II:743

moes kwalifiseer as 'n instrukteur in Liggaamlike Opvoeding.

In 1941 is begin met die afrigting van Bantoe munisipale werkers met die doel om 'n blaasorkes te stig. Hierdie orkes is eers in 1946 gestig toe daar ook besluit is om Bantoe kore af te rig.¹⁾ Op 19 November 1946 het die stadsraad besluit om vier koorleiers in diens te neem en fondse vir die afrigting van Bantoe kore beskikbaar te stel.²⁾ Hierdie aktiwiteite het later tot vorming van die onderafdeling kultuurbedrywigheede aanleiding gegee.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die aktiwiteit van die Seksie Ontspanning so vinnig uitgebrei dat 'n terreinbeampte in 1948 aangestel moes word om na die instandhouding van die ontspanningsgeriewe om te sien. Teen 1950 het die personeel reeds uit agt Blankes bestaan, naamlik 'n Ontspanningsbeampte, 'n vroulike Welsynsbeampte (ontspanning), 'n Assistent-welsynsbeampte (kulturele ontspanning), 'n Assistent-ontspanningsbeampte, 'n Direkteur van musiek, 'n Bioskoopoperateur, 'n Assistent-bioskoopoperateur, 'n Terreinbeampte en dertien Bantoe-sportorganiseerders.

Die werksaamhede van die Seksie het onder die ontspanningsbeampte geressorteer; die volgende onderafdelings is onderskei: i) Ontspanning vir mans en seuns, ii) Ontspanning vir vrouens en dogters, iii) Kulturele aktiwiteite, iv) Bioskope, v) Terreinbeamptes. Vir die mans is aktiwiteite soos sport en spele, atletiek,

1. Notules: Op. Cit., 1946:II:961

2. Notules: Ibid., 1947:II:1357

tennis, boks en ander ontspanningsaktiwiteite aangebied, terwyl vrouens en meisies onderrig is in liggaamlike opvoeding, spele, naaldwerk, speelgoedmaak, teken en die kuns om stories te vertel. Hierbenewens was die Seksie Ontspanning ook vir kulturele aktiwiteite soos musiek, konserte, volwasse opvoeding en kunsopleiding verantwoordelik.

Die posisie van die Seksie Ontspanning in die administratiewe opset van die Afdeling Nie-blankesake in 1952 word in die volgende organisasiediagram uitgebeeld.

Op 1 April 1955 het die bedrywighede van die Seksie verder uitgebrei toe die swembad in Orlando, wat tot op hierdie stadium deur die "Ekutaleni Anglican Mission" behartig is, deur die Seksie oorgeneem is. ¹⁾

Gedurende 1954 is die Welsynsafdeling gereorganiseer en is verskeie veranderings in die administratiewe opset en organisasie van die Seksie Ontspanning aanbeveel. ²⁾

Eerstens is die aparte ontspanningsafdelings vir mans en vroue onder een hoof saamgegroepeer. Tweedens het die aantal sokkervelde, speelterreine en dergelike fasiliteite so toegeneem dat 'n addisionele pos van terreinbeampte geskep is.

Teen 1956 is die ontspanningsbedrywighede in vier afde-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1956:II:42


2. Notules: Ibid.,

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE-BLANKESAKE

WELSYNSAFDELING - 1952

SEKSIE ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



lings, naamlik ontspanning, orkeste, kultuurbedryghede en huisvlyt en beskutte arbeid ingedeel. 'n Hoofwelsynsbeampste en 'n assistent-welsynsbeampste het beheer oor hierdie bedryghede en oor welsynsaktiwiteite uitgeoefen. Die administratiewe opset van die welsynsafdeling word in die organisasiediagram op pp. 160 en 161 uitgebeeld.

Die volgende reorganisasie van die Seksie Ontspanning het weens die snelle uitbreiding van verantwoordelikhede en pligte kort na die vorige reorganisasie plaasgevind. Die byafdeling Organisasie en Metodes en die Personeelraad het 'n deeglike ondersoek na die welsynsafdeling se bedryghede ingestel en hulle het onder andere die volgende aanbevelings gemaak:

i) Die Welsynsafdeling se naam moet na dié van "Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste" verander word;

ii) Die ampsbenaming van die hoofwelsynsbeampste moet verander word na assistent-bestuurder (Ontspanning en Gemeenskapsdienste);

iii) Die ampsbenaming van die bestaande betrekking van assistent-hoofwelsynsbeampste moet na Senior Beampste (Ontspanning en Gemeenskapsdienste) verander word;

iv) Die twee takke wat afsonderlik bestaan het as Ontspanning (Kultuur bedryghede) en Orkeste is verenig en gereorganiseer sodat die werksaamhede in verband met die Bantoemusiekfees beter gekoördineer en ontspanningsdienste in tehuise doeltreffender aangebied kon word;


v) Die onder-afdelings Huisvlyt en Ontspanning vir vroue moes op dieselfde wyse verenig word sodat daar meer jeugleiers in klubs en gemeenskapsentrums opgelei kon word. Dit was deel van die poging om jeugmisdaad te bestry;

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE BLANKESAKE

WELSYNSAFDELING - 1956

SEKSIE ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



* KWALIFIKASIEVEREISTES VIR ONTSPANNINGSBEAMPTES - GRAAD OF DIPLOMA IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE - NOTULES: 1956:II:1999

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE-BLANKESAKE

WELSYNSAFDELING - 1956

SEKSIE ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM

VERVOLG/.....

ONTSPANNING	ORKESTE	KULTURELE ONTSPANNING	HUISVLYT EN BESKUTTE ARBEID
<u>BANTOE PERSONEEL:</u>	<u>BANTOE PERSONEEL:</u>	<u>BANTOE PERSONEEL:</u>	<u>BANTOE PERSONEEL:</u>
1) MANLIKE SPORTORGANI- SEERDERS (12) 1 KLAS "A" 2 KLAS "B" 6 KLAS "C" 3 KLAS "D"	1) ASST. WELSYNSBEAMPTES (ORKESTE) KLAS "C" (1) 2) KORPORAAL SKAAL 2 (1)	1) ASST. WELSYNS- BEAMPTES (4) 1 KLAS "B" 3 KLAS "C" 2) OPSIGTER SKAAL 5 (1) 3) ARBEIDERS SKAAL 6 (3)	1) ASST. WELSYNSBE- AMPTES (7) (HUISVLYT) KLAS "C"
2) VROULIKE SPORTORGA- NISEERDERS (8)			
3) LEWENSREDDERS (2)			
4) KASSIER (1)			
5) KLEEDKAMEROPPASSERS (6) 3 MANS 3 VROUENS			

Hierdie onderafdeling het nou as die Seksie Rehabilitasie en Jeugd dienste bekend gestaan.

vi) Die Seksie Ontspanning moes ook gereorganiseer en bykomende poste moes geskep word, sodat voldoende voorsiening vir vryetydsbedrywig hede, veral in die tehuise vir Bantoemans, gemaak kon word. Sodanige geleenthede vir deelname aan ontspanningsaktiwiteite moes help met die bestryding van jeugmisdaad. Meer aandag moes gegee word aan die verskaffing van ontspanningsfasiliteite, veral vir deelname oor naweke.

Die gedagte agter die hele reorganisasie was om die toesig houdende en raadgewende blanke personeel soveel as moontlik te beperk sodat die Bantoes aangemoedig kon word om algaande self groter verantwoordelikheid te aanvaar.

Om die voorafgaande reorganisasievoorstelle te kon uitvoer, is die volgende bykomende personeel aangestel:

Seksie Ontspanning

- 1 Sportorganiseerder - Klas A
- 2 Sportorganiseerders - Klas B
- 10 Sportorganiseerders - Klas C

Seksie Rehabilitasie en Jeugd dienste


- 1 Welsynsbeampte (Blank)
- 2 Welsynsassistente (Nie-blank)

Seksie Kultuurbedrywig hede

Nie-blankes:


- 1 Assistent (Orkeste)
- 1 Assistent (Kultuurbedrywig hede)
- 1 Assistent (Kultuurbedrywig hede)

Hierdie reorganisasievoorstelle het op 1 Julie 1958 in werking getree. Na die reorganisasie het die administratiewe opset en organisasie van die Seksie Ontspanning, Rehabilitasie en Kultuurbedrywighede soos volg daar uitgesien:



Wat die Seksie Ontspanning betref, is die Bantoewoonbuurte geografies in twee nagenoeg gelyke dele verdeel om administratiewe beheer en werksafbakening te vergemaklik.

i) Seksie Ontspanning



Vervolg/.....


<u>Streek A</u>	<u>Streek B</u>	<u>Tehuse en Bantoe- toewoonbuurte</u>	<u>Bioskooptak Personeel</u>
<u>Personeel</u>	Tladi, Molet- sane, Jabula- ni en Zondi	<u>Stadion</u>	
1 Ont. Asst. (Blank)		<u>Orlando</u>	
1 Sportorgani- seerder Klas "A"	<u>Personeel</u>	1 Sportorgani- seerder Klas "B"	
1 Sportorgani- seerder Klas "B"	1 Ont. Asst. (Blank)		
7 Sportorgani- seerders Klas "C"	1 Sportorgani- seerder Klas "A"		
1 Bantoe-vragmo- torbestuurder	1 Sportorgani- seerder Klas "B"		
1 Bantoe-trek- kerbestuurder	7 Sportorgani- seerders Klas "C"		
	1 Bantoe-vrag- motorbe- stuurder		
	1 Bantoe-trek- kerbestuur- der		

b) Orlando Swembad - personeel

- 1 Superintendent (Blank)
- 1 Swembadopsigter (Blank)
- 2 Lewensredders (Bantoe)
- 1 Kassier (Bantoe)
- 6 Kleedkameroppassers (Bantoe)
- 3 Mans
- 3 Vrouens

Benewens hierdie personeel was daar op dié stadium ook twee terreinbeampes wat na die sportterreine moes omsien, een padskraper-operateur, een vragmotorbestuurder (almal Blank) en 124 arbeiders met inbegrip van baasjongens, opsigters en klerklike personeel.

ii) Seksie Rehabilitasiewerk en Jeugdienste



Hierdie Seksie het ook ses skoonmakers in diens gehad

iii) Seksie Kultuurbedrywighele - Personeel

- 1 Orkesorganiseerder (Blank)
- 1 Beampste (Kultuurbedrywighele - Blank)
- 1 Assistent (Orkeste) Klas "B" (word Klas "A" in 1962)
- 1 Assistent (Orkeste) Klas "C"
- 2 Assistentente (Kultuurbedrywighele) Klas "B"
- 4 Assistentente (Kultuurbedrywighele) Klas "C"
- 4 Arbeiders

In 1959 is die naam van die Tak Ontspanning en Welsynsdienste weer verander na die Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste. Daar is ook besluit dat die meerderheid personeellede in Soweto gestasioneer sou wees en dat daar vir hierdie doel 'n depot in Soweto gebou moes word.

In 1964 het die funksie van gemeenskapsdienste verhoogde status verkry deurdat dit gelyk gestel is aan die ander

vyf hoof funksies van die Afdeling Nie-blankesake, naamlik Bantoegebiede, stedelike gebiede, bierbrouery, Kleurling en Asiatiese-sake en administrasie.

Die funksionele bedrywighede van die Tak Gemeenskapsontwikkeling is soos volg uiteengesit:

- i) Die beplanning, kontrole en toewysiging van ruimtes was spesiaal vir gemeenskaps-, ontspannings-, kulturele en ander vryetydsbestedingsaktiwiteite opsy gesit is;
- ii) Die beplanning, organisasie en kontrole van alle sport-, kulturele-, gemeenskaps- en ander vryetydsaktiwiteite;
- iii) Die ontwikkeling en instandhouding van alle parke, sportvelde, oop ruimtes en swembaddens;
- iv) Die aanplant van straatbome, organisasie van tuin-kompetisies en die algemene verfraaiing van die woonbuurte;
- v) Die beheer en bestuur van die vakopleidingsentrum vir Bantoejeugdiges;
- vi) Die opstel van begrotings en die effektiewe besteding van fondse wat deur die stadsraad vir ontwikkeling goedgekeur word.¹⁾

Bogenoemde uiteensetting van die werksaamhede wat hierdie sesde "funksie" van die Afdeling Nie-blankesake dek, toon aan dat die nuwe benaming van hierdie onder-afdeling, naamlik dié van die Tak Gemeenskapsontwikkeling, baie be-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1964:II:3042

skrywend is. Die ampsbenaming van die twee senior beamptes van die Tak is ook soos volg verander. ¹⁾

<u>Bestaande Ampsbenaming</u>	<u>Nuwe Ampsbenaming</u>
1. Hoofbeampte (Ontspanning & Gemeenskapsdienste)	Hoofbeampte (Gemeenskapsontwikkeling)
2. Senior beampte (Ontspanning & Gemeenskapsdienste)	Hoofwelsynsbeampte

Die nuwe ampsbenaming van die hoofbeampte (Gemeenskapsontwikkeling) het egter tot heelwat verwarring gelei aangesien die beampte se pos dikwels verwar is met die Staatsdepartement van Gemeenskapsontwikkeling. Die benaming is toe weer na die van hoofbeampte (Gemeenskapsdienste) verander, terwyl sy afdeling voortaan as die Tak Gemeenskapsdienste bekend sou staan. ²⁾ Die volgende en mees onlangse reorganisasie van die Seksie Ontspanning van die Tak Gemeenskapsdienste het in 1967 plaasgevind. Hierdie reorganisasie word in hoofstuk 5 bespreek.

4.3.4 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN ONTSPANNINGS- GERIEWE EN -DIENSTE IN SOWETO

Alhoewel die eerste Bantoewoonbuurt (Klipspruit) reeds in 1905 gestig is, kon die ondersoeker geen bewyse in die literatuur opdiep dat die munisipaliteit enige ontspannings-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1965:II:2678

2. Notules: Ibid., 1968:I:454

geriewe aldaar voorsien het nie.

Ons sien egter in die notules van 1928 dat die Johannesburgse stadsraad,

"--- has set aside grounds in the various locations and elsewhere, but owing to a lack of trophies it is found there is a tendency among natives to play for money prizes, which is very undesirable." ¹⁾

Gedurende die finansiële boekjaar wat op 30 Junie 1929 geëindig het, is die volgende geriewe aan die Bantoe-gemeenskap beskikbaar gestel:

Oostelike Bantoe-dorp	-	een tennisbaan
Westelike Bantoe-dorp	-	een gemeenskapsaal (R4 000), twee tennisbane en twee sokker-krieketvelde
Klipspruitlokasie	-	een gemeenskapsaal, drie tennisbane en twee sokker-krieketvelde
Salisbury en Jubilee Bantoe-enkelkwartiere	-	verskeie kamers met werkbanke is afgesonder waar Bantoes hulle vrye tyd kon deurbring deur nuttige hande-arbeid te verrig
Wemmer Bantoe-enkelkwartiere	-	een sokkerveld

As gevolg van die ywer van die eerste Bantoe-sportorganiseerder het 31 sokkerklubs gedurende 1930 by die Johannesburg Bantu Football Association aangesluit. Die belangstelling in sokker het so toegeneem dat die organiseerder in 1930 ook die skole in wedstryde betrek het. ²⁾

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1928:II:571

2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1930/31, p. 99

Die gunstige kommentaar en die toename in aktiewe sportdeelname wat die vestiging van georganiseerde sport ten gevolg gehad het, was baie bemoedigend en talle klubs is gevorm met die oog daarop om aan die sokker-, krieket- en tennisligas deel te neem. Ook het die afdeling gedurende hierdie jaar (1929) die eerste atletiekbyeenkoms georganiseer.

Die deelname aan tennis het sodanig toegeneem dat 'n Johannesburgse Bantoe tennisvereniging in 1931 tot stand gekom het met sewe tennisbane tot die spelers se beskikking. Krieket is beheer deur die reeds bestaande Native Recruiting Corporation League (myne). Verskeie klubs in die lokasies het daarby aangesluit.

In 1935 het die sportorganiseerders begin met die stigting van klubs vir seuns en meisies. Daar is hulle met houtwerk, metaalwerk en binnemuurse spele besig gehou. Die organisasie van skoolsport deur die Bantoe-sportorganiseerders het ook in 1935 'n aanvang geneem. Die Bantoe-woonbuurte is ingedeel in vier distrikte, naamlik Oostelike Bantoedorp, Westelike Bantoedorp, Orlando en Klipspruit, om die organisasie te vergemaklik. Gedurende die eerste jaar het 31 skole aan sokker-, korfbal- en atletiekkompetisies deelgeneem.

Die eerste swembad vir Bantoes is in 1936 deur die stadsraad by die Wemmer-enkelkwartiere aan die onderend van Eloffstraat gebou. Hierdie swembad het geen filtreerapparaat gehad nie en was dikwels weens defekte buite werking.

Die interskool-sportkompetisies het baie gewild geword. Gedurende die vroeë veertigerjare het nagenoeg 200 korfbal- en sokkerspanne aan dié kompetisies deelgeneem. Die voorsiening van sokkerballe en korfbalballe het nou 'n probleem geword, aangesien nóg die skole, nóg die kinders self tot die koste van balle kon bydra. Die stadsraad het besluit om hierdie onkoste te dra en het jaarliks R400,00 aan die Interskool-Sportliga geskenk vir die aankoop van sporttoerusting.¹⁾

Hierdie gebruik is egter in 1948 gestaak omdat die Finansiële Komitee gemeen het dat dit verkeerd was om sodanige voorregte aan die Bantoes te verleen terwyl die Blankes nie dieselfde voorreg geniet nie.²⁾ Vertoë is tot die stadsraad gerig om hierdie besluit te heroorweeg omdat die skole hierdie uitgawes nie kon bekostig nie en die staking van die toelae daartoe sou lei dat sportdeelname onder skoolkinders baie sou afneem. Die besluit is toe deur die stadsraad herroep en sedertdien voorsien die Seksie Ontspanning die sporttoerusting wat vir die interskool-sportkompetisies benodig word.

Volgens 'n opname wat in 1942 gedoen is, blyk dit dat die Seksie Ontspanning die volgende aktiwiteite beheer het:³⁾

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1947:II:216

2. Notules: Ibid., 1948:I:276

3. Johannesburg N.E.A.D.: Survey of Reef Locations, p.16

Sokkerspanne (4 000 - 5 000 aktiewe lede)	230
Korfbalspanne	91
Atletiekspanne	74
Gholflubs	4
Tennisklubs	5
Krieketspanne (die meeste verbonde aan myne)	60
Fietsry	9
Stamdansspanne	14
Kore	3
Rugbyspanne	3
Padvindlers-Groepe	1
	494

Soos die Bantoebevolking van Johannesburg aangegroei het, is die ontspanningsgeriewe vermeerder. Teen 1946 het die volgende geriewe reeds in Johannesburg bestaan: ¹⁾

Sokkervelde	11
Korfbalbane	10
Tennisbane	14
Krieketvelde	4
Swembad	1
Rugbyvelde	2

Behalwe die organisasie van aktiewe sport is daar gedurende die veertigerjare ook begin met die stigting van klubs vir volwasse Bantoes. Teen Junie 1948 was daar reeds sewe klubs met 'n aktiewe ledetal van 300 wat hoofsaaklik boks en liggaamsbou beoefen het.

Met die aanstel van 'n terreinbeampte in 1948 het die Seksie Ontspanning 'n nuwe fase in sy ontwikkeling betree. ²⁾

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1944/45, p. 15

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1948:II:873

Die bestaande sokkervelde is almal teen groot onkoste deur kontrakteurs uitgelê en deur die werke-departement van die Stadsingenieursafdeling in stand gehou. Die terreinbeamp- te was nou saam met sy arbeiders verantwoordelik vir die merk en instandhouding van alle sportvelde in die Bantoe- woonbuurte. Teen 1956 het die werksaamhede van die Sek- sie so uitgebrei dat 'n tweede terreinbeamp- te aangestel moes word.

Die onkoste verbonde aan die bou van tennisbane deur kon- trakteurs het in 1949 so die hoogte ingeskiet dat daar be- sluit is om hierdie fasiliteite self te bou. Dit was dan ook een van die eerste take van die terreinbeamp- te om ten- nisbane in Orlando te bou. Die terreinpersoneel het ver- der self die herstel van verweerde tennisbane onderneem.

Die eerste speelterreine wat deur die munisipaliteit vir Bantoe- kinders daargestel is, is dié wat in Westelike Ban- toedorp, Oostelike Bantoe- dorp en Orlando (drie speel- terreine) opgerig is.¹⁾ Die toerusting wat geïnstalleer is, het uit skoppelmaaie, wipplanke, rondomtalies en gly- planke bestaan. Die speelterreine was so 'n sukses dat die stadsraad besluit het om meer daarvan in die Bantoe- woonbuurte uit te lê.

Gedurende die laat veertigerjare is atletiekbyeenkomste vir volwasse Bantoes gereeld georganiseer. Skool-atle- tiek het ook met rasse skrede vooruitgegaan en streek-by-

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1948/49, p. 19

eenkomste is gedurende 1949 in Orlando, Moroka, Pimville, Westelike Bantoedorp en die Sentrale gebied (stad) gehou. Die finale Inter-distrik skoolbyeenkoms het op 19 November 1949 by die Bantoe-Sportterrein plaasgevind.

'n Jaarverslag van die Afdeling Nie-blankesake (1951) gee die aantal gholfbane in Soweto aan as vyf, maar dit is misleidend. Die enigste van hierdie beweerde gholfbane wat naasteby soos een gelyk het, was dié by Pimville, wat nou vir 'n behuisingskema gereserveer is. Hierdie gholfbaan was slegs 'n onbeplande stuk veld waar die gholfspelers die onkruid op 'n paar plekke verwyder het, sodat hulle op die sand kon set. Verder was daar geen onderskeiding tussen skoonvelde en sukkelvelde nie, behalwe wanneer die tuinbou-afdeling voor 'n groot "toernooi" goedgunstiglik sekere gedeeltes van die lang gras gesny het om as skoonvelde diens te doen. 'n Paar groterige gate op strategiese plekke met sand gevul, het as sandkuile gedien.

Die ander "gholfbane" kon egter nie as sodanig gereken word nie. Nogtans het dit die gholfspelers nie aan geesdrif ontbreek nie en kampioenskapstoernooie is gereeld op hierdie bane beslis.

In 1951 het die Seksie Ontspanning gehelp met die stigting van die Johannesburgse Amateur Bantoeboksvereniging en die eerste kampioenskapstoernooi het dan ook in Junie 1951 plaasgevind. Vyf van die tien titels is daar deur lede van die munisipale seunsklubs verower.

Onder leiding van die opgeleide Bantoe-sportorganiseerders van die Seksie Ontspanning was die kinders van die woonbuurte gedurende die week op die sportvelde besig met deelname aan sokker, korfbal en sagtebal. Hierdie ontspanningsaktiwiteite was baie gewild en het aan duisende Bantoe-kindere die geleentheid gebied om aan gesonde ontspanning deel te neem.

Sportdeelname in Soweto het vinnig toegeneem en geriewe moes voorsien word om in die vraag te voorsien. Teen Junie 1953 was daar die volgende fasiliteite in die onderskeie woonbuurte: ¹⁾

	<u>Pimville</u>	<u>Orlando</u>	<u>Moroka/ Jabavu</u>	<u>Westelike Bantoeoord</u>	<u>Sentraal (Stad)</u>	<u>To- taal</u>
Rugbyvelde	1	1	1	1	-	4
Sokkervelde	5	5	5	3	6	24
Korfbalvelde	2	5	5	4	4	20
Tennisbane	11	2	3	2	6	24
Krieketkolf- blaaie	1	2	1	1	2	7
Klubgeboue	-	-	1	-	1	2
Boksklubs	1	2	3	1	4	11
Atletiekbane	-	-	2	-	1	3
Atletiekbane (tydelik)	1	1	-	1	-	3
Speelterreine	-	3	-	1	1	5

Al die sokkervelde in die Bantoe woonbuurte is toegesê aan die Johannesburgse Bantoe Sokkervereniging ("J.B.F.A.") wat vir die wedstrydorganisasie van 253 volwasse sokker-spanne verantwoordelik was. Hierdie instansie was self-

onderhoudend. Die Bantoe-Sportterrein in die stad is weer verhuur aan die Johannesburgse Naturelle Sokkervereniging ("J.A.F.A.") wat gemoeid was met die wedstrydorganisasie van 131 spanne. Laasgenoemde vereniging het hoofsaaklik uit Zoeloes bestaan. Die Bantoe-Sportterrein het sedert dit deur die Seksie Ontspanning oorgeneem is tot een van die beste stadions vir Bantoes in die land ontwikkel.

In Soweto self was daar destyds nog geen stadion beskikbaar nie. Die Nasionale Oorlogsgedenkstigting vir Gesondheid het toe in 1954 besluit om 'n bedrag van R30 000 te skenk vir die oprigting van 'n stadion in Jabavu.¹⁾ Van hierdie skenking word niks verder in die notules van die Johannesburgse stadsraad gemeld nie, maar in 1955 is daar genotuleer dat 'n bedrag van R30 000 wat vir 'n swembad in Jabavu bestem was, vir 'n stadion gebruik gaan word.²⁾ Die voorgenome skenking het heel waarskynlik deur die mat geval. Die stadion in Jabavu is in 1958 begin en op 30 September 1960 geopen.

In 1956 het 'n bekende sakeman van Johannesburg, ene mnr. J. Hurwitz, 'n bedrag van R2 000 geskenk vir die oprigting van 'n fietsrystadion in Soweto. Daar is dadelik met die oprigting van hierdie betonfietsrybaan in Moroka begin en dit is vroeg in 1957 voltooi.³⁾

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1954:I:200

2. Notules: Ibid., 1955:II:739

3. Notules: Ibid., 1956:I:49

Gedurende die Johannesburgfees van 1956 is daar 'n program vir die Bantoebevolking gereël. Ter herdenking van hierdie fees het 'n groep sakemanne van Johannesburg 'n bedrag van R45 000 bymekaargemaak om 'n groot sportstadion in Orlando op te rig. Hierdie skenking sou vyf jaar na die datum waarop die kontrak rakende die skenking tussen die stadsraad en onderskeie sakemanne geteken is, aan die stadsraad uitbetaal word. Die Johannesburgse stadsraad moes kragtens die kontrak ook 'n bedrag van R30 000 bydra. Die stadsraad moes waarborg dat die totale bedrag (75 000) vir die voltooiing van die stadion gebruik sou word, waarna die skenkingsbedrag betaalbaar sou wees. Die stadsraad moes ook onderneem om die administratiewe sowel as die instandhoudingswerk ten opsigte van die stadion waar te neem. ¹⁾ Die stadion is op 2 Mei 1959 geopen.

Gedurende 1956 is daar met behulp van finansiële steun van die Bantoe-Sportklubtrust, begin met die oprigting van agt nuwe speelterreine. Elke speelterrein sou 'n klein klubgebou hê waar ontspanningsaktiwiteite en vergaderings gehou kon word. Oor 'n tydperk van vyf jaar sou daar twintig van hierdie speelterreine, elk met 'n eie klubgebou, opgerig word. ²⁾

Die Bantoe woonbuurte het nou so vinnig uitgebrei dat die Seksie Ontspanning nie kon voorbly met die voorsiening van ontspanningsgeriewe nie. Om die probleme te oorbrug, is

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1956:I:404

2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1955/56, p. 8

swaar grondverskuiwingsmasjienerie teen 'n bedrag van R35,00 per dag van 'n kontrakteur gehuur en gedurende 1957 is daar sodoende een-en-twintig nuwe sokkervelde gemaak. ¹⁾ Gedurende die eerste ses maande van 1958 is 'n verdere vier sokkervelde gemaak om die aantal velde teen Junie 1958 op een-en-sestig te staan te bring. Vanaf Julie 1957 tot Junie 1958 is daar ook 'n addisionele negentien korfbalbane gemaak om die totale aantal op nege-en-dertig te staan te bring. Met finansiële hulp van die Bantoe-Sportklubtrust het die aantal klubgeboue van twee in 1953 tot negentien in 1958 gestyg. Die aantal kinderspeelterreine het eweens van vyf in 1953 tot negentien in 1958 toegeneem.

Die vermeerdering in die aantal ontspanningsgeriewe en die uitbreiding van die interskool-sportkompetisie het die indiensneming van addisionele sportorganiseerders geregverdig, maar gekwalifiseerde Bantoe-sportorganiseerders was net nie beskikbaar nie. Om die probleem op te los het die Seksie Ontspanning in samewerking met die Jan Hofmeyerskool vir Sosiologiese Wetenskappe in Johannesburg 'n spesiale kursus vir die opleiding van sportorganiseerders ingestel. Al die sportorganiseerders (20) het toe vir drie maande lank die kursus voltyds geloop en die suksesvolle kandidate het sertifikate, wat later 'n vereiste vir bevordering geword het, ontvang. Die kursus is net een maal deur die Jan Hofmeyerskool aangebied; daarna is dit weer twee maal deur die Seksie Ontspanning self aangebied om ongekwalifiseerde organiseerders die geleentheid te bied

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1958:I:104

om te kwalifiseer.

Wat die interskool-sportkompetisie betref, is die 79 skole wat in 1959 aan die kompetisies deelgeneem het in ses streke verdeel en het 583 spanne aan die sokker- en korfbalkompetisies deelgeneem. Oor 'n tydperk van agt maande is wedstryde twee keer per week in elke streek afgehandel. Die aantal spanne het in die volgende jaar (1960) tot 602 gestyg (298 sokkerspanne en 304 korfbalspanne), terwyl bykans 1 000 atlete (seuns en dogters) aan die verskillende skoolatletiekbyeenkomste deelgeneem het. ¹⁾

Soos duidelik blyk uit bostaande het die aantal fasiliteite gedurende die vyftigerjare geweldig vermeerder; veral tussen 1956 en 1960 het daar in die Bantoewoonbuurte 'n "ontploffing" van ontspanningsgeriewe plaasgevind. Hieronder volg 'n tabel wat die aantal fasiliteite in die twee onderskeie jare aangee:

	<u>1956</u>	<u>1960</u>
Rugby	4	4
Sokker	43	71
Korfbal	27	53
Tennis	24	32
Klubgeboue	10	24
Atletiekbane	4	4
Speelterreine	14	33
Dansarenas	-	3
Kegelbane	-	6
Ontspanningsale	-	5
Kleedkamers	-	8

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1959/60, p. 6

Daar is sekere faktore wat die versnelling in die daarstelling van ontspanningsgeriewe gedurende hierdie periode aangehelp het. Die belangrikste kan soos volg opgesom word:

i) Die aanstelling van 'n tweede terreinbeampte in 1956 het meegehelp daartoe dat die funksionele bedrywigheid, wat die daarstel van sportvelde en die instandhouding daarvan betref, meer doeltreffend uitgevoer kon word. Hierbenewens het die aankoop van 'n padskrapeer en trekkers met ligte skrapers in 1957 beteken dat die Seksie Ontspanning hulle eie sportvelde baie gouer en goedkoper kon bou as wat die kontrakteurs dit kon doen.

ii) Die vermeerdering in die aantal Bantoes wat aktief deelgeneem het aan sport blyk duidelik uit die feit dat daar in 1950 sowat 250 spanne was wat aan die Johannesburgse Bantoe-sokkervereniging se kompetisie deelgeneem het, terwyl daar in 1960 660 spanne deelgeneem het. Ins-gelyks het die spanne wat aan die Interskoolliga deelgeneem het van 194 in 1950 tot 298 in 1960 gestyg. Die dogters se korfbalspanne het van 148 in 1950 tot 304 in 1960 vermeerder. Hierbenewens was daar in 1960 reeds 27 klubs wat aand-aktiwiteite soos boks, gewigoptel en judo beoefen het. Hierdie ongeken- de belangstelling in aktiewe deelname het sekerlik 'n groot invloed uitgeoefen op die snelle ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite gedurende hierdie tydperk.

iii) Aangesien die ontspanningsfasiliteite vir Bantoes gedeeltelik uit die winste van Bantoebier-verkope gefinansier word, is die feit dat dié wins van R349 448 in 1950 tot R649 884 in 1960 gestyg het miskien een van die belangrikste redes vir die vermeerdering in fasiliteite.

iv) 'n Baie belangrike faktor in die snelle ontwikkeling gedurende die vyftigerjare was verder die aandeel wat private instansies gehad het in die voorsiening van fasiliteite. (Sien p. 143)

Die ontwikkeling van ontspanningsgeriewe het so snel geskied dat die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake reeds in Junie 1963 die volgende kon sê:

"--- en nie een huis in die hele kompleks van die Suid-westelike Bantoewoonbuurte is nou verder as 'n halfmyl van 'n speelterrein, 'n sokker- of korfbalveld af geleë nie." ¹⁾

Omdat huisvesting vir besoekende Bantoesportspanne altyd probleme opgelewer het, het die stadsraad besluit om vir sodanige huisvesting in Orlandostadion voorsiening te maak. ²⁾ Hierdie gebou is in 1963 voltooi. Dit bestaan uit twee slaapsale met ruimte vir 15-20 mans in een en dieselfde aantal vrouens in die ander, en 'n kombuis waar daar gekook en maaltye genuttig kan word.

Gedurende 1962 is sekere gedeeltes grond oorgedra van die Bantoe-inkomsterekening na die Eiendomstak van die Stads-tesouriersafdeling. Hiervoor is 'n bedrag van R152 366,90 in die Bantoe-inkomsterekening inbetaal. Na oorlegpleging met die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling is besluit om hierdie geld te gebruik vir die voorsiening van parke- en ontspanningsfasiliteite aan die inwoners van Soweto. Die Seksie Ontspanning het aanbeveel dat die fondse vir die ontwikkeling van die volgende ontspanningsgeriewe aangewend moes word: ^{3 & 4)}

-
1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1960/61, p. 6
 2. Jaarverslag: Seksie Ontspanning, 1962/63, p. 2
 3. Notules: Johannesburg stadsraad, 1962:II:2632
 4. Notules: Ibid., 1963:I:1549

i)	Moroka-vallei	
	Ontwikkeling	R15 000,00
	Speelterrein-toerusting	R 4 000,00
ii)	Swembad - Moroka/Jabavu gebied	R50 000,00
iii)	Ontwikkeling van Piekniek/Kampeert- terrein - Emdeni	R10 000,00
iv)	Ontwikkeling van Mofolo/Jabavu-vallei	R 9 000,00
v)	Spreiligte en verskaffing van elektri- siteit aan Orlandostadion	R30 000,00
vi)	Die teer van toegangspaaie by Orlando- stadion en die stadion in die Ooste- like Bantoedorp en die verskaffing van 'n elektriese kabel na laasgenoem- de met die oog op toekomstige spreil- igte	R34 366,90
		R152 366,90

Al hierdie fasiliteite buiten die piekniek/kampeertterrein by Emdeni is dan ook voltooi. Die geld wat vir die piekniekterrein bestem was, is gebruik om die verhoogde koste van die oprigting van spreiligte by Orlandostadion te dek.¹⁾

Gedurende 1963 is daar met die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling onderhandel om ontspanningsgeriewe in 'n bufferstrook by Emdeni te vestig. Nadat goedkeuring verleen is, is die ontwikkeling begin deur twee huise wat op die terrein was, op te knap. Die een is as hoofkwartier vir die padvinders en die ander as naweek-kampplek vir die Seksie Rehabilitasie en Jeugdienste ingerig. In dié gebied is ook begin met die ontwikkeling van 'n munisipale sportklub. Tot op die huidige stadium (1973) is daar verder 'n tennisbaan en sokkerveld daargestel en 'n ou huis is as klubgebou ingerig.

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1964:II:2093

In 1964 is daar besluit om Orlandostadion van spreiligte te voorsien. Nadat tenders aangevra is, is een ontvang vir Tungstenbeligting wat R49 502,00 sou kos en een vir Xenon-beligting wat R50 960,00 sou kos. Die tender vir Xenon-beligting is aanvaar omdat die volgende voordele daaraan verbonde was: ¹⁾

- i) minder elektrisiteit word gebruik;
- ii) die kleur en gehalte van die beligting is beter;
- iii) die lewensduurte van die lampe is langer;
- iv) die instandhoudingskoste is laag.

Die spreiligte is in Junie 1964 voltooi. Proffessionele sokkerwedstryde word sedertdien een keer per week op Donderdagaande aangebied.

Met die Johannesburgse Fees (22 Augustus tot 10 Oktober 1964) het die Seksie Ontspanning geskiedenis gemaak toe dit op 5 September, sover vasgestel kon word, die eerste massa-gimnastiekvertoning vir Bantoe kinders in die Orlando-stadion aangebied het. ²⁾ Hierdie vertoning het gunstige kommentaar van die Bantoe-gemeenskap uitgelok. Gevolglik is dit in 1966 tydens die Republiekfees opgevolg met twee vertonings wat op dieselfde dag gehou is: een by Moroka-stadion en die ander by Orlandostadion. ³⁾

In 1963 is die eerste nege putjies van 'n nuwe gholfbaan in

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1964:II:2093

2. Jaarverslag: Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste, 1964/65, p. 2

3. Jaarverslag: Ibid.

Mofolo aangelê en alhoewel daar nie veel aandag aan instandhouding daarvan gegee is nie, het die baan gou gewild geword. Geurende die boekjaar 1964/65 is die tweede deel van die baan voltooi en 'n totaal van 3 000 bome is op die baan aangeplant. ¹⁾ In 1970 is 'n bedrag van R14 000 gestem vir die bou van 'n klubgebou by die baan. Dit is gedurende 1971 teen 'n finale koste van R18 519,99 voltooi. ²⁾ Die lopende jaarlikse uitgawes in verband met hierdie gebou word soos volg uiteengesit:

i)	Salarisse en toelaes	R1 500,00
ii)	Allerlei uitgawes	100,00
iii)	Instandhouding	280,00
iv)	Leningskoste	850,00
		R2 730,00

Die gholfbaan is in die Mofolo-vallei gevestig. Saam met ander ontspanningsgeriewe vorm dit 'n groengordelstreek van nagenoeg 81ha wat tussen die woonhuise deurkronkel en vanaf Jabulani-enkelkwartiere tot teenaan die Nancefield-Moroka pad strek.

'n Rolbalbaan is gedurende 1965 in hierdie gordel langs die spogbuurt Dube voltooi. Dié klub word deur die meer goeie inwoners ondersteun. Naby die rolbalbaan is daar gedurende die vroeë sestigerjare 'n park en 'n groot speel-terrein vir kinders ontwikkel. Die kinders en hulle ouers kan naweke saam in die park ontspan: terwyl die ouers

1. Jaarverslag: Op. Cit., p. 8

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1972:I:2048

onder die bome na 'n blaasorkes luister, kan die kinders eenkant op die groot verskeidenheid speelapparaat baljaar.¹⁾ In die parkterrein is daar ook twee tennisbane. In 1969 is begin met die oprigting van 'n gebou waarin 'n klubkamer van die Seksie Rehabilitasie en Jeugdienste sowel as 'n kunsateljee vir die Seksie Kulturele bedrywighede gehuisves sou word.²⁾

Pimville se gholfbaan wat tot met die daarstel van die baan in Mofolo die enigste erkende gholfbaan in Soweto was, is vir die oprigting van 'n woonbuurt afgestaan. In 1971 is daar begin met die bou van 'n nuwe gholfbaan in 'n buffer-sone net langs die ou baan.³⁾

Sedert 1960 het die aktiwiteite van die Seksie Ontspanning baie uitgebrei, hoofsaaklik as gevolg van die toename in die aantal skole wat aan die interskool-sportkompetisie deelgeneem het. Teen 1965 het 1 078 sokker- en korfbalspanne van 146 skole aan die kompetisies deelgeneem.⁴⁾

Teen Junie 1968 was daar reeds 90 sokkervelde wat deur die Seksie Ontspanning daargestel is; die onderstaande lys vermeld die getalle wat in die onderskeie woonbuurte voorsien is:

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1962:II:1947

2. Notules: Ibid., 1969:I:20

3. Jaarverslag: Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste, 1971/72, p. 17

4. Jaarverslag: Ibid., 1972/73, p. 3

Moroka	8	Orlando-Wes	2
Jabavu	3	Orlando-Oos	3
Dhlabini	2	Phefeni	1
Chiawello	7	Dube	3
Phiri	2	Vakopleidingskool	2
Mapetla	4	Mofolo-Noord	2
Moletsane & Tladi	4	Pimville	5
Senaoane	1	Klipspruit	2
Zondi	3	Westelike gebied	9
Zola	2	Riverlea	3
Naledi & Emdeni	4	Noordgesig	2
Jabulani	6	Natalspruit	3
Molapo	2	Oostelike Bantoedorp	3
		Mofolo-Sentraal	2
	48		42

Totaal: 90

Aangesien die tenders van private kontrakteurs om gruisoppervlaktes van tennisbane in weervaste bane te omskep baie gestyg het, het die Seksie Ontspanning vanaf 1968 self hierdie taak, met 'n groot besparing in onkoste, onderneem. Van die 44 tennisbane wat in 1973 in die Bantoe-woonbuurte was, is 21 reeds van 'n weervaste oppervlakte voorsien; daarvan is 15 deur die Seksie Ontspanning self gedoen. ¹⁾

Versoeke is gedurig van sokkerverenigings ontvang vir die oprigting van spreiligte op sokkervelde, want gedurende die wintermaande is die oefenperiodes van senior spelers baie beperk deurdat spelers wat in die stad werk eers na donker by die huis kom. Daar is besluit om 'n aantal vel-

1. Jaarverslag: Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste, 1972/73, p. 3

de van spreiligte te voorsien en dié projek is in 1972 teen 'n koste van R13 000 voltooi. ¹⁾ Aanduidings is dat die velde baie gewild is en spreiligte sal in die toekoms by meer velde voorsien word.

Hierdie probleem was egter nie net tot sokker beperk nie: ses tennisbane is ook van spreiligte voorsien. Hierdie bane word nou ook saans gereeld gebruik. Ook die Dube-rolbalbaan sal van spreiligte voorsien word. ²⁾

Omdat Orlando die gewildste stadion in Soweto was, is alle groot funksies vroeër daar aangebied. Vanaf Julie 1968 tot Junie 1969 was daar 37 sodanige funksies. Omdat die Bantoes se sokkerseisoen feitlik die hele jaar duur, is dit te verstane dat die funksies sou inbreuk maak op die sokkerliga. Daar kon verwag word dat hierdie funksies met die jare sou toeneem; gevolglik is daar besluit om 'n amfiteater te bou sodat Orlandostadion slegs vir sokker en atletiek gebruik kon word. Die amfiteater wat teen 'n koste van R204 644 opgerig is, is in September 1970 in gebruik geneem. ³⁾

Krieket geniet nie 'n groot aanhang in Soweto nie, maar vir die spanne wat wel speel, word daar elke seisoen ses kolfblaaie op sokkervelde voorberei. Hierdie kolfblaaie is almal van gruis waarop matte gelê word. Twee oefennette

1. Jaarverslag: Op. Cit., 1971/72, p. 4

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1972:II:3385

3. Notules: Ibid., 1972:I:2048

is ook opgerig: een by Jabulani wat weer in 1971 verwyder is weens gebrek aan belangstelling, en een by die Vakop-leidingskool by Dube wat ewemin gebruik word. Krieket kry min aandag in die Bantoeskole - dit is slegs gedurende die afgelope aantal jare dat daar weer 'n opflukking van belangstelling is onder die entoesiastiese leiding van veral twee onderwysers, naamlik 'n mnr. Grootboom en 'n mnr. Legwale. In 1971 is die eerste interprovinsiale-skole-kriekettoernooi in Soweto gehou en alhoewel die standaard nie baie hoog was nie, was daar heelwat potensiaal onder die Bantoe-seuns. Die toernooi is ook in 1972 in Soweto aangebied.¹⁾ In 1971 is begin met die aanlê van 'n gras-krieketkolfblad in Moroka (teenoor Elkahstadion) en dit was in September 1972 gereed vir gebruik.

Ter afsluiting van die hoofstuk kan ons die ontspannings-geriewe wat op die huidige stadium in die Bantoegebiede bestaan, vergelyk met dié wat op bepaalde stadia in die verlede beskikbaar was.

<u>Geriewe</u>	<u>1931</u>	<u>1948</u>	<u>1960</u>	<u>1965</u>	<u>1973</u>
Amfiteater	-	-	-	-	1
Stadions	-	1	3	3	3
Sokkervelde	9	14	71	84	95
Korfbalbane	-	10	53	65	78
Swembaddens	-	1	2	2	5
Fietsrybane	-	-	2	2	2

1. Jaarverslag: Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste, 1972/73, p. 3

<u>Geriewe</u>	<u>1931</u>	<u>1948</u>	<u>1960</u>	<u>1965</u>	<u>1973</u>
Tennisbane	7	14	32	40	44
Klubgeboue	-	6	24	23	24
Ontspanningsale	-	1	5	4	4
Kinderspeelter- reine	-	5	33	39	39
Kegelbane	-	1	6	6	6
Dansarenas	-	-	3	4	4
Atletiekbane	-	-	4	3	3
Verkleekamers	-	-	8	11	11
Rolbalbane	-	-	-	-	1
Gholfbane	-	-	-	2	2

Teen Junie 1973 het 251 skole aan die interskool-sportkompetisies deelgeneem - dit sluit skole van Diepkloof, Alexandra en Meadowlands in. Die aantal spanne wat op verskillende stadia aan die skoolligas deelgeneem het, is soos volg:

<u>Spanne</u>	<u>1936</u>	<u>1942</u>	<u>1952</u>	<u>1960</u>	<u>1965</u>	<u>1970</u>	<u>1973</u>
Sokker, Korfbal en Atletiek	51	168	308	602	1078	1268	1676

Die aantal sokkerspanne wat op verskillende stadia aan die sokkerligas van die Johannesburg Bantoe Sokkervereniging deelgeneem het, is soos volg: (Amateur sowel as Professioneel)

<u>1935</u>	<u>1940</u>	<u>1955</u>	<u>1960</u>	<u>1965</u>	<u>1970</u>	<u>1973</u>
100	153	500	660	811	868	1582 ¹⁾

1. Die skerp styging in die aantal spanne gedurende - 1973 is toe te skryf aan die feit dat die Johannesburg Bantoe Sokkervereniging in dié jaar ook kompetisies vir Junior spanne op Saterdagoggende begin reël het

Weens die omvang van die funksionele bedrywighed van die Seksie Ontspanning se onderafdelings Swembaddens en Bio-skoopdienste asook van die Seksies Rehabilitasie en Jeugd-dienste en Kultuurbedrywighede, word elkeen in die volgende afdelings apart behandel.

4.3.4.1 SWEMBADDENS

Die eerste swembad in die Bantoewoonbuurte is in 1953 in Orlando gebou. ¹⁾ Die stadsraad het 'n aansoek vir die toestaan van 'n stuk grond in Orlando vir die bou van 'n swembad, van die Ekutaleni Anglikaanse Sendingkerk ontvang. In sy aansoek meld die instansie die volgende:

"The idea originated early last year when the Mission started a swimming bath appeal fund. The fund now stands at R2 000 and a committee of prominent businessmen and swimming bath experts has been formed for the purpose of designing the bath and raising funds." ²⁾

Die stadsraad het hierdie versoek toegestaan en die swembad wat gebou is, het as die Huddleston-swembad bekend gestaan.

Gedurende 1954 het die stadsraad 'n versoek van die Fonds-insamelingskomitee ontvang waarin gevra is dat die stadsraad die organisasie en beheer van die swembad moet oorneem. ³⁾ Die stadsraad het hierdie aanbod aanvaar en op

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1953:I:450

2. Notules: Ibid.

3. Notules: Ibid., 1954:II:975

23 Augustus 1954 is besluit dat die Parke- en Ontspanningsdepartement (Blank) die bestuur van die swembad vir 'n tydperk van een jaar sou oorneem. Onderhewig aan sekere voorwaardes sou hulle dit dan aan die Afdeling Nie-blankesake oorhandig.

Aanvanklik sou die blanke Superintendent gedurende die eerste jaar 'n geskikte Bantoe oplei om die beheer van die swembad by hom oor te neem.

Op 19 November 1954 is 'n blanke swembadopsigter as Superintendent na die Afdeling Nie-blankesake gesekondeer. Op 1 April 1955 is die swembad aan die Afdeling Nie-blankesake oorgedra. Daar is toe aanbeveel dat 'n pos van assistent-swembadopsigter geskep word omdat daar geen opgeleide Bantoe-lewensredders beskikbaar was nie.¹⁾ Bantoes is in tydelike poste aangestel om as lewensredders opgelei te word. Om te kwalifiseer, moes hulle die brons medalje van die Koninklike Swemvereniging en 'n eerstehulp-sertifikaat verwerf.

Die eerste twee Bantoe-lewensredders het in 1955 gekwalifiseer. Sover vasgestel kon word, was hulle die eerste Bantoes in Suid-Afrika wat hierdie sertifikaat verwerf het.²⁾ Daar is gedurende hierdie seisoen pogings aangewend om die Bantoeskole in die omgewing se belangstelling in georganiseerde swemonderig te prikkel. Hierdie po-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1955:II:775

2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1955/56, p. 8

gings is met sukses bekroon toe 19 skole gedurende die 1957/58-seisoen van die swemonderig gebruik gemaak het. Die onderrigklasse was so suksesvol dat die eerste inter-skool-swemgala in Maart 1958 gehou kon word.¹⁾ By die tweede swemgala in Maart 1959 het 280 kinders meegeding.²⁾

Die tweede swembad in Soweto is op 5 Februarie 1965 in Moroka/Jabavu geopen. Daar is van die begin af 'n groot toeloop ondervind. Gedurende Februarie het gemiddeld 1 014 mense per dag hierdie swembad besoek, terwyl die gemiddelde bywoning oor naweke (Februarie-Maart) 3 438 persone was. Hierdie bywoningsyfers het die stadsraad oortuig dat meer swembaddens gebou moes word. Vervolgens is drie swembaddens in Moletsane (Maart 1968), Senaoane (September 1970) en Orlando-Oos (September 1973) geopen. Die lopende onkoste per jaar vir die drie swembaddens is soos volg aangegee: 3 & 4)

	<u>Senaoane</u>	<u>Moletsane</u>	<u>Orlando-Oos</u>
Personeel (permanent)	5 656,00	5 656,00	8 500,00
Personeel (tydelik)	1 075,00	1 075,00	-
Toelaes	600,00	600,00	1 000,00
Leningskoste	3 660,00	1 870,00	5 100,00
Instandhouding	1 500,00	1 500,00	1 000,00
	<u>12 491,00</u>	<u>10 661,00</u>	<u>15 000,00</u>

-
1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1955/56, p.8
 2. Jaarverslag: Ibid., 1958/59, p. 8
 3. Notules: Johannesburg stadsraad, 1969:I:20
 4. Notules: Ibid., 1969:II:2777

vervolg/....	<u>Senaoane</u>	<u>Moletsane</u>	<u>Orlando-Oos</u>
	12 491,00	10 661,00	15 000,00
Geskatte inkomste ¹⁾	1 400,00	1 400,00	1 600,00
	11 091,00	9 261,00	14 000,00

Hierdie swembaddens het almal presies dieselfde afmetings en tog het die boukoste van elk aansienlik verskil. Binne 'n tydperk van drie jaar het die koste soos volg gestyg: Moletsane-swembad het R60 000 en Senaoane R74 422 gekos, terwyl die voorlopige boukoste vir Orlando-Oos op R80 000 bereken is.

Wat swembadontwerp in Bantoewoonbuurte betref, het daar in Soweto ten opsigte van die grootte en diepte van swembaddens 'n interessante faset na vore gekom. Sedert die konstruksie van Orlando-swembad is besef dat die ontwerp heeltemal onvanpas is as 'n swembad vir Bantoes. Die swembad se afmetings is soos volg:

Grootte 50,3m x 15,55m

Diepte 0,914m x 3,2m x 0,914m

Aan albei kante van die swembad, in die lengte geneem, is die diepte 0,914m. Hiervandaan neem die diepte van die swembad van beide kante af geleidelik toe tot 'n diepte van 3,2m in die middel. Alhoewel hierdie toename in diepte

1. Volgens die jaarverslag van die Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste (1972/73) was die inkomste van die onderskeie swembaddens in daardie jaar as volg:

Orlando	-	R2 044,76
Jabavu	-	R1 458,96
Moletsane	-	R1 501,98
Senaoane	-	R1 689,00

aan beide kante vir 20% van die totale lengte geleidelik is, veroorsaak die skielike daling hiervandaan na 'n diepte van 3,2m dat baie swemmers onverhoeds betrap word en in die moeilikheid beland. ¹⁾ Die ontwerp van die swembad maak vir duik en waterpolo voorsiening, maar dit is nog nooit vir enige van dié twee sportsoorte gebruik nie. Weens die ontwerp kan slegs 40% van die swembad se oppervlak deur kinders en onervare swemmers gebruik word.

Dit word bereken dat in enige munisipale swembad ongeveer 80% van die swemmers aan die vlakkant van die swembad swem, terwyl die ander 20% van die semi-diepkant of die diepkant gebruik maak. By die vier swembaddens in Soweto waar slegs 4,5% (sien hieronder) en minder van die swemmers volwassenes is, is deur waarneming vasgestel dat 95% van die swemmers naby die vlakkant bly.

Persentasie Volwasse swemmers:

Orlando-swembad:	1972/73	4,5%
	1971/72	2,3%
	1970/71	2,2%
	1964/65	1,3%
Jabavu-swembad:	1972/73	3,7%
	1971/72	2,3%
	1970/71	2,5%
	1965/66	1,5%

1. In die boekjaar 1972/73 is 374 persone uit die diep water gehelp. Van hierdie aantal was 223 volwassenes wat meestal aan die semi-diepkant swem. Daarteenoor is daar by Jabavu-swembad slegs 183 persone, waarvan 97 volwassenes was, uit die water gehelp nadat hulle in moeilikheid verkeer het

Moletsane-swembad:	1972/73	3,1%
Senaoane-swembad:	1972/73	1,9%

Soos uit die voorafgaande tabel afgelei kan word, is 95% en meer van die totale aantal swemmers per jaar, kinders.¹⁾ Hierdie getalle sluit nie die kinders wat daaglik gedurende die skoolkwartaal swemonderig ontvang, in nie. Onder die volwasse Bantoes mag swem miskien in die toekoms meer gewild word, maar dan moet mens tog in gedagte hou dat daar reeds sedert 1957 daaglik sowat 300 kinders is wat gedurende skoolure swemonderig ontvang; duisende van die kinders wat gedurende hierdie klasse geleer het om te swem, behoort nou volwassenes te wees wat van die swembaddens gebruik sou kon maak. Ten spyte hiervan bly die getalle volwassenes wat die swembaddens besoek baie klein. Die persentasie volwassenes per jaar by Orlando het wel van 1,3% in 1964/65 tot 4,5% in 1972/73 gestyg, dus is daar wel 'n klein verbetering.²⁾ Alhoewel dit 'n geringe styging is, kan dit 'n aanduiding wees daarvan dat die persentasie volwasse swemmers in verhouding met die persentasie kinders wat die swembaddens gebruik, vermeerder.

Desnieteenstaande is dit duidelik dat daar by hierdie swembaddens hoofsaaklik in die behoeftes van kinders voorsien moet word. Met die bou van die tweede swembad (Jabavu) is die afmetings gewysig (vanaf 0,914 aan die een kant daal dit tot 1,980m aan die teenoorgestelde kant) maar

1. Sien ook tabel op bladsy 197

2. Van hierdie geringe persentasie volwassenes is slegs enkele vroue

swemmers het nog steeds aan die diepkant in die moeilikheid beland. Die persentasie van die oppervlak wat met veiligheid deur kinders gebruik kon word was ook nog beperk. Om hierdie rede is die drie nuwe swembaddens so ontwerp dat dit as betreklik veilig vir kinders beskou is en bied dit ook 'n maksimum speelruimte. Die swembaddens se afmetings is soos volg:

Grootte 25m x 23m
Diepte 0,914m x 1,371m ¹⁾

'n Belangrike voordeel van die vlakker tipe swembaddens is dat wanneer gekwalifiseerde lewensredders nie beskikbaar is nie, ongekwalifiseerde persone tydelik toesig kan hou. Die swemstandaard onder die Bantoes is in elk geval nog nie van so 'n aard dat duikplanke aangebring of voorsiening vir waterpolo gemaak moet word nie. Wanneer dit wel nodig word, kan daar by een van die Bantoebaddens in 'n spesifieke gebied voorsiening hiervoor gemaak word.

'n Ander verskynsel by Soweto se swembaddens is dat 'n groot persentasie swemmers swemklere huur. Die persentasie van die totale aantal swemmers per jaar wat swemklere huur, word hieronder gegee:

Orlando-swembad:	1955/56	69%
	1964/65	61%

-
1. Selfs die blanke Departement van Parke en Ontspanning van die Johannesburgse stadsraad wat 30 swembaddens beheer, maak van hierdie ontwerp gebruik wanneer nuwe swembaddens gebou of wanneer ou swembaddens van 'n nuwe vloer voorsien word. In sulke gevalle neem die diepte geleidelik toe van 0,914m na 1,219m, oor 'n afstand van 45% van die lengte van die swembad en daarna neem dit oor die volgende 10% van die lengte na 1,371m toe; daarvandaan neem dit verder toe, teen 'n helling wat nie 30 grade oorskry nie tot die verlangde diepte bereik word

Orlando-swembad:	1969/70	50%
	1972/73	47%
Jabavu-swembad:	1966/67	70%
	1970/71	59%
	1972/73	42%
Moletsane-swembad:	1972/73	70%
Senaoane-swembad:	1972/73	69%

Hieruit blyk dit dat swemklere, veral met die opening van 'n nuwe swembad, groot in aanvraag is. By Orlando-swembad het die persentasie wel van 69% tot 47% gedaal. Dit blyk nogtans dat daar 'n groot groep Bantoekinders is wat nie swemklere kan bekostig nie en vir wie hierdie tipe diens 'n noodsaaklikheid is.

4.3.4.2 BIOSKOOPIENSTE

Sedert die ontdekking van goud in 1886 het die goudbedryf snel uitgebrei. Teen 1920 was daar nagenoeg 200 000 Bantoes in diens van die myne aan die Witwatersrand. Hulle het in kampongs tuisgegaan. Die sendeling R.E. Phillips, in diens van die Amerikaanse Zoeloe Sendinggenootskap, het in 1918 in Johannesburg aangekom en een aand saam met 'n vriend so 'n kampong waar 4 000 Bantoes woonagtig was, besoek. Hy het gesien hoe honderde Bantoes in groepies om konkas vuur sit en gesels. Dit was blykbaar al wat hulle elke dag van die week van vieruur in die middag tot slapenstyd te doen gehad het.

Hy is meegedeel dat daar nie by enige van die sestig ander

<u>Jaartal</u>	<u>Aantal Swemmers</u> <u>vir seisoen</u>	<u>Volwas-</u> <u>senes</u>	<u>Kinders</u>	<u>Naweek</u> <u>swem-</u> <u>mers</u>	<u>Aantal wat</u> <u>swemklere</u> <u>huur</u>	<u>Aantal dae</u> <u>geen swem-</u> <u>mers</u>
----------------	--	--------------------------------	----------------	--	--	---

Orlando

1972/73	127 482	5 727	121 755	34 680	59 638	53
1971/72	84 516	1 939	82 577	36 873	39 960	84
1970/71	103 166	2 243	100 923	44 333	51 247	46
1969/70	118 804	4 539	114 265	46 428	59 449	53
1968/69	118 902	3 217	115 685	51 951	54 783	47
1967/68	99 148	1 753	97 395	37 787	38 072	52
1966/67	85 858	1 444	84 414	33 233	52 032	60
1965/66	85 532	1 093	84 439	35 721	55 217	56
1964/65	89 075	1 137	87 938	45 645	54 659	
1963/64	115 864	3 529	112 335	62 540		
1962/63	67 440	1 526	65 914	35 180	38 433	
1961/62	73 499	1 374	72 125	40 401	43 426	
1960/61	71 259	1 489	69 770	35 242	43 357	
1959/60	49 789	1 136	48 653	24 706	39 161	
1958/59	40 326	985	39 341	17 928	37 533	
1957/58	53 283	911	52 372	23 063	39 948	
1956/57	35 778	521	35 257	15 132	25 594	
1955/56	39 426	623	38 803	19 034	27 299	
1954/55	16 373	577	15 796	11 137	11 672	

Moroka

1972/73	99 632	3 685	95 947	20 411	42 012	71
1971/72	64 055	1 454	62 601	29 206	41 180	90
1970/71	93 244	2 371	90 873	38 218	54 840	41
1969/70	124 831	6 749	128 082	52 202	74 673	53
1968/69	117 719	4 375	113 344	52 194	67 017	47
1967/68	84 829	1 253	83 576	38 927	62 057	52
1966/67	74 127	1 129	72 998	34 391	51 967	60
1965/66	82 060	1 211	80 849	37 663	57 038	
1964/65	55 792	1 083	54 709	24 007	49 513	

Moletsane

1972/73	83 177	2 610	80 567	20 262	61 483	67
1971/72	84 037	708	83 329	33 330	26 874	86
1970/71	139 133	1 311	137 822	64 919	90 795	35

Senaoane

1972/73	101 798	1 924	99 874	40 015	61 992	53
1971/72	95 113	3 008	92 105	36 305	50 674	86

kampongs aktiwiteite bestaan het waarmee die Bantoes hulleself gedurende hulle vrye tyd kon besig hou nie. Hierdie besoek het hom oortuig daarvan dat iets gedoen moes word om die Bantoes op te voed sodat hulle, hulle vrye tyd nuttig kon deurbring.

"We must capture the physical and mental life of these young men during six days of the week, besides preaching the Gospel to them on the seventh." ¹⁾

Die probleem was om te bepaal watter ontspanningsvorme by die Bantoe inslag sou vind. Om hierdie rede het die sendingelinge aktiwiteites soos handbal, sokker, atletiek en selfs speletjiesaan te aangebied. Hierdie pogings moes egter weens gebrek aan genoeg helpers in 1921 laat vaar word. ²⁾ Daar moes gesoek word na aktiwiteite wat honderde Bantoes kon besig hou sonder dat 'n groot personeel daarvoor nodig sou wees. Daar is toe besluit om bioskoopvertonings te probeer. Private instansies het reeds tydelike geboue naby die groot kampongs opgeslaan en prente van 'n baie swak gehalte vertoon; nogtans is daar besluit om 'n eie projektor aan te koop en vertonings binne die kampongs aan te bied.

Na nege maande van vertonings in die verskillende kampongs het die Sendinggenootskap die mynbestuur genader om finansiële ondersteuning van hulle programme te vra.

"We said that we were willing, as a society, to undertake the organizing of a film circuit on the mines,

1. PHILLIPS, R.E., The Bantu are Coming, p. 137

2. PHILLIPS, R.E., Ibid., p. 139

to purchase equipment, employ the twenty operators necessary to make possible weekly programmes, and to censor carefully every foot of film shown in the compounds, provided they would pay the bill!" ¹⁾

Hierdie voorstel is deur die Kamer van Mynwese goedgekeur; R3 000 se apparaat is aangekoop terwyl die jaarlikse lopende onkoste van R10 000 deur hulle gedra is. Binne 'n tydsebestek van een jaar is weeklikse vertonings in alle kampongs aangebied.

Gedurende die staking van 1922 is die bioskoop ook nog as vredemaker ingespan. Terwyl die Blankes gestry het, het 200 000 Bantoemynwerkers doelloos in die kampongs rondgesit sonder enigiets om te doen. Daar is gevrees dat verveeldheid onder hierdie Bantoes daartoe kon lei dat hulle vir opsweping vatbaar word. Gevolglik is die sendelinge gevra om hulle program onmiddellik uit te brei. Dié vertonings het baie daartoe bygedra om die gemoedere van die Bantoemynwerkers te kalmeer. ²⁾

Voor 1936 het die Amerikaanse Sendingraad in samewerking met die Kamer van Mynwese vertonings in die Oostelike en Westelike Bantoedorpe, die Bantoegemeenskapsentrum en die seunsklub by die Westelike Bantoedorp gereël. ³⁾ As gevolg van 'n baie druk program kon hierdie diens nie na die kampongs van die stadsraad uitgebrei word nie. Die sukses van die programme by die mynkampongs het egter in 1922

1. PHILLIPS, R.E., Op. Cit., p. 145

2. PHILLIPS, R.E., Ibid., p. 150

3. PHILLIPS, R.E., The Bantu in the City, p. 303

die stadsraad laat besluit om self 'n projektor aan te koop om sodoende vertonings in die munisipale kampongs (11) aan te bied. ¹⁾ Rolprente is teen R2 per vertoning gehuur en was onderhewig aan die goedkeuring van die onderinspekteur van polisie. 'n Munisipale amptenaar is aangestel om hierdie vertonings gedurende sy vrye tyd teen 'n betaling van R1 per vertoning te behartig.

In 1939 is 'n tydelike bioskoopoperateur aangestel en in 1946 het die pos permanente status gekry. ^{2 & 3)} Met die instelling van die onderafdeling Bioskoopdienste op 1 Julie 1946 is 16mm projektors aangekoop en is vertonings op 24 verskillende plekke in die Bantoewoonbuurte gehou. Omdat daar min sale beskikbaar was, is hierdie vertonings merendeel in die buitelug aangebied. In 1948 het Bioskoopdienste begin met die aankoop van volledig toegeruste mobiele-bioskoopeenhede. ⁴⁾

Tot 1951 is daar nog geen bioskope in enige Bantoewoonbuurte gevestig nie, alhoewel daar in en om die stad 17 bioskope vir Nie-blankes was. Die posisie vir die Bantoe was egter nie so goed as wat die aantal bioskope dalk suggereer nie. Benewens die feit dat Bantoes wat 'n bioskoopvertoning in die stad wou bywoon 'n lang treinrit moes onderneem, (wat na sonder nogal 'n gevaarlike uitstappie

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1922:II:363

2. Notules: Ibid., 1939:I:194

3. Notules: Ibid., 1946:I:223

4. Notules: Ibid., 1947:I:213

kon wees) het die meeste van die bioskope slegs in die behoeftes van die Kleurlinge en Indiërs voorsien. Die beter tipe bioskope het Bantoes op verskeie maniere ontmoedig om vertonings by te woon. Toegangsgelde was hoog, die keuse van rolprente was sodanig dat dit nie in die smaak van die Bantoe geval het nie en afsonderlike sitplekke is vir die Bantoes afgesonder. Die Bantoes wat wel saans stad toe gegaan het om 'n vertoning by te woon, het om hierdie redes verkies om die goedkoper bioskope te besoek, waar selfs die swakste rolprente vertoon is.

In 1951 het die stadsraad besluit om persele vir die oprigting van bioskope in die Bantoewoonbuurte aan Bantoes beskikbaar te stel, maar dit was eers in 1957 dat die eerste perseel in Mofolo aan mnr. E. Tshabalala verhuur is.^{1 & 2)} Hierdie bioskoop (Eyethu) is in 1969 met finansiële steun van blanke maatskappye teen 'n koste van R288 000 voltooi.

Hierdie toegewing vir die oprigting van 'n bioskoop of vir die aanbied van 'n bioskoopdiens in Bantoewoonbuurte deur enige persoon of instansie buiten die plaaslike owerhede of die huidige Bantoesake-administrasierade, is seker die laaste sodanige toegewing wat gemaak sal word, want in 'n omsendbrief gedateer 14 Februarie 1963 stel die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling die saak soos volg:

"--- the Department requires that the showing of films for entertainment in urban Bantu residential areas in

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1951:II:681

2. Notules: Ibid., 1965:II:1703

future be undertaken by the local authorities and that no other person or body, a Bantu included, be allowed to provide such facilities." ¹⁾

Die omsendbrief meld ook dat die Departement bewus is daarvan dat individuele pogings om bioskoopdienste in die Bantoe woonbuurte te vestig in die verlede dikwels nie suksesvol was nie weens finansiële onvermoë, gebrekkige tegniese kennis en onkunde omtrent die wense, smaak en agtergrond van die Bantoebevolking. Hieruit blyk dit dat 'n behoorlik georganiseerde bioskoopdiens nie deur individue verskaf kan word nie en dat plaaslike owerhede in 'n baie beter posisie is om sodanige dienste te voorsien.

4.3.4.3 REHABILITASIE EN JEUGDIENSTE

Die Seksie Rehabilitasie en Jeugdienste het in 1957 tot stand gekom toe huisvlytaktiwiteite en vroue-ontspanning verenig is. ²⁾ Rehabilitasie het reeds in 1948 as 'n onderafdeling van Huisvlyt tot stand gekom en het werk aan kreupeles verskaf. Dienste aan die jeug is deur die Seksie Ontspanning behartig en die "diens" het die vorm van jeugklubs vir seuns en dogters aangeneem. Een van die redes vir die samesmelting was dat daar daardeur meer gekonsentreer kon word op die opleiding van jeugdige in klubs en gemeenskapsentrums. Om die ontwikkeling van hierdie onderafdeling behoorlik na te gaan en uiteen te sit, is dit nodig om die ontwikkeling van die opset in

1. Department of Bantu Administration and Development, Circular Minute No. A. 12/1 - A8/1. p. 3

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1957:II:2397

drie fases te verdeel.

FASE I: DIE VESTIGING VAN JEUGKLUBS

Ontspanningsdienste vir die jeug is ingestel om jeugmisdaad wat veral gedurende die laat twintiger- en dertigerjare ernstige afmetings aangeneem het, te probeer bekamp.¹⁾

Tot 1932 is daar hoofsaaklik aan die ontspanning van die volwasse Bantoe aandag gegee. Die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake het hom soos volg hieroor uitgelaat:

"It's attention, however must now be turned to the very serious problem of the unemployed youth in the council's Native Townships, who are tending more and more to form themselves into lawless bands. The Department is endeavouring to devise some scheme to combat this. The danger is a very real one and neglect to meet the problem will have very serious consequences on the community." ²⁾

Klubs waar aktiwiteite soos tafeltennis, skaak, dambord, houtsneewerk, metaalwerk en ander spele beoefen kon word, is reeds in 1934 vir jeugdiges gestig.

Daar is egter gemeen dat sosiale probleme soos jeugmisdaad spesiale navorsing vereis. Volgens die bestuurder het dit dringend noodsaaklik geword om blanke Welsynsbeamptes aan te stel om die welsyns- en ontspanningsdienste van die afdeling te behartig.

1. Resolutions of the National European-Bantu Conference, February 6-9, 1929, C.T.

2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1931/32, p. 108

FASE II: 1937 - 1957

Alhoewel die aanstelling van 'n welsynsbeampte reeds in 1936 goedgekeur is, is die eerste welsynsbeampte, mev. H.A. Henderson, eers in 1937 aangestel. Sy het dadelik begin met die stigting van vroueklubs sodat die vroue van die Bantoewoonbuurte nuttige aktiwiteite kon aanleer. So sou hulle in hulle vrye tyd nuttige artikels vir hulle huise kon maak. ¹⁾

Die probleem van jeugmisdaad het in 1938 so aktueel geword dat 'n konferensie oor Bantoejeugmisdaad in stedelike gebiede in Johannesburg belê is. Die konferensie het die volgende aanbevelings geformuleer en aanvaar:

"This conference also urges the establishment of day clubs of an occupational and recreational nature to cater for the considerable number of unemployed non-school-going adolescents." ²⁾

Die Afdeling Nie-blankesake was baie bekommerd oor die ben-devorming in die Bantoewoonbuurte en het besef dat voldoende voorsiening vir hierdie jeugdiges gemaak moes word.

Die stigting van 'n seunsklub in Orlando gedurende 1939 was 'n direkte gevolg van die konferensie oor jeugmisdaad. Kort daarna het die stigting van 'n meisieklub in dieselfde woonbuurt gevolg. Die werk by hierdie klub het met die

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1935/36, p.3

2. Findings and Recommendations of Conference of Urban Juvenile Native Delinquency held at Johannesburg from 10th to 12th October 1938, p. 13

hulp van vier damestudente van die Departement Bantoe-studies aan die Witwatersrandse Universiteit, met rasse skrede vooruitgegaan. Die Bantoemeisies het hier geleer om te brei en naaldwerk te doen en het ook kookkunsklasse bygewoon.

In November 1939 is 'n Huisvlytafdeling wat die werksaamhede by drie klubs, naamlik in Orlando, Pimville en Westelike Bantoedorp behartig het, tot stand gebring.¹⁾ Die werksaamhede van hierdie afdeling het so vinnig toegeneem dat daar teen April 1944 drie blanke gegradueerdes in huis-houdkunde en twee Bantoe-assistente in die afdeling werksaam was. Teen Junie 1948 was daar reeds tien vroueklubs in Soweto gevestig. Die Huisvlytafdeling het die vroueklubs, die kookkunsklasse en die werklubs vir kreupeles en armes behartig.²⁾

Die ontspanningsaktiwiteite vir vrouens en meisies is deur die Seksie Ontspanning behartig. Teen Junie 1952 was daar reeds 'n klub in elk van die ses Bantoewoonbuurte waar vrouens en dogters drie keer per week aan ontspanningsaktiwiteite kon deelneem.³⁾

Met die reorganisasie van die Afdeling Nie-blankesake in 1956 is die ontspanningsbedrywigheide vir mans en vrouens verenig onder beheer van die manlike ontspanningsbeampte. Tot op daardie stadium is dié bedrywigheide afsonderlik deur

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1944:I:331

2. Notules: Ibid.

3. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1951/52, p. 10

'n manlike en vroulike beampte georganiseer. Die rede hiervoor was dat die probleme en behoeftes van die twee afdelings soortgelyk was, sodat 'n sekere mate van oorvleueling soms plaasgevind het.

Die ampsbenaming van die twee vroulike welsynsbeamptes wat vir die ontspanning van vrouens en meisies verantwoordelik was, is na assistent-ontspanningsbeamptes verander. Die Huisvlytafdeling wat onder andere verantwoordelik was vir die vroueklubs se vryetydsbestedingsaktiwiteite is verander na die onderafdeling Huisvlyt en Werkswinkels vir Beskutte Arbeid.

FASE III: 1957 - 73

Kort na hierdie reorganisasie is daar besef dat met die snelle ontwikkeling wat in die Bantoewoonbuurte plaasgevind het, bykomende personeel aangestel moes word om toereikende ontspanningsgeriewe en gemeenskapsdienste aan die stad se Bantoebevolking te verskaf. Die Byafdeling Organisasie en Metodes het in 1957 'n breedvoerige ondersoek na die werkzaamhede van die Tak Gemeenskapsdienste onderneem en voorgestel dat die onderafdeling Huisvlyt en Werkswinkels vir Beskutte Arbeid en die afdeling vir vroue-ontspanning verenig moes word om doeltreffendheid te bevorder.¹⁾ Hierdie nuwe afdeling sou voortaan as die Seksie Rehabilitasie en Jeugdienste bekendstaan. Die een assistent-ontspanningsbeampte het nou weer as welsynsbeampte en die ander een as assistent-welsynsbeampte bekendgestaan.

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1957:II:2397

Die agt sportorganiseersters (Bantoe) se ampsbenaming is tot welsynsassistente verander.

Hierdie Seksie het dus nou uit die voormalige onderafdeling Huisvlyt en die afdelings vir Beskutte Arbeid, Ontspanning vir Vroue en Jeugontspanning bestaan. Bykomend was dié Seksie in 1958 reeds vir drie bewaarskole verantwoordelik.

Die jeugklubs van die Seksie het teen Junie 1960 vermeerder tot 17, met 'n totale ledetal van meer as 2 000. Die bywoningsyfer by hierdie jeugklubs was besonder hoog want slegs kinders wat die aktiwiteite gereeld bygewoon het, kon lede word en slegs lede was geregtig daarop om saam met die klubs na vakansiekampe by die see te gaan. Aktiwiteite waaraan klublede deelgeneem het, sluit onder andere die volgende in: sagtebal, korfbal, handbal, sokker, drama, sang, dans, handwerk en liggaamsoefeninge. Die onkoste verbonde aan die twee vakansiekampe per jaar is deur 'n hulptoelae van die stadsraad en deur fondsinsameling van die klubs self gedelg. In 1958 het die twee kampe R2 800 gekos en daarvan het die klubs self R1 300 bygedra.¹⁾

Die vroueklubs het teen Junie 1960 aangegroei tot 14 met 'n totale ledetal van 220. Die aktiwiteite was nog steeds opvoedkundig van aard. Nuttige kursusse is aangebied om die vrouens te help om hulle huishoudings meer ekonomies te bestuur. Lede het òf self die materiaal vir breiwerk, naaldwerk of handwerk voorsien, òf hulle kon dit teen

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, :1957/58, p. 11

groothandelspryse by die Seksie aankoop. 'n Uitstalling word jaarliks gehou om die artikels wat vervaardig is, ten toon te stel. Afgesien van die daaglikse bedrywighede by die klubs, onderneem hulle ook opvoedkundige uitstappies na plekke soos stokperdjieuitstallings, die Paasskou by Milnerpark, die Hartebeespoortdam, Sterkfonteingrotte, Magaliesberg en Wilgespruit. ¹⁾

Die jeugklubs wat eers net in die middag gefunksioneer het, het in 1971 ook in die oggende diens begin lewer. Die volgende tabel toon die aantal klubs en die ledetalle aan:

2)

	1970-1971		1971-1972	
		Oggend	Middag	Totaal
Aantal Klubs	33	14	23	37
Ledetal	3978	980	3306	4286
Gemiddelde bywoning per geleentheid		49	84	
Totale bywoning vir die jaar	265412	92188	291842	384030

Soos die ledetalle by hierdie klubs aangegroei het, het die aktiwiteite ook uitgebrei. Gerieflikheidshalwe kan ons die aktiwiteite in drie groepe verdeel:

i) Aktiewe Ontspanningsaktiwiteite:

Dans (geselskapsdanse, volksdanse, rubberskoen-
danse

Ritmiese oefeninge

1. Jaarverslag: Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste, 1960/61, p. 13

2. Jaarverslag: Ibid., 1971/72, p. 11

- i) Tafeltennis
 - Sagtebal
 - Handbal
 - Sokker
 - Interklub-kompetisies in alle sportsoorte
- ii) Kulturele Ontspanningsbedrywighede:
 - Drama
 - Musiek (Koorsang, tradisionele liedjies en populêre sang)
 - Teken en skilder
 - Handwerk
- iii) Sosiale Ontspanningsbedrywighede:
 - Binnemuurse speletjies
 - Kamp
 - Pieknieke en ander uitstappies
 - Partytjies, konserte en bioskoopvertonings

Met die reorganisasie van die Seksie in 1970 is aanbeveel dat die ampsbenaming van die welsynsassistente wat vir die jeugklubs verantwoordelik is, na groepleiers verander word. Die kwalifikasie-vereistes vir die poste is toe soos volg vasgestel: ¹⁾

- Senior groepleier (B6) - Standerd VIII en Departementele sertifikaat van bevoegdheid in die hantering van groepe
- Groepleier (B4/B/B5) - Standerd VIII/Departementele sertifikaat van bevoegdheid in die hantering van groepe/Bekwaamheidsertifikaat

Die werksaamhede van die vier afdelings van die Seksie

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1970:II:2192

Rehabilitasie en Jeugdienste (jeugklubs, vroueklubs, bewaarskole en beskutte arbeid) het ná die reorganisasie in 1970 vinnig uitgebrei. Teen Junie 1973 ¹⁾ was die personeelsterkte van dié Seksie soos volg:

Blank:

- 1 Hoofwelsynsbeampste
- 2 Senior welsynsbeampstes
- 4 Welsynsbeampstes

Bantoe:

- 2 Senior groepleiers (1 tydelik)
- 14 Groepleiers
- 7 Bewaarskoolleiers
- 24 Bewaarskoolassistente
- 2 Welsynsassistente (B5)
- 1 Werkswinkelassistent
- 1 Handwerkinstrukteur
- 2 Bewaarskoolassistente
- 37 Dagloners (kokke, skoonmakers en nagwagte)

4.3.4.4 SEKSIE KULTUURBEDRYWIGHEDE

Die Seksie Kultuurbedrywigheide het te doen met aktiwiteite soos koorafrigting, kuns en handwerk, orkesafrigting, die jaarlikse Bantoe-musiekfees, konserte, drama, klasse vir kinders in musiekwaardering, musiekteorie en ook afrigting in die bespeel van verskeie musiekinstrumente. Die Seksie het ontstaan uit die besef dat musiek nie vir die Bantoe vreemd is nie. Die teendeel is eerder waar; musiek (sang en die speel van primitiewe instrumente) het nog altyd deel uitgemaak van die Bantoe se daaglikse lewe

1. Jaarverslag: Op. Cit., 1972/73, p. 8

in sy stamverband. Hulle moes nou in staat gestel word om hierdie aktiwiteite ook in die stedelike gebiede te beoefen.

„Volgens Krige werk die Zoeloe selde saam sonder om te sing, terwyl volgens Ashton die Suid-Sotho verskillende begeleidende liedere het vir skoffel, oes en dors, waarvan die wysies dwarsdeur Lesotho gestandardiseer is, dog die woorde onvoorbereid deur die betrokke leier gedig word.“¹⁾

Wat kultuurbedrywigheide in Johannesburg betref, het belangstellende Bantoes reeds gedurende die laat twintigerjare kore gestig. Met die hulp van 'n paar Blankes is 'n jaarlikse Bantoemusiekfees wat as die Transvaalse Bantoe Eisteddfod bekend geword het, ingestel. Die eerste fees is in Desember 1931 gehou en het bestaan uit kompetisies in musiek, redevoering, voordrag en dans; selfs vir tradisionele Bantoe-musiek en stamdanse is daar 'n plek op die program ingeruim.

Gedurende die dertigerjare het die "Sosiale Sentrum" vir mans in Eloffstraat 'n belangrike rol in die Bantoe se kulturele lewe gespeel. Lesings, konserte, musiek-konserte, drama en dergelike aktiwiteite is gereeld daar aangebied.²⁾

Ontwikkeling van die Seksie Kultuurbedrywigheide

Soos tevore was die entoesiasme van die blanke personeellede verantwoordelik vir die aanvanklike vestiging van kul-

1. DE VILLIERS, C.M., Die Vryetydsbesteding van Volwasse Manlike Bantoe, p. 23

2. PHILLIPS, R.E., The Bantu in the City, p. 252

tuurbedrywighede in die Bantoewoonbuurte. 'n Blanke lid van die personeel het reeds voor 1941 die stadsraad se Bantoepersoneellede in die speel van blaasinstrumente afgerig. Die stigting van 'n Munisipale Bantoe-blaasorkes is in 1941 goedgekeur, maar weens die invloed van die oorlog is daar eers in 1946 aandag hieraan gegee. Ook die afrigting van kore en die aanbied van openbare orkesuitvoerings het toe eers aandag geniet. ¹⁾

Gedurende die veertigerjare was daar vier sentrums wat in die kulturele behoeftes van Johannesburg se Bantoebevolking voorsien het. Die eerste en belangrikste was die Bantu Men's Social Centre in Eloffstraat. Verder was daar die Polystraatsentrum ²⁾ wat in 1947 ingerig is, die Chiawelloosentrum in Soweto en Dorkey House waar sang, instrumentale musiek en drama beoefen is. ³⁾ Die Onderafdeling Kultuurbedrywighede was direk by die aktiwiteite van eersgenoemde drie sentrums betrokke. Hierdie sentrums het in aansluiting by die werksaamhede van die onderafdeling baie bygedra tot die opwekking van die Bantoebevolking se belangstelling in kultuuraktiwiteite. ⁴⁾

Die werksaamhede van die Onderafdeling Kultuurbedrywighe-
de, wat onder die ontspanningsbeampte geressorteer het,
het algaande uitgebrei sodat daar in 1950 reeds drie funksies, naamlik vermaak, volwasse opvoeding en kuns, onder-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1946:II:961

2. Notules: Ibid., 1947:II:976

3. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 309

4. Notules: Op. Cit., 1949:II:797

skei kon word. Gedurende 1950 het die onderafdeling 214 verskillende vermaaklikheidsfunksies wat deur 65 150 Bantoes bygewoon is, aangebied. Hierdie funksies het onder andere die vorm aangeneem van verskeidenheidskonserte, kooruitvoerings, musiekaande, koorkompetisies, stamdanse en dergelike aanbiedings. Hierbenewens het die Bantoe-musiekfees wat jaarliks deur die onderafdeling georganiseer is wye belangstelling in die Bantoe sowel as in die blanke pers geniet.

In 1953 is die orkesafdeling, wat tot op daardie stadium onder die Afdeling Musiek van die stadsraad geressorteer het, na die Afdeling Nie-blankesake oorgeplaas. Hierdie afdeling van die werk is toe baie uitgebrei. Teen Junie 1956 was daar reeds vyf munisipale orkeste met dertig orkeslede elk.¹⁾ Die ontspanningsbeampte was nou in beheer van beide die orkeste en die kultuurbedrywighede.

Die funksionele bedrywighede van die orkes- en kultuurafdelings het teen 1957 sodanig toegeneem dat daar besluit is om die twee te verenig onder 'n aparte seksie, naamlik Kultuurbedrywighede.²⁾ Die funksionele bedrywighede van die Seksie is nou meer doeltreffend georganiseer. Sedert die vroeë sestigjare kan die volgende vyf onderafdelings onderskei word:

- i) Musiekteorie, musiekwaardering en instrumentale musiekonderrig
- ii) Musiekfees

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1955/56, p. 10

2. Notules: Johannesburg stadsraad, 1957:II:2397

- iii) Kuns en handwerk
- iv) Orkeste
- v) Chiawello Kultuursentrum

Benewens hierdie vyf onderafdelings van Kultuurbedrywighe-
de is daar in die boekjaar 1972/73 'n bykomende onderafde-
ling vir drama gestig.


Personeel

Die organisasiestruktuur van hierdie Seksie het nie sedert
die stigting daarvan in 1957 veel verander nie. Die hui-
dige personeel beklee die volgende poste: ¹⁾


- Blank: 1 Senior beampste (Musiek)
 1 Beampste (Kultuurbedrywighe)
- Bantoe: 2 Assistente (Orkeste)
 7 Assistente (Kultuurbedrywighe)

1. Jaarverslag: Tak Ontspanning en Gemeenskapsdienste,
1972/73, p. 16

SOMETO



POSISIE VAN SOWETO T.O.V. ANDER RANDSE DORPE



H O O F S T U K 5

DIE ADMINISTRATIEWE OPSET EN ORGANISASIE VAN DIE
SEKSIE ONTSPANNING ONDER BEHEER VAN DIE AFDELING
NIE-BLANKESAKE VAN DIE JOHANNESBURGSE STADSRAAD

Hierdie hoofstuk is hoofsaaklik 'n weergawe van die administratiewe prosesse en funksionele bedrywighede van die Seksie Ontspanning onder beheer van die Afdeling Nie-blankesake van die Johannesburgse stadsraad. Die stadsraad was tot Julie 1973, toe die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad oorgeneem het, vir die administrasie van Bantoesake in Johannesburg verantwoordelik.

Met die reorganisasie van die Tak Gemeenskapsdienste in 1957 het die tak sy organisatoriese struktuur, soos dit tot Julie 1973 bestaan het, verkry. Tydens 'n reorganisasie in 1967 ¹⁾ is wel verskeie veranderinge in die personeelsamestelling teweeggebring, maar die organisasie-struktuur het basies dieselfde gebly. ²⁾

Die organisasiediagram wat sowel die hoofbestuur van die Afdeling Nie-blankesake as die organisasie-struktuur van die Tak Gemeenskapsdienste in 1973 voorstel, verskyn op p. 218). Hierdie diagram toon aan dat die Seksie Ontspan-


1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1967:II:1655

2. Die blanke masjienoperateurs en vragmotorbestuurders is deur Bantoes vervang sodat die terreinbeamptes (2), ontspanningsbeamptes (2) en die senior ontspanningsbeampte die enigste Blankes was wat in die Seksie behou is. Die Werkstudie-afdeling, wat vir die reorganisasie verantwoordelik was, het ook 'n nuwe werksverdeling ingestel sodat die produktiwiteit van die arbeiders gestyg het in weerwil daarvan dat daar met verskeie van hierdie poste weggedoen is.

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE-BLANKESAKE - 1973

SEKSIE ONTSPANNING

ORGANISASIEDIAGRAM



ning uit vyf onderafdelings bestaan het, naamlik Sone A, Sone B, Depot, Bioskoopdienste en Swembaddens. Die organisasiediagram op p. 220 toon die organisasie-struktuur van die Seksie Ontspanning in 1973 aan.

Hierdie bedeling (tot 1973) is op die volgende wyses georganiseer. 'n Senior ontspanningsbeampte is in beheer van die Seksie Ontspanning met sy kantoor, weens administratiewe redes, in die Jubileesentrum in die stad. Die res van die personeel se hoofkwartier is by 'n depot naby Nankefield-stasie in Soweto. Hierdie depot dien as sentrale punt waarvandaan alle werksaamhede van die Seksie onderneem word. Soweto word deur Roodepoortweg in twee naasteby ewe groot gedeeltes verdeel en dit dien ook as skeidingslyn tussen Sone A en Sone B (sien kaart - p. 215). Dit is 'n gerieflike indeling wat die organisasie, werksprosedures, werkprogramme en werkmetodes van die Seksie Ontspanning baie vergemaklik. Die twee ontspanningsbeamptes wat elk vir een van die twee sones verantwoordelik is, het ook elkeen sy eie personeel wat die ontspanningsdienste en -fasiliteite in die betrokke sone behartig. Die twee terreinbeamptes (een vir elke sone) oefen direkte beheer uit oor die werkspanne wat by die depot gestasioneer is en het indirekte beheer oor die arbeiders wat in die verskillende areas binne hulle sones werk.


Personeel van Seksie Ontspanning (sien p. 220)

Blankes	5
Sportorganiseerders	20 (gegradeer)
Bantoe personeel	159 (nie-gegradeer)

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE-BLANKESAKE

SEKSIE ONTSPANNING — 1973

ORGANISASIEDIAGRAM



AREA	ANNTAL ARBEIDERS
DUG-MOFORO	8
ORLANDO-OOS	3
ORLANDO-WES	7
PINVILLE EN STADION	6
OOSTELIKE BANTOEDORP	6
KLIPSPRUIT	1
DUBETEHUIS	1
TOTAAL	32

1 KLERK
2 BAASSONGENS
1 NUTSMAN
4 ASSISTENTE (NUTSMAN)
3 MASSIENBEDIENERS
2 SKOONMAKERS
50 ARBEIDERS
3 MASJENOPERATEURS
4 VAGMOTORBESTUURERS
3 TREKKERBESTUURERS
3 NAGWAGTE

AREA	ANNTAL ARBEIDERS
TRADI-MOLETSANE	4
ZOLA-IRABULANI	8
NALEDI-EMDEMI	5
IRABU-ZONDI	4
MAPETLA-PAIRI-MOLAPO	7
CHIRWELLO-DHLA-MINI-SENACANE	8
IRABULANITEHUIS	1
AMFITEATER	2
MOROKA	12
TOTAAL	51

Hierdie totaal sluit nie die personeel van die swembad-
dens en bioskoopdienste in nie. Indien hierdie twee on-
derafdelings ingesluit word, is die totale personeel van
die Seksie Ontspanning soos volg:

Blanke personeel	16
Sportorganiseerders	35 (gegradeer)
Bantoe personeel	200 (nie-gegradeer)

5.1 ADMINISTRATIEWE BEHEER VAN DIE SEKSIE ONTSPANNING

5.1.1 AFDELING NIE-BLANKESAKE

Die administrasie van Bantoesake in Johannesburg was tot
1927 onder die stadsraad se Komitee vir Parke en Eiendomme,
maar weinig aandag is aan die lokasies bestee. Hierdie
bewering word gestaaf deur die feit dat die netto uitgawe
van die Departement van Parke en Eiendomme in 1927 R249 960
beloop het waarvan 'n bedrag van slegs R33 000 gedurende
dieselfde tydperk aan die lokasies bestee is. ¹⁾ 'n Kom-
missie wat die bedrywighede van plaaslike owerhede onder-
soek het (1919-1921), het hierdie toestand dan ook uiters
onbevredigend gevind en 'n aanbeveling van die kommissie is
in die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 opgeneem.
Daardeur is plaaslike owerhede verplig om 'n beampste aan te
stel vir die uitsluitlike doel om die administrasie van
Bantoesake te behartig. ²⁾ Om een of ander rede is geen
druk van owerheidsweë op die Johannesburgse stadsraad uit-
geefen om uitvoering aan hierdie wetgewing te gee nie en

1. LEWIS, R.B., A "City" within a City, p. 5

2. MAUD, J.P.R., City Government, p. 142

dit was eers in 1927 dat 'n aparte departement van Naturellesake ingestel is.

Op aandrang van die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake is 'n Nie-blankesakekomitee in 1928 in die lewe geroep om aangeleenthede van die Afdeling in die stadsraad te behartig. Die bestuurder van die Afdeling lewer elke maand 'n geskrewe verslag aan die Nie-blankesakekomitee oor die bedrywigheide van die Afdeling. Wanneer spesifieke sake aandag vereis, besluit die komitee daaroor met inagneming van die bestuurder se aanbevelings. Daarna word dit vir goedkeuring respektiewelik aan die bestuurskomitee van die stadsraad en die volle stadsraad se vergaderings voorgelê. Die Nie-blankesakekomitee het in sekere gevalle uit hoofde van die stadsraad se beleid sekere gedelegeerde magte waaroor hy self besluite kan neem. Dan is dit nie nodig dat dit verwys word na die stadsraad se vergadering nie.

Goedkeuring in sekere gevalle, veral by finansiële aangeleenthede, berus egter nie uitsluitlik by die stadsraad nie en vereis ook volgens Artikel 19 (5) van die Bantoe (Stadsgebieden) Konsolidasiewet, No. 25 van 1945 dat die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling geraadpleeg moet word. Die Afdeling is dus daagliks in verbinding met die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling in verband met velerlei administratiewe, finansiële en wetlike aspekte. Dit skakel ook met ander staatsdepartemente wat op een of ander wyse belang het by die administrasie van Bantoesake. Artikel 22 van Wet 25 van 1945 bepaal ook dat die bestuurder van 'n Afdeling Nie-blankesake slegs met die goedkeuring van die Minister van

Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling aangestel kan word. So 'n beampte se salaris mag nie sonder meer verminder word nie en hy mag ook nie sonder die spesifieke toestemming van die minister ontslaan word nie.

Dié wet bepaal ook dat, afgesien van die Munisipale Administrateur se verpligtinge teenoor sy werkgewer, die stadsraad, het

"---- die Munisipale Amptenaar ook sekere verpligtinge van sy eie, sekere statutêre pligte wat hy moet vervul. Wanneer hy die statutêre pligte vervul, dan is hy ten opsigte daarvan oorgelaat aan sy eie diskresie. Daar is hy nie onderworpe aan enige opdragte wat van enigiemand mag kom nie. Dit is funksies, pligte wat op hom gelê is onder die wet waarvoor hy self verantwoordelikheid moet neem en wat hy self moet vervul - of die statutêre plig nou ooreenstem met wat een of ander Burgemeester of Stadsraads-lid graag wil hê of nie. Dit traak nie. Hy moet die funksie behoorlik beoefen. Hy is ook gelisensieer deur die Minister van Naturellesake. Die lisensiëring is nie sonder doel nie. Dit is 'n vereiste omdat hy funksies moet verrig waarvoor die staat as geheel verantwoordelikheid neem. Hy moet beleid uitvoer wat deur die staat as sodanig neergelê word. Hy is van soveel belang dat die staat geregtig is om die lisensie terug te trek indien 'n Munisipale Administrateur nie behoorlik funksies vervul wat aan hom opgedra is nie." ¹⁾

Dié bedeling hou verder in dat die assistent-direkteur (Gemeenskapsdienste), onder wie die Ontspanningsseksie res-

1. Openingsrede deur sy Edele Dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, 5de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 18-21 Oktober 1971, p. 12

sorteer, maandeliks verslag doen aan die direkteur van die Afdeling Nie-blankesake in verband met aangeleenthede rakende ontspanning. Die Afdeling Nie-blankesake is tot 'n groot mate selfversorgend, alhoewel takke van die Stadsingenieursafdeling, Stadstesourie en Gesondheidsafdeling gestig moes word om spesifiek in die Bantoewoonbuurte diens te lewer. Die Afdeling bly egter die koördinerende liggaam wat vir die oorhoofse leiding, beleid en die finansiële begroting verantwoordelik is. Die Behuisingseksie van die Afdeling Nie-blankesake is verantwoordelik vir die op-orig van alle geboue soos klubhuise, ontspanningsale en dergelike geboue wat deur die Seksie Ontspanning benodig word.

Die Stadsingenieursafdeling sorg vir die instandhouding van alle geboue of aanbouings aan geboue onder beheer van die Seksie Ontspanning. Dié afdeling is ook verantwoordelik vir die bou van die swembaddens in die Bantoewoonbuurte, alhoewel die geboue op die swembadterrein soos filtreerkamers, aantrekgeriewe ensovoorts, die verantwoordelikheid van die Behuisingseksie is. Die Tesouriersafdeling behartig al die finansiële sake van die Seksie, terwyl die Stadsgesondheidsafdeling streng beheer uitoefen oor die higiëniese aspekte van klubhuise, stadions, ontspanningsale en ander geboue wat onder beheer van die Seksie Ontspanning ressorteer. Die Gesondheidsafdeling oefen ook deur gereelde toetsing streng beheer oor die suiverheid van swembadwater uit.

5.1.2 BANTOE-ADVIESRADE

Die stadsraad oefen deur die Nie-blankesakekomitee beheer uit oor die administrasie van Bantoesake en op soortgelyke manier oefen die sentrale regering, deur die bestuurder beheer uit. Soos weldra gesien sal word, het die Bantoe-adviesrade in die Bantoewoonbuurte ook 'n indirekte invloed op die vestiging van ontspanningsfasiliteite en die aanbied van ontspanningsdienste in hulle woonbuurte.

Sedert die totstandkoming van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923, is daar voorsiening gemaak vir die daarstel van Bantoe-adviesrade om die plaaslike owerhede in die administrasie van die Bantoewoonbuurte by te staan.

In later jare is daar ook voorsiening gemaak vir die vestiging van Bantoe-adviesrade in die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet No. 25 van 1945 waar dit in artikel 21 soos volg gestel word:

"For every location or Bantu village under the control of an urban local authority --- there shall be established by the urban local authority a Bantu advisory board." ¹⁾

Sekere wetsmagte is aan hierdie rade toegeken, waarvan die belangrikste was dat die plaaslike owerhede verplig was om die Bantoe-adviesrade te raadpleeg voordat enige regulasies wat die Bantoewoonbuurte raak gemaak, gewysig of herroep kon word.

1. Bantu (Urban Areas) Consolidated Act No. 25 of 1945, p. 34

Johannesburg het nog altyd die stelsel van Bantoe-adviesrade ernstig benader en het alles in sy vermoë gedoen om hierdie rade ten volle te laat funksioneer. Die stadsraad het baie gedoen om hierdie rade behoorlik op te lei in die beginsels van plaaslike regering, veral wat betref behoorlike voorbereiding van finansiële begrotings van inkomste en uitgawes. Hierdie opleiding in finansiële begroting was baie noodsaaklik, want subartikel 5 van artikel 8 van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet No. 21 van 1923, soos gewysig deur artikel 5 van Wet No. 36 van 1944 het vereis dat plaaslike owerhede hulle finansiële begrotings aan die Bantoe-adviesrade moes voorlê en enige kommentaar van die adviesrade daaroor moes in ag geneem word voordat sodanige begrotings goedgekeur kon word.

So byvoorbeeld is die begroting vir die Bantoe-inkomsterekening van 1944/45 aan die Bantoe-adviesrade voorgelê. Alhoewel die Orlando Bantoe-adviesraad die begrotings aanvaar het, het hulle gevra dat die stadsraad ook voorsiening moes maak vir die aankoop van sportuitrusting om die klubs in die Bantoewoonbuurte te ondersteun. Op sy beurt het die Bantoe-adviesraad van die Oostelike Bantoedorp aanbeveel dat die winste op die verkoop van Bantoebier aangewend moes word om 'n sportorganiseerder vir elke Bantoewoonbuurt aan te stel, sportuitrusting en orkesinstrumente vir elke woonbuurt aan te koop en om speelterreine vir kinders in elke woonbuurt te vestig. ¹⁾ Aan die meeste van hierdie eise is dan ook mettert tyd voldoen.

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1944:II:757

Die stadsraad se beleid was dat geen redelike versoek deur hierdie adviesrade sonder meer verontagsaam sou word nie en wanneer daar nie aan hulle versoeke voldoen kon word nie, is 'n gemotiveerde verslag met 'n opgaaf van redes na die Bantoe-adviesraad terugverwys. So het die Jabavu-adviesraad byvoorbeeld in 1954 gevra dat die stadsraad moes oorweeg om Bantoebioskoopoperateurs in stede van Blankes in diens te neem om die vertonings in die Bantoe woonbuurte te behartig. Die Bantoe-adviesraad is toe daarop gewys dat Bioskoopdienste gebruik maak van baie waardevolle aparatuur en gehuurde films en dat hierdie werk slegs aan goedgekwalifiseerde en verantwoordelike blanke-operateurs toevertrou kon word.¹⁾ In 1955 het die Moroka-adviesraad vertoë tot die stadsraad gerig dat 'n bedrag van R30 000 wat vir die bou van 'n swembad in die gebied bestem was, aangewend moes word vir die oprigting van 'n stadion wat volgens hulle 'n dringender behoefte was en vir 'n groter persentasie van die inwoners van die gebied tot voordeel sou strek. Hierdie versoek deur die adviesraad is goedgekeur en 'n stadion is in Moroka opgerig.²⁾

Hierdie is slegs enkele voorbeelde uit talle wat aangehaal kan word om die Bantoe-adviesrade se aandeel in die ontspanningsopset van Soweto te illustreer. Die senior ontspanningsbeampte woon die vergaderings van die Bantoe-adviesraad in raadgevende hoedanigheid by indien sake in verband met ontspanning op die agenda verskyn.

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1954:I:567

2. Notules: Ibid., 1955:II:739

5.1.3 STEDELIKE BANTOERADE

Die daarstelling van die wetlike masjienerie om Stedelike Bantoerade tot stand te bring deur die Wet No. 79 van 1961 was 'n logiese gevolg van die Adviserende Bantoerade wat deur administrateurs van Bantoe-aangeleenthede as onsuksesvol beskou is. Die regering se doel met hierdie wet was om 'n nouer skakeling tussen stedelike Bantoe-administrasie en die Bantoe-tuislande te bewerkstellig en om groter verantwoordelikheid vir plaaslike bestuur in die hande van die Bantoe self te plaas.

Die Bantoe-adviesrade in Johannesburg het op 31 Desember 1967 opgehou funksioneer en op 10 Januarie 1968 is regulasies uitgevaardig waarvolgens die Stedelike Bantoeraad ingestel is.¹⁾ Hierdie regulasies het voorsiening gemaak vir die verkiesing van lede vir die raad uit die agt Nasionale volksgroepe om hulle mense te verteenwoordig. Ook is daar voorsiening gemaak vir die aanstel van 'n seker persentasie raadslede wat as die verteenwoordigers van die tuislande sou dien, sodat hulle na die belange van die tuislande kon omsien.

Die Stedelike Bantoerade se werksaamhede is naasteby dieselfde as dié van die vroeëre Bantoe-adviesrade, maar word nou deur vier komitees waargeneem wat respektiewelik vir geriewe (insluitende ontspanning), opvoeding en gesondheid, vervoer en handel en algemene doeleindes en behuising ver-

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1967/68, p. 2

antwoordelik is. Aanbevelings van hierdie raad word vir oorweging aan die Johannesburgse stadsraad voorgelê. ¹⁾ Hierdie Stedelike Bantoeraad is by Jabulani in 'n prestige-gebou gehuisves. Die gebou is teen 'n koste van R200 000 opgerig en op 30 Maart 1968 deur die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling geopen. ²⁾

5.2 DIE ADMINISTRATIEWE PROSESSE BENODIG VIR DOELTREFFENDE BESTUUR

Volgens Cloete moet die volgende administratiewe prosesse onder andere, benewens die funksionele bedrywighede, vir doeltreffende bestuur onderneem word: 1) Beleidbepaling, 2) Finansiering, 3) Personeelvoorsiening en -benutting en 4) Beheer. ³⁾

5.2.1 BELEIDBEPALING

Die Johannesburgse stadsraad het in 1964 onder andere die volgende funksies aan die Tak Gemeenskapsdienste waaronder die Seksie Ontspanning ressorteer, toegeskryf:

- i) "The planning, control and allocation of all premises specially provided for community, recreational, cultural and leisure-time activities;
- ii) The planning, organising and controlling of all sporting, cultural, community and other leisure-time activities;

-
- 1. LEWIS, R.B., A "City" within a City, p. 31
 - 2. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1967/68, p. 1
 - 3. CLOETE, J.J.N., Die Administrasie van Openbare Parke, p. 3 (Referaat)

- iii) The development and maintenance of all parks, sportsfields, open spaces and swimming pools."¹⁾

Daar is dus 'n definitiewe beleid waarvolgens die Seksie Ontspanning werkprogramme kan opstel om aan hierdie beleid uitvoering te gee en om vir die toekoms te beplan. Om uitvoering aan hierdie beleid te gee, moet daar verder gedetailleerde begrotings opgestel word om die ordelike beplanning van ontspanningsfasiliteite in Soweto te bewerkstellig.

Hierdie beleid vir die voorsiening van ontspanningsfasiliteite en -dienste het nie oornag ontstaan nie, maar het deur die jare uit die behoeftes van die Bantoe-gemeenskap ontwikkel. Die faktore wat bygedra het tot die daarstelling van ontspanning vir die Bantoe in Johannesburg (p. 130 tot p. 148) het 'n aansienlike bydrae tot die ontwikkeling van hierdie beleid gelewer.

Grond vir die ontwikkeling van sport- en ontspanningsfasiliteite word in Soweto nie op 'n losse grondslag toegeken nie, maar wel volgens standarde en riglyne wat deur die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie daargestel is. Hiervolgens word 'n bepaalde persentasie van die grond waarop 'n woonbuurt beplan word, vir ontspanningsfasiliteite gereserveer.

Die probleem in Soweto is dat grond wat vir ontspanningsdoeleindes afgesonder is, nie noodwendig daarvoor gebruik

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1964:II:3042

sal word nie. Hierdie probleem bestaan egter dwarsdeur Suid-Afrika en is in die jongste tyd veral in die nuus wanneer grond wat vir parke- en ontspanningsdoeleindes afgesonder is, vir die bou van paaie gebruik word.

In Soweto word hierdie grond dikwels gebruik vir die bou van skole. Dit bewys dat daar met die beplanning van sekere woonbuurte te min grond vir hierdie doel afgesonder is. Dit het tyd geword dat daar op sentrale, provinsiale en munisipale owerheidsvlak gedink word aan 'n beleid wat die verpligtinge van elke owerheidsvlak ten opsigte van die behoud van grond wat vir hierdie doeleindes afgesonder is, duidelik sal omskryf.

Die riglyne waarvolgens so 'n afdeling soos die Seksie Ontspanning sy dienste aanbied, word bepaal in ooreenstemming met die beleid van die stadsraad. Daar is ook die regering se beleid ten opsigte van sportaangeleenthede wat deur hierdie Seksie in ag geneem moet word.

Kom ons kyk vir 'n oomblik na die toestand wat in Bantoesokker in Suid-Afrika aangetref word. Die "South African Bantu Football Association", die instansie in beheer van Bantoesokker in Suid-Afrika, is die enigste liggaam wat deur die sentrale owerheid, munisipale en soortgelyke owerhede as sodanig erken word. Die liggaam is by die "Football Association of Southern Africa", die blanke behorende liggaam wat deur die internasionale liggaam erken word, geaffilieer. Op hierdie gronde erken die Afdeling Nie-blankesake van Johannesburg slegs die "South African Bantu Football Association" en daarom word alle sokkervel-

de in die Johannesburgse woonbuurte slegs aan verenigings wat direk of indirek met hierdie liggaam geaffilieer is, toegeken.

Die Afdeling Nie-blankesake het nog altyd geglo aan die beginsel dat slegs Bantoe-spanne sokker in Bantoewoonbuurte moet speel. Desnieteenstaande was daar nog nooit beware teen 'n geleentheidswedstryd tussen 'n Kleurling- en 'n Bantoespan nie mits toestemming en die nodige permit vooraf volgens die Wet op Groepsgebiede verkry is. Hierbenewens moet die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake ook in terme van Artikel 9(9)(b) van Wet No. 25 van 1945 permitte aan nie-Bantoespanne wat in Bantoewoonbuurte kom speel, uitreik. Die Seksie Ontspanning moet dus gedurig beleid van die regering in hierdie verband in ag neem en uitvoer. Alhoewel sokker hier genoem is, geld die beleid vir enige ander sportgeleentheid.

5.2.2 FINANSIERING

5.2.2.1 FINANSIERING VAN ONTSPANNING IN SOWETO

Die finansies vir die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite en die aanbied van ontspanningsdienste in Soweto word soos in alle ander Bantoewoonbuurte in blanke gebiede in die Republiek van Suid-Afrika, op 'n baie unieke wyse verkry. 'n Gedeelte van die winste wat verkry word uit die verkope van Bantoebier wat deur plaaslike owerhede vervaardig word, word vir hierdie doel aangewend.

Niemand het seker met die vestiging van die Bantoebierbe-

dryf in Johannesburg kon dink watter geweldige groei hierdie bedryf sou belewe nie. ¹⁾ Die produksie van Bantobier en die winste wat daaruit verkry is, het sodanig toegeneem dat die regering in 1941 'n kommissie aangestel het om ondersoek na die hele Bantobierbedryf in die stedelike gebiede in te stel. Hierdie kommissie het onder andere die volgende aanbeveling gedoen:

"It is the considered opinion of the commission that the advancement of Urban Native interests will best be accomplished by the allocation of all beerhall profits to services concerned with social welfare."²⁾

In 1945 is nog 'n kommissie onder voorsitterskap van J.C. Faure aangestel om ondersoek in te stel na die gebruik van die profyte wat uit die verkope van Bantobier verkry word. Hierdie kommissie se aanbevelings is aanvaar en in die Bantoe (Stedelike gebiede) Konsolidasiewet, No. 25 van 1945 opgeneem. ³⁾

-
1. Die Drankwet No. 30 van 1928 het die verkoop van drank aan Bantoes bekragtig. Die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923 het aan plaaslike owerhede die reg verleen om Bantobier te brou en te verkoop. Die Wysigingswet No. 46 van 1936 het plaaslike owerhede genoodsaak om brouerye op te rig. Die eerste Bantobierbrouery is in Desember 1937 op die hoek van Von Wiellighstraat en Villageweg geopen. Van 'n beskeie begin van 500 gelling per dag in 1937 het die produksie in 1967 tot 200 000 gelling per dag by die nuwe brouery in Langlaagte gestyg
 2. Report of the Native Affairs Commission appointed to enquire into the working of the provisions of the Natives (Urban Areas) Act relating to the use and supply of Kaffir beer, 1941, Paragraph 95, p. 11
 3. BURGER, J.A., „Bantobier" - 14de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 30 Augustus - 2 September 1965, p. 93

Met die ophef van die verbod op die verkoop van blanke drank aan Bantoes in 1961 is die monopolie om die drank in Bantoewoonbuurte te verkoop aan plaaslike owerhede gegee. Uit die drankwinkels en sitkamerkroeë wat die stadsraad in Soweto opgerig het, het die bruto inkomste op blanke drank alleen, van R907 889,00 in 1962/63 tot 'n bedrag van R6 438 869,00 in 1971/72 gestyg. Volgens die bepalings van Artikel 19 (3) wat van Wet No. 25 van 1945 word die profyte wat op die verkoop van blanke drank gemaak word tussen die stadsraad (20%) en die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling (80%) verdeel. Die deel van die winste wat deur die stadsraad teruggehou word (20%), word gebruik om behuising te subsidieer (twee-derdes). Die res word vir die verskaffing van welsyns-, ontspannings- en mediese dienste sowel as vir hulptoelae aan behoeftige Bantoes aangewend. Vir die administrasie van hierdie fondse moet plaaslike owerhede 'n spesiale rekening wat die Drankrekening genoem sal word, open. Op presies dieselfde wyse moet daar volgens Artikel 19(1)(c) van Wet No. 25 van 1945 ook 'n spesiale rekening, die Bantobierrekening, deur elke plaaslike owerheid, wat geld uit die verkoop van Bantobier volgens die Bantobierwet van 1962 (Wet No. 63 van 1962) invorder, geopen word.

Volgens Artikel 19(3) mag twee-derdes van die winste uit die verkope van Bantobier gebruik word om behuising te subsidieer. Een-derde van hierdie winste mag gebruik word vir enige diens, uitgawe of toelae wat deur die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling skriftelik goedgekeur word en wat bedoel is om die sosiale of ontspanningsgeriewe van die Bantoe-inwoners binne die gebied van

die plaaslike owerheid of andersins te verbeter.

In verband met die aanwending van hierdie winste uit die verkope van Bantoebier sê Burger die volgende:

„Vanweë die omset beloop profyte wat, soos die nywerheid self, uniek is. Dit gaan langs verskillende weë terug na die Bantoe verbruiker. Dit gee hom leesstof, dit sorg vir sy gemeenskapsaal, dit hou sy sportterrein in stand, dit voorsien in die behoeftes van 'n kleuterskool, en dit bied aan hom veel meer waarsonder hy andersins sou moes klaarkom. Vermaaklikheids-, sport-, maatskaplike en kulturele geriewe word daaruit finansier ----" ¹⁾

Hierdie eiesoortige metode van finansiering word soms op morele gronde gekritiseer. Sedert die plaaslike owerhe- de egter ook blanke drank begin verkoop het, is daar al meer besef dat hierdie besondere vorm van handel soos enige ander handelsaktiwiteit beskou moet word en dat die winste daarop op presies dieselfde manier hanteer moet word as winste op die verkoop van water, elektrisiteit, ensovoorts.

Die verkope van Bantoebier het met die jare baie toegeneem en dienoooreenkomstig het die fondse wat jaarliks aan ontspanningsfasiliteite bestee is, ook gestyg. Die volgende tabel toon die styging in produksie sowel as die styging in winste aan:

1. BURGER, J.A., Op. Cit., p. 92

BANTOEBIER (1960-1972) HOEVEELHEID VERKOOP,
INKOMSTE EN WINS

Jaartal	Produksie in gellings	Inkomste (R)	Wins (R)	Toegeken aan Be- huising (R)	Toegeken aan Wel- syn, ont- spanning ens. (R)
1960/61	14 550 000	2 819 873 1	239 913	826 609	413 304
1964/65	26 009 191	5 204 233 2	223 296	1 482 197	741 099
1968/69	29 213 247	6 667 268 2	807 474	1 871 649	935 825
1971/72	23 653 970	6 236 514 1	790 036	1 193 357	596 679

Volgens syfers wat Lewis ¹⁾ aangee en die syfers wat uit jaarverslae verkry is, blyk dit dat daar sedert die aanvang van Bantoebierverkope in 1937 reeds 'n totale bedrag van R81 561 093 uit die verkope verkry is. Van hierdie bedrag word R33 695 129 as skoon profyt gereken. Aangesien een-derde van hierdie wins vir welsyns-, ontspannings- en sosiale dienste aangewend word, volg dit dat nagenoeg R12 000 000 reeds aan hierdie dienste vir die Bantoebevolking van Johannesburg bestee is.

Die toename in die verkope van blanke drank aan Bantoes in Johannesburg sedert 1962 is ewe-eens fenominaal. Die volgende tabel toon die inkomste, wins en bedrae wat aan behuising, welsyns- en ontspanningsdienste toegewys is, aan.

1. LEWIS, R.B., A "City" within a City, p. 20

BLANKE DRANK (1962-1972) - INKOMSTE EN WINS

Jaartal	Inkomste (R)	Wins (20% van Totale wins) (R)	Toegeken aan Behuising (R)	Toegeken aan Welsyn, <u>ont- spanning</u> , ens. (R)
1962/63	907 889	25 598	17 065	8 533
1965/66	2 951 909	77 852	51 901	25 951
1968/69	4 210 917	85 906	57 271	28 635
1971/72	6 438 869	111 573	74 382	37 191

Die vorige twee tabelle toon die interessante en tergelykertyd onrusbarende feit aan dat die Bantoes van Soweto in die verslagjaar 1971/72 'n totale bedrag van R12 675 383 aan drank bestee het. Hierdie totaal sluit nie drank in wat deur Bantoes by blanke drankwinkels gekoop is nie. Sedert die verkoop van blanke drank by afsetpunte in Soweto in 1962 'n aanvang geneem het, is R199 606 van die wins-te reeds aan welsyn en ontspanning bestee.

5.2.2.2 BANTOE-INKOMSTEREKENING

Met die totstandkoming van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923, wat later gewysig is deur die Bantoe (Stedelijke gebiede) Konsolidasie Wet No. 25 van 1945, is enige plaaslike owerheid wat 'n lokasie bestuur of grond daarvoor opsygesit het of kragtens die Bantoebier Wet No. 63 van 1962 die reg ontvang het om Bantoebier te maak en te verkoop genoodsaak om 'n aparte rekening vir dié doel te open. Dit sou as die Bantoe-inkomsterekening bekend staan.

Die bepalings ten opsigte van die Bantoe-inkomsterekening word volledig in Artikel 19 van Wet No. 25 van 1945 uiteengesit. Die rede vir hierdie wetgewing was blykbaar dat sommige plaaslike owerhede inkomste wat uit die Bantoe-woonbuurte afkomstig was, gebruik het om die blanke belastingbetalers te subsidieer.

Die wet spesifiseer verskillende kategorieë van inkomste waarmee die Bantoe-inkomsterekening gekrediteer moet word, asook die wyse waarop hierdie inkomste aangewend kon word. Die Bantoe-inkomsterekening bestaan uit vyf afdelings. Eerstens moet alle inkomste uit die verkoop van Bantoebier (volgens die Bantoebier Wet No. 63 van 1962) teen die Bantoebierrekening gekrediteer word. Tweedens moet die inkomste uit die verkope van blanke drank (volgens Drankwet No. 30 van 1928) teen 'n rekening wat as die Drankverspreidingsrekening bekend staan, gekrediteer word. Die ander drie afdelings is die Algemene Bantoe-inkomsterekening, die Bantoebier-appropriasierekening en die Heffings vir Bantoe-diensterekening. Volledigheidshalwe word 'n skematiese uiteensetting van die Bantoe-inkomsterekening op p. 242 gegee met die items wat teen elke rekening gekrediteer en gedebiteer kan word.

Om die twee belangrikste afdelings met betrekking tot hierdie werk op die Bantoe-inkomsterekening nader toe te lig, kan ons kyk na bladsy III van die stadsraad van Johannesburg se Uittreksel uit die Rekeninge vir die jaar 1971-72. Die inkomste en uitgawes word net kortliks aangedui asook die appropriasierekening.

Bantoe-inkomsterekening

Bantoebierrekening

Inkomsterekening vir die jaar wat op 30 Junie 1972 eindig

<u>Uitgawes</u>	<u>Inkomste</u>
Salarisse, toelaes, lone, allerlei inkomste, herstel- en onderhoudswerk, lenings- koste en kapitaalbesteding	Bantoebier, verkoop van 6 086 593
4 446 478	Doppe, verkoop van 143 199
Saldo oorgedra na die Appropiasierekening	Diverse inkomste ... 6 722
1 790 036	
R6 236 514	R6 236 514

Appropriasierekening vir die jaar wat op 30 Junie,

1972 eindig

<u>Uitgawes</u>	<u>Inkomste</u>
Gedeelte van wins oorgedra na die Appropriasierekening vir twee-derdes van Bantoebier- en drankverspreidingswins	Saldo oorgedra van die Inkomsterekening
1 193 357	1 790 036
Uitgawe oorgedra van die Bantoe-inkomsterekening (<u>Ontspanning</u> , Welsyn en Sosiale dienste)	
596 679	
R1 790 036	R1 790 036

Uit bostaande uiteensetting blyk hoedat die netto wins op die verkope van Bantoebier vir die jaar 1971-1972 volgens 'n formule gebruik word: twee-derdes van die wins, R1 193 357, is hoofsaaklik vir behuisingsaangeleenthede en een-derde, R596 679 is vir ontspanning, welsyn en sosiale

dienste opsy gesit. Op dieselfde wyse volg daar nou 'n uiteensetting wat die drankverspreidingstak se uitgawes en winste aandui, sodat die verdeling van winste daar ook waargeneem kan word. ¹⁾

Bantoe-Inkomsterekening

Drankverspreidingstak

Inkomsterekening vir die jaar wat op 30 Junie 1972 eindig

<u>Uitgawes</u>	<u>Inkomste</u>
Salarisse, lone toe- laes, allerlei onkoste, herstel- en onderhouds- werk, leningskoste en kapitaalbesteding	Drank, verkoop van 6 357 248 Diverse Inkomste ... 81 621
5 881 007	
Saldo oorgedra na die Appropriasierekening ..	
557 862	
R6 438 869	R6 438 869

Appropriasierekening vir die jaar wat op 30 Junie
1972 eindig

<u>Uitgawes</u>	<u>Inkomste</u>
Gedeelte van wins aan Sekretaris van Bantoe- Administrasie en -Ontwik- keling betaalbaar	Saldo oorgedra van die In- komsterekening 557 862
446 289	
Gedeelte van wins oorge- dra na die Appropriasie- rekening vir twee-derdes van Bantoebier en Drank- verspreidingswins 74 382	

1. Uittreksel uit die rekeninge: Stadsraad van Johannes-
burg, 1971-1972, p. 114

vervolg/.....

<u>Uitgawes</u>	<u>Inkomste</u>
Uitgawes oorgedra van die Bantoe-inkomste- rekening 37 191 (Ontspanning, wel- syn, ens.)	
<u>R557 862</u>	<u>R557 862</u>

Ons sien dus dat 80% van die netto winste uit die verkoop van blanke drank aan die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling uitbetaal word, terwyl twee-derdes van die oorblywende 20% van die netto winste hoofsaaklik vir behuisingsaangeleenthede en een-derde van die 20% vir ontspanning, welsyn en sosiale dienste gebruik word.

Daar moet onthou word dat ontspanning slegs op 'n gedeelte van die bedrae wat in 1971/72 toegeken is, kan staatmaak omdat die bedrae van R596 679 (Bantoebier) en R37 191 (blanke drank) wat 'n totaal van R633 870 gee, verdeel word onder ontspanning, welsyn en sosiale dienste. Die Seksie Ontspanning kry net 'n gedeelte van die geld en dit is mis- kien ontoereikend. Die Algemene Bantoe-inkomsterekening (sien p. 242) maak voorsiening hiervoor deurdat uitgawes wat skriftelik deur die Minister goedgekeur is teen hier- die rekening gedebiteer kan word. Die bedrag van R633 870 wat vir ontspanning, welsyn en sosiale dienste beskikbaar is, word na die Algemene Bantoe-inkomsterekening oorgeplaas waar dit gebruik word om uitgawes in verband met bogenoem- de aspekte te dek. ¹⁾

1. Uittreksel uit die rekeninge: Stadsraad van Johannes- burg, 1971-1972, p. 103

BANTOEBIER-INKOMSTEREKENING ARTIKEL 19 - WET 25 VAN 1945

Algemene Bantoe- Inkomsterekening	Bantoebier-rekening	Bantoebier-appropriasierekening	Heffings vir Bantoe dienste-rekening - Nie van toepassing	Drankrekening
<u>Krediet</u> 1) Boetes 2) Registrasiegeld 3) Huishuur & huur van Besighede 4) Diensheffing 5) Boetes & Borgtog volgens Art. 9/10/10bis van Wet 25 van 1945 6) Artikels: 122/124 129 en 133 i) Drankwet No. 30 van 1928 ii) Bantoebierwet No. 63 van 1962 <u>Debiet</u> 1) Dienste vir die daarstel van Bantoe woonbuurte 2) Alle wetsdienste wat gelewer word 3) Dienste wat skriftelik deur Minister goedgekeur word 4) Uitgawes i.v.m. Arbeidsburo 5) Uitgawes i.v.m. stedelike Bantoe-arbeid 6) Hulptoelaes	<u>Krediet</u> 1) Inkomste uit verkope 2) Inkomste uit lisensies en permitte <u>Debiet</u> 1) Uitgawes i.v.m. produksie en aflewering van bier 2) <u>Enige diens, uitgawe of toelae vir die verbetering van sosiale of ontspanningsfasiliteite wat skriftelik deur die Minister goedgekeur word (een-derde van netto wins)</u> 3) Twee-derdes van wins word na die Bantoebier-appropriasierekening oorgeplaas	<u>Krediet</u> 1) Twee-derdes van netto wins oorgeplaas van Bantoe bier-rekening 2) Twee-derdes van 20% van die netto winste uit verkope van blanke drank <u>Debiet</u> In die algemeen word hierdie fondse i.v.m. behuising gebruik - verliese op behuisingskemas, kapitaaluitgawes, instandhouding, ensovoorts		<u>Krediet</u> Alle inkomste in verkope van blanke drank <u>Debiet</u> 1) Uitgawes i.v.m. verkoop van drank 2) 80% van netto wins word volgens sub-artikel (7) van Artikel 100 bis van die drankwet van 1928 aan die sekretaris van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling uitbetaal 3) <u>Enige diens, uitgawe of toelae in belang van die Bantoe wat skriftelik deur die Minister goedgekeur word. (nie noodwendig in daardie plaaslike owerheid se gebied nie) - 20% (2/3 na Appropriasie-rekening 1/3 vir ontspanning en welsynsdienste)</u>

Dit is egter baie jammer dat die stadsraad van Johannesburg se Uittreksels uit die Rekeninge nie gedetailleerde uiteensettings van elke jaar se presiese besteding aan ontspanningsfasiliteite en ontspanningsdienste in die Bantowoonbuurte aangee nie. Die werklike besteding was volgens die verslag van 1971-72 'n bedrag van R455 783 en alhoewel daar 'n uiteensetting op bladsy 108 verskyn, word slegs 'n paar items gegee (wat glad nie voldoende is vir die doeleindes van hierdie projek nie) waaronder een uitgawe as "ander" geklassifiseer word en dit beloop 'n bedrag van R139 384. Vir die doeleindes van hierdie projek sou ons baie graag nadere spesifikasie wou hê van waaraan die R139 384 in die Seksie Ontspanning bestee is. Om hierdie rede kan ons ons dus wend tot die beramingssyfers, want alhoewel dit nie 'n presiese weergawe van bestedings in 'n betrokke jaar is nie, is die verskille nie baie groot nie. Dit gee ons 'n idee van wat die finansiële administrasie van so 'n Seksie Ontspanning behels en waarvoor daar elke jaar in so 'n ontspanningsafdeling begroot moet word. Die begroting word elke jaar deur die stadsraad van Johannesburg in boekvorm gedruk en bevat die beramingsyfers vir daardie betrokke jaar. Om 'n uiteensetting te kry van waaraan geld in die Seksie Ontspanning bestee word, kyk ons na die Samevatting van die Beramingsyfers vir die jaar 1970-71, p. 79.

Afdeling Nie-blankesake - Seksie Ontspanning

Uitgawes

Salarisse, Lone en Toelaes

Salarisse van blankes	42 800
Toelae aan blankes	3 500

Salarisse van Bantoes	41 300
Lone aan Bantoes	26 400
Toelae aan Bantoes	8 700
	122 700

Allerlei Onkoste

Orkes onkoste	18 000
Rolprentvertonings	20 000
Baaikostuums, aankoop van	2 000
Elektrisiteitsverbruik	4 100
Versekering	4 100
Biblioteekdiens	23 000
Vervoertoelaes	4 900
Reg van opvoerings	500
Drukwerk en skryfbehoeftes	500
Voorraad en materiaal	8 200
Telefone	2 000
Vervoer	9 400
Waterverbruik	11 200
	104 600

Herstel- en Onderhoudswerk

Geboue	11 200
Elektriese installasies	400
Meubels	800
Kantoormasjiene	300
Masjinerie en uitrusting	1 500
Sportterreine	80 000
Gereedskap	1 200
	95 400

Leningskoste

Rente	14 000
Delgingsbedrag	17 300
	31 300

Kapitaalbesteding

Meubels, aankoop van	2 800
Masjiene, aankoop van	5 550
	8 350

Totaal: Bruto UitgaweR362 350

Hierdie uiteensetting maak voorsiening vir die lopende uitgawes vir die jaar 1970/71 en sodanige uitgawes word uit die Bantoe-inkomsterekening gefinansieer. Vir kapitaalprojekte wat groot somme geld verg, word ook jaarliks 'n begroting opgestel. Die geld vir die finansiering van hierdie projekte, wat meestal oor 'n paar jare aangepak word, word gewoonlik uit die Gekonsolideerde Leningsfonds, die Kapitaalontwikkelingsfonds, Spesiale fondse of deur subsidies en bydraes van die publiek verkry. Hierdie lenings word dan weer jaarliks uit die Bantoe-inkomsterekening gedelg (sien leningskoste op p. 244). Op die volgende bladsy volg 'n tabel wat kapitaalprojekte wat gedurende 1970/71 gefinansieer moes word saam met die bronne waaruit dit gedoen is, aantoon.

Dit is reeds op verskeie plekke pertinent gestel dat die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling se toestemming verkry moet word vir die gebruik van finansies uit die Bantoe-inkomsterekening. Hierdie vereiste word in Artikel 19(5) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet No. 25 van 1945 neergelê en dit lees soos volg:

"The appropriation of moneys from the Bantu revenue account shall not take place otherwise than in accordance with estimates of expenditure which have passed by the urban local authority under the law governing

Projekte	Beraamde uitgawe 1970/71 (R)	Gekonsoleerde leningsfonds (R)	Spesiale fondse (R)	Privaat-bronne (R)	Geraamde koste van skema			Bykomende leningsbevoegdheid wat vereis word (R)
					Voor 1 Julie 1970 (R)	Na 30 Junie 1971 (R)	Eindto-taalkoste (R)	
Amfiteater	70 000			70 000	124 000		194 000	
Klubgebou - Gholfbaan	14 000		14 000				14 000	
Gemeenskapsale	70 000	70 000			150 000	140 000	360 000	
Aanbouingswerk - Orlandostadion	2 000			2 000	10 000		12 000	
Orlandostadion - Fietsrybaan	20 000	20 000			68 000	76 000	164 000	108 000
Spreiligte - Sportterreine	13 000		13 000			13 000	26 000	
Ontspanningsale	6 000		6 000		4 000	6 000	16 000	
Verbeterings - Gholfbaan	5 000		5 000		17 000	20 000	42 000	
Swembad - Orlando-Oos	65 000	65 000				130 000	195 000	65 000
Swembad - Senaoane	10 000	10 000			50 000		60 000	
Graskolfblad - Moroka	3 000		3 000				3 000	
Teater	25 000	25 000			50 000	315 000	390 000	390 000

1. LENINGSBEVOEGDHEID: (Sien p. 252)

such urban local authority and approved in writing by the Minister or an officer designated thereto by him, subject to such conditions as he may deem fit: Provided that such estimates shall, except in the case of the appropriation of moneys from the Bantu services levy fund be prepared by such urban local authority after consultation with the Bantu advisory board or boards ---- or with an urban Bantu council established under section two of the Urban Bantu Councils Act, 1961 (Act No. 79 of 1961) ----"

Behalwe die goedkeuring van die Minister is daar nog drie voorwaardes wat nagekom moet word voordat geld uit die Bantoe-inkomsterekening gebruik kan word. Eerstens moet dit geskied deur middel van die jaarlikse begroting, tweedens moet die uitgawes deur die stadsraad goedgekeur word en derdens moet die Stedelike Bantoeraad in die opstel van die begroting geken word. Die geskrewe kommentaar van die Stedelike Bantoeraad op die begroting moet deur die plaaslike owerheid oorweeg en aan die Minister gestuur word.

5.2.2.3 JAARLIKSE BEGROTING VIR ONTSPANNING

Die begroting vir die Seksie Ontspanning word deur die senior ontspanningsbeampte, in oorleg met die twee ontspanningsbeamptes, opgestel. Die drie persone teken enige aspek wat gedurende die jaar in verband met die begroting onder bespreking kom, aan. Wanneer die begroting opgestel word (inkomsterekening sowel as kapitaalbesteding), word hierdie aantekeninge geraadpleeg, sportorganiseerders word gevra vir voorstelle in verband met ontspanning (behoefte ten opsigte van fasiliteite in elke organiseerder

se gebied), die publiek se versoeke gedurende die jaar in verband met ontspanning, en die Stedelike Bantoeraad se aanbevelings word almal in aanmerking geneem by die opstel van veral die kapitaalebegroting waarin daar vir nuwe projekte voorsiening gemaak moet word. Volgens die behoeftes en versoeke stel die senior ontspanningsbeampte dan 'n lys van projekte volgens prioriteite op. Die drie ontspanningsbeamptes kort dit indien nodig, verder in om so die kapitaalebegroting binne redelike perke te hou.

- . Daar is ongelukkig nog nie standarde in Suid-Afrika wat as riglyne by die vasstelling van die omvang van 'n begroting vir ontspanningsdepartemente kan dien nie. Arnold ¹⁾ het 'n opname van beperkte omvang in Transvaal gedoen en tot tyd en wyl gegewens wat op 'n landswye opname berus, beskikbaar is, kan daar met vrug van hierdie resultate gebruik gemaak word. Hy het die werklike syfers in verband met die jaarlikse besteding aan parke en ontspanning (lopende uitgawes) van 'n aantal stadsrade uit hulle geouditeerde state geneem en dit as 'n persentasie van die totale begroting van die belastingfondsinkomsterekening uitgedruk. Uit hierdie gegewens blyk dit dat die lopende uitgawes van 'n Parke- en Ontspanningsdepartement tussen 5% en 10% van die totale uitgawes moet beloop. Wanneer 'n stadsraad minder as 5% van die totale begroting van die belastingfondsinkomsterekening aan parke en ontspanning bestee, word die belastingbetaler veronreg in dié opsig dat hy basiese ontspanningsfasiliteite moet ontbeer of dat die wat

1. ARNOLD, O.V., Finansiering en Probleme met Finansiering van Parke - Park Administration, 5 Januarie 1971, p. 78

wel bestaan nie voldoende is nie. Meer as 10% is weer onrealisties en die hoof van 'n Parke- en Ontspanningsdepartement wat soveel aanvra, kan verwag dat van die items op sy begroting geskrap sal word.

Daar word in twee begrotings vir die Seksie Ontspanning voorsiening gemaak, naamlik vir lopende uitgawes in die begroting uit die Bantoe-inkomsterekening en vir die voorsiening van onder andere nuwe fasiliteite of uitbreiding aan bestaande fasiliteite uit die Bantoe-inkomsterekening. Die begroting vir die lopende uitgawes lewer nie baie probleme nie.

Uit die uiteensetting van sodanige lopende uitgawes op bladsy 243 blyk dit dat die uitgawes eerstens gaan aan salarisse, lone en toelaes. Dié uitbetalings word deur die tesouriers-afdeling gedoen. Onder allerlei onkoste val items soos elektrisiteitsverbruik, versekering, telefone, vervoertoelaes en soortgelyke items. Dit bedra gewoonlik baie min en 'n taamlik akkurate beraming kan gedoen word. Dieselfde geld vir orkesonkoste (herstel van instrumente, aankoop van bladmusiek, ensovoorts), rolprentvertonings (huur van films, herstelwerk, ensovoorts), die aankoop van baaikostuums (om stukendes te vervang), voorraad en materiaal (politoer, spykers, skroewe, besems ensovoorts) en al die ander items wat daar genoem word.

Herstel en onderhoudswerk moet versigtiger benader word. Waar beramings deur deskundiges gedoen kan word, moet daar nie gehuiwer word om hulle te raadpleeg nie. Die herstel- en onderhoudswerk aan geboue word vir die Seksie Ontspan-

ning deur die Stadsingenieursafdeling gedoen. Hulle verskaf dan ook 'n beraming vir die komende jaar se herstel- en onderhoudswerk aan geboue. Dieselfde geld vir herstel- en onderhoudswerk aan masjinerie, uitrusting, meubels, elektriese apparaat, gereedskap en dergelike items.

Herstel- en onderhoudswerk aan sportterreine is die terrein van die ontspanningsbeampte. Ondervinding in die bera- mings vir hierdie aspek van die werk word met die tyd op- gedoen. Sportvelde in Soweto lewer nie veel probleme nie aangesien slegs dié in die stadions met gras beplant is en die ander met gereelde tussenposes geskraap word. 'n Stan- daard bedrag van R20 per dag (1972) (trekker en bestuurder) word hiervoor toegeken. Die ontspanningsbeampte is op hoogte van die toestand van ander fasiliteite soos byvoor- beeld die draad of die speelvlak van 'n tennisbaan, dus kan hy vooruitberamings vir die nodige herstelwerk doen. Daar moet ook in gedagte gehou word dat nuwe sportterreine wat gedurende die jaar gemaak is, in aanmerking geneem en in die beraming van lopende uitgawes ingesluit moet word.

Die kapitaalebegroting van 'n ontspanningsafdeling in 'n Af- deling Nie-blankesake is egter heelwat meer omslagtig en daar is meer werk aan verbonde. Nadat besluit is watter projekte die volgende finansiële jaar aangepak gaan word en die begroting opgestel is, word dit na die bestuurder wat ook die begroting van al die ander afdelings ontvang, gestuur. Hierdie begroting word saamgevat en aan die Nie- blankesakekomitee voorgelê vir goedkeuring.

Artikel 35 van die stadsraad se finansiële regulasies be-

paal dat projekte waarvoor leningsbevoegdheid (borrowing powers) verkry moet word, slegs gedurende Julie van elke jaar oorweeg sal word. Begrotings vir kapitale uitgawes word dus gedurende hierdie tyd van die jaar voorgelê.¹⁾

Nadat die begroting deur die Nie-blankesakekomitee goedgekeur is, word dit vir goedkeuring eers aan die bestuurskomitee van die stadsraad en dan aan die volle stadsraad voorgelê. Hierdie "pad" wat die begrotings na die volle raad volg, moet help verseker dat die begrotings noukeurig en binne die perke van redelikheid opgestel word. Dit is nodig omdat ontspanningsprojekte gewoonlik eerste in die slag bly wanneer besnoeiing van finansies in 'n stadsraad toegepas word. Dit help ook baie om die beplande projekte in die begroting te motiveer want anders kan noodsaaklike items van die begroting afgehaal word terwyl minder belangrike items behoue bly.

Ons het reeds daarna verwys dat lopende uitgawes uit die inkomsterekening gedek word. Kapitale uitgawes word egter uit ander bronne betaal. Hier is daar veral twee fondse waarna daar verwys sal word. Die belangrikste bronne wat finansies vir kapitaal projekte voorsien, is die Gekonsolideerde Leningsfonds en die Kapitaalontwikkelingsfonds. Die Gekonsolideerde Leningsfonds is 'n fonds wat verkry word deurdat die stadsraad jaarliks of soos benodig, 'n globale som geld van buite-instansies leen.²⁾

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1948:II:757

2. Die Ordonansie op die Gekonsolideerde Leningsfonds vir Munisipaliteite, No. 9 van 1952 maak voorsiening vir hierdie tipe finansiering

Hierdie geld word vir kapitaalprojekte gebruik en rente en delgingsgeld word jaarliks teen die inkomsterekeninge gedebiteer. Die Kapitaalontwikkelingsfonds is 'n interne fonds wat opgebou word deurdat jaarlikse oorskotte daarin gestort en vir kapitaalprojekte gebruik word.

Voordat die stadsraad die begrotings vir die Afdeling Nie-blankesake kan goedkeur, moet hulle voor die Stedelike Bantoe-raad gelê word vir kommentaar. Nadat die stadsraad die begrotings goedgekeur het, word hulle na die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling verwys vir goedkeuring en leningsbevoegdheid. Toestemming vir leningsbevoegdheid moet in geval van die Gekonsolideerde Leningsfonds ook van die Administrateur van die Provinsie verkry word. Aangesien die Kapitaalontwikkelingsfonds intern is, hoef die Administrateur se goedkeuring nie hiervoor verkry te word nie. Wanneer die Seksie Ontspanning dan in kennis gestel word daarvan dat die Minister die begroting goedgekeur het, moet die projekte van die Seksie Ontspanning wat op die kapitaalebegroting ingesluit is, gemotiveer word vir hernieuwe aansoek om spesifieke ministeriële goedkeuring.

Vir elke projek word nou apart aansoek gedoen en elke aansoek sluit die volgende inligting aangaande die projek in: Die doel waarvoor die fasiliteit vereis word en die noodsaaklikheid daarvan; die totale koste van die projek met 'n ontleding daarvan (byvoorbeeld hoeveel die materiaal, arbeid, vervoer en apparaat sal kos); uit watter bron die projek gefinansier word. Waar nodig moet twee kopieë van die plan van die projek die aansoek vergesel. Indien leningsbevoegdheid verkry is, moet aangetoon word wanneer di-

deur die Minister en die Administrateur goedgekeur is.

Wanneer die stadsraad nou in kennis gestel word dat die Minister spesifieke goedkeuring verleen het, word die projekte weer voor die volle stadsraad gelê sodat die geld be-willig en die Afdeling Nie-blankesake aangesê kan word om voort te gaan met die werk.

Indien kapitaalprojekte (byvoorbeeld 'n swembad) op die be-groting ingesluit word, moet onkoste in verband met die projek wat jaarliks herhaal gaan word (salarisse en in-standhoudingskoste), ook ingesluit word want volgens Arti-kel 19(5) van Wet No. 25 van 1945 moet hierdie lopende on-koste ook deur die Minister goedgekeur word.

By die voltooiing van 'n projek wat uit die Gekonsolideerde Leningsfonds gefinansier is en waarop 'n besparing of oorbe-steding van meer as 10% getoon is, moet 'n verduideliking daarvoor ooreenkomstig Artikel 16 van die Finansiële Regu-lasies gegee word.

5.2.2.4 EFFEKTIEWE BESTEDING VAN FONDSE VIR DIE ONTWIKKELING VAN ONTSPANNINGSFASILITEITE

„Effektiewe besteding beteken dat verkeerde uitgawes verhoed word en dat die uitgawes wat wel plaasvind, resultate wat meetbaar voordelig is, sal meebring. Die hoofamptenare moet dus stappe doen om algaande die uitgawes te beheer sonder om vir die ouditeurs of die werkstudiebeamptes te wag om hulle op geldverkwisting te wys.”¹⁾

1. CLOETE, J.N.N., Die Administrasie van Openbare Parke
- Referaat, p. 9

Die Seksie Ontspanning, trouens geen afdeling kan bekostig om geld wat vir 'n sekere projek bewillig is te gebruik sonder om behoorlik boek te hou van die uitgawes soos die projek vorder nie. Daar kan baie maklik oorbestede word of andersins kan sekere aspekte van die projek afgeskeep word terwyl daar nog genoeg geld beskikbaar is. Dit help nie om na die tesouriersafdeling te gaan om by hulle navraag te doen oor hoeveel geld nog vir 'n projek beskikbaar is nie, want met die nuwe rekenaarstelsel neem dit 'n hele tyd voordat rekenings vir materiaal en ander benodighede betaal is en die gegewens deur die rekenaar verwerk is. Om hierdie rede is noukeurige boekhouding deur die ontspanningsbe-ampte noodsaaklik. Hierdie boekhouding geld hoofsaaklik vir kapitaalprojekte wat deur die Seksie Ontspanning self uitgevoer word.

Onder kapitaalprojekte word verstaan die konstruksie van tennisbane, sportvelde, korfbalbane, atletiekbane, die maak van weervaste oppervlaktes vir tennisbane, gholfbane (in samewerking met die parke-afdeling) en rolbalbane. Groter projekte waarvoor daar op die Seksie Ontspanning se kapitaalbegroting voorsiening gemaak word, word meestal deur ander departemente van die stadsraad behartig. Die Seksie Ontspanning reik slegs 'n werksorder aan betrokke afdelings uit. Hulle oefen dan volle beheer uit oor die ontwikkeling en oorhandig die projek aan die Seksie Ontspanning wanneer dit voltooi is.

Daar moet gewaak word teen die neiging by sommige Parke- en Ontspanningsdepartemente wat soveel konstruksiewerk as moontlik doen as deel van die onderhoudsprogram. Hierdie

onkoste word dan as lopende uitgawes bereken terwyl die werk eintlik as 'n kapitaalprojek op die begroting moes verskyn het. Dit word gedoen met arbeiders, apparaat, voertuie en materiaal wat vir die onderhoudsprogram gebruik moes gewees het. Hierdie werkswyse openbaar aan die kant van die betrokke hoof 'n algehele gebrek aan die basiese kennis van beplanning en organisasie. Die beeld van die betrokke Parke- en Ontspanningsdepartement kan daardeur baie skade berokken word. Baie hoofde maak hulle doelbewus hieraan skuldig omdat die globale bedrag vir herstel- en onderhoudswerk met begrotingstyd moeilik besnoei kan word. Daar is veral vier nadele aan hierdie werkswyse verbonde:

1. „Dit beteken dat die inkomsterekening alleen die volle implikasie van kapitaalbesteding dra en dit nogal sonder om dit in die balansstaat te toon as 'n kapitaal uitgawe.“¹⁾
2. Die herstel- en onderhoudswerk wat op die inkomste-begroting aangedui word, is baie hoër as wat dit in werklikheid is en sodoende word die stadsraad mislei wat betref die koste verbonde aan die instandhouding van sy parke- en ontspanningsfasiliteite.
3. Indien daar op hierdie wyse te werk gegaan word, is dit moeilik om realistiese bedrae vir die ontwikkeling van kapitaalprojekte soos die bou van tennisbane te bekom. Die enigste manier om noukeurig te begroot vir 'n projek is om na te gaan wat die kosteberekening van 'n vorige soortgelyke projek was. Hierdie werkswyse sal te groot besparings of oorbestedings tot gevolg hê.

1. ARNOLD, O.V.S., Finansiering en Probleme met Finansiering van Parke - Park Administration, 5 Januarie 1971, p. 81

4. Instandhoudingswerk ly daaronder as arbeid, vervoer en apparaat gedurig vir kapitaalontwikkeling gebruik word. Indien die projek op die kapitaalebegroting verskyn word tydelike arbeid en vervoer gehuur totdat die projek afgehandel is. Kapitaalwerk moet dus geen inbreuk maak op die normale werkprogramme van die ontspanningsafdeling nie.

Uit ondervinding weet die ondersoeker dat kosteberekening vir die meeste ontspanningsbeamptes en ander personeel van Parke- en Ontspanningsdepartemente 'n magdom van ingewikkelde berekenings beteken. Hierdie berekenings dek onder andere die aantekening van koste van materiaal, die salarisse van arbeiders en die onkoste in verband met die huur van masjinerie en vragmotors. Daar is geen onbekende elemente in hierdie boekhouding van uitgawes nie.

Om hierdie metode te illustreer, neem ons twee voorbeelde uit werk wat vroeg in 1972 deur die Seksie Ontspanning van die Afdeling Nie-blankesake onderneem is. In die eerste geval is R6 000 bewillig vir die voorsiening van weervaste oppervlakte vir vyf tennisbane. Die miershoop-oppervlakte van die tennisbane sowel as die draad om die tennisbane was in 'n baie swak toestand en 'n groot gedeelte van die pype en draad moes vervang word. Dertien arbeiders is vir die duur van die projek teen R10,50 per week in diens geneem. Dit het 12 weke geduur om die projek te voltooi sodat die totaal wat aan arbeid bestee is, R1 573,50 was. (Arbeiders word nie vir die tyd betaal wat hulle afwesig is nie.)

Arbeidsonkoste van projek

<u>Betaalweek</u>	(R)
1	123,50
2	120,00
3	136,50
4	136,50
5	136,50
6	136,50
7	136,50
8	126,00
9	130,00
10	126,00
11	136,00
12	130,00
	R1 573,50 (a)

'n Vibrasie-roller is teen R20,00 per dag gehuur, Hierdie roller het vir 30 dae gewerk, maar het soms onklaar geraak en kon 'n paar keer weens reën nie werk nie. Onkoste word dan pro rata bereken.

Totale onkoste van roller = R487,00 (b)

Heelwat materiaal moes aangekoop word en is bestel en afgelewer deur die magasyn van die Afdeling Nie-blankesake. Die pryse van materiaal kan gewoonlik van die stoorman verkry word.

Materiaal

418'x $\frac{1}{2}$ " waterpyp	@ 8,35 c/vt.	34,90
220'x $\frac{3}{4}$ " waterpyp	@ 10 c/vt.	22,00
10'x2"x14' ysterpale	@ R6,10 per lengte	61,00
5'x3"x14' ysterpale	@ R9,80 per lengte	49,00
6'x1 $\frac{1}{2}$ " (2) Ogiesdraad	@ R13,52 per rol	27,04

6'x1½" (2) Diamantdraad	@ R19,88 per rol	39,76
4'x1½" (2) Diamantdraad	@ R17,50 per rol	35,00
60m ³ - ¾" Klip	@ R3,01 per m ³	180,60
30m ³ - ¼" Klip	@ R3,08 per m ³	92,40
10m ³ - ½" Klip	@ R3,49 per m ³	34,90
10m ³ - 1/8" Klip	@ R3,49 per m ³	34,90
14m ³ - Riviersand	@ R3,60 per m ³	36,00
200'x5/8" Staal		30,00
150 Sakke sement	@ 80c	120,00
100' 1½"x1½" Hout		2,00
12 Planke		30,00
		R829,50 (c)

Die materiaal waarmee die weervaste oppervlakte van die tennisbaan gemaak is, is deur 'n maatskappy vervaardig en by die bane afgelewer.

Spesiale Bitumen- en klipmengsel

200 Ton	@ R9,64 per ton	R1 928,00 (d)
---------	-----------------	---------------

'n Vragmotor is gehuur om die arbeiders elke dag na die terrein en terug te vervoer en gedurende die dag is dit gebruik om materiaal en ander benodighede aan te ry.

Vragmotor

57 Dae	@ R20,00 per dag	R1 140,00 (e)
--------	------------------	---------------

Wanneer totale (a) (b) (c) (d) en (e) opgetel word, sien ons dat die projek 'n totale bedrag van R5 957,50 beloop het.

In die tweede geval is daar vir 'n bedrag van R5 000,00 begroot om vier sokkervelde en een dubbele tennisbaan (miers-
hoop) op 'n sekere terrein uit te lê. Daar is begin met

die gelykmaak van die sokkervelde en daarvoor is 'n stootskraper van 'n kontrakteur teen R58,50 per dag gehuur. Hierdie stootskraper, soos alle ander masjinerie van die kontrakteur, word deur Bantoes beman en dit is noodsaaklik om altyd iemand op die terrein te hê wat die werk van die masjien kontroleer. Hierdie masjien het 62 dae gewerk om die sokkervelde gelyk te kry.

Stootskraper vir 62 dae @ R58,50 per dag = R3 330,46 (a)

Die volgende materiaal is vir die dubbele tennisbaan aangekoop:

12x3"x14' Ysterpale	@ R13,67 per lengte	164,00
40x2"x14' "	@ R5,47 " "	218,80
4x4"x5'6" "	@ R5,40 " "	21,60
6'x1½" (5 rolle diamantdraad)	@ R20,00 per rol	100,00
6'x1½" (4 rolle ogiesdraad)	@ R13,92 " "	51,68
506'x1" Waterpyp	@ 16c per voet	80,96
2x1" T-aansluiting	@ 24c elk	0,48
4x1" L-aansluiting	@ 19c elk	0,76
1 Rol Bloudraad	@ R5,84 per rol	5,84
2x6'x3'6" Hekke	@ R3,34 per hek	6,68
2 Gellings swart verf	@ R2,65 per gelling	5,30
		R656,10 (b)

Die Stadsingenieursafdeling het vier stelle sokkerpale uit 3" (75mm) waterpyp gemaak:

4 Stelle sokkerpale @ R66,00 per stel R264,00 (c)

Aangesien die Seksie Ontspanning sy eie span werkers het wat spesialiseer in die bou van tennisbane, is slegs tien ekstra arbeiders tydelik in diens geneem om daaglikse onderhoudswerk te verrig sodat die span die tennisbane kon

voltooi. Hulle is besoldig met die geld wat vir die maak van die tennisbaan beskikbaar was. Die baan is gemaak van gruis en miershoop wat deur 'n gehuurde vragmotor van die depot af aangery is. Die tennisbane is binne drie weke voltooi.

10 Arbeiders vir 3 weke @ R10,50 per week R315,00 (d)

1 Vragmotor vir 15 dae @ R20,00 per dag R300,00 (e)

Die totale koste van die projek waarvoor R5 000,00 bewillig is, het dus R4 865,56 beloop.

Uit hierdie voorbeelde kan afgelei word hoe belangrik effektiewe besteding is en hoe eenvoudig toekomstige begrotings van soortgelyke projekte gemaak is. Die ontspanningsbeampte het elke dag geweet presies hoeveel daar reeds spandeer is en hoeveel daar oor is. Hy het nie nodig gehad om homself te verlaat op 'n skatting van watter bedrag nog gebruik kan word nie.

Met die uitvoering van hierdie projekte word normale onderhoudswerk geensins geraak nie. Dit is die plig van die ontspanningsbeampte om gedurig die senior ontspanningsbeampte van die Seksie Ontspanning op hoogte te hou van die vordering van hierdie projekte. Die bestuurder van die Tak Gemeenskapsdienste stuur dan maandeliks 'n verslag na die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake oor die vordering van al die kapitale projekte onder sy beheer.

5.2.3 PERSONEELVOORSIENING EN BENUTTING

Personeelvoorsiening en -benutting vir die Seksie Ontspan-

ning word deur die personeelafdeling van die stadsraad in noue samewerking met die senior ontspanningsbeampte behartig. Alle ander afdelings van die Johannesburgse stadsraad werk op dieselfde manier saam met die personeelafdeling. Met personeelvoorsiening en -benutting word bedoel postebepalings, werwing van personeellede, keuring, besoldiging, bevordering, verdienstelikeheidsbepaling, diensvoorwaardebepaling en dergelike personeelsake.

As voorbeeld van hoe die ontspanningsbeampte direk by meervoudige funksies van hierdie twee bedrywigheidsvelde, naamlik die stadsraad en die Seksie Ontspanning betrek word, kan ons net 'n oomblik by verdienstelikeheidsbepaling stilstaan. Die personeelraad stuur twee keer per jaar 'n gestandaardiseerde vorm ten opsigte van elke sportorganiseerder aan die ontspanningsbeampte. Hierdie vorm moet deur die ontspanningsbeampte voltooi word en daarna deur die betrokke sportorganiseerder self onderteken word.

Behalwe standaardinligting oor salaris, dienstermyn en opvoedingskwalifikasies word inligting oor die persoon se bekwaamheid, akkuraatheid, aanvaarbaarheid, inisiatief, oor sy invloed op medewerkers en sy algemene gedrag, verlang. Die inligting word aangebied volgens die metode waar een van verskeie keuses in antwoorde onder bestaande eienskappe net aangestip word. Die ontspanningsbeampte moet ook aandui wat die bevorderings moontlikhede van die organiseerder is en of hy die organiseerder vir sy normale verhoging in salaris aanbeveel. Na voltooiing van hierdie vorm moet die ontspanningsbeampte die organiseerder inroep om sy verdienstelikeheid met hom te bespreek sodat die organiseerder

op hoogte sal wees van watter verslag oor sy werk aan die personeelraad gestuur word.

Hierdie metode van werkers te evalueer en op rekord te plaas, is veral belangrik by 'n ontspanningsafdeling en enige Afdeling Nie-blankesake want uit die aard van die werk kan daar nie agt uur per dag oor hierdie sportorganiseerders toesig gehou word nie. Die ontspanningsbeampte kom baie gou agter wie die loodswaaiers is en hierdie verdienstelikeheidsbepaling bied die ideale geleentheid aan die ontspanningsbeampte om lakse werk sowel as uitstaande werksvermoë onder die aandag van die personeelraad te bring. Nie alleen bied dit die personeelraad leiding wanneer besluit moet word oor die betrokke sportorganiseerder se bevordering of salarisverhoging nie, maar dit is ook van groot hulp as 'n persoon ontslaan of verplaas moet word. Dit toon ook aan wanneer addisionele opleiding nodig is. Verdienstelikeheidsbepaling is slegs een van die funksies waaraan die ontspanningsbeampte deel het, maar wat hoofsaaklik deur die personeelafdeling behartig word.

5.2.4 BEHEER

„In die openbare sektor moet altyd in die openbaar verantwoording gedoen kan word oor al die werksaamhede wat deur die verkose raadslede en die amptenare onderneem is, sodat die lede van die stads- en dorpsrade aan hulle kiesers verantwoording kan doen, moet hulle stappe doen om te verseker dat hulle op die hoogte van die doen en late van hulle amptenare is. Die raadslede kan op die hoogte kom deur verslae van die

hoofamptenare te vra of om self, vergesel van die hoofamptenare, inspeksie te doen." ¹⁾

Cloete waarsku egter dat sodanige verslae nie as roetine-aangeleenthede hanteer moet word nie, maar dat dit nuttige inligting moet bevat. Dit gebeur ongelukkig dat die meeste stadsrade sodanige verslae wel as roetine beskou. Verslae van hierdie aard word heel dikwels in standaardvorm gedruk met slegs hier en daar klein veranderings wat van jaar tot jaar aangebring word. Sulke verslae is belangrike dokumente vir navorsers en belangrike ontwikkelings en tendense in ontspanning gaan dikwels verlore weens hierdie onverskillige houding.

Daar moet veral gesorg word dat statistieke en die werksaamhede wat gedurende die jaar onderneem is, getrou weergegeeword. Ek wil graag hier na een voorbeeld verwys, naamlik die funksie van die Seksie Ontspanning in Soweto om alle sportgeleenthede op Bantoe-skole te organiseer. Die Seksie Ontspanning van die Afdeling Nie-blankesake ver- rig hierdie funksie reeds sedert omstreeks 1937, maar omdat verslae van die Seksie Ontspanning nooit 'n getroue weergawe van die funksionele bedrywighede gegee het nie, is dit uiters moeilik om die ontstaan van hierdie baie belangrike ontwikkeling op die gebied van sportadministrasie na te gaan.

In die jongste tyd word daar in die pers gewag gemaak van die belangrikheid van beide aktiewe en passiewe ontspanningsaangeleenthede vir die Bantoe in die stedelike gebie-

1. CLOETE, J.J.N., Op. Cit., p. 12

de. Dit maak dit des te meer noodsaaklik dat alle amptenare en veral die hoofamptenare van die nuutgestigte Bantoe-administrasierade op hoogte moet wees van sodanige aangeleenthede in hulle onderskeie gebiede.

Inspeksie van die werksaamhede van 'n ontspannings-afdeling deur hoofamptenare is nutteloos indien hierdie amptenare nie vooraf 'n duidelike doel stel met hulle inspeksie nie. Andersins mors die hoofamptenare net hulle eie sowel as die werksmense se tyd en is die administratiewe proses van oorhoofse beheer van 'n afdeling of Seksie Ontspanning nie na wense nie. Hiermee gepaardgaande is die baie belangrike vereiste dat elke amptenaar in daardie ontspanningsafdeling oor sy eie pligtestaat en werkprogram moet beskik, want alleen met behulp daarvan kan vasgestel word of ondergeskiktes hulle pligte bevredigend uitvoer.

As ons nou hierdie administratiewe prosesse wat, volgens Cloete, benewens die funksionele bedrywighede nodig is vir doeltreffende bestuur in oënskou neem en oplet hoe dit in die Seksie Ontspanning aangetref word, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat dié Seksie aan hierdie vereistes voldoen. Vervolgens sal die funksionele bedrywighede van die personeel behandel word.

5.3 FUNKSIONELE BEDRYWIGHEDE VAN DIE SEKSIE ONTSPANNING

5.3.1 SENIOR ONTSPANNINGSBEAMPTTE

Soos blyk uit die organisasie-struktuur van die Seksie Ont-

spanning in 1973 (p. 220) is die senior ontspanningsbeamp-
te direk in beheer van die twee ontspanningsbeamp-
te, die senior swembadsuperintendent, die senior bioskoopoperateur
en indirek van die hele personeel van die Seksie. Sy
pligte word in die volgende ses kategorieë ingedeel:

i) Beplanning, ontwikkeling, administratiewe beheer
en instandhouding van ontspanningsfasiliteite en -dienste
in die Bantoewoonbuurte;

ii) Toekenning van stadions en sport- en ontspannings-
fasiliteite aan die onderskeie Bantoe-sportverenigings, die
vasstelling van huur en gelde wat vir ontspanningsdienste
betaalbaar is en die toesighouding en kontrole oor die in-
vordering van toegangsgelde by stadions;

iii) Onderzoek van en aanbevelings met betrekking tot
aansoeke van Bantoe-sportverenigings vir finansiële steun
en skakeling tussen blanke instansies en Bantoe-sportver-
enigings;

iv) Hulp met die organisasie van spesiale feeste of
byeenkomste met betrekking tot ontspanningsaktiwiteite;

v) Opstel van begroting;

vi) Administratiewe pligte.

i) Beplanning, ontwikkeling, administratiewe beheer en
instandhouding van ontspanningsfasiliteite en
-dienste in die Bantoewoonbuurte

Die senior ontspanningsbeamp-
te is in direkte beheer van al-
le ontspanningsfasiliteite in die Bantoewoonbuurte van Jo-
hannesburg buiten die ontspanningsale wat deur die super-
intendente van die onderskeie woonbuurte uitgehuur word en
die klubgeboue wat oor naweke ook onder die beheer van die
superintendente ressorteer. Die ontspanningsfasiliteite

(sien aanhangsel "C") in die Bantoewoonbuurte maak voorsiening vir 'n groot verskeidenheid aktiwiteite en die beplanning en ontwikkeling van sodanige fasiliteite is die senior ontspanningsbeampte se primêre funksie. Nie alleen is daar gedurig nuwe woonbuurte wat in en om Soweto tot stand kom en nuwe ontspanningsfasiliteite benodig nie, maar selfs in die ou gevestigde woonbuurte is daar terreine wat vir ontspanning gereserveer is en wat mettertyd volgens die vraag ontwikkel moet word.

Met die beplanning van nuwe woonbuurte is dit noodsaaklik dat die senior ontspanningsbeampte geraadpleeg word voordat ruimtetoekenning finaal afgehandel word. Hy kan dan verseker dat bruikbare grond vir ontspanningsdoeleindes beskikbaar gestel word, Wanneer die begroting goedgekeur is, kan die senior ontspanningsbeampte met die organisasie en reëlins vir die uitvoering van die werk begin. Daar is drie maniere waarop hierdie projekte voltooi kan word. In die eerste instansie kan die Seksie Ontspanning self die projek aanpak. Die projek kry dan 'n posnommer (vote-number) en hierdie nommer verskyn op alle werksorders en alle onkoste in verband met die projek word teenoor hierdie posnommer gedebiteer. Die konstruksie van alle sportvelde word deur die Seksie Ontspanning self onderneem en die betrokke ontspanningsbeampte in wie se sone die ontwikkeling geskied, neem die organisasie en toesighouding waar.

Wanneer projekte op 'n tweede manier, naamlik geheel en al deur ander afdelings van die stadsraad vir die Seksie Ontspanning uitgevoer word, word 'n werksorder verskaf en word die organisasie van die werk deur die betrokke afdeling

self gedoen.' Hier dink ons aan nuwe geboue, aanbouings aan bestaande fasiliteite, elektrifisering van geboue en dergelike ontwikkelings. Dit is egter die senior ontspanningsbeampste se funksie om te besluit wat, waar en hoe gebou of aangebou moet word. Wanneer groter projekte soos swembaddens, stadions en ontspanningsale beplan word, moet die senior ontspanningsbeampste nie alleen 'n uiteensetting van die onkoste van die bou van die projek verskaf nie, maar hy moet ook 'n aanduiding gee van alle toekomstige finansiële implikasies ten opsigte van die projek. Hy moet 'n beraming gee van: a) wat die stadsraad jaarliks aan instandhouding sal bestee; b) die personeel wat nodig sal wees vir die effektiewe gebruik van die fasiliteite; c) die jaarlikse inkomste wat uit die projek verwag kan word en d) enige verborge onkoste wat voorsien moet word. Hierdie aspekte moet by die jaarlikse begroting vir die inkomsterekening in ag geneem word.

Derdens word daar vir ander projekte soos die oprigting van pawiljoene en die voorsiening van speelterrein toerusting wat deur kontrakteurs verrig word, tenders aangevra. Die ontwerp en spesifikasies van iets soos die pawiljoene word deur die Stadsingenieursafdeling in oorlegpleging met die senior ontspanningsbeampste beplan, terwyl spesifikasies vir die voorsiening van speelterreintoerusting deur die Seksie Ontspanning opgestel is op grond van jare se ondervinding en tenders moet streng hiervolgens aangebied word.

Met die vestiging van 'n nuwe fasiliteit in Soweto word die komitee van sodanige klub vir 'n ruk lank aktief deur die senior ontspanningsbeampste of een van die ontspanningsbe-

amptes bygestaan. Die senior ontspanningsbeampte dien vir die eerste ruk as voorsitter in die komitee van die klub. Sy plig is dan om die komitee te lei en raad te gee in verband met prosedure van vergaderings en om simpatiek te luister na enige redelike versoek wat die komitee aan die stadsraad mag stel. Wanneer die ontspanningsbeampte voel dat die komitee genoeg ondervinding het om self voort te gaan, onttrek hy hom geleidelik van hulle aktiwiteite en ontvang daarna slegs die notules van vergaderings totdat hulle heeltemal op hulle eie funksioneer.

- ii) Toekenning van stadions, sport- en ontspanningsfasiliteite aan die onderskeie Bantoe-sportverenigings; die vasstelling van huur en gelde wat vir ontspanningsdienste betaalbaar is en die toesighouding en kontrole oor die invordering van toegangsgelde by stadions

Al die sokkervelde onder beheer van die Afdeling Nie-blankesake in Johannesburg word toegeken aan die Johannesburgse Bantoe Sokkervereniging ("Johannesburg Bantu Football Association - J.B.F.A."). Insgelyks word alle tennisbane in die Bantoewoonbuurte toegeken aan die Johannesburgse Bantoe Tennisvereniging ("Johannesburg African Lawn Tennis Association"). Die voorwaarde vir die toekenning van fasiliteite in die Bantoewoonbuurte aan enige sportliggaam is dat daardie liggaam deur provinsiale en nasionale affiliasie by die blankbeheerde nasionale sportliggaam geaffilieer moet wees. Hierdie beleid van die stadsraad bring mee dat die senior ontspanningsbeampte gedurig moet waak daarteen dat splintergroepe van die velde onder sy beheer gebruik maak. Dit kan alleen gedoen word as hy goed op hoogte van Bantoe-

sportaangeleenthede is en die Bantoe-koerante noukeurig dophou vir aankondigings van sulke wedstryde.

Die tariewe vir die gebruik van die stadions is op aanbeveling van die senior ontspanningsbeampste deur die stadsraad soos volg vasgestel: wanneer amateurspanne een van die stadions gebruik, word 20% van die netto winste aan die stadsraad betaal en 80% gaan na "J.B.F.A."; wanneer professionele spanne speel, word insgelyks 20% van die netto winste aan die stadsraad betaal terwyl 80% na die professionele sokkervereniging gaan. ("National Professional Soccer League - N.P.S.L."). Van hierdie 20% wat deur die professionele spanne betaal word, word 10% deur die stadsraad aan "J.B.F.A." uitbetaal om amateursokker onder die Bantoes te bevorder.

Wanneer sokker of ander funksies oor naweke by die stadions plaasvind, moet die organiseerders wat vir verskillende stadions verantwoordelik is, Maandae die geld by die tesouriersafdeling by die superintendent se kantoor inbetaal. Teen die einde van elke maand stuur die tesouriersafdeling aan die senior ontspanningsbeampste tjeks wat uitgemaak is aan die "J.B.F.A.", die "N.P.S.L." of enige ander instansie wat gebruik gemaak het van 'n stadion. Daarmee word die verskeie instansies se aandeel in die toegangsgelde wat inbetaal is, terugbetaal. Hierdie tjeks word deur die beampste gekontroleer en aan die betrokke instansies gestuur.

iii) Ondersoek van en aanbevelings met betrekking tot aansoeke van Bantoe-sportverenigings vir finansiële steun en skakeling tussen blanke instansies en Bantoe-sportverenigings

Die Afdeling Nie-blankesake ontvang jaarliks aansoeke van jeugbewegings en Bantoe-sportverenigings om finansiële steun. Dit is 'n funksie van die senior ontspanningsbeampte om hierdie bewegings en verenigings se bedrywighede te ondersoek en vas te stel of 'n toekenning geregverdig sou wees.

Die senior ontspanningsbeampte help met die reëling van sporttoere van Bantoespanne na en van ander provinsies en indien klubs uit Rhodesië, die tuislande of ander Bantoe-buurstate Soweto wil besoek, word hulle verblyf deur dié beampte gereël.

Die senior ontspanningsbeampte adviseer alle Bantoe-sportverenigings in verband met die beleid van die stadsraad en die opstel van hulle konstitusie. Hy dien verder as skakel wanneer daar met regeringsdepartemente onderhandel word. Die senior ontspanningsbeampte is ook skakelbeampte tussen die blanke sportverenigings en dié van die Bantoes. Hy help dikwels met die aanbied van afrigtingskursusse. By sulke kursusse verkry die senior ontspanningsbeampte die samewerking van die Bantoeskole, stel die sportorganiseerders beskikbaar vir diens en sorg dat alle geriewe vir die duur van die kursus beskikbaar is.

iv) Hulp met die organisasie van spesiale feeste of byeenkomste in verband met ontspanningsaktiwiteite

Wanneer sulke byeenkomste in Soweto gereël word, is die senior ontspanningsbeampte op die reëlingskomitee. Dit verg gewoonlik maande se voorbereiding en organisasie om

sodanige byeenkomste glad te laat verloop. ¹⁾ Met die aanbieding van sulke byeenkomste is die samewerking van die Bantoe-sportverenigings uiters noodsaaklik vir sukses en 'n goeie verhouding tussen die senior ontspanningsbeampte en sodanige verenigings is essensieel.

v) Opstel van Begroting

Elke jaar met begrotingstyd bepaal die senior ontspanningsbeampte die behoeftes van die Seksie Ontspanning wat herstel- en instandhoudingskoste betref. Wanneer hierdie begroting goedgekeur is, moet die senior ontspanningsbeampte toesien dat die uitgawes aan die regte adres gedebiteer word. Die begroting vir kapitale ontwikkelings word deur die senior ontspanningsbeampte in samewerking met sy personeel behartig en nadat dit goedgekeur is, moet hy sorg vir die effektiewe besteding van die fondse.

vi) Administratiewe Pligte

Verslae

Die senior ontspanningsbeampte is vir die opstel van die jaarverslag verantwoordelik. Hierdie verslag aan die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake handel oor die werksaamhede van die Seksie Ontspanning gedurende die afgelepe jaar. Dit sluit alle nuwe ontwikkelings en uitbrei-

1. Die grootstes wat gedurende die tien jaar van 1962 tot 1973 plaasgevind het, was die Johannesburgse fees van 22 Augustus tot 10 Oktober 1964, die Republiekfees in 1966 en die eerste Suid-Afrikaanse Nie-blankespele gedurende Mei 1970.

dings aan bestaande fasiliteite, die aantal spanne wat aan verskillende sportsoorte deelgeneem het, kapitale werke wat afgehandel is en ook werk wat nog aan die gang is, in. 'n Verslag wat 'n oorsig oor alle fasiliteite en uitbreidings aan fasiliteite aantoon, word ook jaarliks aan die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling gestuur. Die senior ontspanningsbeampte stel ook verslae op oor enige aspek van die Seksie Ontspanning se bedrywighede vir stadsraadslede, staatsdepartemente soos die Departement van Inligting of enige ander instansie wat belang het by Bantoe-ontspanningsaangeleenthede wat daarvoor vra.

Korrespondensie

Die senior ontspanningsbeampte behartig alle korrespondensie met betrekking tot ontspanningsaangeleenthede van die Seksie Ontspanning. Dit sluit in navrae in verband met die aanbieding van byeenkomste en besprekings vir die gebruik van stadions en ander fasiliteite. Besprekings vir professionele bokswedstryde word nie aanvaar alvorens die Transvaalse Boksbeheerraad die toernooi goedgekeur het nie. Amateur bokstoernooie word ook nie sonder meer aanvaar nie. Daar word eers vasgestel of die klub wat die toernooi wil aanbied met die Johannesburg and District Amateur Boxing Association geaffilieer is en of 'n permit vir die toernooi deur die vereniging uitgereik is. Deur hierdie voorsorg te tref, verseker die senior ontspanningsbeampte dat gekwalifiseerde beamptes in beheer van die toernooi sal wees.

Werks- en Magasynorders

Indien enige voorrade by die depot benodig word, word 'n versoek aan die senior ontspanningsbeampste gerig. Hy stuur 'n order aan die magasyn waar die voorrade dan deur die personeel afgehaal word. In sy kantoor word daar 'n rekord gehou van alle voorrade wat aangevra word sowel as van die afleweringsebewyse. Wanneer herstelwerk aan geboue nodig is, stuur hy 'n werksorder aan die Stadsingenieursafdeling in die Bantoewoonbuurte. Hulle voer dan die herstelwerk uit.

vii) Vergaderings en Ondersoeke

Die senior ontspanningsbeampste woon die maandelikse personeelvergaderings van die Tak Gemeenskapsdienste by sowel as die vergaderings van die Welsynsfonds van die Afdeling Nie-blankesake. Hierbenewens woon hy die weeklikse personeelvergaderings by die depot by sodat hy op hoogte kan bly van die personeel se bedrywighede en kontak met hulle kan behou.

5.3.2 ONTSPANNINGSBEAMPTES

Uit die organisasiediagram (p. 220) blyk dit dat daar twee ontspanningsbeamptes in beheer van die ontspanningsdienste en -fasiliteite in Soweto is. Dié twee oefen elk direkte beheer uit oor ongeveer ewegroot gedeeltes van Soweto. Op die kaart word die areas en die aantal arbeiders wat in elke area werksaam is, aangedui asook die aantal sportorganiseerders in elke sone. Die ontspanningsbeamptes word

elk bygestaan deur 'n terreinbeampte wat oor die werksaamhede van die arbeiders in die onderskeie sones toesig hou. Die twee ontspanningsbeamptes oefen gesamentlik beheer uit oor die depot.

Die funksionele bedrywighede van die ontspanningsbeamptes kan soos volg opgesom word: i) Hou toesig oor en kontroleer die voorsiening en instandhouding van ontspanningsdienste en -fasiliteite in Soweto; ii) Hou toesig oor en kontroleer die konstruksie van sportvelde, tennisbane en speelterreine; iii) Organiseer en rig Bantoe kinders af vir massagimnastiekvertonings; iv) Organiseer kursusse en gee lesings aan Bantoe-sportorganiseerders; v) Kontroleer voorrade van sportuitrusting en die aankope daarvan; vi) Administratiewe pligte.

- i) Hou toesig oor en kontroleer die voorsiening en instandhouding van ontspanningsdienste en -fasiliteite in 'n gedeelte van Soweto

Die sportorganiseerders in die twee sones het elk sy eie area waarvoor hy verantwoordelik is en gebruik 'n klubgebou in die area as hoofkwartier. Die organiseerders kom, weens die afstand van hulle werkplek vanaf die depot, slegs een keer per week na die depot. Hierdie reëling skep vanselfsprekend sekere probleme vir die ontspanningsbeampte wat oor hulle bedrywighede moet toesig hou. Dit is weens die afstande onmoontlik om al tien organiseerders elke dag te besoek en alhoewel die ontspanningsbeampte poog om elke organiseerder soveel as moontlik te besoek, werk hulle die meeste van die tyd op hulle eie in hulle areas.

Om die werk van die organiseerders te kontroleer en 'n mate van beheer daaroor uit te oefen moet elke organiseerder 'n weeklikse werkprogram aan die ontspanningsbeampste voorlê. Daarin word aangetoon op watter plek in sy gebied hy elke uur van die dag sal wees en wat hy gedurende daardie tyd sal doen. Die ontspanningsbeampste kan dus enigeen van sy organiseerders enige tyd van die dag besoek. Die ontspanningsbeampste moet toesien dat die skoolsportligas in sokker, korfbal en atletiek goed beplan en uitgevoer word. Die atletiekkompetisies word gedurende die derde kwartaal afgehandel. Gevolglik is daar vir 'n paar weke in September daaglik op een of ander plek in Soweto 'n atletiekbyeenkoms aan die gang. Die ontspanningsbeampste is verantwoordelik vir die gladde verloop van hierdie byeenkomste en moet dus toesien dat die organiseerders alle voorsorgmaatreëls tref sodat niks vergete bly wat die byeenkoms dalk kan vertraag nie.

Gedurende die eerste en die vierde kwartale is die organiseerders nie veel gemoeid met die skole se bedrywigheide nie en konsentreer hulle op vryetydsbestedingsaktiwiteite. Aangesien min kinders gedurende die oggende hierdie aktiwiteite by die klubhuise of sportvelde bywoon, moet die kontrole oor die sportorganiseerders streng wees om te verseker dat hulle nougeset by hulle werkprogram hou.

ii) Hou toesig oor en kontroleer die konstruksie van sportvelde, tennisbane en speelterreine

Die konstruksie van ontspanningsfasiliteite kan slegs onderneem word as kapitale fondse daarvoor bewillig is.

Sodra die senior ontspanningsbeampste die nodige toestemming, werksorders en bevale aan die ontspanningsbeampste gee het, kan met die projek voortgegaan word. In verband met hierdie kapitale projekte is dit baie belangrik dat die ontspanningsbeampste noukeurig boekhou van die uitgawes. Hierdie boekhouding is noodsaaklik om oorbesteding te voorkom en is verder nuttig wanneer die begroting vir toekomstige projekte ingedien moet word.

iii) Organiseer en rig Bantoeskoolkinders af vir massagimnastiekvertonings

Met die Johannesburgfees in 1964 is daar vir die eerste keer 'n massagimnastiekvertoning deur 1 200 skoolkinders by Orlandostadion aangebied. Die keuse van oefeninge vir 'n vertoning word bemoeilik deurdat kinders aan Bantoeskole min onderrig in liggaamlike opvoeding ontvang en hulle algemene fisieke toestand veel te wense oorlaat. Eenvoudige bewegings wat maklik bemeester kon word en wat nie uitputtend sou wees nie moes dus vir die samestelling van die tabel gekies word. 'n Verdere probleem met die afrigting van Bantoeskoolkinders is dat die meeste Bantoe-onderwysers nie daarmee kan help nie omdat hulle geen agtergrond in liggaamlike opvoeding het nie. Die sportorganiseerders word opgelei om met hierdie taak behulpsaam te wees.

iv) Organiseer kursusse in sportafrigting, lei Bantoe-sportorganiseerders op en bied gereelde opknappingskursusse in atletiekafrigting aan

Die opleiding van Bantoe-sportorganiseerders is 'n uiters

belangrike funksie van enige ontspanningsbeampte wat sodanige personeel onder sy beheer het. Sover die ondersoeker kon vasstel, is die Seksie Ontspanning die enigste in die land wat 'n intensiewe kursus vir die opleiding van sportorganiseerders aanbied. Hierdie kursus wat voltyds oor drie maande strek, bestaan uit 'n teoretiese sowel as 'n praktiese deel. Die Bantoes wat in die kursus slaag, verworf 'n diploma wat deur die Afdeling Nie-blankesake uitgereik word. Hierdie diploma word deur die personeelraad van die stadsraad erken en is 'n vereiste vir bevordering.

Een keer per jaar reël die ontspanningsbeampte vir alle sportorganiseerders 'n weeklange opknappingskursus in atletiekafrigting by een van die stadions. Daar word lesings oor atletiekafrigting aangebied. Met hierdie opknappingskursusse kry die sportorganiseerders die geleentheid om met die jongste afrigtingsmetodes kennis te maak.

v) Kontroleer voorrade van sport-toerusting en die aankope daarvan

Dit is noodsaaklik om in woonbuurte waar ontspanningsdienste vir die Bantoe beskikbaar is, veral waar die skoolsportligas deur sportorganiseerders waargeneem word, sporttoerusting te voorsien. Omdat dit die gladder verloop van die organisasie van ontspanningsaktiwiteite en die skoolsportligas verseker, is hierdie uitgawe die moeite werd en geregverdig.

Die aankoop van en kontrole oor die sporttoerusting word deur die ontspanningsbeampte behartig. Een keer per jaar

maak die ontspanningsbeampte 'n opname van alle sporttoerusting wat benodig word en die lys word aan die senior ontspanningsbeampte voorgelê vir goedkeuring. By die aanvra van kwotasies moet die tipe sporttoerusting wat verlang word baie duidelik genoem en omskryf word anders is die ontspanningsbeampte soms genoodsaak om goedkoper toerusting wat glad nie aan die doel beantwoord nie, te aanvaar.

vi) Administratiewe pligte

Elke jaar open die ontspanningsbeampte 'n lêer vir alle wedstrydbepalings wat vir die skoleligas opgestel word. Hierdie lêer is noodsaaklik vir die gladde verloop van die ligas in sokker en korfbal. Die ontspanningsbeampte kan met behulp daarvan die vordering volg en verhoed dat een van die organiseerders agter raak en sodoende die organisasie van die ligas versteur.

Vir elke sportorganiseerder is daar 'n lêer beskikbaar waarin alle korrespondensie in verband met verhogings, enige offisiële optrede teen hom, verlof, siekteverlof, afwesigheid asook bewyse van sy kwalifikasies bewaar word.

Daar is 'n verskeidenheid van vorms wat die ontspanningsbeampte met gereelde tussenposes aan die hoofkantoor stuur, waaronder die volgende die belangrikste is: a) Afwesigheid - wanneer een van die sportorganiseerders afwesig is, moet 'n vorm waarop die datum en rede vir afwesigheid aangedui word, dieselfde dag nog ingestuur word; b) Aan die einde van elke maand moet 'n tydstaat waarop die aantal dae wat elkeen gewerk het en die datums van afwesigheid (indien

enigeeen gedurende daardie maand met verlof was), ingelewer word; c) Die organiseerders wat by die stadions werk, kry 'n toelae omdat hulle met geld werk. 'n Spesiale vorm wat die dae waarop hulle diens gedoen het aantoon, moet voltooi word; d) Wanneer 'n senior sportorganiseerder met verlof is, word sy posisie tydelik deur een van die ander organiseerders gevul. Hierdie persoon kry addisionele betaling vir die waarnemende werk en 'n vorm waarop die tydperk waarin hy gehelp het, ingevul word, word ingestuur; e) Die ontspanningsbeampte is verantwoordelik vir voorrade soos meubels, speelterreintoerusting, gereedskap, masjinerie en implimente. Elke maand moet 'n opgawe voltooi word waarin nuwe aankope, items wat na ander afdelings oorgeplaas is en alle items wat as nutteloos afgeskryf is, aangetoon word.

Verslae

Die ontspanningsbeampte is vir alle verslae aangaande die funksionele bedrywighede van die Seksie Ontspanning verantwoordelik. Hy stel verslae aan hoofkantoor op aangaande diefstalle, inbrake, vandalisme of ongelukke waarby voertuie van die Seksie Ontspanning betrokke is.

Bestellings en Werksorders

Die ontspanningsbeampte plaas jaarliks bestellings om die voorrade soos skryfbehoeftes en ander benodighede aan te vul. Werksorders vir herstelwerk aan speelterreintoerusting, gereedskap, meubels en klubgeboue word deur die ontspanningsbeampte aan die Stadsingenieursafdeling gestuur.

Korrespondensie en Vergaderings

Alle korrespondensie wat betrekking het op ontspanningsaktiwiteite, atletiekbyeenkomste, massagimnastiekvertonings of enige ander ontspanningsaspekte in Soweto word deur die ontspanningsbeampte behartig. Hy woon ook die maandelikse personeelvergadering by hoofkantoor by en reël die weeklikse vergadering van sportorganiseerders by die depot. Hierbenewens woon die ontspanningsbeampte ook komiteevergaderings in die verskillende areas by as verteenwoordiger van die stadsraad.

5.3.3 TERREINBEAMPTES

Die organisasiediagram (p. 220) toon aan dat die twee terreinbeamptes gesamentlik beheer uitoefen oor die Bantoe-personeel by die depot. Afgesien van die personeel by die depot oefen die terreinbeamptes ook indirekte beheer uit oor die arbeiders wat in die onderskeie areas diens doen. Die funksionele bedrywighede van die twee terreinbeamptes kan soos volg opgesom word: i) Hou toesig oor die konstruksie en instandhouding van alle sportvelde, speelterreine en ander fasiliteite in die Bantoewoonbuurte; ii) Oefen beheer uit oor die aanvra, bewaring en uitreiking van voorrade, materiaal en onderdele wat deur die arbeiders in die uitvoering van hulle pligte gebruik word; iii) Oefen beheer uit oor alle voertuie, masjinerie en werktuie; iv) Administratiewe pligte.

- i) Hou toesig oor die konstruksie en instandhouding van alle sportvelde, speelterreine en ander ontspannings-fasiliteite in die Bantoewoonbuurte

Alle instandhoudingswerk wat van tyd tot tyd deur die sportorganiseerder aangevra word, word op 'n swartbord in die terreinbeampte se kantoor aangeteken. Hierop verskyn ook alle pligte wat van die senior ontspanningsbeampte ontvang is teenoor die datums wanneer dit uitgevoer moet word. Elke middag besluit die terreinbeampte in oorlegpleging met die ontspanningsbeampte watter opdragte die volgende dag uitgevoer sal word en hierdie inligting op die swartbord dien dan as leiding om prioriteite te bepaal. Die terreinbeampte moet hierdie instandhouding noukeurig beheer want enige vertraging in die instandhouding gooi die organisasie van arbeid uit rat.

Die arbeiders by die depot is in twee werkspanne ingedeel en elke span word per vragmotor na hulle werksplek vervoer. Die terreinbeampte moet sorg dat die baasjongens van hierdie spanne sy instruksies duidelik verstaan en ook dat elke span die nodige gereedskap het om die werk uit te voer. Nadat al die werkspanne vir die dag na hulle onderskeie werksplekke vertrek het, doen die terreinbeampte die nodige administratiewe pligte wat daar mag wees. Hy vertrek dan self om toesig te hou oor hierdie werkspanne en om inspeksie te doen van die verskillende fasiliteite in Soweto.

- ii) Oefen beheer uit oor die aanvra, bewaring en uitreiking van voorrade, materiaal en onderdele wat deur die arbeiders en die nutsman in die uitvoering van hulle pligte gebruik word

Die terreinbeampte moet sorg dat daar genoeg verf, kalk, spykers, bonte en moere, skroewe, pikke, grawe, harke, on-

derdele vir speelterreintoerusting, skoonmaakmiddels, beseems, sement, draad, pale vir herstelwerk aan tennisbane en korfbalbane en gereedskap, is. Al hierdie voorrade word in 'n magasyn by die depot bewaar en staan onder toesig van die terreinbeampte.

iii) Oefen beheer uit oor alle voertuie, masjinerie en werktuie

Die terreinbeampte oefen beheer uit oor alle voertuie, masjinerie en werktuie. Die beampte moet toesien dat die masjinerie en voertuie oordeelkundig gebruik word en dat dit altyd in 'n goeie werkende toestand is. Elke voertuig het 'n dagboek waarin die aantal myle wat afgelê, die werk wat gedoen en die petrol wat ingeneem is, daaglik aange-teken moet word. Die terreinbeampte moet elke middag wanneer die voertuie na die depot terugkeer, sorg dat die boeke op datum gebring word.

Die masjiene soos die padskraper, stootskraper en meganiese laaigraaf word gereeld volgens 'n rooster deur 'n mobiele eenheid van die Stadsingenieursafdeling nagesien en die terreinbeampte moet sorg dat die masjien op die bestemde dag vir die diens beskikbaar is. Aan die einde van elke maand moet die dagboeke van alle voertuie en werktuie nagegaan en aan die Vervoerafdeling by hoofkantoor gestuur word.

iv) Administratiewe pligte

Die terreinbeampte is verantwoordelik vir die reëling van

arbeiders se verlof, die opstel van tydstate vir die arbeiders, die nagaan van presensielyste van buite-arbeiders (wat weekliks deur die sportorganiseerders ingehandig en deur die terreinbeampte op die tydstate opgeneem moet word) die nagaan en ondertekening van tydstate vir die voertuie wat weekliks aan die vervoerafdeling gestuur moet word. Aangesien die terreinbeampte se pligte hoofsaaklik toesig-houdend van aard is (toesig 80% - administratief 20%), sal 'n beter begrip van sy funksionele bedrywighede verkry word wanneer die pligte van die arbeiders behandel word.

5.3.4 SPORTORGANISEERDERS

5.3.4.1 AANTAL EN WAAR GESTASIONEER

Vir die organisasie van ontspanningsaktiwiteite in Soweto is die hele gebied in twee sones verdeel. Elk van dié sones word beheer deur 'n senior sportorganiseerder. Elke sone is weer onderverdeel in areas en in elke area is daar een of meer organiseerders afhangende van die aantal skole asook van die aantal ontspanningsfasiliteite in so 'n area. Die organiseerders is hoofsaaklik verantwoordelik vir die organisasie van die skoolsportligas en vir die aanbieding van ander ontspanningsaktiwiteite in hulle onderskeie areas. Elke area het ook sy eie span arbeiders wat alle sportvelde merk, die geboue skoon hou en by speelterreine toesig hou. Die organiseerders is vir die werksaamhede van die arbeiders in hulle areas verantwoordelik.

In 1972 was daar 21 sportorganiseerders (organiseerders by swembaddens uitgesluit) in diens van die Seksie Ontspanning

Die organiseerders is soos volg gegradeer:

		<u>Sone A</u>	<u>Sone B</u>
Graad	B 6	1	1
Graad	B 5	4	3
Graad	B 4	5	7

Die graad 6 organiseerder is die senior organiseerder.

Om doeltreffend beheer oor die aktiwiteite in daardie sone uit te oefen, het hy 'n motorfiets as vervoermiddel om al die organiseerders in die wydgestrekte sone te kan besoek. Twee van die graad 5 organiseerders dien as assistente vir die senior organiseerders terwyl drie van die oorblywende vyf by die stadions en een by die amfiteater diens doen. Die vyfde is so gegradeer vanweë die groot area waarin hy diens doen. Al die graad 4 en graad 5 organiseerders het fietse waarmee hulle, hulle rondtes in die areas doen. Die organiseerders wat by die stadions diens doen, word as graad 5 organiseerders gegradeer omdat hulle verantwoordelikhede oor naweke met die sokkerwedstryde baie groot is. Die leerling-organiseerders wat sedert die jongste reorganisasie ook in staat moet wees om te kan swem, word as graad 3 gegradeer totdat hulle die swemkursus en die sportorganiseerderskursus suksesvol voltooi het.

Die vereiste dat organiseerders nou ook 'n swemkursus moet deurloop, maak dit nou moontlik dat organiseerders gedurende spitstye by die swembaddens, byvoorbeeld wanneer besonder warm weer ondervind word, ingeroep kan word om uit te help. Hierdie reëling los 'n personeelprobleem op wat jare lank gedurende sulke tye ondervind is. Gedurende die winter wanneer die swembaddens sluit, kom die organiseerders

van die swembaddens na die Seksie Ontspanning oor. Hulle help dan weer die ander organiseerders met die organisasie van die skoolsportligas wat gedurende die wintertye baie aandag vereis.

Die senior organiseerder speel 'n leidende rol in die organisasie van die skoolsportligas en atletiekbyeenkomste. Om 'n duidelike beeld van die organisasie van die skoolsportligas, wat die belangrikste funksie van die sportorganiseerders is te verkry, word tabelle waarin die twee sones in verskillende areas opgedeel word, elk met sy eie sportorganiseerders, spesifieke aantal skole en die aantal spanne in daardie areas op p. 286 gegee.

5.3.4.2 FUNKSIONELE BEDRYWIGHEDE

5.3.4.2.1 SKOLELIGAS

In 'n artikel in "Rapport" het G. Scholz met reg die stelling gemaak dat sportorganisasie in Suid-Afrika verouderd is. Hy meen dat stadsrade ontspanningsbeamptes en organiseerders moet aanstel om hierdie werk te verrig sodat onderwysers hulle volle aandag aan skoolhou kan wy. Hy sê verder dat sportorganisasie in Suid-Afrika nog as 'n liefdestaak beskou word -

"Sportorganisasie is egter 'n veeleisende diens aan 'n gemeenskap. Om in die ontspanningsbehoefte van 'n gemeenskap te voorsien is net so 'n werk as dié van die onderwyser wat in die opvoedingsbehoefte van die gemeenskap voorsien." ¹⁾

1. SCHOLTZ, G., Ons Sportorganisasie is hopeloos verouderd, Rapport, 23/1/72, p. 4

SONE A

AANTAL ORGANISEERDERS SKOLE EN SPANNE IN ONDERSKEIE AREAS

SONE B

AREA	ORGANISEERDERS (GR)	SKOLE		SKOOLLIGAS			
		LAER PRIME RE SKOLE	HOËR-PRIME SKOLE	SOKKER		KORFBAL	
				LAER	HOËR	LAER	HOËR
SENIOR SPORTORGANISEERDER (9 GR)	ODSTELIKE BANTOE-DORP	1(5)	2	1	18 (10+8)	27 (12+15)	18 (12+6)
	ORLANDO-OOS	1(5) 1(4)	7 (7x2)	11 (11x4)	58 (14+44)	58 (14+44)	72 (28+44)
	ORLANDO-WES	2(4)	7 (7x2)	3 (3x4)	26 (14+12)	26 (14+12)	40 (28+12)
	PIMVILLE-KLIP-SPRUIT	1(4)	5 (5x2)	3 (3x3)	19 (10+9)	19 (10+9)	48 (30+18)
	DUISE-MOFULO	1(4) 1(5)	9 (9x2)	6 (6x3)	36 (18+18)	36 (18+18)	60 (36+24)
	DUISE-TEHUIS	1(5)					
	NANCEFIELD-TE-HUIS						
		1(6)*					
TOTAAL	10	30	24		157	166	238

AREA	ORGANISEERDERS (GR)	SKOLE		SKOOLLIGAS			
		LAER PRIME RE SKOLE	HOËR-PRIME SKOLE	SOKKER		KORFBAL	
				LAER	HOËR	LAER	HOËR
SENIOR SPORTORGANISEERDER (GR 6)	SENTRAAL-WES JABAVU	1(4)	12 (12x2)		24 (24+0)	24 (24+0)	72 (72+0)
	MOROKA JABAVU	1(5)		13 (13x3)	39 (0+39)	39 (0+39)	52 (0+52)
	CHIAWELLO BHLAMINI	1(4)	5 (5x2)	3 (3x3)	19 (10+9)	19 (10+9)	48 (30+18)
	PHIRI-MAPETLA-SENADANE	2(4)	9 (9x2)	4 (4x3)	30 (18+12)	30 (18+12)	78 (54+24)
	TLADI-NALEDI-MOLETSANE	1(5) 1(4)	9 (9x2)	7 (7x3)	39 (18+21)	39 (18+21)	96 (54+42)
	ZOLA-EMDENI-JABULANI-AMFI-TEATER	1(5) 2(4)	11 (11x2)	5 (5x3)	37 (22+15)	37 (22+15)	96 (66+30)
	JABULANI-TEHUIS						
	MAPETLA-TEHUIS						
		1(6)*					
TOTAAL	11	46	32		188	188	442

ORGANISEERDERS: 21, SOKKERSPANNE: 345, KORFBALSPANNE: 354, ATLETIEKSPANNE: 680, SKOLE: 132

* SENIOR SPORTORGANISEERDER

Hy meld ook dat "rekreasie-skakelbeamptes" wat hierdie werk in Europa en Amerika verrig, al vir geslagte lank 'n algemene instelling is. Hierdie skole-sportorganisasie soos dit in Europa en Amerika aangetref word en die instelling daarvan in Suid-Afrika, waarvoor Scholtz pleit, is natuurlik nie heeltemal onbekend in ons land nie. Dit is presies wat die sportorganiseerders van die Afdeling Nie-blankesake doen.

Soos reeds vermeld het die Afdeling Nie-blankesake van die Johannesburgse stadsraad reeds in 1935 (p. 169) begin met die organisasie van skoolsport in die Bantoewoonbuurte.¹⁾ Vandag vereis hierdie skoolsportligas heelwat organisasie. Vir byna twee kwartale (tweede en derde) is 21 sportorganiseerders voltyds met die organisasie daarvan besig. Die skole van Soweto word in drie afdelings ingedeel, naamlik laer-primêre (graad I - St. II), hoër-primêre (St. III - V) en sekondêre skole (St. VI - X). Die organisasie van skoolsport word tot die laer-primêre en hoër-primêre skole beperk. Die hoërskole wat daar is, is te min en te ver uitmekaar geleë om 'n skoolsportliga doeltreffend te organiseer. Dié skole ding wel onderling in sokker en korfbal mee, maar die Seksie Ontspanning behartig alleenlik hulle atletiekbyeenkomste. Die skoolsport van 76 laer-primêre en 56 hoër-primêre skole word dus deur die sportorganiseerders waargeneem.

Die instansie wat beheer het oor die organisasie van Bantoeskoolsport in Johannesburg is die Johannesburg and Dis-

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1935/36, p. 3

trict African Inter-Township Primary School Sports Association. Die uitvoerende komitee van hierdie vereniging se lede word jaarliks verkies deur verteenwoordigers van die onderskeie distrikte wat by die vereniging geaffilieer is. Die algemene sekretaris en verskeie lede van die uitvoerende komitee is gewoonlik sportorganiseerders, terwyl alle sportorganiseerders die vergaderings van die vereniging bywoon as verteenwoordigers van die onderskeie distrikte. Die volgende agt distrikte is by die vereniging geaffilieer

Alexandra	Klipspruit (Pimville/Klipspruit en Chiawello/Dhlamini)
Meadowlands	
Diepkloof	Moroka/Jabavu (Sentraal-Wes Jabavu en Moroka/Jabavu)
Orlando (Orlando-Oos) (Orlando-Wes)	Dube/Mofolo
	Soweto (Phiri/Mapetla/Senaoane) (Tladi/Naledi/Moletsane) en (Zola/Emdeni/Jabulani)

Op die eerste vergadering van die vereniging gedurende die eerste kwartaal van elke jaar word die datums en plekke vir alle finale wedstryde van beide sokker en korfbal toegeken. Die twee kompetisies waarin skole meeding, is die Punte-kompetisie (Round Robin system) en die Uitklop-kompetisie. Op hierdie vergadering word ook die datums vir die distrikte se atletiekbyeenkomste sowel as die datum vir die inter-distrik atletiekbyeenkomste vir laer-primêre en hoër-primêre skole bepaal. Die programme vir laasgenoemde twee atletiekbyeenkomste word ook op hierdie vergadering gefinaliseer. Die sportorganiseerders behartig die skoolsport in slegs vyf van die distrikte wat hierbo genoem is. Alexandra, Meadowlands en Diepkloof val buite die munisipale gebied en behartig hulle eie skoolsportorganisasie. Slegs op inter-distrikvlak word hulle by die organisasie

betrek. Elkeen van hierdie distrikte het sy eie komitee wat verantwoordelik is vir die organisasie van skoolsport in daardie distrik. Dit bestaan gewoonlik uit 'n voorsitter, 'n vise-voorsitter, 'n sekretaris, 'n assistent-sekretaris, 'n tesourier en al die sportorganiseerders in daardie distrik. Sodra die datums vir die finale wedstryde vasgestel is, belê die onderskeie distrikte afsonderlik vergaderings waarop die datums vir hulle eie finale wedstryde en atletiekbyeenkomste bepaal word.

As ons na die tabel van die onderskeie areas (p. 286) en distrikte (p. 288) kyk en ons laat die Oostelike Bantoedorp buite rekening, sien ons dat Orlando-Oos en Orlando-Wes saam die distrik van Orlando vorm. Pimville/Klipspruit en Chiawello/Dhlabeni vorm saam die distrik van Klipspruit, terwyl Phiri/Mapetla/Senaoane, Tladi/Naledi/Moletsane en Zola/Emdeni/Jabulani saam die distrik van Soweto vorm. Sentraal-Wes Jabavu/Moroka Jabavu vorm die distrik Moroka/Jabavu. Dube/Mofolo is 'n distrik op sy eie. Hierdie indeling van die distrikte in areas is nodig weens die omvang van die distrikte - dit vergemaklik die organisasie van die skoolsport.

Wanneer die datums vir die finale wedstryde in sokker en korfbal vir die onderskeie distrikte toegeken is, kan die organiseerders begin om die wedstrydbepalings vir die onderskeie areas op te stel. Een organiseerder in 'n area soos Dube/Mofolo is vir die organisasie van die nege laer-primêre skole verantwoordelik, terwyl die ander een die ses hoër-primêre skole behartig. Die eerste kompetisie wat afgehandel word, is die Punte-kompetisie.

Laer-primêre skole

Elke area se kompetisie word apart afgehandel en elke skool is geregtig daarop om twee sokkerspanne en twee korfbalspanne in te skryf. Die spanne word in 'n junior en 'n senior afdeling geklassifiseer. Die indeling van die twee klasse geskied nie volgens ouderdom nie, maar volgens liggaamslengte. Alle seuns van 1,473m en onder kwalifiseer vir die junior sokkerspan, terwyl dié bo 1,473m vir die senior sokkerspan in aanmerking kom. Dieselfde maatstaf word in korfbal gebruik. Om die aantal sokkerspanne wat in die kompetisie vir laer-primêre skole meeding te bepaal, moet die aantal skole in elke area, behalwe Oostelike Bantoedorp dus met twee vermenigvuldig word. Die aantal korfbalspanne word op dieselfde wyse bereken (sien p. 286). Die drie skole in die Oostelike Bantoedorp word nie hierby ingereken nie aangesien hulle weens die lang afstande nie aan die skoolsportligas deelneem nie.

In Orlando is die klassifikasiemaatstaf nie 1,473m nie, maar wel 1,422m as onderskeid tussen junior en senior spelers. Hierdie reël bied natuurlik geen probleme in die betrokke area of wanneer die kompetisie tot een distrik beperk is nie. Dit is alleenlik wanneer wedstryde teen ander distrikte gespeel word dat almal dieselfde maatstaf vir indeling moet gebruik. Wat sokker en korfbal betref, word die kompetisie van die laer-primêre skole nie verder as op distrik-vlak gevoer nie. Die kampioene in elke distrik word bepaal, maar hulle speel nie teen die kampioene van ander distrikte nie.

Elke area handel sy eie Punte-kompetisie af en in dié distrikte waar onderverdeling voorkom (Soweto, Orlando, Klipspruit) kom die wenner van elke area teen mekaar te staan, om die kampioen van die distrik in elke afdeling en sportsoort te bepaal.

In die tabel op bladsy 286 sien ons dat Orlando-Oos en Orlando-Wes elk sewe laer-primêre skole het. Elke area het sy eie wedstrydbepalingslys wat deur 'n organiseerder opgestel is en in afgerolde vorm aan die betrokke skole verskaf word. Hierop word die verskillende spanne wat op 'n spesifieke dag teen mekaar speel, die tyd en plek waar die wedstryde sal plaasvind sowel as die skeidsregter wat die wedstryd sal hanteer, gespesifiseer. Op die wedstrydbepalingslys verskyn ook enige ander inligting in verband met die liga wat die organiseerder onder die aandag van die skole wil bring.¹⁾ Hierdie wedstrydbepalingslys word weekliks opgestel, afgerol en by die skole afgelewer.

Die Punte-kompetisie bestaan daaruit dat elke skool een keer teen elke ander skool in dieselfde area speel en dat punte soos volg toegeken word: twee punte vir 'n wen, een punt vir 'n gelykopspel en geen punte wanneer die span verloor nie. Die wenner is die span wat daarin slaag om die meeste punte in te samel. Wanneer twee of meer spanne eweveel punte het, word die wenner deur die aantal doele wat behaal is, bepaal.

In die geval van die twee areas Orlando-Oos en Orlando-Wes

1. Sien Aanhangsel "A"

kom die agt wenners in sokker en korfbal teen mekaar te staan om die kampioenspan in elke afdeling (junior seuns - junior meisies, senior seuns - senior meisies) te bepaal. Dieselfde prosedure word gevolg in die twee areas Pimville/Klipspruit en Chiawello/Dhlamini om die kampioenspan van elke afdeling in die distrik Klipspruit te bepaal.

Die distrikte Dube/Mofolo en Moroka/Jabavu het elk net een area terwyl die distrik Soweto drie areas het waarin laer-primêre skole teen mekaar meeding. Die wenners van die onderskeie afdelings in elke area speel dan weer een keer elk in 'n Punte-kompetisie teen die wenners van daardie spesifieke afdeling in die ander areas. So word die kampioen van kampioene vir die distrik Soweto dan verkry.

Sodra die Punte-kompetisie afgehandel is, neem die Uitklop-kompetisie 'n aanvang. In elke area ding die skole op 'n uitklopbasis mee om die kampioene in twee afdelings vir sokker (junior en senior seuns) en die kampioene in die twee afdelings vir korfbal (junior en senior meisies) te bepaal. In die distrikte met meer as een area, ding die wenners van die onderskeie areas mee om die kampioenspan van elke afdeling in daardie distrik te bepaal.

Die aantal spanne wat in elke area meeding en in die tabel op bladsy 286 aangetoon word, is net die spanne wat aan die Punte-kompetisie deelneem. Dieselfde aantal spanne neem ook aan die Uitklop-kompetisie deel. Dié kompetisie word natuurlik baie gouer afgehandel omdat 'n span wat verloor dadelik uitgeskakel word en nie verder aan die kompetisie deelneem nie. Die totale aantal spanne van laer-primêre

skole wat in sokker en korfbal deur die organiseerders behartig word, is 318. ¹⁾

Wat atletiek betref, word die datums en plekke vir al agt distrikte se finale atletiekbyeenkomste reeds aan die begin van die jaar deur die Johannesburg en Distrik-vereniging toegeken. Die datum vir die inter-distrikbyeenkoms word ook vasgestel en die program vir die byeenkoms word deur die komitee gefinaliseer. Wedywering op hierdie byeenkoms vind in die volgende nommers plaas:

<u>Junior Meisies</u>	<u>Junior Seuns</u>
1. Touspring-wedloop	1. Sakresies
2. 100 Meter	2. 100 Meter
3. Driebeen-resies	3. Driebeen-resies
4. Aartappel-resies	4. Aartappel-resies
5. Bottel-resies	5. 150 Meter *
6. Aflos	6. Aflos
<u>Senior Meisies</u>	<u>Senior Seuns</u>
1. 100 Meter	1. 100 Meter
2. 200 Meter	2. 200 Meter
3. Touspring-wedloop	3. 400 Meter *
4. Driebeen-resies	4. 800 Meter *
5. Aartappel-resies	5. Hoogspring
6. Bottel-resies	6. Verspring
7. 4 x 100 Meter aflos	7. 4 x 100 Meter aflos
8. 600 Meter wissel-aflos ("Medley") in die verskillende areas	

Die skool-atletiekbyeenkomste begin gewoonlik teen die middel van Augustus en in elke area word 'n tydelike atletiekbaan (200 meter) op twee sokkervelde wat langs mekaar ge-

1. Sluit 22 spanne van Oostelike Bantoedorp in

* Hierdie items is in 1971 ingestel

leë is, voorberei. Die distrikbyeenkomste vind gewoonlik by die onderskeie stadions plaas. Die sportorganiseerders is besonder besig gedurende hierdie periode want die skole het hulp nodig met hulle voorbereiding en met die afsonderlike byeenkomste van elke skool. Die datums vir atletiekbyeenkomste word in Sone A en Sone B so beplan dat daar nie twee byeenkomste op een dag is nie, want al die organiseerders in Sone A moet behulpsaam wees met die organisasie van byeenkomste in Sone A en dieselfde geld vir Sone B. Op hierdie byeenkomste word die onderwysers nie op die atletiekbaan self toegelaat nie, want ondervinding het geleer dat dit net onenigheid veroorsaak.

Die datums vir die finale atletiekbyeenkomste van die verskillende distrikte in 1971 was soos volg:

<u>Distrik</u>	<u>L.P. Skole</u>	<u>Plek</u>
1. Alexandra	13 Augustus 1971	Alexandrastadion
2. Meadowlands	11 Augustus 1971	Meadowlandsstadion
3. Diepkloof	25 Augustus 1971	Orlandostadion
4. Orlando	8 September 1971	Orlandostadion
5. Klipspruit	9 September 1971	Jabavustadion
6. Moroka/Jabavu	2 September 1971	Jabavustadion
7. Dube/Mofolo	3 September 1971	Jabavustadion
8. Soweto	a) 24 Augustus 1971	Jabavustadion
	b) 21 Augustus 1971	Naledi Sportveld
	c) 1 September 1971	Zola Sportveld
Finale (Soweto)	8 September 1971	Jabavustadion
Finale (Inter-distrikte)	11 September 1971	Jabavustadion

Die enigste distrik wat dus area-atletiekbyeenkomste moet hou weens die groot aantal skole daarin, is Soweto. As 'n mens in aanmerking neem dat elke skool drie kinders per nommer kan inskryf vir die distrik-atletiekbyeenkoms, kan

'n mens 'n idee vorm van die groot taak wat by so 'n byeenkoms op die skouers van die organiseerders rus. 'n Distrik soos Moroka/Jabavu het 36 (12 x 3) deelnemers in elke nommer waarin uitdunne moet plaasvind.

Mededinging op hierdie atletiekbyeenkomste vind weer nie volgens ouderdom plaas nie, maar wel volgens 'n lengte-indeling. Voor elke byeenkoms moet alle atlete gemeet word en vanselfsprekend is dit 'n tydrowende proses. Vir die inter-distrikbyeenkomste vir laer-primêre skole is die lengte 1,473m. Alle kinders van 1,473m en minder ding as juniors en dié wat langer is, ding as seniors mee. Daar word dus net in die twee afdelings, naamlik junior seuns en meisies en senior seuns en meisies meeding. Elke kind wat voor die byeenkoms gemeet en as 'n junior geklassifiseer word, kry 'n stempel-afdruk vir uitkenning op sy linkerarm. Wanneer die distrikte egter hulle eie byeenkomste hou, wyk hulle om een of ander onverklaarbare rede van hierdie lengte af en feitlik elkeen het 'n ander lengte as maatstaf om atlete in afdelings in te deel. Sommige distrikte gebruik twee lengtemate om die atlete in drie afdelings in te deel, terwyl die ander van 'n ander lengtemaat gebruik maak om die atlete in twee afdelings in te deel. Hieronder volg die indelings wat in die onderskeie distrikte gebruik word: ¹⁾

<u>Klipspruit:</u>	Kleuters - onder 1,371m
	Juniors - tussen 1,371m en 1,473m
	Seniors - bo 1,473m

-
1. Die ander drie distrikte, naamlik Alexandra, Meadowlands en Diepkloof ressorteer nie onder Johannesburg Munisipaliteit nie en daarom word die skoolsport in die distrikte nie deur die Seksie Ontspanning behartig nie

<u>Soweto:</u>	Dieselfde indeling as Klipspruit
<u>Orlando:</u>	Juniors - 1,422m en onder Seniors - bo 1,422m
<u>Dube/Mofolo:</u>	Dieselfde indeling as Orlando
<u>Moroka/Jabavu:</u>	Juniors - 1,473m en onder Intermediêre groep - tussen 1,473m en 1,575m Seniors - bo 1,575m

Elke distrik moet na hulle byeenkomste twee atlete per nommer kies vir die inter-distrikbyeenkoms. Aangesien die klassifikasie lengte vir hierdie finale byeenkoms 1,473m is, kan daar met die kies van hierdie atlete groot probleme wees.

Wanneer ons nou die aantal atletiekspanne van die laer-primêre skole wat in die atletiek-organisasie betrokke is, bereken, kry ons 'n totaal van 410.¹⁾ Die totale aantal spanne wat deur die sportorganiseerders in die laer-primêre skoolsport behartig word, is gevolglik 728.

Ons moet op hierdie stadium net meld dat die Seksie Ontspanning al jare lank probeer om mededinging op 'n ouderdomsbasis ingestel te kry of om dan ten minste net die lengteindeling te standaardiseer, maar dit was tot dusver nog sonder sukses. Die probleem lê by die komitees van die onderskeie distrikte self waar onderwysers die meer-

1. Party skole het ses spanne (kleuters, juniors en seniors - meisies en seuns) en ander vier (juniors, seniors - meisies en seuns). Die totaal sluit 12 spanne van Oostelike Bantoeorp in

derheidstem het en nie wil afsien van hulle tradisionele manier van indeling nie.

Hoër-primêre skole

Die enigste van die vyf distrikte waar die distrik vir kompetisie-doeleindes in areas (p. 286) meeding, is in Orlando waar die hoër-primêre skole in Orlando-Oos en Orlando-Wes apart meeding. Die wenners in elke area kom dan teen mekaar te staan om die wenner van die distrik te bepaal. In hierdie distrik se areas is daar respektiewelik 11 en drie hoër-primêre skole wat apart meeding. Die aantal hoër-primêre skole in die ander vier distrikte is soos volg:

Klipspruit:	6 (3 + 3)
Dube/Mofolo:	6
Moroka/Jabavu:	13
Soweto:	16 (4 + 7 + 5)

Die eerste rondte uitdunne in Sone A vind op Orlandostadion plaas terwyl dié van Sone B op Moroka/Jabavustadion plaasvind. Die tweede rondte van die kompetisie vind op dieselfde plekke plaas. Die finale wedstryd tussen die wenners in Sone A en die wenners in Sone B word dan gewoonlik op Orlandostadion uitgespeel. Daar is agt sokkerspanne en agt korfbalspanne wat aan hierdie kompetisie deelneem.

Afgesien van hierdie kompetisie en die Uitklop-kompetisie in die onderskeie distrikte self, is daar ook 'n Uitklop-kompetisie tussen distrikte wat teen die einde van die

seisoen plaasvind. Elke distrik skryf een sokkerspan en een korfbalspan vir hierdie kompetisie in. Die distrikte word egter nie soos hierbo deur die onderskeie wenner van die senior afdeling van die distrikte verteenwoordig nie, maar wel deur spanne wat uit die beste spelers gekies is. Die uitdunne om die wenner in elke sone te bepaal, vind op een dag plaas by Orlandostadion en Morokastadion terwyl die finale wedstryde (sokker en korfbal) op Orlandostadion gespeel word.

/ Uitdunne /		Finale /	
Meadowlands	} ——— }	Kampioen (A Sone)	} Kampioen (Inter-distrik)
Alexandra			
Orlando	} ——— }		
Diepkloof			
Moroka/Jabavu	} ——— }	Kampioen (B Sone)	
Klipspruit			
Mofolo/Dube	} ——— }		
Soweto			

Die datums vir die uitdunne en finale wedstryde in albei kompetisies word net soos in die geval van laer-primêre skole ook aan die begin van die jaar deur die Johannesburg District African Inter Township Primary School Sports Association vasgestel. Die organiseerders wat vir die hoër-primêre skole verantwoordelik is, moet die kompetisie in hulle onderskeie skole so reël dat dit voor hierdie datums afgehandel is. Die totale aantal spanne van hoër-primêre skole wat in sokker en korfbal deur die organiseerders behartig word, is 413. ¹⁾

1. Sluit 23 spanne van Oostelike Bantoedorp in

Die organisasie vir die atletiekkompetisie word byna op dieselfde wyse as vir die laer-primêre skole behartig en organiseerders help met die organisasie van alle atletiekbyeenkomste van individuele skoolbyeenkomste tot op die inter-distriksvlak. Elke distrik behartig sy eie atletiekbyeenkomste en kies voor die inter-distrikatletiekbyeenkomste om die distrik te verteenwoordig. Ook by die hoër-primêre skole word die atlete nie volgens ouderdom ingedeel nie, maar volgens liggaamslengte. Elke distrik is natuurlik vry om net soveel indelings en lengtes vir indelings te gebruik as wat hy wil. Die verskillende indelings wat in die vyf distrikte gebruik word, word hieronder gegee:

1. Klipspruit: Juniors - onder 1,473m
Intermediêre groep - tussen 1,473m - 1,524m
Seniors - bo 1,524m
2. Soweto: Juniors - onder 1,473m
Intermediêre groep - tussen 1,473m - 1,575m
Seniors - bo 1,575m
3. Orlando: Juniors - 1,473 en onder
Seniors - bo 1,473m
4. Dube/Mofolo: Juniors - 1,473m en onder
Seniors - bo 1,473m
5. Moroka/Jabavu: Juniors - 1,524m en onder
Seniors - bo 1,524m

Hierdie indelings geld net vir atletiekbyeenkomste binne die onderskeie distrikte want vir die inter-distrikatletiekbyeenkoms is daar net twee afdelings waarin meegeding

word, naamlik seuns en dogters. In die huishoudelike byeenkomste vir distrikte word elke skool drie atlete per nommer toegelaat, terwyl elke distrik by die finale inter-distrikbyeenkoms slegs twee persone per item toegelaat word. Soos vir die laer-primêre skole word die datums vir elke distrik se finale atletiekbyeenkoms ook aan die begin van die jaar deur die Johannesburg en Distrik-vereniging bepaal, terwyl die program vir die finale inter-distrikbyeenkoms ook goedgekeur word. Die volgende nommers word op hierdie byeenkoms afgehandel:

Meisies

- | | |
|--------------------------------|---------------|
| 1. 80 Meter hekkies * | 6. Spiesgooi |
| 2. 100 Meter | 7. Diskus |
| 3. 200 Meter | 8. Gewigstoot |
| 4. 400 Meter | 9. Hoogspring |
| 5. 4 x 100 Meter aflos | 10. Verspring |
| 11. Bottelresies ¹⁾ | |

Seuns

- | | |
|-----------------------|------------------|
| 1. 110 Meter hekkies* | 7. Spiesgooi ** |
| 2. 100 Meter | 8. Diskus ** |
| 3. 200 Meter | 9. Gewigstoot ** |
| 4. 400 Meter | 10. Hoogspring |
| 5. 800 Meter | 11. Verspring |
| 6. 1 500 Meter | 12. Driesprong * |

1. Die meisies hardloop 50 tree terwyl 'n leë bottel op hulle kop gebalanseer word. Hulle mag nie aan die bottel raak nie

* Hierdie drie nommers het aldie in 1971 vir die eerste keer op die program verskyn

** Hierdie items is vir die eerste keer in 1968 op die program van die inter-distrikbyeenkoms vir hoër-primêre skole ingesluit. Sommige distrikte het egter wel al gedurende 1967 hierdie nommers in die programme van hulle huishoudelike byeenkomste ingesluit. Die aar-tappel-, touspring- en driebeen-resies het vir hierdie nuwe nommers op die program plek gemaak

Vervolg/.....

Seuns

- 13. 5 000 Meter
- 14. 4 x 100 Meter aflos
- 15. 4 x 400 Meter aflos

Die totale aantal atletiekspanne wat deur die sportorganiseerders vir die hoër-primêre skole behartig word, word verkry deur die aantal skole in al die distrikte behalwe Klipspruit en Soweto met vier te vermenigvuldig. Met ander woorde, in hierdie distrikte skryf die 33 skole elk vier spanne (junior en senior seuns - junior en senior meisies) en die 22 skole in Klipspruit en Soweto skryf elk ses spanne in. Daar is dus 'n totaal van 270 atletiekspanne in die hoër-primêre skole-atletiekkompetisie. ¹⁾

Die totale aantal spanne wat in sokker, korfbal en atletiek deur die sportorganiseerders van die Seksie Ontspanning behartig word, kan nou soos volg uiteengesit word: (sien ook tabelle p. 286)

	<u>Laer-primêre skole</u>	<u>Hoër-primêre skole</u>	<u>Totaal</u>
Sokker	158	187	= 345
Korfbal	160	194	= 354
Atletiek	410	270	= 680
<u>Totaal:</u>	728	651	= 1 379

Die organisasie van hierdie skoolsportligas en atletiekbyeenkomste verg baie werk en noukeurige beplanning van die sportorganiseerders. Die administratiewe werk in verband met die organisasie van die aktiwiteite word deur die or-

1. Sluit ses spanne van Oostelike Bantoedorp in

ganiseerders self gedoen. By die depot is tikmasjiene en 'n afrolmasjien beskikbaar vir omsendbriewe of enige inligtingstukke wat aan die skole afgelewer moet word. Wedstrydbepalings ("fixtures") moet gereeld weekliks gedurende die liga-seisoen aan skole gestuur word sodat hulle betyds kennis dra van wanneer en waar wedstryde gespeel word. 'n Voorbeeld van so 'n wedstrydbepaling word as aanhangsel "A" by hierdie werk aangeheg.

Voor die algemene jaarvergaderings van elke distrik is die organiseerders vir die opstel van die jaarverslae wat tydens die vergaderings ingedien word, verantwoordelik.

Hierdie verslae bevat die volgende inligting:

- i) Kennisgewing en agenda van algemene jaarvergadering;
- ii) Notules van vorige vergadering;
- iii) Voorsitter se verslag;
- iv) Sekretaris se verslag;
- v) Finansiële verslag van tesourier;
- vi) Organiseerder se verslag insake sportaktiwiteite van distrik.
 - a) Distrik se uitslae in sokker en korfbal, alle afdelings vir laer-primêre en hoër-primêre skole
 - b) Kommentaar en uitslae in verband met die inter-distrikkompetisie
 - c) Uitslae van atletiekbyeenkomste in die distrik asook die uitslae van die inter-distrikatletiekbyeenkoms met spesiale verwysing na goeie vertonings deur atlete van die distrik

Die organisasie van die skoolsportligas bring heelwat onkostes wat deur die distrikte self gedra moet word, mee. Die insameling van fondse bly 'n netelige probleem, maar in Johannesburg het die sportverenigings met behulp van die organiseerders hierdie probleem in 'n groot mate oorkom.

Daar is drie bronne van inkomste waarvan elke distrik gebruik maak: i) Elke skool wat deelneem aan die distrik se sportbedrywighede moet by die distrik-vereniging affilieer en vir hierdie voorreg is ledegeld betaalbaar. Party distrikte vereis hiervoor R2,00 terwyl ander weer R4,00 vereis; ii) Elke distrik het een keer per jaar 'n groot prysuitdelingsfunksie waar die wenner in die skool-sportligas of atletiekbyeenkomste in die distrik hulle bekere ontvang. Hierdie funksies vind na skool plaas en alle skole in daardie distrik woon dit gewoonlik by. 'n Film word ook vertoon en daarvoor moet elke kind tien sent betaal. Hierdie geld word gewoonlik by die skole ingevorder. Die sportorganiseerder reël meestal met die onderafdeling Bioskoopdienste van die Afdeling Nie-blankesake dat die film kosteloos vertoon word; iii) Gedurende die jaar word filmvertonings gereël om fondse in te samel. Hierdie organisasie vereis noue samewerking met die skole want die toegangsgelde word by die skole ingesamel en die kinders masjeer dan as 'n skool na waar die vertoning gehou word.

'n Gedeelte van die inkomste van elke distrik word jaarliks aangewend om die onderwysers wat betrokke is by die organisasie van die skoolsport op 'n piekniek te vergas. Alhoewel Blankes miskien die wenkbroue hiervoor sal lig, is dit al so 'n deel van die skoleligas in Soweto dat die opheffing daarvan die skoolsport aldaar nadelig sal raak.

5.3.4.2.2 VRYETYDSBESTEDINGSAKTIWITEITE

Gedurende die tweede en derde skoolkwartale is die sport-

organiseerder byna voltyds besig met die organisasie van skoolsport. Daar is egter dae tussen-in wanneer hulle nie besig is met die organisasie nie. Op hierdie dae sowel as in vakansietye en gedurende die eerste en vierde skoolkwartale is die organiseerders verantwoordelik vir ontspanningsprogramme op die sportvelde in hulle areas. Omdat die sportorganiseerders nie heeldag opgepas kan word nie, is dit 'n probleem om te verseker dat alle sportorganiseerders te alle tye hulle plig doen. Om laksheid onder organiseerders te voorkom, beweeg die ontspanningsbeampies en die senior sportorganiseerders gedurig rond om die organiseerders in hulle areas te besoek. Nogtans kan in die algemeen gesê word dat die vryetydsbestedingsprogramme wat in die middag aangebied word redelik suksesvol is. Enigiemand wat in Soweto rondry kan enige middag van die week impromptu sokker- en korfbalwedstryde of ander sportaktiwiteite, wat op die verskillende sportvelde deur die sportorganiseerders georganiseer word, te sien kry.

Daar moet onthou word dat die sportorganiseerders nie vir klubaktiwiteite en kleiner spele soos volleybal, tafeltennis, ringtennis en ander speletjies verantwoordelik is nie. Hierdie bedrywighede word by die klubhuise deur die Tak Rehabilitasie en Jeugdienste behartig.

5.3.4.2.3 INSTANDHOUDING VAN FASILITEITE

Elke organiseerder het sy eie span arbeiders in sy area wat verantwoordelik is vir die skoonmaak van kleedkamers en klubhuise, die merk van velde, die instandhouding van tennisbane en sokkervelde of enige ander werk in die area

wat nie die aandag van die depot se span arbeiders vereis nie. Die sportorganiseerder moet elke môre toesien dat die arbeiders aan diens is en dat hulle, hulle werk streng volgens die werkprogramme wat later volledig bespreek sal word, verrig. Enige instandhoudingswerk wat weens die omvang daarvan nie deur sy span behartig kan word nie, moet so gou as moontlik onder die aandag van die terrein-beampte by die depot gebring word. Die organiseerders moet ook alle speelterreine gereeld inspekteer want gevaarlike toerusting kan tot ernstige beserings lei en die stadsraad aan eise om skadevergoeding blootstel.

5.3.4.2.4 AANDKLUBS, VAKANSIEKAMPE EN ANDER AKTIWITEITE

Die sportorganiseerders is saans verantwoordelik vir die ordelike gebruik van die Seksie Ontspanning se klubhuise wat dwarsdeur Soweto geleë is. Daar word nie van hulle verwag om elke aand by die klubhuis te wees of om aktief by die aktiwiteite van die aandklubs betrokke te raak nie, maar van tyd tot tyd moet die klubs besoek word en enige hulp of raad wat aangevra word, moet indien moontlik, verskaf word.

Soos reeds gemeld onder die bedrywighede van die Tak Rehabilitasie en Jeugdienste, neem hierdie tak twee keer per jaar hulle klublede na vakansiekampe by die see. Organiseerders van die Seksie Ontspanning vergesel hierdie groepe en daar is hulle verantwoordelik vir die organisasie van die kinders se ontspanningsbedrywighede.

Die sportorganiseerders is feitlik almal gekwalifiseerde

atletiekbeampies en doen diens by alle volwasse atletiekbyeenkomste wat in Soweto plaasvind. Ongelukkig is volwasse deelname aan atletiek aan die Witwatersrand hoofsaaklik beperk tot die myne. Nadat Soweto jare lank sonder 'n atletiekklub moes klaarkom, het een van die organiseerders weer so 'n klub in Soweto gestig. Hierdie klub ding suksesvol in die Sentraal Transvaal Amateur Atletiek en Fietsryvereniging (10 geaffilieerde klubs) se kompetisies mee. Wat volwasse atletiek betref, is dit opvallend dat daar geen vroulike deelnemers is nie en alle pogings om hulle by sulke byeenkomste te betrek, is onsuksesvol. Die organiseerders dien as beampies by die atletiekbyeenkomste van die hoërskole en is geheel en al in beheer van die finale atletiekbyeenkoms tussen die hoërskole van Soweto. Wanneer die vyf gebiede van die Suid-Transvaalse vereniging (hoërskole) hulle jaarlikse byeenkoms in Johannesburg hou, is die Seksie Ontspanning in beheer van die byeenkoms. Verskeie sportorganiseerders is bedrywig in die komitees van verskillende sportverenigings. Een van hulle wat op die bestuur van die Suid-Afrikaanse Nie-blanke Amateur Boksvereniging is, het ook die Nie-blanke boksspan wat gedurende 1967 deur Italië getoer het, as afrigter vergesel.

5.3.5 SPORTORGANISEERDERS MET SPESIALE TAKE

Stadions

Alle stadions waar toegangsgelde ingevorder word (Orlando, Moroka, George Gochstadion en die amfiteater), ressorteer elk onder 'n organiseerder wat as 'n graad 5 beampte gegradeer is weens die hoër verantwoordelikheid wat sy verplig-

tinge meebring. Wedstryde word op Saterdag en Sondag op hierdie stadions gespeel en op Donderdagaande word professionele wedstryde ook op Orlando onder spreilichte gespeel. Die organiseerders wat dus in beheer van stadions is, doen gedurende die week hulle deel sover dit die organisasie van die skoolsportligas betref, terwyl hulle naweke ook feitlik deurentyd aan diens is.

Voordat die Seksie Ontspanning draaihekke by die verskillende stadions geïnstalleer het, is gebruik gemaak van kaartjies om toegangsgelde in te vorder. Alhoewel alle probleme met die invordering van toegangsgelde by Bantoe stadions nie opgelos word deur die installering van draaihekke nie, is dit nogtans 'n groot verbetering op die sisteem van kaartjieverkope. Elkeen van die 18 draaihekke by Orlando word beman deur 'n kassier wat in 'n kamertjie sit vanwaar 'n voetpedaal wat die draaihek in beweging bring, beheer kan word. Die skares by sokkerwedstryde het so toegeneem dat die gevaar dat die sportorganiseerder beroof kon word, vergroot het. Daar is toe in 1970 besluit dat geen uitbetalings behalwe aan kassiere en ander beamptes gemaak sou word nie. Die geld sou vir die duur van die naweek in die brandkluis toegesluit word en aan die einde van die maand sou 'n tjek aan die sokkervereniging uitgemaak word. Die sokkervereniging sou dan by die stadion tjeks aan die klubs wat by die wedstryde betrokke was, gee vir die bedrag wat hulle toekom. Voorheen is uitbetalings aan die klubs in kontant gedoen. Die hanteling van kontant by die verskillende stadions bly egter 'n groot risiko en daarom is die geld wat by die stadions hanteer word deur die stadsraad teen diefstalle verassureer.

Die reg om verversings by die stadions te verkoop word deur middel van tenders toegeken en die organiseerder moet toesien dat die reg van die suksesvolle applikant hom nie deur ander persone ontnem word nie.

Enkelkwartiere vir Bantoemans

In Soweto is daar vier enkelkwartiere vir Bantoemans, naamlik in Dube, Nancefield, Jabulani en Mapetla. Sedert 1970 is 'n organiseerder (graad 5) vir al hierdie enkelkwartiere se ontspanningsbedrywighede verantwoordelik. Elke enkelkwartier het sokkervelde, 'n ontspanningsaal, 'n dansarena en twee kegelbane vir die inwoners se gebruik. Die organiseerder word in sy ontspanningsorganisasie by elk van die enkelkwartiere deur 'n komitee bygestaan. Die belangrikste aktiwiteite wat deur die inwoners beoefen word, is gewigoptel, boks, sokker, judo, kegelspel en stamdanse. Laasgenoemde is die gewildste aktiwiteit.

Een keer per maand kom al die spanne van die mynkampongs, industriële kampongs en die enkelkwartiere bymekaar by een van die enkelkwartiere in Soweto om in stamdanse mee te ding. Die organiseerder, in oorlegpleging met die komitees en die superintendente van die tehuse, reël ook die volgende aktiwiteite dwarsdeur die jaar: musiekuitvoerings deur jazz-orkeste, orkeskompetisies, koorkompetisies, liggaamsbou-kompetisies, gewigoptel, judo-demonstrasies en 'n verskeidenheid sportbyeenkomste teen die ander enkelkwartiere.

5.3.6 BANTOEPERSONEEL (NIE-GEGRADEER)

Afgesien van die 21 gegradeerde Bantoe-sportorganiseerders is daar ook 159 nie-gegradeerde Bantoepersoneellede in die Seksie Ontspanning se diens. Van hierdie aantal is 76 by die depot, 32 in Sone A en 51 in Sone B gestasioneer. Die Bantoepersoneel by die depot is hoofsaaklik daar om konstruksiewerk en die groter instandhoudingsdienste in Soweto te behartig terwyl die arbeiders in die twee sones vir die merk van alle sportfasiliteite en die skoonmaak van geboue van die Seksie Ontspanning verantwoordelik is.

5.3.6.1 BANTOEPERSONEEL BY DEPOT

Funksionele bedrywighede

Klerk

Die Bantoeklerk verrig die algemene administratiewe werk wat nodig is by die werk van die 159 nie-gegradeerde Bantoepersoneellede van die Seksie Ontspanning. Sy primêre funksie is om die weeklikse tydstaats van die nie-gegradeerde personeel voor te berei. Die klerk beheer in samewerking met die terreinbeambte die bestelling en uitreiking van beskermende-klere. Hy teken uitreikings van klere aan die arbeiders aan en wanneer dit nodig is, moet hy bestellings vir die betrokke werknemers plaas. Wanneer enige bestuurder van 'n voertuig in 'n ongeluk betrokke is (maak nie saak hoe gering die skade is nie), moet so 'n persoon dadelik die voorgeskrewe vorms wat vir die doel beskikbaar is, viervoudig voltooi. Die klerk moet die Ban-

toebestuurders met hierdie taak bystaan. Volgens die Ongevallewet van 1941 is 'n werkgewer wetlik verplig om sodra hy in kennis gestel word of slegs daarvan te hore kom dat 'n werknemer in die uitvoering van sy pligte beseer is, dadelik die nodige ongevalle-vorms te voltooi. Hierdie funksie word aan die klerk toevertrou en deur die ontspanningsbeampte gekontroleer.

In die ontspanningsbeampte se kantoor is 'n groot bord waarop elke nie-gegradeerde Bantoepersoneellid se nommer, naam en plek waar hy werksaam is, aangetoon word. Die klerk moet hierdie bord op datum hou. Alle bedankings, verlof en siekte vereis dat veranderings aangebring word sodat die ontspanningsbeampte met een oogopslag kan waarneem wat sy personeelsterkte vir daardie dag is.

Baasjongens

Daar is twee baasjongens om algemene toesig te hou oor die arbeiders wat by die depot gestasioneer is. Hierdie arbeiders is in twee spanne verdeel, elk met sy eie baasjong. Die funksionele bedrywighede van die baasjongens sal verderaan in samehang met dié van die arbeiders bespreek word.

Nutsman en assistente

Die nutsman en sy vier assistente is vir die herstel van skoppelmaaie en die verf van speelterreintoerusting verantwoordelik. Dit is ongelukkig ook die toerusting wat die meeste deur vandale beskadig word.

Die administratiewe opset van die Seksie Ontspanning is sodanig dat slegs 18 van die 39 speelterreine opsigters het. Hierdie speelterreine waar opsigters is, is egter nie veel minder aan vandale blootgestel as die ander waar daar nie opsigters is nie. Die rede hiervoor is dat die skade saans as die speelterrein gesluit is, gedoen word. Om die swaai met kettings en slotte aanmekaar te koppel en te sluit help ook nie.

Masjienbedieners

Die masjienbedieners is die persone wat die skrapers wat aan die trekkers gekoppel is, beheer. Hierdie trekkers en skrapers word gebruik om die sokkervelde in Soweto in stand te hou. Dit is nodig dat die velde gereeld geskraap word, want weens die beperkte krag van die trekkers kan hierdie werktuie nie die werk verrig as die gras toegelaat word om te welig te groei nie.

Skoonmakers

Die depot het twee skoonmakers. Een van hulle is vir die skoonmaak van die gebou en vir die maak van tee verantwoordelik, terwyl die ander een moet sorg dat die werf skoon is en die drie bakkies gereeld gewas word.

Arbeiders

Daar is 50 arbeiders by die depot gestasioneer en hulle word soos volg ingedeel:

a) Instandhoudingspanne

Daar is twee instandhoudingspanne van tien arbeiders elk en hulle word vir konstruksie- en instandhoudingswerk in Sone A en B gebruik. Daar is 'n baasjong in bevel van elke span en alhoewel aan elke sone 'n werkspan toegeken is, word daar in die uitvoering van pligte nie streng hierby gehou nie. Die rede hiervoor is dat die twee spanne met die verloop van jare elk in sy eie rigting gespesialiseer het. Die een baasjong en sy span het gespesialiseer in die uitmeet en merk van atletiekbane, terwyl die ander baasjong en sy span konsentreer op konstruksiewerk, naamlik die oprigting en instandhouding van speelterreine en die konstruksie van tennisbane. ¹⁾ Waar daar dan ook 'n speelterrein in Soweto opgerig moet word, doen die een baasjong en sy span die werk. Die ander baasjong en sy span word weer vir die uitmeet van alle atletiekbane in Soweto ingespan. Afgesien van hierdie spesialisasie word al die ander take deur die sone se eie werkspan verrig.

Elke stadion het een arbeider wat gedurende die week opruimingswerk by die stadions doen, maar na 'n groot byeenkoms of wedstryd kan hierdie arbeider nie al die werk ver-

1. Al 44 tennisbane wat in Soweto gebou is, het grondoppervlaktes gehad, maar sedert 1967 het die Seksie Ontspanning begin om van die tennisbane met weervaste oppervlaktes te voorsien. Teen 1973 was daar reeds 21 van die 44 bane wat van hierdie oppervlaktes voorsien is. Die beleid is egter nog om alle nuwe tennisbane met grondoppervlaktes te bou en later 'n weervaste oppervlak aan te bring. Tennisbane word ook twee-twee gebou aangesien konstruksie-onkoste laer is as wanneer enkel tennisbane gebou word

rig nie. Die werkspanne word dan op Maandae gestuur om met die opruimingswerk te help. Van tyd tot tyd word die spanne by al die speelterreine omgestuur om alle rommel, wat daar versamel het, te verwyder.

b) Vervoer en masjinerie.

Daar is vir elk van die vragmotors, trekkers, meganiese laaigraaf, stootskraper en padskraper arbeiders wat verantwoordelik is vir die oplaai en aflaai van apparaat en gereedskap en vir die skoonmaak van die voertuie en die masjinerie. Die drie vragmotors het elk drie arbeiders terwyl die trekkers, laaigraaf, stootskraper en padskraper elk een arbeider het om daarna om te sien.

c) Die sif van gruis en miershoop

Een arbeider is afgesonder om dwarsdeur die jaar hierdie taak te verrig. Vir hierdie doel het die arbeider die gebruik van 'n meganiese sif. Daar is dan altyd gesifte materiaal wat reg is om gemeng te word wanneer dit vir die bou van tennisbane en krieketkolfblaaie benodig word.

d) Ghriessmeeders

Daar is twee ghriessmeeders (een vir elke sone) wat moet sorg dat die bewegende speelterreintoerusting gedurig geghries word. Hierdie ghriessmeeders kry 'n toelaag om hulle fietse te gebruik om by die speelterreine te kom. Hulle rapporteer net elke Vrydagmôre by die depot vir enige instruksies en om ghries te kry.

e) Algemene aflosarbeiders

Om te verhoed dat die werk by die depot of in die areas daaronder lei wanneer Bantoes siek is of met verlof gaan, word 'n aantal arbeiders wat bereken word op 10% van die totale arbeidsmag as algemene aflosarbeiders in diens geneem.

Die aantal arbeiders by die depot kan
dus soos volg ingedeel word.

Instandhoudingspanne

Sone A		10
Sone B		10

Vervoer en Masjinerie

3 Vragmotors		9
3 Trekkers		3
1 Meganiese laaigraaf		1
1 Stootskraper		1
1 Padskraper		1
Sif van gruis en miershoop		1
Ghriessmeeders		2
Algemene aflosarbeiders		12
	<u>Totaal:</u>	<u>50</u>

Masjienoperateurs

Daar is drie masjienoperateurs, een elk vir die meganiese laaigraaf, stootskraper en padskraper in die Seksie se diens. Hierdie swaar masjinerie word vir konstruksiewerk gebruik. Aangesien gekwalifiseerde masjienoperateurs nie maklik bekombaar is nie, is hierdie operateurs deur die

Seksie Ontspanning self opgelei.

Bestuurders

Daar is drie vragmotorbestuurders en 'n bestuurder vir die bakkie wat gebruik word om die nutsman en sy assistente na hulle werkplekke te vervoer.

Trekkerbestuurders

Die Seksie Ontspanning het drie trekkerbestuurders vir die vier trekkers wat gebruik word om die sokker- en korfbalvelde in stand te hou. Die vierde trekker word gebruik indien een van die ander trekkers buite werking is.

Nagwagte

Twee van die nagwagte is aan diens by die depot waar 'n groot hoeveelheid voorrade soos ysterpale, speelterrein-toerusting en ander apparaat in oop stoorkamers gebêre word. Die ander nagwag is by die Chiawello-sentrum aan diens.

Volgens hierdie uiteensetting is daar 'n totaal van 76 nie-gegradeerde Bantoeperoneel by die depot gestasioneer.

5.3.6.2 BANTOEPERONEEL IN SONES

Die arbeiders in die verskillende areas van die twee sones is, behalwe vir die merk van sportvelde en die skoonmaak van geboue, ook vir onkruidbeheer op sportterreine verantwoordelik. Aan elke area is 'n aantal arbeiders, volgens

die aantal fasiliteite wat versorg moet word, toegeken. Daar is gewoonlik in elke area 'n sentrale punt soos 'n klubgebou of kleedkamers wat deur daardie area se arbeiders as hoofkwartier gebruik word. Die twee sones word in die volgende areas ingedeel, terwyl die aantal arbeiders in elke area ook aangetoon word:

<u>Area - Sone B</u>	<u>Aantal Arbeiders</u>
1. Tladi - Moletsane	4
2. Zola - Jabulani	8
3. Naledi - Emdeni	5
4. Sentraal Wes - Jabavu - Zondi	4
5. Mapetla - Phiri - Molapo	7
6. Chiawello - Dhlamini - Senaoane	8
7. Moroka - Jabavu	12
8. Jabulanitehuis	1
9. Jabulani-amfiteater	2
	51

<u>Area - Sone A</u>	<u>Aantal Arbeiders</u>
10. Dube - Mofolo	8
11. Orlando-Oos	3
12. Orlando-Wes	7
13. Klipspruit - Pimville	7
14. Oostelike Bantoedorp	6
15. Dubetehuis	1
	32

As ons nou kyk na die area-indeling waarvolgens die sportorganiseerders toegewys is (p. 286), sal ons sien dat dit in een of twee gevalle ietwat van bogenoemde indeling verskil. Die rede hiervoor is dat sedert 'n sisteem van arbeidstoekenning (soos hieronder uiteengesit sal word) in-

gestel is, die omvang van sekere areas gewysig moes word om die doeltreffendheid van die nuwe sisteem te verhoog. Die werkprogramme van die arbeiders in hierdie nuwe areas is egter nog nie beskikbaar nie en daarom moet die programme soos dit onder die ou bedeling bereken is, gebruik word om die organisasie van die sone-arbeid uiteen te sit. Die gebruikmaking van die werkprogramme volgens die ou indeling doen egter nie afbreuk aan die uiteensetting van hierdie sisteem van arbeidstoekenning nie, want die basiese eienskappe van die sisteem word nie geraak nie en enige ontspanningsdepartement wat van Bantoe-arbeid gebruik maak, sal met vrug die uiteensetting kan volg en gebruik om hulle eie departemente se arbeid beter te organiseer.

Voordat die Seksie Ontspanning van hierdie sisteem gebruik gemaak het, was dit altyd 'n probleem om te bereken hoeveel arbeiders in elke area genoegsaam sou wees om behoorlik na die instandhouding van die sportfasiliteite om te sien. Wanneer daar addisionele sokkervelde in 'n spesifieke area ontwikkel is, is die arbeidsmag eenvoudig met 'n ekstra man vergroot. Daar was dus geen objektiewe metode waarvolgens arbeiders vir funksionele bedrywighede toegewys kon word nie.

Die Seksie Ontspanning het toe besluit om die Organisasie en Metode Afdeling te versoek om hulp te verleen sodat 'n oplossing vir die probleem gevind kon word. Die gevolg van hierdie versoek was dat dié Afdeling in samewerking met die ontspanningsbeamptes van die Seksie Ontspanning 'n ondersoek uitgevoer het. Hierdie ondersoek het meegebrin

dat daar nou vir die eerste keer 'n objektiewe metode was waarvolgens die Seksie Ontspanning die aantal arbeiders wat in elke area benodig word, kon vasstel. Volgens dié metode van arbeidstoekenning word die tydsduur van elke taak soos die merk van 'n sokkerveld, 'n tennisbaan en dergelike fasiliteite, bepaal. Sodoende kan die totale aantal man-ure wat die merk van al die sportvelde in 'n spesifieke area vereis, bepaal word en daarvolgens kan die nodige aantal arbeiders bereken word. Hierdie metode is niks nuuts nie; inteendeel, basies word dit al jare lank deur industrieë en ander instansies dwarsdeur die land gebruik om doeltreffendheid te verhoog. Die wyse waarop hierdie metode deur die Seksie Ontspanning gebruik word, is ook nie volmaak nie, maar wat van groot belang is, is dat dit as 'n wegspringplek vir die geesdriftige ontspanningsbeampte kan dien. Hy kan daarop voortbou en eksperimenteer in 'n poging om die metode te verbeter.

Die eerste stap met die instelling van hierdie sisteem van arbeidstoekenning is dus die bepaling van die tyd wat toegelaat moet word vir die merk van afsonderlike fasiliteite. In hierdie sisteem is daar gebruik gemaak van 'n verskeidenheid van studies waarvolgens die maksimum toelaatbare tye vir die merk van elke afsonderlike fasiliteit bereken is. Die tye wat vir elke taak toegelaat word, word hieronder uiteengesit.

i) Tennisbane (Miershoop)

a) Volledige taak

Hiervoor is 'n tydspan van 3,62 man-ure vir 'n enkelbaan en

7,24 vir 'n dubbelbaan bereken.

b) Volledige taak sonder tennisbaanmerker

Die merk van 'n enkelbaan neem 4,14 man-ure.

ii) Korfbalbaan

Die korfbalbane in Soweto is gewoonlik langs die sokkervelde geleë. Omdat die fasiliteite meestal saam gemerk word, is dit nie nodig om twee keer kalk aan te maak nie, maar waar korfbalbane wel apart gemerk word, moet 0,36 man-ure by die standaardtyd gevoeg word om hierdie taak in te sluit. Die merk van twee korfbalbane wat langs mekaar geleë is, neem 1,30 man-ure in beslag.

iii) Sokkervelde

Die volledige taak neem 4,90 man-ure. Vir elke addisionele veld wat gemerk word, moet 0,66 man-ure van hierdie tydskuur afgetrek word omdat die kalk reeds gemeng is. Twee velde wat langs mekaar geleë is, sal dus 9,14 man-ure in beslag neem om te merk.

iv) Sagtebalveld

Die merk van 'n sagtebalveld neem 1,54 man-ure. Vir elke addisionele veld wat gemerk word, moet 0,36 man-ure van hierdie tydskuur afgetrek word omdat die kalk reeds gemeng is. Die merk van twee sagtebalvelde sal dus 2,72 man-ure neem om te voltooi.

v) Kleedkamergeriewe

Die 11 kleedkamergeboue in Soweto wat naby die sokkervelde opgerig is, bestaan elk uit twee kleedkamers met stortgeriewe (koue water) en afsonderlike toiletgeriewe vir mans en vroue. Die skoonmaak van die kleedkamergeriewe neem 3,00 man-ure.

vi) Werkprogramme

Die maksimum toelaatbare tyd wat vir die merk van elke afsonderlike fasiliteit bereken is laat oorgenoeg tyd vir die voltooiing daarvan en behoort die arbeiders nie langer as die aanbevole tyd te neem om die taak uit te voer nie.

Voordat daar begin word met die opstel van die werkprogramme moet bepaal word watter dae van die week die geskikste is vir die merk van fasiliteite. Dit word bepaal deur die sportorganiseerder se weeklikse program: fasiliteite in Soweto word gemerk op dié dae wanneer daar geen wedstryde of georganiseerde programme op die velde plaasvind nie. Soweto het egter die probleem dat skoolligawedstryde op Dinsdae en Donderdae plaasvind, terwyl volwassenes die velde op Saterdag en Sondag gebruik. Die velde moet dus op vier dae van die week in 'n goeie toestand wees. Om die velde vier keer per week te merk, is natuurlik onmoontlik. Die Seksie Ontspanning maak in die werkprogramme net twee keer per week voorsiening vir die merk van sportvelde. As die sportvelde byvoorbeeld Maandae en Donderdae gemerk word, sal dit vir die skoolligawedstryde op

Dinsdae en Donderdae reg wees, maar teen die tyd dat spanne op Sondaie die velde gebruik, sal die merke skaars sigbaar wees. Die werkprogramme moet hierdie probleem sovermoontlik probeer oorkom sonder om onnodige arbeid te gebruik.

Aangesien die behandeling van die werkprogramme vir al 15 areas (sien p. 316) te omslagtig sal wees, wil die ondersoeker slegs ses van daardie areas (drie elk in Sone A en B) gebruik om die beplanning van arbeid te illustreer. In elke werkprogram word die fasiliteite wat in daardie area gemerk moet word, sowel as die aantal speelterreine aangedui, want die arbeiders van elke area moet die opsigters gedurende die week aflos. Tweedens word die aantal arbeiders wat toegeken word aangedui, sowel as die pligte wat hulle elke dag van die week moet doen.

Daar moet onthou word dat alle opsigters by speelterreine ook Sondaie aan diens is, maar weens beperkte ruimte kan dit nie aangetoon word nie. Uit die programme blyk dit dat daar dae is wanneer die arbeiders nie die volle aantal beskikbare man-ure per dag met die merk van fasiliteite besig is nie. Hierdie ekstra tyd en die halfdag wat die arbeiders op Saterdag werk word gebruik om algemene werklies in die area uit te voer. Dit is ook gerade om nie die arbeiders se daaglikse werkprogramme te oorlaai nie, want daar is dikwels los werklies soos skoffel, instandhouding van sokkerballe, die optel van rommel en die instandhouding van oppervlaktes by tennismure waarvoor daar nie in die werkprogramme voorsiening gemaak is nie. In elk geval moet slegs sowat 90% van die totale man-ure per dag

aan roetinetwerk afgestaan word. Daar is dikwels onvoorsiene take wat verrig moet word en sodanige "vrye tyd" kom dan baie goed te pas. Hierdie "vrye tyd" en Saterdagoggende word gedurende die somer heel dikwels gebruik om sokkervelde oor te merk nadat reën die lyne weggespoel het.

Soos dit uit die werkprogramme blyk, is Dinsdae en Donderdae 'n probleem aangesien die wedstryde in die middag gespeel word. Hierdie dae is die arbeiders minder besig en kan hulle heelwat los werkies onderneem. Wanneer 'n gebied in areas opgedeel word, moet die aantal sokkervelde en korfbalbane goed onderverdeel word. Daar kan onmiddellik uit die werkprogramme afgelei word of 'n area swak verdeel of weens die beskikbaarstelling van nuwe fasiliteite te lomp vir doeltreffende organisasie geword het. Sodra hierdie stadium bereik word, moet daar gedink word aan verdere onderverdeling.

Wanneer nuwe fasiliteite in een van die 15 areas in Soweto ontwikkel word, probeer die ontspanningsbeampte om die instandhouding van die ekstra fasiliteite op die bestaande program in te pas, maar indien hy vind dat dit nie gedoen kan word nie, word 'n versoek aan die personeelafdeling gerig sodat ekstra personeel vir die area aangestel kan word. Hierdie afdeling raadpleeg ook op hulle beurt die werkprogramme en indien hulle vind dat daar nie genoeg ekstra man-ure op die werkprogram oor is om die ekstra werk in te pas nie, word toestemming verleen om 'n ekstra arbeider in die area aan te stel.

Hieronder volg dan 'n uiteensetting van die werkprogramme

van ses van die 15 areas en elkeen sal afsonderlik bespreek word. In hoofsaak sal die basiese verduideliking van die werkprogramme onder Dube/Mofolo gedoen word. Die bespreking by die ander areas sal beperk word tot die moontlikheid van die instandhouding van addisionele sportvelde in daardie area sonder die indiensneming van ekstra arbeiders.

a) Dube/Mofolo

Soos in werkprogram 1 (p. 370) aangedui word, is daar vyf arbeiders wat diens doen by speelterreine en by die bewaarskool. Hierdie mense is voltyds besig en hulle is dus nie beskikbaar vir die merk van sportvelde nie. Die ander drie arbeiders vorm die werkspan van die area en hulle is verantwoordelik vir die merk van alle sportvelde wat op die program aangedui word. Tussen die drie arbeiders is daar dus 24 man-ure per dag beskikbaar vir die werk wat gedoen moet word.

Maandae merk hulle die dubbele tennisbaan in Dube, die twee sokkervelde in Mofolo-Sentraal sowel as die twee korfbalbane in dieselfde omgewing. Die werkspan doen dan 19,34 man-ure per dag werk wat $\pm$ 81% van die beskikbare tyd uitmaak. Dinsdae werk hulle 17,30 man-ure uit van beskikbare 24 uur terwyl daar Woensdae slegs 8 man-ure beskikbaar is aangesien twee van die arbeiders dan by speelterreine aflos. Donderdae werk hulle 15,76 man-ure terwyl hulle Vrydae vir 21,28 man-ure besig is. Saterdag werk die drie arbeiders net vir 4 uur; gevolglik is daar slegs 12 man-ure beskikbaar, waarvan 9,96 man-ure vir die merk van sportfasiliteite gebruik moet word. Die

werklading is dus op nie een van die dae te swaar nie; in-teendeel, op Dinsdae is dit eintlik aan die ligte kant. Daar moet egter onthou word dat die skoolligas in die middag verhoed dat enige fasiliteite gemerk kan word. Hierdie "vrye tyd" word gebruik om ander pligte uit te voer.

Wat sal nou gebeur indien daar in hierdie area nog 'n sokkerveld gemaak word? Sal die instandhouding van hierdie sokkerveld op die bestaande werkprogram vir die area ingepas kan word?

Aangesien die sokkerveld twee keer per week gemerk word en dit 4,90 man-ure neem om die werk te voltooi, moet daar op twee dae van die week soveel tyd beskikbaar wees. Op die werkprogram sien ons dat daar Maandae 19,34 man-ure werk verrig word en dat nog 'n sokkerveld wat 4,90 man-ure se werk vereis die totaal op 24,24 man-ure te staan bring. Indien die veld egter langs die ander twee geleë is, trek ons 0,66 man-ure af (sien uiteensetting p. 319). Dit sal ons dan 'n totale werkstyd van 23,58 man-ure gee. Dit is dus nog minder as die totale aantal man-ure wat op Maandae beskikbaar is, maar dan laat ons die veronderstelling dat nie meer as 90% van die totale aantal beskikbare man-ure per dag vir roetinewerk gebruik mag word nie, buite rekening.

Alhoewel daar Dinsdae slegs 17,30 man-ure se werk verrig word, verhoed spel in die middag dat werk aan die velde op Dinsdae ingepas kan word. Woensdae is al die beskikbare tyd reeds in beslag geneem. As ons in aanmerking neem dat die kledkamers wel op Dinsdagmiddae skoongemaak kan

word, kan die merk van 'n addisionele sokkerveld miskien op Donderdae ingepas word. Indien die sokkerveld naby die korfbalveld wat gemerk moet word lê, sal dit slegs 4,24 man-ure in beslag neem. Dit gee ons behalwe die skoonmaak van kleedkamers 'n totale aantal man-ure van 17,00 waarin die werk afgehandel kan word. Daar is egter net 15,00 man-ure beskikbaar (8 vm. - 1 nm. gee ons vyf man-ure en met drie arbeiders is daar 15 beskikbaar) wat dan te min is om die werk af te handel. Dit blyk dus dat 'n vermeerdering van fasiliteite in hierdie area die aanstelling van 'n addisionele arbeider sal regverdig.

b) Orlando-Wes

As ons op dieselfde wyse as hierbo die berekenings doen vir die inpas van 'n addisionele veld in hierdie area, sien ons dat daar slegs in die Phefeni-gebied genoeg tyd is vir die merk van 'n addisionele sokkerveld op Dinsdae en Vrydae (p. 331). In die Mzimhlope-gebied sal daar egter addisionele arbeid vir die merk van verdere fasiliteite benodig word. Op Woensdae is daar net twee arbeiders beskikbaar want die ander twee los die opsigters by die speelterreine af.

c) Pimville/Klipspruit

Hierdie area se werkprogram is effens lomp weens die nuwe uitbreidings wat hier ontstaan het (p. 332). Alhoewel daar in die Pimville-gebied daaglik heelwat man-ure oor is (Maandae 5,40, Dinsdae 8,76, Woensdae 4,26, Donderdae 8,76 en Vrydae 5,32), kan daar nie meer as een addisionele

sokkerveld se werk ingepas word nie. In die Stadion-gebied is daar net Woensdae ekstra tyd beskikbaar, terwyl daar in die Klipspruit-gebied slegs Vrydae genoeg tyd vir addisionele werk is. Alhoewel die Stadion-gebied Vrydae heelwat werk het (26,62 man-ure wat deur drie arbeiders behartig word) is dit onprakties (weens die lang afstande) om die ander gebiede se arbeiders daarheen te stuur om te help.

Die aantal man-ure wat op Vrydae vereis word (26,62) is wel meer as wat beskikbaar is (24,00), maar dit beteken nie dat die arbeiders dit nie kan doen nie. Met die berekening van die duur van die verskillende take is, soos reeds vermeld, baie ruim beplan. Die werk wat in die Stadion-gebied gedoen moet word, kan in die beskikbare tyd voltooi word indien die arbeiders die oggend hulle taak begin met die wete dat die tyd beperk is en dat hulle bietjie vinniger moet werk om dit betyds klaar te maak. So-danige toestand mag egter net in hoogs uitsonderlike gevalle toegelaat word.

Die aantal man-ure wat daar op die verskillende dae beskikbaar is (Dinsdae 19,84, Woensdae 15,38, Donderdae 12,24 en Vrydae 9,16), dui aan dat die fasiliteite oneweredig tussen die gebiede verdeel is: In die Stadion-gebied het die arbeiders byvoorbeeld Vrydae te veel werk terwyl dié in Pimville en Klipspruit baie "vrye tyd" het. Maandae en Donderdae is die arbeiders in die Stadion-gebied net so besig. In hierdie gebied word daar op die twee dae onderskeidelik 25,78 en 24,26 man-ure se werk vereis, terwyl die arbeiders in die Pimville- en Klipspruit-gebiede steeds

heelwat "vrye tyd" het. Dit is dus duidelik dat die toekenning van fasiliteite of die indeling van die area in gebiede oneweredig is en dat die verkwisting van man-ure 'n herindeling van die area self of die indeling van die area in twee aparte areas, regverdig. As dit nie gedoen word nie, moet daar ten minste oorweging geskenk word daaraan om meer arbeid in die Stadion-gebied te voorsien.

d) Mapetla/Phiri/Molapo

Hierdie area is een waar daar 'n goeie balans bestaan tussen die fasiliteite en die aantal arbeiders wat vir die instandhouding daarvan verantwoordelik is. Die aantal man-ure wat daaglik beskikbaar is vir los werkies is ideaal, naamlik Maandae 2,56, Dinsdae 5,40, Woensdae 2,40, Donderdae 3,62 en Vrydae 4,08 (p. 333). Daar is op geen dag enige "vrye tyd" beskikbaar waarin die merk van addisionele velde ingepas kan word nie.

Daar moet net onthou word dat waar werkprogramme uitgewerk word vir 'n area waar skooligawedstryde gespeel word, die merkery reeds voltooi moet wees voor die wedstryde in die middag 'n aanvang neem. In hierdie area is daar Dinsdae 20 man-ure beskikbaar vir die merk van die sokkervelde en korfbalbane voordat die wedstryde in die middag begin. Die velde wat gemerk moet word, vereis 16,64 man-ure ($4,90 + 4,90 + 4,24 + 2,60$) en kan dus betyds klaar gemerk word. Op Donderdae is daar ook 20 man-ure beskikbaar waarvan slegs 17,60 ($4,90 + 5,20 + 4,90 + 2,60$) vir die merk van die benodigde fasiliteite gebruik word.

Tennisbane en sagtebalvelde kan in die middag wanneer die skoolligawedstryde in sokker en korfbal aan die gang is, gemerk word. Op Woensdae los drie van die arbeiders by die speelterreine af en Saterdag doen hulle enige los werkies soos skoffel, rommel optel en die merk van noodsaaklike fasiliteite indien reën die merke weggespoel het.

e) Zola/Jabulani (p. 334)

Soos in die werkprogram gesien kan word, is die arbeiders se dae op Maandae, Woensdae en Vrydae taamlik vol en kan die merk van enige addisionele sportvelde op Dinsdae en Donderdae ook nie behartig word nie aangesien die arbeiders nie sal klaarkry voor die ligawedstryde moet begin nie.

f) Naledi/Emdeni (p. 335)

Uit 'n studie van werkprogram 6 is dit duidelik dat daar heelwat man-ure is wat nie gebruik word nie. Daar sou dus op die werkprogram vir die instandhouding van twee ekstra sokkervelde tyd wees sonder die indiensneming van ekstra arbeiders. As een van hierdie sokkervelde op Maandag gemerk word, gee dit ons 'n totale aantal gebruikte man-ure van 22,82 (17,92 + 4,90). Soortgelyk sal die merk van die ander veld op Dinsdae ons 'n totaal van 11,50 man-ure (7,26 + 4,24) gee. As ons nou aanneem dat die twee nuwe sokkervelde naby dié in Emdeni geleë sal wees, kan die twee nuwe velde wat dan slegs 8,48 man-ure sal neem om te voltooi (sien uiteensetting p. 319), op Vrydae gedoen word. Die totale aantal gebruikte man-ure is dan 22,42 (13,94 + 8,48).

Indien twee ekstra sokkervelde in die area ingesluit word, sal die werkprogram natuurlik baie beknop wees en geen voorsiening vir enige ander fasiliteite sal gemaak kan word nie.

Die werkprogramme wat hier bespreek is asook werkmodes en -prosedures moet gedurig hersien word, want dit is te maklik om aan beproefde maar verouderde modes te bly vas-
kleef. Dié noodsaaklikheid van werkprogramme word vandag allerweë ingesien, maar die opvatting bestaan nog dat dit die werk van werkstudie-, organisasie- en metodebeamptes is. Cloete sê in sy referaat Die Administrasie van Openbare Parke dat hierdie opvatting baie ver van die waarheid is omdat dié mense wat daagliks met spesifieke funksionele bedrywighede besig is die enigstes is wat aan sodanige op-
kanpping reg kan laat geskied. Hulle is tog immers die mense wat met die probleme te doen kry en die beste kan be-
sluit oor watter modes die beste resultate sal lewer. Hy spreek hom soos volg oor hierdie saak uit:

„Dit is immers vanselfsprekend dat die voortreflikste werkmodes en -prosedure verkry sal word indien elke dag daarna gekyk word en dus die voortdurende taak van elke werknemer is om onder die leiding van sy toesig-
houders onderneem te word." ¹⁾

Die ondersoeker stem heelhartig saam met Cloete se siening. Om hierdie rede is die werkprogramme wat in die Seksie Ontspanning gebruik word hier uiteengesit sodat ontspannings-
beamptes daarvan gebruik kan maak om soortgelyke organisa-
sie-modes in hulle eie werksomgewing aan te wend.

1. CLOETE, J.J.N., Die administrasie van Openbare Parke.
'n Voordrag gelewer tydens die 25ste
Kongres van die Instituut van Parke-
en Ontspanningsadministrasie, Febru-
arie 1973

WERKPROGRAM 1

Area	Fasiliteite	Arbeiders		Dag van week waarop fasiliteite gemerk word					
		Speel- terrein	Span	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
<u>Dube/Mofolo</u>									
* Mofolo Park	1 Spesiale speelterrein	2		Dag af	x	x	x	x	x
	1 Speelterrein			x	Dag af	x	x	x	x
Mofolo-Noord	1 Speelter. & Klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x
Dube	1 Speelter. & Klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x
Dube	1 D/Tennisbaan	1		x(7,24)			x(3,00)	x(7,24)	
	1 Kleedkamer			x(4,90) x(1,30)	∅	x(4,90)		x(2,72)	
	2 Sagtebalvelde								
	1 Sokkerveld								
	1 Korfbalbaan								
	1 Rugbyveld								
Mofolo-Noord	1 Sokkerveld	2		x(4,90) x(4,90) x(1,30)	∅	x(4,90)	x(4,90)		
	1 Sokkerveld						x(2,96)	x(9,14)	
	1 Korfbalbaan								
Mofolo-	2 Sokkervelde	2		x(9,14) x(2,96)		x(7,24)	x(2,96)	x(9,14)	x(7,24)
	2 Korfbalbane								
	1 D/Tennisbaan								
	1 Bewaarskool								
		1		x	x	x	x	x	x
		5	3	19,34	17,30	7,24	15,76	21,28	+ 9,96
		—	—	—	—	—	—	—	—
	<u>Man-ure gebruik</u>			24,00	24,00	8,00	24,00	24,00	12,00
	Beskikbare Man-ure								

WERKPROGRAM 2

Area	Fasiliteite	Arbeiders		Dag van week waarop fasiliteite gemerk word					
		Speel- terrein	Span	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
Orlando-Wes									
Phefeni	1 Speelterrein en klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x
	1 D/Tennisbaan			x(7,24)		x(7,24)		x(7,24)	
	1 D/Oefenmuur		2	x			x		
	2 Sokkervelde			x(9,14)		∅	x(9,14)		
	2 Korfbalbane				x(2,60)		x(2,60)		
	1 Kleedkamer			x(3,00)			x(3,00)		
Mzimhlope	1 Speelterrein en klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x
	2 Sokkervelde				x(9,14)			x(9,14)	
	2 Korfbalbane				x(2,60)		x(2,60)		
	1 D/Tennisbaan		2	x(7,24)		x(7,24)		x(7,24)	
	1 D/Oefenmuur			x			x		
	1 Kleedkamer			x(3,00)		∅	x(3,00)		
	1 Bewaarskool	1		x	x	x	x	x	x
		3	4	29,62	14,34	14,48	20,34	23,62	
		—	—	32,00	32,00	16,00	32,00	32,00	
	Man-ure gebruik								
	Beskikbare man-ure								

∅ Twee arbeiders los by speelterrein af

WERKPROGRAM 3

Area	Fasiliteite	Arbeiders		Dag van week waarop fasiliteite gemerk word					
		Speel- terrein	Span	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
<u>Pimville/ Klipspruit</u>									
Pimville	1 Speelterrein en klubhuis	1		Dag af	x	x	x	x	x
	2 Sokkervelde					x(9,14)		x(9,14)	
	2 Korfbalbane		2	x(2,60)		x(2,60)			
	1 Sagtebal veld			Ø				x(1,54)	
	1 D/Tennisbaan				x(7,24)		x(7,24)		
	1 E/Oefenmuur			x			x		
Stadion	2 Sokkervelde			x(9,14)		x(9,14)			
	2 Korfbalbane			x(2,60)		x(2,60)			
	1 Sokkerveld			x(4,90)				x(4,90)	
	2 Sokkervelde			x(9,14)					
	3 Korfbalbane		3		x(4,26)		x(9,14)		
	3 D/Tennisbane						x(4,26)		
	1 D/Tennisbaan				x(7,24)		x(7,24)		
	1 E/Tennisbaan				x(3,62)		x(3,62)		
Klipspruit	2 Sokkervelde			x(9,14)		x(9,14)			
	3 Korfbalbane		1		x(4,26)		x(4,26)		
	1 Sagtebalveld				x(1,54)			x(1,54)	
		1	6	37,52	28,16	32,62	35,76	38,84	
		—	—	40,00	48,00	48,00	48,00	48,00	
	<u>Man-ure Gebruik</u>								
	Beskikbare man-ure								

Ø Een arbeider los af by speelterrein

WERKPROGRAM 4

Area	Fasiliteite	Arbeiders		Dag van week waarop fasiliteite gemerk word						
		Speel- terrein	Span	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	
<u>Mapetla/Phiri/</u>										
<u>Molapo</u>										
Phiri	1 Speelter. & klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x	
Mapetla	1 Speelter. & klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x	
Molapo	1 Speelterrein	1		x	x	Dag af	x	x	x	
Phiri	1 D/Tennisbaan				x (7,24)		x (7,24)			
	1 D/Tennis oefenmuur			x (2,00)			x (2,00)			
	1 Klubgebou			x (3,00)		x (3,00)				
	1 Sokkerveld			x (4,90)				x (4,90)		
	1 Sokkerveld				x (4,90)		x (4,90)			
	2 Korfbalbane					x (2,60)		x (2,60)		
	2 Korfbalbane		4	x (2,60)				x (2,60)		
	1 Sagtebalveld				x (1,18)			x (1,18)		
	Mapetla	2 Sokkervelde			x (9,14)		∅		x (9,14)	
		4 Korfbalbane			x (5,20)			x (5,20)		
Molapo	1 Sokkerveld				x (4,90)		x (4,90)			
	1 Sokkerveld				x (4,24)			x (4,90)		
	2 Korfbalbane			x (2,60)				x (2,60)		
	2 Korfbalbane				x (2,60)		x (2,60)			
	1 Sagtebalveld				x (1,54)		x (1,54)			
		3	4	29,44	26,60	5,60	28,38	27,92		
		—	—	32,00	32,00	8,00	32,00	32,00		
<u>Man-ure Gebruik</u>										
Beskikbare man-ure										

∅ Drie arbeiders los af by speelterreine

WERKPROGRAM 5

Area	Fasiliteite	Arbeiders		Dag van week waarop fasiliteite gemerk word					
		Speel- terrein	Span	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
<u>Zola/Jabulani</u>									
Zola-Noord	1 Speelter. & klubhuis	1		x	Dag af	x	x	x	x
Zola-Sentraal	1 Speelter. & klubhuis	1		Dag af	x	x	x	x	x
Zola-Suid	1 Speelter. & klubhuis	1		x	x	x	Dag af	x	x
Jabulani	1 Speelter. & klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x
Zola	1 D/Tennisbaan				x (7,24)			x (7,24)	
	1 Kleedkamergebou				x (3,00)				x (3,00)
	3 Sokkervelde					x (13,38)		x (13,38)	
	4 Korfbalbane				x (5,20)		∅	x (5,20)	
Jabulani	2 Sokkervelde		4	x (9,14)	∅	∅	x (9,14)		
	2 Sokkervelde			x (8,48)		x (9,14)			
	4 Korfbalbane			x (5,20)			x (5,20)		
	1 Krieketkolfblad								
		4	4	22,82	15,44	22,52	14,34	25,82	3,00
		—	—	—	—	—	—	—	—
				24,00	24,00	24,00	24,00	32,00	12,00
	<u>Man-ure Gebruik</u>								
	Beskikbare man-ure								

∅ Arbeiders los af by speelterrein

WERKPROGRAM 6

Area	Fasiliteite	Arbeiders		Dag van week waarop fasiliteite gemerk word					
		Speel- terrein	Span	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Bonderdag	Vrydag	Saterdag
Naledi/ Emdeni									
Naledi	1 Speelter. & Klubhuis	1		x	x	Dag af	x	x	x
	1 Speelterrein			x	Dag af	x	x	x	x
	1 D/Tennisbaan	1		x(7,24)	x(3,00)		x(7,24)		x(7,24)
	1 Kleedkamergebou								x(3,00)
	1 Sokkerveld			x(4,90)		∅	x(4,90)		
	1 Sokkerveld			x(4,24)			x(4,24)		
	1 Sokkerveld				∅	x(4,90)		x(4,90)	
	3 Korfbalbane		3		x(4,26)		x(3,90)		
	1 Sagtebalveld			x(1,54)				x(1,54)	
Emdeni	1 Sokkerveld					x(4,90)		x(4,90)	
	2 Korfbalbane					x(2,60)		x(2,60)	
		2	3	17,92	7,26	12,40	20,28	13,94	10,24
		-	-						
				24,00	16,00	16,00	24,00	24,00	12,00
	<u>Man-ure Gebruik</u>								
	Beskikbare man-ure								

∅ Arbeiders los af by speelterrein

5.4 ORGANISASIE VAN DIE ONDERAFDELING SWEMBADDENS

5.4.1 SWEMBADPERSONEEL - BANTOES

In 1970 is daar 'n verslag deur die personeelraad opgestel waarin veranderings ten opsigte van werkstoestande, salarisskale, kwalifikasie-vereistes en ampsbenamings aanbeveel is. Daarmee is gepoog om die tekort aan personeel by die Bantoeswembaddens te oorkom. ¹⁾ Die oorsake van hierdie toedrag van sake is soos volg uiteengesit:

- i) Salarisse is nie voldoende nie;
- ii) Personeel moet oor naweke en op vakansiedae werk;
- iii) Personeel ondervind heelwat senuweespanning wanneer die swembaddens oor naweke te veel swemmers moet akkommodeer; daar is geen geleentheid vir die personeel om ander werk as afleiding te verrig nie;
- iv) Bevorderingsgeleenthede is beperk;
- v) Die kwalifikasie-vereistes is te laag om die mense van ander werk te verseker as hulle te oud word om as lewensredders op te tree.

Na oorweging van die hele ontspanningsopset is daar besluit om die sportorganiseerders by die kursus in sportorganisasie, ook die kursus in lewensredding te laat volg. Die tekort aan personeel by die swembaddens sou dan op hierdie wyse opgelos word. Verder sou die Seksie Ontspanning die voordeel hê dat die personeel 'n verskeidenheid pligte kan verrig; die organisasie en kontrole sou verbeter; die probleem om gedurende die wintermaande werk aan die lewensredders te verskaf, sou opgelos wees en wanneer ekstra lewensredders gedurende spitstye benodig word, kan van die

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1970:I:1532

sportorganiseerders daarmee help.

Met die nuwe bedeling is die kwalifikasie-vereiste vir 'n sportorganiseerder op standerd VIII vasgestel. Voor aanstelling as leerling-sportorganiseerder in 'n tydelike hoedanigheid, moes persone eers 'n departementele swemtoets slaag.

In die salarisskaalstruktuur van die sportorganiseerders is daar drie kwalifikasie-versperrings. Vir sy eerste bevordering moet die leerling-sportorganiseerder 'n brons medalje in lewensredding en 'n eerstehulp sertifikaat verwerf. Die tweede versperring vereis dat die kursus in sportorganisasie met sukses afgelê word, terwyl die laaste een 'n bekwaamheidsversperring is. ¹⁾

5.4.2 SWEMBADPERSONEEL - BLANKES

In 1970 is die volgende personeel by die Senaoane-swembad aangestel:

- | | | |
|---|---|--|
| 1 | Swembadsuperintendent (Blank) | |
| 1 | Sportorganiseerder (Graad B6) | |
| 2 | Sportorganiseerders (Graad B4/5/B5) | |
| 1 | Kassier (Manlik) | |
| 3 | Kleedkameroppassers (Manlik - Tydelik) | |
| 3 | Kleedkameroppassers (Vroulik - Tydelik) | |
- } Bantoes

Die personeelraad het ook 'n ondersoek ten opsigte van die personeelorganisasie by die ander swembaddens uitgevoer. Die aanbevelings ten opsigte van die bestaande (H) en voor-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1970:I:1532

gestelde (V) personeelposte word in die volgende tabel op p. 339 uiteengesit:

Die tabel op p. 340 toon die wysiging in die personeelsterkte, ampsbenaming en die kwalifikasievereistes aan. Die graad waarna daar verwys word, dui die salarisskaal aan en volledigheidshalwe word die skale hier gegee:

Graad B7: R1 620 x 60 - R1 740 x 84 - R1 908

Graad B6: R1 380 x 60 - R1 620

Graad B5: R1 152 x 48 - R1 200 x 60 - R1380

Graad B4/B/B5: R960 x 48 - R1 152/B R1 152 x 48 -
R1 200 x 60 - R1 380

Graad B3: R816 x 36 - R960

5.4.3 SWEMONDERRIG

Soos reeds vermeld, het swemonderrig by Orlando-swembad in die seisoen 1957/58 'n aanvang geneem. Teen 1971 was daar reeds 14 skole in die nabyheid van die swembad wat gedurende skoolure daar swemonderrig ontvang het. Hierdie onder-
rig word in samewerking met die Departement van Bantoe-on-
derwys verskaf. Ongelukkig word hierdie diens nog nie
by die ander swembaddens verskaf nie, maar sodra die be-
hoefte bestaan en so 'n diens deur die gemeenskap aangevra
word, sal dit ook by die ander vier swembaddens ingestel
word.

Gedurende die eerste en die vierde kwartaal kom die klas-
se vanaf Maandag tot Vrydag van 10 vm. - 4 nm. om die
beurt vir 'n uur elk om te leer swem. Op hierdie wyse
word 30 klasse per week behartig. Daar word 'n maksimum
van 50 kinders per periode toegelaat by elke les; so word

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE - BLANKESAKE
SEKSIE ONTSPANNING - REORGANISASIE - 1970
SWEMBADDENS - BESTAANDE (H) EN VOORGESTELDE (V) PERSONEELPOSTE

Ampsbenaming	Orlando		Moroka/Jabavu		Moletsane		Algemene aflos en toesig		Totaal	
<u>Blank:</u>	H	V	H	V	H	V	H	V	H	V
Senior swembadsuperintendent	-	-	-	-	-	-	1	1	1	1
Swembadsuperintendent	1	1	1	1	-	1	-	1	2	4
	1	1	1	1	-	1	1	2	3	5
<u>Bantoe:</u>										
Swembadopsigter (B5)	1	-	1	-	-	-	-	-	2	-
Lewensredder/Instrukteur (B3)	2	-	2	-	-	-	-	-	4	-
Sportorganiseerder (B6)	-	1	-	1	-	1	-	-	-	3
Sportorganiseerder (B4/B/B5)	-	2	-	2	-	2	-	-	-	6
Kassier (Manlik)	1	1	1	1	-	1	-	-	2	3
Kleedkameroppasser (Manlik - tydelik)	3	3	3	3	-	3	-	-	6	9
Kleedkameroppasser (Vroulik - tydelik)	3	3	3	3	-	3	-	-	6	9
	10	10	10	10	-	10	-	-	20	30

JOHANNESBURGSE AFDELING NIE - BLANKESAKE
SEKSIE ONTSPANNING - REORGANISASIE - 1970
PERSONEELSTERKTE - BESTAANDE EN VOORGESTELDE

Bestaande

Voorgestelde

Aantal poste	Ampsbenaming	Kwalifikasievereistes	Aantal poste	Ampsbenaming	Kwalifikasievereistes
2	Sportorgani-seerder (B7)	Enigeen van die volgende: (a) Sertifikaat in Liggaam-like Opvoedkunde (b) Onderwysdiploma met ondervinding van klub- en sportaktiwiteite. (c) St. VIII - Departementele sertifikaat en 5 jaar ondervinding as 'n sportorgani-seerder in die afdeling Nie-blankesake	2	Sportorgani-seerder (B7)	(a) St. VIII <u>en</u> (b) brons-silwermedalje of bevoegdheid-sertifikaat vir swem <u>en</u> (c) Eerstehulpserifikaat <u>en</u> (d) Departementele sert. in sportorganisasie <u>en</u> (e) ondervinding as sportorgani-seerder in die afdeling Nie-blankesake vir 'n sekere aantal jare. (3 jaar vir graad B6 en 5 jaar vir graad B7)
6	Sportorgani-seerder (B6)	Dieselfde as sportorgani-seerder graad (B7)	9 ¹⁾	Sportorgani-seerder (B6)	Dieselfde as sportorgani-seerder graad (B7)
12	Sportorgani-seerders (B4/B/B5)	Skaal B4: St. VIII. Bekwaamheidversperring: Graad B5. Departementele sertifikaat in sportorganisasie	18 ²⁾	Sportorgani-seerders (B4/B/B5)	St. VIII en Departementele swemtoets. Versperringsvereistes:- B1:(a) Brons medalje en (b) Sertifikaat in Eerstehulp. B2: Departementele sertifikaat in sportorganisasie. B3: Bekwaamheidsertifikaat.
2	Swembadopsigter (B5)	a) Brons medalje of silwermedalje in swem of Bevoegdheidsertifikaat <u>en</u> b) Eerstehulpserifikaat	Geen	Sien sportorganiseerder graad B6 hierbo	
4	Lewensredder/Instrukteur (B3)	Dieselfde as swembadopsigter, graad B5	Geen	Sien sportorganiseerder, graad B4/B/B5, hierbo	

LET WEL: Sien nota p. 341

daar aan 300 kinders per dag onderrig gegee.

Die Departement van Bantoe-onderwys stuur aan die begin van elke jaar 'n omsendbrief aan die skole wat deelneem en daarin word die volgende onder die aandag van die skoolhoofde gebring:

i) 'n Rooster wat elke skool se swemperiode aandui en waarby skole streng moet hou, word by die omsendbrief ingesluit. In die brief word ook aangedui watter klas van die skool gedurende daardie jaar swemonderrig sal ontvang en op watter dae in die eerste en vierde kwartaal die swemonderrig 'n aanvang sal neem;

ii) Twee van die vier Gesondheidopvoedingsperiodes per week moet vir hierdie doel gebruik word;

iii) Elke groep wat na die swembad gaan, moet van 'n onderwyser wat vir die klas se goeie gedrag verantwoordelik is, vergesel word;

iv) Indien die kinders om een of ander belangrike rede nie na die swembad kan gaan nie, moet die superintendent voor die tyd in kennis gestel word;

v) Die skole word aangeraai om ten volle van hierdie geleentheid gebruik te maak en toe te sien dat skoliere hierdie onderrig met erns benader.

Wanneer die onderskeie skole aan die begin van die seisoen

Nota: p. 340)

1. Sluit twee bestaande poste van swembadopsigters in, graad B5 word verander na sportorganiseerder, graad B6 en 'n nuwe pos vir Moletsane-swembad
2. Sluit vier bestaande poste van lewensredder in, graad B3 word verander na sportorganiseerder graad B4/B/B5 en twee nuwe poste vir Moletsane-swembad

N.B. Waar huidige bekleërs van poste as sportorganiseerders, swembadopsigters en lewensredders nie aan die gewysigde kwalifikasie-vereistes voldoen nie sal hulle, ooreenkomstig hulle huidige salarisskale bevorder word

hulle leerlinge vir die eerste keer swembad toe stuur, word elke leerling individueel getoets en in een van die volgende vier kategorieë ingedeel:

- i) Beginners wat niks van swem af weet nie en wat selfs te bang is om hulle kop onder die water te steek;
- ii) Leerlinge wat nie kan swem nie, maar wat darem twee treë of wat in 'n horisontale posisie deur die water kan gly, met die gesig onder die water en arms langs die kop reguit na vore gestrek terwyl hulle slegs met die voete skop;
- iii) Leerlinge wat op 'n manier drie of vier treë ver kan swem;
- iv) Die leerlinge wat reeds goed kan swem.

Laasgenoemde kategorie ontvang geen onderrig nie en oefen onder die toesig van die onderwyser in 'n aparte deel van die swembad. Die ander kategorieë word deeglik onderrig totdat hulle 'n stadium bereik waar hulle redelik kan swem. Tydens hierdie swemprogram woon nagenoeg 30 000 skoolkinderen jaarliks die swemklasse by. Dié getalle word nie bygetel by die jaarlikse bywoningssyfers wat in die tabel op bladsy 197 gegee word nie.

As ons in ag neem dat die swemseisoen sewe maande duur en dat daar in 1972/73 by Orlando-swembad 53 dae was waarop daar geen swemmers opgedaag het nie, word 'n gemiddelde van nagenoeg 800 swemmers per dag vir hierdie swembad bereken. Hierdie gegewens asook dié vir die ander swembaddens dui op oorbenutting. Die owerheid is egter bewus van hierdie toedrag van sake en daarom is daar in die afgelope tien jaar reeds vier nuwe swembaddens in Soweto gebou.

Elke openbare swembad het reëls, wette en regulasies wat

nagekom moet word. Die Bantoebevolking van Johannesburg wat gebruik maak van die swembaddens in Soweto is onderhe-
wig aan die swembadverordeninge van die stadsraad van Jo-
hannesburg wat in terme van seksie 101 van die Plaaslike
Owerheidsordinansie van 1939 in die Provinsiale koerant
van 24 Augustus 1966 gepubliseer is. Daarin word die
pligte, regte en verantwoordelikhede van die stadsraad,
superintendente van swembaddens en die publiek volledig
omskryf.

5.5 ORGANISASIE VAN ONDERAFDELING BIOSKOOPDIENSTE

Sedert die lewering van bioskoopdienste vanaf 1963 deur
die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling
aan die plaaslike owerhede toegesê is, het die werksaamhede
van die Onderafdeling Bioskoopdienste sodanig toegeneem
dat die onderafdeling teen 1964 verantwoordelik was vir
800 vertonings per jaar by 18 verskillende punte. Die
weeklikse vertonings, wat 15 aand en vier middagvertonings
ingesluit het, is deur die volgende personeel behartig: ¹⁾

- 1 Projektorbediener (Blank)
- 3 Bioskoopassistente (Blank)
- 2 Bantoe-polisiemanne
- 1 Skoonmaker
- 1 Arbeider

Die personeel kon nie die addisionele werk, wat onder meer
vyf ekstra vertonings per week meegebring het, behartig
nie. Die onderafdeling het die Werkstudie-afdeling dus

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1965:I:61

versoek om die saak te ondersoek. Daarna is die volgende aanbevelings aan die stadsraad voorgelê:

i) Verandering van ampsbenamings

Die pligte van die bioskoopassistente was om die bioskoopapparaat te bedien en nie te assisteer nie. Die ampsbenaming is dus na projektorbediener verander, terwyl die pos van projektorbediener na senior projektorbediener verander is.

ii) Personeelveranderings

Om finansiële redes is slegs viervan die vyf addisionele vertonings per week goedgekeur en om hierdie ekstra werk te behartig, is aanbeveel dat nog twee projektorbedieners en een Bantoe aangestel word. Die voorgestelde personeelsterkte sou dan soos volg wees:

- 1 Senior projektorbediener
- 5 Projektorbedieners
- 4 Bioskoopassistente (Bantoes)
- 1 Skoonmaker

iii) Werksure

Die bioskoopvertonings self vind hoofsaaklik smiddae en saans plaas. Dit is dan nodig dat rolprente soggens nagegaan en herstel word indien dit nodig is. Hierbenewens moet een of twee persone aan diens wees as die openbare luidsprekerstelsel op Sondag of openbare vakansiedae benodig word. Vir doeltreffende organisasie is dit dan nodig om die werksdag (Maandae tot Saterdag) in drie skofte van 4 uur 24 minute elk te verdeel:

Skof	Werksure
Oggend	7,42 vm. - 12,06 nm.
Middag	12,51 nm. - 5,15 nm.
Aand	6,00 nm. - 10,24 nm.

Die projektorbedieners moet enige tien van hierdie skofte per week (maksimum van twee per dag) werk. Die senior projektorbediener moet volgens 'n vasgestelde rooster ook tien skofte per week (Maandae tot Vrydae) werk.

Skof	Werksure
Oggend	8,42 vm. - 1,06 nm.
Middag	1,51 nm. - 6,15 nm.

In buitengewone omstandighede soos wanneer meer as een projektorbediener siek of met vakansie is, sal daar van hom verwag word om van die vertonings waar te neem of om op Saterdag diens te doen. In sulke omstandighede sal sy skofte en werkstye aangepas word. Indien daar om enige rede van enige van die personeellede verlang word om langer as vier uur 24 minute per skof te werk, sal hy wanneer dit die departement pas, vir sulke oortydwerk tyd afgegee word.

iv) Verlof

Onder die ou bedeling het die vier Blankes elk 'n week adisionele verlof by hulle jaarlikse vakansieverlof gekry om te vergoed vir werk wat hulle op Sondag en openbare vakansiedae verrig het. Daar is nou voorgestel dat slegs die senior projektorbediener en twee van die vyf projek-

torbedieners op hierdie ekstra week per jaar geregtig moet wees. Indien dit van enige van die ander projektorbedieners vereis word om op 'n Sondag of openbare vakansiedag te werk, sal hulle 'n dag afgegee word.

v) Instandhouding van apparaat

Geen verandering aan die reeds bestaande prosedure is aanbeveel nie.

vi) Diensrooster

Die diensrooster wat aanbeveel is, word op die volgende bladsy gegee. Dit maak afdoende voorsiening vir die onderafdeling se behoeftes met 'n hele pare addisionele middagvertonings en een addisionele vertoning in die aand indien dit vereis word.

SEKSIE ONTSPANNING - 1964
BIOSKOOPDIENSTE - DIENSROOSTER

Projektor- bediener	Dag	Oggend 7,42 vm. - 12,06 nm.	Middag 12,51 nm. - 5,15 nm.	Aand 6,00 nm. - 10,24 nm.
1	Maandag	Aan diens	---	Vertoning (spesifieke plek)
	Dinsdag	---	---	" "
	Woensdag	---	Vertoning (spesifieke plek)	" "
	Donderdag	---	Aan diens	" "
	Vrydag	---	" "	" "
	Saterdag	Aan diens	" "	---
2	Maandag	---	Vertoning (spesifieke plek)	Vertoning (spesifieke plek)
	Dinsdag	Aan diens	---	" "
	Woensdag	---	Aan diens	" "
	Donderdag	---	" "	" "
	Vrydag	---	" " (X)	" "
	Saterdag	---	---	---
3	Maandag	---	Vertoning (spesifieke plek)	Vertoning (spesifieke plek)
	Dinsdag	---	Aan diens	" "
	Woensdag	Aan diens	---	" "
	Donderdag	---	Aan diens	" "
	Vrydag	---	" "	" "
	Saterdag	---	---	---
4	Maandag	---	Aan diens	Vertoning (spesifieke plek)
	Dinsdag	---	" "	" "
	Woensdag	---	" "	" "
	Donderdag	Aan diens	---	" "
	Vrydag	" " (Y)	Vertoning (spesifieke plek)	sien nota (2)
	Saterdag	---	---	---

- Nota: 1. Die werksweke (1-4) kan roterend deur die projektorbedieners waargeneem word
2. Indien 'n addisionele vertoning op 'n Vrydagaand vereis word, kan (X) na oggenddiens en (Y) na aanddiens verander word

H O O F S T U K 6

OPLEIDING VAN BANTOE-ONTSPANNINGSPERSONEEL

6.1 ALGEMENE INLEIDING

Reeds in 1938 het Phillips tydens 'n konferensie oor Bantoe-jeugmisdaad gesê dat dit nie genoeg is dat plaaslike owerhede fasiliteite vir ontspanning aan die Bantoes verskaf nie. Hy het geglo dat hierdie fasiliteite sonder bekwame leiding nie aan hulle doel beantwoord nie. In Pretoria, Johannesburg, Durban en Bloemfontein is daar reeds in daardie jare van welsynswerkers gebruik gemaak om hiermee te help. Hy het egter aanbeveel dat onderwysers en diesulkes wat reeds met sodanige werk onder die jeug besig is, vir 'n periode van ses maande in ontspanningsorganisasie opgelei moet word.

"What I would like to urge for is that a strong Resolution be placed before whatever committee is appointed here asking for ways and means to be explored for setting up a course for the training of recreational leaders." ¹⁾

Hierdie versoek het gekom nadat die goeie resultate wat die vestiging van ontspanningsfasiliteite in Johannesburg te weeggebring het alreeds vir meer as tien jaar in die stad se Bantoe woonbuurte waargeneem kon word. In hierdie verband skryf die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake soos volg:

1. Minutes of a Conference on Urban Juvenile Native Delinquency held at Johannesburg from 10th to 12th October 1938, p. 15

"It is very evident from experience gained so far, that by properly organising and directing native sports --- a great deal can be done to improve the moral tone of the native population --- unlike the European population, they have neither the means nor the organising ability to help themselves in this direction." ¹⁾

In 1954 het Botto die ontspanningsaktiwiteite van Bantoes in Kaapstad ondersoek en gevind dat ontspanningsaktiwiteite goed gevestig was in Langa, waar 'n welsynswerker op eie inisiatief sport begin organiseer het. Daarteenoor was daar in die ander woonbuurte weens 'n gebrek aan leiding feitlik geen georganiseerde ontspanning nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat,

"--- It is absolutely necessary to have trained leaders to organise, co-ordinate, direct and promote leisure occupations based upon the specific needs of the different age groups of the population. Without the presence of these leaders, even the facilities available cannot be adequately utilized." ²⁾

Verskeie ondersoekers het al verwys na die onvermoë van die Bantoe om sy eie sportadministrasie waar te neem. Magubane het volgens Botha, ³⁾ in sy studie sterk beswaar gemaak teen die blanke monopolie van sportbestuur in Suid-Afrika. Magubane erken egter dat daar 'n tekort aan bekwaame Bantoes is wat die leiding in sportadministrasie kan

1. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1928/29, p. 90

2. BOTTO, R., Some Aspects of the Leisure Occupations of the African Population in Cape Town, p. 15

3. BOTHA, J.L., 'n Ondersoek na die funksie van 'n Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika, p. 329

neem en as gevolg hiervan word ooglopende ongerymdhede soos die wanbesteding van fondse, dikwels toegelaat uit dankbaarheid vir bekwame leiding.

De Villiers skryf in sy studie dat rusie en stryd tussen ampsdraers veroorsaak dat daar gedurig 'n splitsing van Bantoe-sportliggame op plaaslike-, streeks- en nasionale vlakke plaasvind. Hy haal 'n blanke welsynsbeampte in een van sy ondersoekgebiede soos volg oor hierdie saak aan:

„Een van die gewildste vorms van vryetydsbesteding by hierdie mense is om onmin en verdeeldheid in hul eie organisasie en liggame te stig." ¹⁾

In sy ondersoek na „Oortredings onder Jeugdige Stedelike Naturelle" bespreek Retief die rol van ontspanningsklubs in die voorkoming van jeugmisdad. Hy vertel van 'n dogtersklub wat in 'n Bantoewoonbuurt op die been gebring is en waarvan sommige van die lede van die klub na 'n tydperk van deelname by die huis onbeheerbaar geword het.

„Nie lank nie of talle ouers het kom kla dat hulle dogters tuis ongehoorsaam en moeilik beheerbaar raak en hulle veral aan oordrewe uithuisigheid skuldig begin maak. Lojaliteit teenoor hul klub het gelei tot dislojaliteit teenoor hulle huise. Verder het die ouers gekla dat hul kinders met slegte tipes begin meng het." ²⁾

Retief se waarneming is dat ontspannings- en vryetydsbestedingsdienste nuwe bronne van verleiding en wangedrag kan skep. Hierdie toestande sal alleen ontstaan waar die ont-

-
1. DE VILLIERS, C.M., Die Vryetydsbesteding van Volwasse Manlike Bantoe, p. 142
 2. RETIEF, G.M., Oortredinge onder Jeugdige Stedelike Naturelle, p. 291

spanningsleier in bevel van sodanige klub nie bekwaam is om so 'n posisie te bekleë nie. Dit is juis 'n bekwame leier se plig om negatiewe eienskappe by klublede teen te gaan en om as raadgewer en voorligter vir sy klublede op te tree.

Wanneer ons die beweerde onbevoegdheid van die Bantoes om hulle eie sportorganisasie doeltreffend te behartig in oënskou neem, kom die vraag onwillekeurig op of ons as Blankes hulle kan kwalik neem vir 'n gebrek aan sodanige organisasievermoë. Magubane is ekstremisties in sy soeke na 'n rede vir hierdie onbevoegdheid in sportorganisasie en vir die gedurige onmin en verdeeldheid tussen bestuurslede van sportorganisasie. Hy vergelyk dié situasie met 'n soortgelyke toestand wat in die Negerkerk in Amerika aangestref word en waarvan gesê word dat:

"---it has provided the arena for political struggles of a people shut off from the political life of the American community."

Oor die plaaslike toestand laat hy hom verder as volg uit:

"There has been a tendency to make the Association a miniature parliament which has resulted in the development of pseudo-political parties and rivalries." ¹⁾

Hierdie siening van Magubane is simptome van 'n mode wat gedurende die sestigjarige onder 'n sekere deel van die Nie-blanke-bevolking posgevat het om alle tekortkominge, wangedrag of onbevoegdheid aan hulle "onderdrukking" in Suid-Afrika toe te skryf.

1. MAGUBANE, B., Sport and Politics in an Urban African Community, p. 30

Die ondersoeker wil konstateer dat die gebrek aan doeltreffende organisasievermoë by die Bantoe eenvoudig gesoek moet word in die feit dat die Bantoe nog nie geleer het om sodanige funksies te verrig nie. Ons moet in ag neem dat die Bantoe se ervaring in sportorganisasie nie eens oor 'n periode van 40 jaar strek nie, terwyl die Blanke se ervaring en kennis oor 'n baie lang tydperk strek. Hierbenewens kom die Blanke reeds sedert sy skooldae in aanraking met sportorganisasie en die verenigingslewe. Hy het dus sonder enige formele opleiding goeie kennis van wat van hom verwag word indien hy op die bestuur van 'n sportvereniging verkies word. Om hierdie rede moet die Blanke nie terugsit en homself verlustig in die penarie waarin Bantoe-sportorganisasie verkeer nie, maar as voog oor die Bantoe ook op hierdie terrein nie skroom om sy plig te doen nie. Botha is dieselfde mening toegedaan en sien dit as blanke voogdyskap oor Bantoe-sportaangeleenthede.¹⁾

Hierdie voogdyskap het oor die afgelope aantal jare veral in atletiek en sokker goeie vrugte afgewerp. Die Blanke moet egter versigtig wees dat hy as gevolg van hierdie voogdyskap nie daarvan beskuldig word dat hy Bantoesport domineer nie. Die ondersoeker is egter van mening dat hierdie gevaar onder die huidige opset veral op nasionale vlak nie bestaan nie. In elk geval is ons sportadministrateurs bekwaam genoeg om enige probleme in dié verband vroegtydig die hoof te bied. Op plaaslike vlak is hierdie gevaar egter wesenlik en is dit verkieslik dat Bantoes hulle eie sportsake reël.

1. BOTHA, J.L., Op. Cit., p. 329

Aangesien dit juis op hierdie vlak is waar leiding die nodigste is, is die vraag hoe die Blanke voorgdyskap kan uitoefen. Die instansie wat op plaaslike vlak verantwoordelik is vir die ontspanningsfasiliteite en ontspanningsdienste in die Bantoewoonbuurte kan die grootste bydrae lewer tot die opvoeding van die Bantoe in sportorganisasie. In hierdie opsig het die plaaslike owerhede met uitsondering van Johannesburg hulle plig ernstig versuim. Johannesburg is die enigste plaaslike owerheid, sover vasgestel kon word, wat opleiding bied aan hulle sportorganiseerders. Pretoria is weer die ander stede voor daarin dat al hulle Bantoe-ontspanningsbeampies gegradeer is, alhoewel hulle nie formeel in sportorganisasie opgelei word nie.

Dit is dus die plig van elke Bantoe-administrasieraad om toe te sien dat behoorlik gekwalifiseerde persone in diens geneem word om die sportorganisasie in hulle woonbuurte waar te neem. Indien gekwalifiseerde Bantoes nie vir die poste beskikbaar is nie, moet daar so gou as moontlik voorsiening gemaak word vir die opleiding van sodanige Bantoes. Sportorganiseerders wat behoorlik in sportorganisasie opgelei is, kan dan die menigte sportklubs en skoolsportverenigings van raad bedien of selfs in die besture dien waardeur hulle kennis later tot die breër lae van die Bantoesportbeampies sal deurwerk. Hierdie sportorganiseerders kan ook kursusse in sportorganisasie aanbied.

Die ondersoeker sien hierdie metode, waardeur sportorganiseerders gebruik kan word om Bantoesportorganisasie in Suid-Afrika te verbeter, as die enigste manier om hierdie probleem op te los. Die oplossing van dié probleem is

baie belangriker as wat dit op die oog af voorkom; waar sportorganisasie chaoties is, lei die sportmanne self die meeste daaronder. Wanneer die organisasie van Bantoesport veral op plaaslike vlak (klubs), op 'n gesonde grondslag geplaas is, sal die nodige aanmoediging daar wees vir belowende sportmanne en sportvroue om hulle potensiaal ten volle te ontwikkel. Dan sal Suid-Afrika nie in die verleentheid wees omdat daar so weinig Bantoes is wat die kwalifiserende standarde vir die veelvolkige byeenkomste kan behaal nie.

Die Bantoe-sportorganiseerders van die Seksie Ontspanning is uit die aard van hul funksionele bedrywighede nie ontspanningsbeamptes nie, maar presies wat hulle ampsbenaming impliseer, naamlik die organiseerders van sportbedrywighede. Afgesien van die organisasie van skoolsportligas voorsien organiseerders apparaat aan kinders by die sportvelde. Die kinders reël dan hulle eie spele gedurende hulle vrye tyd terwyl die sportorganiseerder net algemene toesig hou en soms as skeidsregter of afrigter optree. Hierdie funksie van die organiseerder is in ooreenstemming met Smith se siening:

„Te veel toesig en kontrole kan die doel en wese van ontspanning verongeluk.“¹⁾

Die sportorganiseerder van die Seksie Ontspanning lê hom dus toe op die organisasie van aktiewe ontspanningsbedrywighede, terwyl die passiewe ontspanningsaktiwiteite die funksie van die Seksie Rehabilitasie en Jeugdienste is.

1. SMITH, D.P.J., „Die Ontspanningsleier“, p. 3 (’n Referaat gelewer tydens die 23ste konferensie van die Instituut van Parke- en Ontspanningsadministrasie, Oktober, 1968)

Die indiensneming van Bantoe-ontspanningspersoneel om hierdie werk te behartig, skep egter ook vir die Seksie Rehabilitasie en Jeugdienste probleme omdat daar nie opleidingskursusse bestaan waardeur personeel vir sodanige werk opgelei kan word nie. In dié verband het die Personeelraad die volgende besluit geneem:

"At present staff employed on club work consist mainly of Bantu welfare assistance. The recruitment of such persons is difficult since qualified Social Workers mostly prefer case work and those who are allocated to such employment soon leave on promotion to other sections. The staffboard was accordingly asked to evaluate these positions and to suggest appropriate job designations. On evaluation the board has suggested the creation of 4 new job designations, i.e. senior Group leader, Group leader, Play centre leader and Play centre assistant with an appropriate standard of education. This standard of education has been drawn up in the knowledge that it is difficult to recruit suitably qualified Bantu who have a natural aptitude for club and youth work." ¹⁾

Hierdie aanhaling toon dat daar ook 'n behoefte bestaan om Bantoevroue as klubleiers op te lei. Die opleiding van sportorganiseerders wat hier bespreek sal word, is egter tot die organisasie van aktiewe ontspanningsaktiwiteite beperk.

6.2 OPLEIDING VAN BANTOE-SPORTORGANISEERDERS

Met betrekking tot ontspanning in die Bantoe woonbuurte is die behoefte aan professionele gekwalifiseerde Bantoe personeel nie so groot soos dié aan Bantoes wat sport doel-

1. Notules: Johannesburg stadsraad, 1970:II:2188

treffend kan organiseer en terselfdertyd kan help met die afrigting van skoolkinders in veral atletiek nie. Die onderwysers bestee baie min aandag hieraan. Van die ander twee gewilde sportsoorte op skool, naamlik sokker en korfbal, het die afrigters op die skole genoeg kennis om aan die kinders leiding te gee totdat hulle op 'n latere stadium gespesialiseerde afrigting nodig mag hê. Die meeste sportorganiseerders van die Seksie Ontspanning was goeie en bekende sokkerspelers en help met die afrigting. Met behulp van "F.A.S.A." ¹⁾ bied "S.A.B.F.A." ²⁾ gereeld sokker-afrigtingskursusse in Soweto aan.

Die S.A. Sportstigting reël ook van tyd tot tyd afrigtingskursusse in atletiek vir Bantoe-atlete en -onderwysers. Die ondersoeker voel egter dat hoewel hierdie pogings lofwaardig is, die beste resultate verkry sal word as sportorganiseerders voldoende opgelei is om hierdie taak in hulle eie gebiede te verrig. Onderwysers in Bantoeskole toon net nie die belangstelling om die buitemuurse aktiwiteite van hulle skole te bevorder nie. Uitsonderings is daar wel, maar in die meeste gevalle verloor selfs dié wat 'n afrigtingskursus gevolg het gou belangstelling en die standaard van Bantoe-atletiek ly daaronder.

Johannesburg het reeds in 1948 begin met die opleiding van sy sportorganiseerders. ³⁾ In die huidige administratiewe opset van die Seksie Ontspanning is die suksesvolle vol-

1. "FOOTBALL ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA"

2. "SOUTH AFRICAN BANTU FOOTBALL ASSOCIATION"

3. Jaarverslag: Afdeling Nie-blankesake, 1948/49, p. 21

tooing van die kursus 'n vereiste vir permanente aanstelling as sportorganiseerder (sien p. 284). Die kursus is reeds gedurende die vroeë vyftigerjare deur die destydse ontspanningsbeamptes van die Seksie Ontspanning saamgestel en in 1971 is die kursus hersien en verander.

Hierdie kursus word gewoonlik gedurende die eerste drie maande van die jaar aangebied wanneer die organiseerders nie so bedrywig is met die organisasie van skoolsport nie. Aangesien die kursus voltyds aangebied word, word die organiseerders van enige ander werk vrygestel. Die oggende (8 vm. - 12 vm.) word gewoonlik aan teorie en die middag (2 nm. - 4 nm.) aan praktiese werk gewy. Die twee ontspanningsbeamptes by die Seksie Ontspanning se depot is vir die aanbieding van dié kursus verantwoordelik en suksesvolle kandidate verwerf 'n diploma wat deur die Afdeling Nie-blankesake uitgereik word. Die inhoud van die kursus word kortliks hier uiteengesit:

A) Administrasie en Organisasie

- i) Administrasie en organisasie van sportklubs;
- ii) Die opstel van konstitusies;
- iii) Die hoekom, waarom en samestelling van komitees;
- iv) Fligte van onderskeie beamptes op 'n komitee;
- v) Organisasie en prosedure van vergaderings;
- vi) Verskillende tipes kompetisies;
 - a) Uitklop-kompetisie
 - b) Liga-sisteem
 - c) Ander
- vii) Organisasie en opstel van wedstrydbepalings;
- viii) Organisasie van atletiekbyeenkomste en bokstoernooie.

B) Sport

- i) Reëls en regulasies van boks, sokker, korfbal, sagtebal, tennis en atletiek;
- ii) Hantering en beoordeling van wedstryde en byeenkomste in bogenoemde sportsoorte.

C) Spele

- i) Kleiner balspele en ander spele vir vryetydsbesteding;
- ii) Afmetings van atletiekbaan en ander sportvelde;
- iii) Uitmeet van atletiekbaan en ander sportvelde.

D) Prakties

- i) Gimnastiek, atletiek, sokker, korfbal, sagtebal en spele;
- ii) Instandhouding van sportterreine.

Die sportorganiseerders moet 'n sekere mate van bekwaamheid in die beoefening van bogenoemde aktiwiteite bereik sowel as 'n praktiese eksamen in die metodiek van afrigting in dié aktiwiteite suksesvol aflê.

Benewens hierdie opleiding moet die sportorganiseerders ook 'n eerstehulp sertifikaat verwerf. Vir hierdie doel word daar met een van die Noodhulpverenigings gereël om so 'n kursus by die depot in Soweto aan te bied. Alle sportorganiseerders, selfs die wat gekwalifiseerd is, moet hierdie kursusse wat elke twee of drie jaar aangebied word, bywoon.

Geleenthede word geskep en organiseerders word aangemoedig om afrigtings- en beoordelaarskursusse in boks en atletiek by te woon.

H O O F S T U K 7

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE HUIDIGE PARKE- EN ONTSPANNINGSOPSET IN DIE WES-RANDSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

7.1 DIE ONTSTAAN VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE

Tydens 'n onderhoud met die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede op 30 September 1968 te Pretoria, het die gewese Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, dr. P.G.J. Koornhof, die Instituut versoek om ondersoek in te stel oor die wyse waarop groter beheergebiede vir Bantoesake daargestel kon word. Die gevoel was dat daar te veel instansies in dieselfde statutêre gebied (voorgeskrewe gebied) of distrik was wat beheer oor Bantoe-arbeidstoelating en distribusie uitgeoefen het. Daarbenewens was ander instansies in beheer van Bantoe-arbeidsake in nie-voorgeskrewe gebiede (platte-landse gebiede en plase) ¹⁾

„Die gewese Adjunk-minister het dit pertinent gestel dat hy 'n stelsel verlang wat 'n goed beheerde arbeidspatroon met sekuriteit van arbeid aan die werkgewer en aan die Bantoewerker en die verwydering van oortollige en onwettige arbeid sal verseker.“ ²⁾

Die gevolg van hierdie opdrag was dat die Raad van die In-

-
1. Munisipaliteite, Afdelingsrade in die Kaapprovinsie, Die Transvaalse Raad vir die ontwikkeling van Buitestedelike gebiede in Transvaal en die kommissie vir Plaaslike Gesondheid in Natal
 2. SERFONTEIN, C.H., Tuislandgerigte administrasie van Bantoes in blankbeheerde gebiede met verwysing na die Wes Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, p. 268

stituut 'n subkomitee benoem het om die aangeleentheid te ondersoek. Na verskeie vergaderings met munisipale administrateurs van Bantoe-administrasie in al die hoofsentra van die land is 'n duidelike beeld in verband met Bantoe-arbeidsprobleme gevorm en is die aanbevelings van die subkomitee in 'n verslag aan die Adjunk-minister ter tafel gelê. Die subkomitee het in sy aanbevelings sterk beklemtoon dat die funksionele bedrywigheide van die instansies, wat verantwoordelik sou wees vir hierdie groter beheergebiede, nie alleen beperk moes wees tot arbeid nie, maar dat hulle die verantwoordelikheid vir alle aspekte van Bantoe-administrasie in hulle gebied moes aanvaar.

As gevolg van die Instituut se aanbevelings is 'n konsepwetsontwerp wat voorsiening maak vir groter Bantoebeheergebiede en die daarstelling van Bantoesake-administrasierade in die ter sake gebiede op 22 April 1969 deurgevoer. Na verdere wysigings aan die konsepwetsontwerp is die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971 op 26 Mei 1971 deur die Staatspresident goedgekeur. Die hoofdoel van hierdie wetgewing kan gesien word as 'n opregte poging deur die sentrale regering om 'n meer doeltreffende en eenvormige administratiewe stelsel vir Bantoesake in Suid-Afrika te verkry. Hierdie administratiewe stelsel moet hoofsaaklik aan drie vereistes voldoen, naamlik:

- i) „om groter beweegbaarheid van Bantoe-arbeid te gee,
- ii) om 'n doeltreffender administratiewe masjinerie ten opsigte van Baantoesake oor 'n veel groter gebied daar te stel en
- iii) om die beste talent vir die bereiking van gemelde doelstellings gesien uit die oogpunt van kennis van Bantoesake en daadwerklike belang by die Ban-

toe-arbeider - as werker - en as mens - in 'n statu-
têre liggaam saam te snoer. 1)

Die komitee wat verantwoordelik was vir die afbakening van die Bantoe-administrasieraadsgebiede het na samesprekings met verskeie instansies, wat direkte belang het by die toepassing van dié wet, 22 sodanige Bantoesake-administrasieraadsgebiede in die lewe geroep. Die voordeel ten opsigte van die gemakliker vloei van Bantoe-arbeid is duidelik as ons in ag neem dat daar vroeër honderde plaaslike besture in die Republiek was wat gemoeid was met Bantoe-arbeid, met tot 46 besture in dieselfde raadsgebied. As gevolg van plaaslike registrasie is die vloei van Bantoe-arbeid beperk en frustrasie het onder sowel werkgewers as werknemers ontstaan.

7.2 DIE SAMESTELLING VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE

'n Bantoesake-administrasieraad bestaan eerstens uit 'n voorsitter, wat deur die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling aangestel word, en soveel lede as wat die Minister mag bepaal. Die lede van die raad word aangestel op grond van hulle gespesialiseerde kennis met betrekking tot Bantoe-arbeid in die onderskeie sektore van die landseksonomie. Die raad bestaan uit:

i) een of meer lede wat 'n grondige kennis het van Bantoe-arbeidsaangeleenthede met betrekking tot die landbou in die raad se administrasiegebied;

ii) een of meer lede wat die handel en 'n ander nywer-

1. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, weeklikse uitgawe No. 5, 1 Maart 1971 tot 5 Maart 1971, kolom 1978

heid in die raad sal verteenwoordig met betrekking tot arbeidsaangeleenthede;

iii) een of meer lede wat aangestel word vanweë hulle wye kennis van plaaslike bestuur;

iv) minstens een persoon wat heeltyds in diens van die staat is.

Die Minister stel uit bogenoemde lede 'n ondervoorsitter aan wat tydens die afwesigheid van die voorsitter in sy plek optree. Die raad stel ook 'n uitvoerende komitee aan wat bestaan uit die voorsitter, die ondervoorsitter en drie ander lede wat tussen vergaderings al die bevoegdheide van die raad kan uitoefen en al sy werksaamhede kan verrig. Besluite wat geneem word, is egter onderworpe aan hersiening op die eersvolgende vergadering van die volle raad.

7.3 BENADERING VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE MET BETREK- KING TOT DIE ONTWIKKELING VAN ONTSPANNINGSFASILITEITE

Die vraag is nou of die beleid van die administrasierade ten opsigte van die verskaffing van ontspanningsdienste en -fasiliteite nie drasties sal verander nie. In hierdie verband moes die ondersoeker hom op koerantverslae verlaat.

Die aanduidings is dat die sentrale regering gretig is om Bantoesport en -ontspanning op 'n gesonde grondslag te plaas. Vir hierdie doel is daar dan ook 'n afdeling Sport en Ontspanning in die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling geskep. Die Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, mnr. Punt Janson, het hierdie nuwe benadering soos volg geskets:

„Ons het gevoel dat sport so 'n belangrike plek inneem in die lewe van die Bantoes dat daar meer planmatig te werk gegaan moes word om dit behoorlik te reël. Dit behels die beplanning van terreine en velde, verskaffing van toerusting asook die afrigting en die opleiding van afrigters in die verskillende sportsoorte." ¹⁾

Nie alleen blyk dit dat die sentrale regering begerig is om ontspanningsdienste en -fasiliteite in die Bantoewoonbuurte te verbeter nie, maar daar word selfs in die vooruitsig gestel dat daar na die Bantoe se behoeftes in ons blanke stede omgesien sal word. Ons is almal bewus van die toedrag van sake in ons stede waar duisende Bantoes gedurende etenstye op die sypaadjes en pleine vergader om die tyd te verwy. Hieroor sê mnr. Punt Janson die volgende:

„Mense moet ook die geklaery beëindig oor die Bantoes wat in die etensuur op die sypaadjes rondhang en die strate bemors. 'n Mens kan nie van hulle verwag om in die etensuur te verdwyn nie." ²⁾

Wat moet hierdie Bantoes gedurende hulle etenstye doen? Daar is geen restaurante of ander plekke waarheen hulle gedurende hulle etenstye kan gaan nie. Hieroor sê mnr. Janson met reg dat die staat, plaaslike besture en die groot maatskappye meer verantwoordelikheid moet toon deur aan hulle geriewe te verskaf. Dit blyk dat Pretoria in hierdie opsig die leiding geneem het toe die stadsraad 'n ruim restaurant vir sy Bantoewerkers by die raad se hoofkantoor, Munitoria, geopen het. Hier word nie alleen goedkoop, voedsame maaltye verskaf nie, maar voorsiening

1. RAPPORT, 11 Maart 1973, p. 2

2. DIE BURGER, 19 September 1973, p. 4

is ook gemaak vir tydverdrywe soos veerpyltjies, tafeltennis en die tradisionele meule-spel. Hierdie restaurant is die eerste van 'n reeks ander Bantoe-restaurante, toilette en skuilings teen reën en wind wat in Pretoria opgerig gaan word. ¹ & 2)

Om in die stedelike Bantoe se sport- en ontspanningsbehoeftes te voorsien, het die staat dan ook 'n Bantoesport en -ontspanningsfonds in die lewe geroep wat op 5 Maart 1976 reeds R604 577 bedra het.

Dit blyk dus dat die nuwe Bantoesake-administrasierade met die voorsiening van ontspanningsfasiliteite en -dienste die volle steun van die staat sal geniet. Verskeie administrasierade het dan ook met hulle instelling gewag gemaak van tekorte in dié verband binne hulle gebiede en die versekering gegee dat dit reggestel sal word.

Op 'n maandvergadering van 'n administrasieraad in die Vrystaat is 'n verslag oor hierdie aangeleentheid oorweeg.

Daarin is gemeld:

"--- die algemene toestand van sport en ontspanning in die gebied van die Midde-Vrystaatse Bantoesake-Administrasieraad is op enkele uitsonderings na, in 'n baie swak toestand en daadwerklike aandag sal daaraan gegee moet word ---" ³⁾

1. RAPPORT, 16 Desember 1973, p. 10

2. DIE BURGER, 14 Januarie 1974, p. 9

3. DIE VOLKSBLAD, 15 Junie 1973, p. 9

Die verslag het verder gemeld dat daar veral 'n behoefte aan sokkervelde, atletiekbane, pawiljoene, tennisbane en gemeenskapsale bestaan.

- Die Bantoesake-Administrasieraad van Sentraal-Transvaal het jurisdiksie oor ongeveer 'n half-miljoen Bantoes in Pretoria, Brits, Warmbad, Rustenburg en Thabazimbe en het die behoefte in hierdie streek soos volg gestel:

„Veral met die oog op die jong alleenlopende Bantoes - 'n groot persentasie na wie as leegglêers in die stad verwys word - sal goeie ontspanningsgeriewe in die Bantoe-dorpe voorsien moet word." ¹⁾

Die Skiereilandse Bantoesake-Administrasieraad wat die administrasie van die Bantoedorpe Langa en Guguletu van die Kaapse stadsraad en dié van Nyanga van die Kaapse afdelingsraad oorgeneem het, het gesê dat die raad,

„gaan probeer om beter sport- en ontspanningsgeriewe te verskaf en om verhoudings te verbeter." ²⁾

Toe dit vir die eerste keer bekend geword het dat die administrasie van Bantoewoonbuurte van plaaslike besture weggeneem gaan word, was daar 'n gevoel onder die inwoners van Soweto dat hulle ontspanningsfasiliteite en -dienste nou onder die "regering" gaan skade ly. Of daar enige waarheid steek in hierdie mense se "gevoel" kan niemand op hierdie stadium met sekerheid sê nie - die tyd sal wel leer wat die ware toedrag van sake in die toekoms gaan wees.

1. OGGENDBLAD, 3 Julie 1973, p. 11

2. DIE BURGER, 11 September 1973, p. 7

In die lig van die regering se sportbeleid en van die jongste aankondigings van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling in verband met die ontwikkeling van sport en ontspanning in die Bantoe woonbuurte en te oordeel aan die uitlatings van verskillende Bantoesake-administrasierade self, lyk dit in elk geval of die Bantoes in die onderskeie administrasierade niks te vrese het oor die ontspanningsopset in hulle woonbuurte nie; intendeel, in baie van hierdie gebiede waar daar vroeër weinig aandag aan ontspanningsfasiliteite geskenk is, kan die Bantoe-inwoners verbeteringe verwag.

7.4 DIE WES-RANDSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

Die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter en 13 ander lede. Die funksionele bedrywighede van die raad word deur 'n hoofdirekteur en sewe direkteure beheer. Die sewe direkteure is elkeen vir een van die sewe funksies, naamlik administrasie, finansies, behuising, handelsprojekte, tegniek, arbeid en ontwikkeling verantwoordelik.

7.4.1 DIE WES-RANDSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAADSGBIED

Die Afdeling Nie-blankesake van die Johannesburgse stadsraad was vir al die Bantoe woonbuurte in Soweto behalwe Diepkloof, Diepkloof-Oos, Dobsonville en Meadowlands verantwoordelik. Met die totstandkoming van die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad op 1 Julie 1973 is al die woonbuurte van Soweto, insluitende die vier bogenoemdes, sowel as Kagiso-Krugersdorp, Mohlakeng- Randfontein, Bek-

kersdal-Western Area en Alexandria ten noorde van Johannesburg daarby geïnkorporeer. ¹⁾

7.4.2 DIE HUIDIGE PARKE- EN ONTSPANNINGSOPSET

7.4.2.1 ONTSPANNING

Die Afdeling Gemeenskapsdienste waaronder ontspanning ressorteer, is onder direkte beheer van die Direkteur van Behuising. Die afdeling is funksioneel in vier onderafdelings ingedeel, naamlik welsyn, kultuur, ontspanning en biblioteke en bioskope. ²⁾ Benewens die welsynsfunksie behartig die onderafdeling welsyn ook sekere ontspanningsaspekte soos jeug- en vroueklubs. Die funksies van die ander drie onderafdelings is slegs ingestel op aktiewe en passiewe ontspanningsbedrywighede. Die onderafdeling kultuur se funksionele bedrywighede sluit musiek, orkeste, kore, drama en kuns in. Die onderafdeling biblioteke en bioskoopdienste is verantwoordelik vir bioskoopvertonings in die Bantoewoonbuurte en vir 11 biblioteke in Soweto en die ander geïnkorporeerde Bantoewoonbuurte.


Benewens die hoof-ontspanningsbeampte en die eerste ontspanningsbeampte in die onderafdeling ontspanning is daar vier senior ontspanningsbeamptes onder hulle wat elkeen verantwoordelik is vir 'n sekere aspek van ontspanning in die administrasieraadsgebied. Twee van die beamptes, een vrou en een man, oefen gesamentlik beheer uit oor die 24

1. Sien kaart op p. 215

2. Sien organisasiediagram op p. 368

WES RANDSE BANTOESAKE ADMINISTRASIERAAD
AFDELING GEMEENSKAPSDIENSTE

ORGANISASIEDIAGRAM



sportorganiseerders in Soweto. Die vroulike senior ontspanningsbeampte behartig vroue-ontspanning, terwyl die manlike senior ontspanningsbeampte die ontspanning vir mans behartig. Die senior ontspanningsbeampte van die Verre Wes-Rand het die hulp van twee sportorganiseerders om die ontspanningsbedrywigheide in Kagiso, Mohlakeng en Bekkersdal te organiseer. Die senior ontspanningsbeampte in beheer van die ses swembaddens in Soweto het 'n personeel van vier blanke swembadsuperintendente en 19 sportorganiseerders/lebensredders. Daar moet op gelet word dat die organisatoriese struktuur van die onderafdeling ontspanning slegs voorsiening maak vir die benutting van ontspanningsfasiliteite. Daar is geen organisatoriese voorsiening vir die daarstel van ontspanningsfasiliteite nie.

Die hoofkantoor van die Afdeling Gemeenskapsdienste met 'n personeel van 19 Blankes en 83 Bantoes is in New Canada aan die noord-oostelike grens van Soweto. Die hoof-ontspanningsbeampte se kantoor is in die hoofkantoor, die eerste ontspanningsbeampte s'n in Diepkloof, terwyl die senior ontspanningsbeamptes se kantore in Nancefield geleë is.

7.4.2.2 PARKE

Die Afdeling Parke ressorteer onder die Direkteur Tegniese Dienste. Die uitvoerende beampte van die Afdeling staan bekend as die bestuurder van parke en 'n senior tuinboukundige is hom behulpsaam met die beheer van die afdeling se funksionele bedrywigheide.

Die administrasieraadsgebied is geografies in twee dele verdeel, Sone A en Sone B, met elk 'n gebiedstuinboukundige in beheer. ¹⁾ Elke gebiedstuinboukundige is ten volle verantwoordelik vir die beplanning, ontwikkeling en instandhouding van alle parke- en ontspanningsfasiliteite in sy eie sone. ²⁾ Die begraafplaas in Sone A en B word ook deur die onderskeie gebiedstuinboukundiges behartig. Daar is nog 'n derde indeling onder die senior tuinboukundige wat as Sone C bekend staan. Die gebiedstuinboukundige van hierdie sone is met sy personeel verantwoordelik vir al die straatbome in die hele administrasieraadsgebied. Hierbenewens ressorteer die kwekery by Nancefield ook onder hom.

Die blanke klerk wat die administratiewe dienste behartig en die faktotum wat kleinere herstelwerk aan die afdeling se masjinerie verrig, ressorteer beide direk onder die senior tuinboukundige.


Die organisatoriese struktuur van die Afdeling Parke maak slegs voorsiening vir die voorsiening en die instandhouding van parke- en ontspanningsfasiliteite. Geen organisatoriese reëlins bestaan vir die benutting van sodanige fasiliteite nie. Hierdie funksie word geheel en al deur die Afdeling Gemeenskapsdienste behartig.

1. Sien organisasiediagram, p. 371

2. Lys van fasiliteite wat deur die Afdeling Parke instand gehou word verskyn op p. 451

WES RANDSE BANTOESAKE ADMINISTRASIERAAD
AFDELING PARKE

ORGANISASIEDIAGRAM



H O O F S T U K 8

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING

Die aanbevelings in verband met die reorganisasie van die administratiewe opset van sowel ontspanning vir die Bantoes in Johannesburg en omstreke as die van Bantoesport en -ontspanning in die algemeen, word gedoen aan die hand van die Regering se beleid in hierdie verband. Laasgenoemde geniet in die afgelope tyd wye aandag in die pers. Hierdie eerlike en welbedoelde poging om die verskaffing van geriewe vir Bantoes in stedelike gebiede te versnel, het ontstaan uit die Regering se opregte gevoel dat die Blanke 'n plig teenoor die Bantoe het. Hy is nie alleen besorg oor die tegniese sy van die administrasie van Bantoesake in blanke gebiede nie, maar is ook daarop uit om 'n meer leefbare omgewing vir die Bantoe te skep en geleenthede tot gesonder besteding van vrye tyd daar te stel.

8.2 ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE

Die Tak Gemeenskapsdienste, soos dit in 1967 gereorganiseer is en gehandhaaf is tot en met die oorname deur die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad, het geressorteer onder die Direkteur van Behuising en Gemeenskapsdienste (sien p.218). Hierdie beampte het direkte beheer oor die afsonderlike seksies ontspanning en tuinbou, asook oor die hoofwelsynsbeampte, gehad. Die hoofwelsynsbeampte was vir sowel welsyn, rehabilitasie en jeugdienste as vir kul-

tuurbedryghede verantwoordelik.

Die vraag is nou of die maksimum doeltreffendheid met hierdie organisasiepatroon verkry is. Na bestudering van die administrasie en organisasie van die blanke Parke- en Ontspanningsdepartemente in die stedelike gebiede van Suid-Afrika (sien p. 67), asook van soortgelyke departemente in Amerikaanse stede (sien p. 78), blyk dit dat 'n same-smelting van die tuinboukundige en ontspanningsseksies wenslik is. Die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad was met die oorname in Julie 1973 in die gunstige posisie om deur 'n reorganisasie die parke- en ontspanningsfunksies te verenig in 'n Parke- en Ontspanningsdepartement, wat volgens die Amerikaanse patroon voorsiening maak vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite.

Hierdie ideaal is in 'n mate onder die ou bedeling bereik. Alhoewel daar nie 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement bestaan het nie, was die twee funksies tog onder dieselfde dak gehuisves, naamlik onder die Departement Gemeenskapsdienste. Dit het bygedra tot goeie samewerking tussen die twee seksies. Die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad het egter kort ná die oorname op 1 Julie 1973 van hierdie ideaal wegbeweeg deur die parke- en ontspanningsfunksies te skei. Die Onderafdeling Ontspanning het in die Afdeling Gemeenskapsdienste gebly, terwyl die parke-funksie na die Departement Tegniese Dienste oorgeplaas is. Hierbenewens is die Onderafdeling Ontspanning verder gefragmenteer deurdat die tegniese dienste soos instandhouding en konstruksie van ontspanningsfasiliteite,

met ander woorde die voorsieningsfunksie, aan die Afdeling Parke oorhandig is. Die ontspanningsbeampies en die sportorganiseerders wat die benuttingsfunksie behartig, het egter by die Onderafdeling Ontspanning aangebly. (sien organisasiediagram p. 220)

8.3 DIE ADMINISTRATIEWE PROSESSE VIR DIE DOELMATIGE SKEPPING EN BENUTTING VAN PARKE- EN ONTSPANNINGS-FASILITEITE

Die hoofdoelstelling van enige Parke- en Ontspanningsdepartement moet wees om fasiliteite daar te stel wat effektief deur die gemeenskap benut sal word. Om in hierdie doelstelling te slaag, moet daar behalwe die funksionele bedrywighede ook sekere vereistes aan die administratiewe prosesse gestel word. Hierdie administratiewe prosesse is: organisasie, beleid, finansiering, personeelvoorsiening en -benutting, werkprosedures en beheer.

8.3.1 ORGANISASIE

Die woordeboek beskryf organiseer as volg: „so reël, inrig, op 'n wyse dat die onderdele goed saamwerk, 'n sistematiese geheel vorm." ¹⁾ Met betrekking tot 'n Parke- en Ontspanningsdepartement beteken dit die rangskikking van die personeel op 'n wyse wat sal verseker dat die doelstelling of doelstellings van die departement bereik word.

Daar bestaan wel organisatoriese reëlings in die Wes-Rand-

1. SCHOONEES, P.C. et. al., Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

se Bantoe-Administrasieraad vir die skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite. Die voorsienings- en die benuttingsfunksie is egter nie in een departement gehuisves nie. Hierdie reëling, soos in hoofstuk 2 beskryf, is nie bevordelik vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite nie. Enkele tekortkominge in die huidige organisatoriese reëlings kan as volg opgesom word:

i) Die parke- en ontspanningsfunksies is geskei en onder aparte departemente gehuisves. ¹⁾ Parke- en ontspanningsadministrasie is 'n eiesoortige arbeidsveld wat in een departement tuis hoort. Parke-departemente is weens die personeel se eng tuinboukundige benadering ingestel op die ontwikkeling en verfraaiing van parke, tuine en oop ruimtes. Indien ons egter die redes vir die daarstelling van hierdie fasiliteite nader beskou, moet ons tot die slotsom kom dat die fasiliteite eintlik daargestel word vir die ontspanningsgebruik van die publiek. Die funksionele bedrywighede van 'n parke-departement is daarom gerig op die uiteindelijke doelstelling, naamlik ontspanning en indien dit nie so is nie, sou daar geen rede vir die bestaan van so 'n departement wees nie. Om hierdie rede is daar geen sin om die parke- en ontspanningsfunksies te skei nie. In 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement kan sodanige reëlings baie beter georganiseer en beheer word.

ii) Deur die voorsieningsfunksie te skei van die benuttingsfunksie in die Onderafdeling Ontspanning en eersgenoemde aan die Afdeling Parke op te dra, ontstaan die toestand waar een afdeling verantwoordelik is vir die benutting van fasiliteite soos sokkervelde, atletiekbane en tennisbane, terwyl die ander afdeling die instandhouding daarvan behartig. Hierdie reëling kan en veroorsaak wrywing tussen die twee afdelings indien fasiliteite byvoor-

1. Voordele van 'n gekombineerde organisasiestruktuur word op p. 86 weergegee

beeld nie betyds gereed is vir die wedstrydbepalings van skoolligas nie, of indien die fasiliteite na die mening van die Onderafdeling Ontspanning nie behoorlik in stand gehou word nie. Aan die ander kant behoort parke benut te word en die Onderafdeling Ontspanning se personeel is uit die aard van hulle opleiding die aangewese persone om hierdie taak te verrig. Hierdie organisatoriese reëlins kan baie beter uitgevoer en beheer word deur 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement.

iii) Die Afdeling Parke is verantwoordelik vir die instandhouding van fasiliteite soos speelterreine, tennisbane, klubhuise, en kleedkamers. Omdat die amptenare van die afdeling nie direk gemoeid is met die benutting van die fasiliteite nie, en gedeeltelik ook weens hulle tuinboukundige opleiding, het hulle nie altyd dieselfde dringende belangstelling in die instandhouding van die geriewe as die Onderafdeling Ontspanning nie. Om hierdie stelling te illustreer kan gemeld word dat bogenoemde fasiliteite sedert 1973 baie agteruitgegaan het. Die Afdeling Parke skryf die rede hiervoor aan 'n hernieude vlag van vandalisme toe. As voorbeeld kan genoem word dat swaai om hierdie rede uit alle speelterreine verwyder is. Swaai is egter die belangrikste en gewildste items in die speelterreine en die beskikbaarheid daarvan bepaal tot 'n baie groot mate die benutting van die speelterreine in Bantoewoonbuurte. Die Onderafdeling Ontspanning is direk gemoeid met die benutting van sodanige fasiliteite en sal deur navorsing alles in sy vermoë doen om 'n oplossing vir die probleem van vandalisme te vind, eerder as om die swaai summier te verwyder.

iv) As ons kyk na die organisasiediagram van die Seksie Ontspanning onder die ou bedeling (p. 220) sien ons dat Soweto geografies in twee verdeel is en dat 'n ontspanningsbeampte in elk van die sones vir 'n aantal sportorganiseerders in daardie sones verantwoordelik was. Die organisasiediagram van die huidige Afdeling Gemeenskapsdienste (p. 368) toon dat daar weggedoen is met hierdie geografiese indeling en dat twee senior ontspanningsbeamptes gesamentlik verantwoordelik is vir sportorganiseerders. Daar

is dus geen direkte gesagslyn met betrekking tot die funksionele bedrywigheide van die sportorganiseerders nie.

v) 'n Swak skakel in die organisasiestruktuur van die Seksie Ontspanning onder die ou bedeling was die feit dat twee ontspanningsbeampes gesamentlik in beheer was van die depot in Soweto, terwyl die kantoor van die senior ontspanningsbeampte, onder wie se direkte beheer hulle geressor-teer het, in Johannesburg was. So 'n gesamentlike beheer veroorsaak dikwels wrywing. Hierdie probleem is nie in die organisasiestruktuur van die huidige Onderafdeling Ontspanning uitgeskakel nie. Ons kry presies dieselfde situasie as voorheen deurdat die kantoor van die twee senior ontspanningsbeampes, wat gesamentlik verantwoordelik is vir die 24 sportorganiseerders in Soweto, by Nancefield in Soweto is. Die eerste ontspanningsbeampte wat direk beheer oor hulle uitoefen, se kantoor is daarenteen in Diepkloof, wat 'n paar kilometer daarvandaan geleë is.

vi) In die huidige organisasiestruktuur ressorteer vroueklubs en jeugklubs onder welsyn (p. 368). Die rede wat aangevoer word vir hierdie organisatoriese reëling is dat welsynwerkers se hulp dikwels by sodanige klubs benodig word. Hierdie hulp kan egter deur onderlinge skakeling binne die Departement Gemeenskapsdienste gereël word eerder om dit as rede te gebruik vir die inskakeling van ontspanningsaspekte onder welsyn.

vii) Volgens die waarnemende hoof van die Afdeling Gemeenskapsdienste was die hoofrede vir die oorplasing van die voorsieningsfunksie vanaf die Onderafdeling Ontspanning na die Afdeling Parke, en die plasing van die Afdeling Parke onder beheer van Departement Tegniese Dienste, die feit dat sodanige tegniese dienste beter sou inskakel by die funksionele bedrywigheide van die ter sake departement. Volgens die bespreking van die organisasiestrukture van Parke- en Ontspanningsdepartemente in Suid-Afrika en Amerika in hoofstuk 2 is dit duidelik dat 'n Parke- en Ontspanningsdepartement nie sonder sy tegniese funksies van ontwikkeling, instandhouding en beplanning behoorlik kan funksioneer nie. Volgens die hoof van die Afdeling Parke geniet

sy afdeling geen voordeel in dié verband, omdat dit by die Departement Tegniese Dienste ingeskakel is nie. Feitlik alle tegniese dienste wat vereis word, word deur sy afdeling self behartig, terwyl die gespesialiseerde dienste soos bouwerk, groot herstelwerk aan masjinerie, argitekse-dienste, ensovoorts nog steeds soos in die verlede op aanvraag deur die Departement Tegniese Dienste verskaf word. Hierdie rede behoort dus nie as struikelblok gesien te word by die daarstelling van 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die huidige organisatoriese reëlings vir die parke- en ontspanningsfunksies van die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad nie voldoen aan die vereistes vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite nie. Die ondersoeker beveel aan dat die parke- en ontspanningsfunksies van die Raad in 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement in die Afdeling Gemeenskapsdienste verenig word. Weens die belangrikheid van ontspanning vir die Bantoe in sy eie woonbuurte behoort die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad dit ernstig te oorweeg of dit nie raadsaam sal wees om 'n agste funksie (benewens administrasie, finansies, behuising, handelsprojekte, tegniek, arbeid en ontwikkeling), naamlik gemeenskapsdienste in die Raad daar te stel nie. 'n Afsonderlike direkteur kan selfs vir hierdie betrokke funksie aangestel word.

8.3.1.1 VOORGESTELDE ORGANISASIESTRUKTUUR VAN 'N GEKOMBI-NEERDE PARKE- EN ONTSPANNINGSDEPARTEMENT

Met die voorstel van 'n organisasiestruktuur moet in ag geneem word dat 'n Parke- en Ontspanningsdepartement se funksie drieledig is, naamlik tuinbou, ontspanning en tegniek.


Die tuinboukundige en ontspanningsfunksies het elk sy eie arbeidsveld. Die nastrewe van 'n gemeenskaplike doelstelling, naamlik die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite, regverdig egter 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement. Die tegniese funksie word tot die gesamentlike voordeel van albei arbeidsvelde aangewend.

Soos blyk uit die voorgestelde organisasiediagram (p. 380) word aanbeveel dat die gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement onder die Afdeling Gemeenskapsdienste ressorteer. Benewens hierdie verantwoordelikheid is die Assistent-direkteur van Gemeenskapsdienste ook direk vir welsyn en die administratiewe dienste verantwoordelik. Weens die velerlei administratiewe pligte van die bestuurder, veral in verband met skakelwerk tussen blanke en Bantoesportliggame is dit wenslik dat sy kantoor in die huidige gerieflik bereikbare kantore van die Afdeling Gemeenskapsdienste te New Canada gehuisves sal wees.

Die drie funksies van die departement, naamlik die tuinboukundige, gesentraliseerde en ontspanningsdienste, wat onder die direkte beheer van die Assistent-bestuurder ressorteer, behoort almal by die huidige standplaas te Nancefield gehuisves te word. Die rede hiervoor is dat dit die koördinasie tussen die drie funksies aansienlik sal vergemaklik. Dit bring ook mee dat die hoof van die Seksie Ontspanning voortdurend in noue kontak met sy personeel is, Die wrywing wat in die huidige struktuur ontstaan as gevolg van gesamentlike beheer van die 24 sportorganiseerders in Soweto deur die twee senior ontspanningsbeamptes, kan ge-

WES RANDSE BANTOESAKE ADMINISTRASIERAAD

VOORGESTELDE ORGANISASIEDIAGRAM VIR 'N GEKOMBINEERDE PARKE- EN ONTSPANNINGSDEPARTEMENT



1. WOONBUURTE - GEORGE GOCH, DENVER, ALEXANDRIA EN ARENS IN SOWETO, OOS VAN ROODEPOORTWEG
2. WOONBUURTE - BEKKERSDAL, MOHLAKENG, KAGISO EN ARENS IN SOWETO WES VAN ROODEPOORTWEG
3. ALLE TUINBOU-KUNDIGE DIENSTE UITGESONDERD GRASSY EN DIE PLANT EN

volglik ook uitgeskakel word. ¹⁾

Die Seksie Tuinbou behartig die tuinboukundige dienste, naamlik die instandhouding van parke, die skepping en instandhouding van tuine rondom publieke geboue, op swembadterreine, tuinboukundige instandhouding van sportfasiliteite, die plant van gras, bemesting en die lewering van tuinboukundige voorligting aan die publiek. Om die organisasie van hierdie bedrywighede te vergemaklik, word die Bantoonbuurte in twee sones ingedeel. Gespesialiseerde funksionele bedrywighede in verband met sekere fasiliteite regverdig 'n derde indeling wat vir begraafplase, gholfbane en die kwekery verantwoordelik is.

Die Seksie Gesentraliseerde Dienste het beheer oor die masjinerie soos grassnyers, trekkers, stootskrapers, meganiese laaigrawe, meganiese siwwe, meganiese slootgrawers en ander stukke masjinerie wat nodig is vir die ontwikkeling en instandhouding van parke- en ontspanningsfasiliteite. Die faktotum sien om na die instandhouding en kleiner herstelwerkies aan bogenoemde masjinerie en speelterreintoe-rusting. Die hoof funksie van die Seksie is die voorsiening van geriewe soos sportfasiliteite ²⁾, parke en speelterreine. Hierbenewens word alle grassnywerk, plant en instandhouding van straatbome en die instandhouding van

-
1. Hierdie toestand word vererger omdat die kantoor van die eerste ontspanningsbeampte in die huidige organisasiestruktuur in Diepkloof, terwyl die twee senior ontspanningsbeamptes se kantoor te Nancefield geleë is
 2. Sluit in sokkervelde, korfbalbane, atletiekbane, rugbyvelde en sagtebalvelde

sport- en ontspanningsgeriewe in al die Bantoewoonbuurte behartig. Wat hierdie seksie betref, is daar geen geografiese indeling van die raadsgebied nie. ¹⁾ Koördinasie van die funksionele bedrywighede geskied deur onderlinge skakeling met die Seksie Tuinbou en die Seksie Ontspanning.

Die Seksie Ontspanning is verantwoordelik vir die benutting van die parke- en ontspanningsfasiliteite en is funksioneel ingedeel in twee eenhede, naamlik aktiewe ontspanning en passiewe ontspanning. Vir aktiewe ontspanning geld dieselfde indeling van die woonbuurte wat hierbo gemeld is en word aandag geskenk aan skoleligas, vryetydsbesteding en afrigting. Elke sone het sy eie sportorganiseerders wat vir die uitvoering van sy pligte verantwoordelik is aan 'n ontspanningsbeamppte wat in beheer is van daardie sone. Hier het ons dus 'n duidelike lyn van outoriteit vir die funksionele bedrywighede van die sportorganiseerders wat nie in die huidige organisasiestruktuur bestaan nie. Swembaddens, sowel as jeug- en vroueklubs wat weens die aard van hulle funksionele bedrywighede onder die beheer van die welsynsafdeling uitgeneem is, ressorteer onder aktiewe ontspanningsbedrywighede. Passiewe ontspanningsbedrywighede is in twee fasette, naamlik kultuur en biblioteek- en bioskoopdienste ingedeel. Kultuur behartig passiewe ontspanningsbedrywighede soos musiek, orkeste, kore, drama en kuns wat veral in Bantoewoonbuurte 'n baie belangrike aspek van 'n Parke en Ontspanningsdepartement se funksie is.

1. Weens die afstande van die Bantoewoonbuurte in die Verre Wes-Rand vanaf Nancefield behoort aandag geskenk te word aan die oprigting van 'n depot in daardie gebied waarvandaan die Seksie se bedrywighede onderneem kan word

sionele bedrywighede uitmaak. ¹⁾

Weens die lang afstande vanaf Soweto na die Bantoewoonbuurte van Kagiso, Mohlakeng en Bekkersdal in die Verre Wes-Rand is dit noodsaaklik dat die Parke- en Ontspanningsdepartement 'n depot in een van die woonbuurte oprig om die verskaffing van parke- en ontspanningsdienste in die gebied te vergemaklik.

Daar sal gemerk word dat die voorgestelde struktuur van die gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement nie voorsiening maak vir die ontwerp en oprigting van geboue vir ontspanningsdoeleindes, die bou van swembaddens en die groter herstelwerk aan masjinerie nie. Die ondersoeker is van mening dat hierdie funksie namens die Parke- en Ontspanningsdepartement deur die tegniese departemente van die administrasieraad behartig moet word.

Die voorgestelde organisasiestruktuur vir 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement bevat die organisatoriese reëlins vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite en vereenvoudig die kwantifisering en bepaling van prioriteite ten opsigte van parke- en ontspanningsbedrywighede in die departement.

8.3.2 BELEID

Aangesien die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwik-

1. Hierdie passiewe ontspanningsbedrywighede, is in die meeste Amerikaanse stede aan die Parke- en Ontspanningsdepartemente toevertrou

keling die voorsitters van die Bantoesake-administrasierade aanstel, kan dit aanvaar word dat hy slegs persone wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling goedgesind is, sal aanstel. Daar kan dus aanvaar word dat regeringsbeleid in alle opsigte, ook wat sport en ontspanning betref, uitgevoer sal word.

Die werksaamhede van die Bantoe-administrasierade word ver-
rig volgens bevoegdhede wat volgens sekere wette aan hulle
toegeken is.¹⁾ Daar is egter niks in hierdie wette wat
wys op die verpligtinge van die Bantoe-administrasierade
ten opsigte van die voorsiening en benutting van parke- en
ontspanningsfasiliteite nie.²⁾ Daar word geen opdragte
verskaf vir die daarstelling van Parke- en Ontspanningsde-
partemente nie, vir hoeveel ruimte in Bantoe woonbuurte vir
parke- en ontspanningsfasiliteite afgestaan moet word nie
of vir die beskerming van daardie ruimtes teen die gebruik
vir ander doeleindes nie. Geen voorsiening word ook ge-
maak vir die benutting van dié fasiliteite nie.

Na aanleiding van die bespreking van die administrasierade
se benadering ten opsigte van ontspanning is dit egter dui-
delik dat dit die rade se doel en strewe is om genoegsame
parke- en ontspanningsfasiliteite daar te stel. (sien p.
362) Behalwe in die Wes-Randse Bantoesake-Administrasie-

-
1. Onder andere: Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, die Wet op Heffings vir Bantodienste, 1952 (Wet No. 64 van 1952), die Wet op Stedelike Bantoe-
rade, 1961 (Wet No. 79 van 1961) en die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964) en die Wet op Bantoebier, 1962 (Wet No. 63 van 1962)
 2. Die gebruik van fondse uit die Bantoe-Inkomsterekening vir gemeenskapsdienste word wel voorgeskryf

rade bestaan daar egter in weinig ander raadsgebiede organisatoriese reëlins vir die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite. Hierdie doelstelling kan alleen bereik word indien 'n omvattende beleid deur elke administrasieraad uitgewerk word. Sodanige beleid moet gepaard gaan met die daarstelling van gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartemente wat deur middel van adviserende parke- en ontspanningskomitees sal strewe om in die werklike behoeftes van die Bantoe te voorsien.

8.3.3 FINANSIERING

Met die instel van Bantoesake-administrasierade is dit duidelik gestel dat die rade finansieel selfstandig moet wees en dat die staat hulle onder geen omstandighede finansieel sal ondersteun nie. ¹⁾ Die administrasierade het hulle eie voorgeskrewe inkomstebronne en dit is belangrik dat hulle uitgawes nie hulle inkomste moet oorskry nie. ²⁾ Die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad maak vir die boekjaar 1976/77 voorsiening vir 'n totale uitgawe van R73 725 300, terwyl die inkomste op R72 280 300 beraam word. Daar word dus vir 'n tekort van R1 445 000 begroot. Ten spyte van die erns van hierdie tekort en die besparings wat op verskeie terreine gedoen sal moet word om die tekort gedurende die huidige boekjaar uit te wis, het die voorsitter van die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad

1. Debatte van volksraad: Weeklikse uitgawe No. 5,
1 Maart 1971 - 5 Maart 1971,
kolom 1984

2. Inkomstebronne: Bantoebier en blankedrank, dienskontrak- en arbeidsgelde, lisensiëring van persele, huur- gelde uit Bantoe woonbuurte, heffingsgelde en hofboetes

in sy begrotingsrede die volgende gesê:

"Ten spyte van die probleme wat ondervind word ---, het die Uitvoerende komitee tog die sienswyse gehuldig dat hulle gaan aanbeveel dat die sport, ontspanning en wel-syns-gedeeltes van die begroting nie besnoei moet word nie en dat maksimum voorsiening vir hierdie fasiliteite (binne die Raad se finansiële vermoë) net so in die b-groting gelaat moet word." ¹⁾

Die Afdeling Parke se begroting vir die boekjaar 1976/77 bedra ongeveer R1 700 000 waarvan R1 100 000 deur die Departement Behuising betaal word vir dienste wat deur Parke vir die Departement Behuising gelewer word. ²⁾ Die Seksie Ontspanning se begroting vir dieselfde jaar beloop R1 334 000 waarvan 37,5% vir ontwikkeling en instandhouding van sport- en ontspanningsfasiliteite aan die Afdeling Parke betaal word.

Wanneer een afdeling verantwoordelik is vir die lewering van dienste waarvoor 'n ander afdeling betaal, dan is eersgenoemde afdeling gewoonlik nie so gesteld op die effektiewe besteding van daardie fondse as wat die afdeling wie se geld dit is, sou gewees het nie. Alhoewel die tekort op die begroting hoofsaaklik aan inflasionêre tendense toegeskryf kan word, kan die daarstel van 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement, wat in hierdie geval 'n begroting van meer as R3 000 000 sal hê, 'n bydrae lewer tot die besnoeiing van uitgawes deur die volste gebruik

1. MULDER, H.P.P., Begrotingsrede vir finansiële jaar 1976/77 gelewer op Vrydag 2 April 1976, p. 8

2. Instandhouding van sportvelde - R500 000, sny van gras en verfraaiing - R200 000 en instandhouding van begraafplase - R400 000

van die beskikbare geld te maak. Soos hierbo gesien is die Afdeling Parke in elk geval vir 65% van sy begroting afhanklik van 'n departement (Behuising) waaronder hy eintlik tuishoort.

Tydens 'n onderhoud met die hoof van die Afdeling Parke het dit ook duidelik geword dat daar nog te veel kapitaalontwikkeling geskied op die inkomsterekening. Hierdie uitgawes word nie op die balansstaat as kapitale uitgawes aangedui nie en die inkomsterekening dra die volle implikasie daarvan (sien p. 255)

Met 'n vereniging van die parke- en ontspanningsfunksies sal die ter sake departement verantwoordelik wees vir die besteding van sy eie fondse en kan effektiewe besteding en die korrekte begrotingsprosedures nougeset nagekom word.

8.3.4 PERSONEELVOORSIENING EN BENUTTING

Ons het reeds daarop gewys dat die funksionele bedrywigheide van die Parke- en Ontspanningsdepartemente in Suid-Afrika weens die personeel se opleiding eng tuinboukundig van aard is en gevolglik is die ontspanningsfunksie in sodanige departemente afgeskeep. Die instel van 'n vierjarige graadkursus in Parke- en Ontspanningsadministrasie aan die Universiteit van Stellenbosch is 'n poging om professioneel gekwalifiseerde personeel beskikbaar te stel wat reg kan laat geskied aan die hoofdoelstelling van 'n Parke- en Ontspanningsdepartement, naamlik die doelmatige skepping en benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite. Die hoofvakke van dié graadkursus, naamlik Siertuinboukun-

de, Openbare Administrasie en Opelugontspanning maak hierdie gegradueerdes ideaal gekwalifiseerd vir aanstelling in sodanige departemente. Hierdie akademiese opleiding sal natuurlik nie die tuinboukundige opleiding wat deur tegniese kolleges aangebied word, vervang nie. Dit moet beskou word as 'n addisionele kwalifikasie vir parke- en ontspanningspersoneel wat hulle bekwaam om eventueel die top-poste in Parke- en Ontspanningsdepartemente te beklee, so doende word verhoed dat gegradueerdes uit ander dissiplines vir hierdie poste gewerf moet word.

Die ondersoeker wil ernstig waarsku teen die gebruik in sommige administrasieraadsgebiede om persone vir sport- en ontspanningsbedrywighede bloot weens hulle prestasies op die sportveld aan te stel. Die benutting van parke- en ontspanningsfasiliteite, die inisiëring van programme, die effektiewe besteding van fondse, die beplanning van ontspanningsgeriewe en die evaluering van die ontspanningsdienste aan die publiek vereis hoogs bedrewe personeel met professionele opleiding. Indien hierdie praktyk voortduur sal die hele doelstelling met die daarstelling van parke- en ontspanningsdienste in Bantoesake-administrasieraadsgebiede verydel word. Hierbenewens is daar op die huidige stadium met die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse sportbeleid gedurig politieke onderstrominge teenwoordig in Bantoesport en -ontspanningsgeleenthede wat uiters delikate hantering vereis en slegs aan bekwame personeel toevertrou kan word.

Wat die indiensopleiding van Bantoepersoneel betref, is die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad in die geluk-

kige posisie dat sportorganiseerders sowel as tuinboukundiges opgelei word. Dit is egter ook noodsaaklik dat indiensopleiding aangebied word vir ongeskoolde en semi-geskoolde werkers soos arbeiders, trekkerbestuurders, toesighouers, nutsmanne en masjienoperateurs waarvan die Afdeling Parke meer as 700 in diens het. Nie alleen word produktiwiteit sodoende verhoog nie, maar die korrekte en doeltreffende gebruik van masjinerie en ander implimente as gevolg van beter kennis en meer belangstelling bring besparing mee, omdat die toerusting minder herstelwerk vereis. Indiensopleiding vir Bantoes op alle vlakke is essensieel vir die doeltreffende uitvoering van 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement se funksionele bedrywighede.

8.3.5 WERKSPROSEDURE

'n Gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement van die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad sal 'n betreklik groot onderneming wees en werksprosedures sal opgeknep en doeltreffend gehou moet word. Dit is nie nodig om werkstudie- of organisasie- en metodebeamptes vir die taak aan te stel nie (sien p. 329). Dit is die taak van die Parke- en Ontspanningsdepartement se personeel, aangesien hulle vertrouwd is met die probleme in hulle arbeidsveld en slegs hulle kan besluit watter werksprosedures die beste resultate sal lewer.

Wrywing wat ontstaan wanneer sportfasiliteite nie behoorlik in stand gehou word of nie betyds gereed is vir byeenkomste nie, kan grootliks toegeskryf word aan die skeiding

van die instandhouding- en benuttingsfunksies in die huidige organisasiestruktuur. Hierdie probleem kan deur 'n gesentraliseerde dienste-afdeling van 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement opgelos word, deurdat noue skakeling met die tuinbou- en ontspanningsfunksies gehandhaaf sal word met die daarstel van korrekte werksprosedures en werkprogramme. In hierdie verband is die werkprogramme wat op pp. 330-335 weergegee word belangrike riglyne, want indien elke werker presies weet wat om te doen, wanneer om dit te doen en hoe om dit te doen, sal misverstande en gevolglik wrywing tot die minimum beperk word.

8.3.6 BEHEER

'n Gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement van die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad sal 'n personeel van nagenoeg 60 Blankes en 1 110 Bantoes in diens hê. Die funksionele bedrywigheide vereis 'n uitgebreide organisasiestruktuur en interne beheermaatreëls sal ingestel moet word om te verseker dat die werksaamhede op die departement se doelstellings toegespits bly (sien p. 374). Hierdie beheermaatreëls kan slegs suksesvol wees indien elke amptenaar 'n pligtestaat of werkprogram het waarvolgens vasgestel kan word of ondergeskiktes hulle taak behoorlik verrig.

Nie alleen is dit vir effektiewe beheer nodig dat alle individue in 'n Parke- en Ontspanningsdepartement in hulle bedrywigheide dieselfde doelstellings moet nastrewe nie, maar die organisasiestruktuur moet ook voorsiening maak vir duidelike gesagslyne in die uitvoering van funksionele bedrywigheide. In die huidige organisasiestruktuur van die Sek-

sie Ontspanning (organisasiediagram p. 368) word hierdie vereistes in die toesighouding oor sportorganiseerders nie nagekom nie. Die organisasiestruktuur wat aanbeveel word, neem sodanige aspekte in ag. Wat die administrasieraad se beheer oor die parke- en ontspanningsbedrywighele self betref, is inspeksies en verslae wat aangevra word veel doeltreffender indien die funksionele bedrywighele wat saamhoort (parke en ontspanning) in een organisasiestruktuur gehuisves word.

8.4 BASIESE ORGANISASIESTRUKTUUR VIR UITVOERING VAN DIE PARKE- EN ONTSPANNINGSFUNKSIES VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE

Met die nuwe bedeling in die administrasie van Bantoesake in Suid-Afrika, wat ontstaan het deur die instelling van Bantoesake-administrasierade, is die werk wat vroeër deur honderde plaaslike owerhede behartig is, tans op 'n streek-basis ingedeel sodat 22 Bantoerade al hierdie werk verrig. Die werk van tot 46 plaaslike owerhede is nou aan een administrasieraad toegewys.¹⁾ Hiervolgens is dit duidelik dat die parke- en ontspanningsbedrywighele van elke Bantoe-raadsgebied van geweldige omvang is. Baie van hierdie gebiede het vroeër weinig of geen aandag aan hierdie saak bestee nie en hulle het dus 'n nog groter en moeiliker taak van ontwikkeling voor as wat 'n Bantoesake-administrasie-raadsgebied soos Wes-Rand sal hê. Heelwat fasiliteite is reeds aan die Wes-Rand daargestel en slegs die organisasie-struktuur van die gebied se parke- en ontspanningsopset moet opgeknep word. Verder sal net die normale uitbrei-

1. DIE OGGENDBLAD, 3 Julie 1973, p. 11

ding nodig wees.

Dit is duidelik dat die administrasierade van die begin af hulle parke- en ontspanningsopset reg moet aanpak sodat daar nie later met 'n vinger na die regering gewys kan word met die beskuldiging dat hy nie opreg was in sy belofte om die verskaffing van ontspanningsfasiliteite te versnel nie. Om reg te laat geskied aan die ontwikkeling van parke- en ontspanningsfasiliteite en die aanbieding van dié dienste wat die Bantoewoonbuurte meer leefbaar sal maak, moet daar in die eerste plek 'n gesonde organisasiepatroon daargestel word.

Administrasieraadsgebiede waarin daar vroeër min aandag aan die saak gegee is, het die voordeel dat daar van meet af aan begin kan word met die opbou van doeltreffende Parke- en Ontspanningsdepartemente. Die ondersoeker wil op hierdie stadium 'n eenvoudige basiese organisasiepatroon vir so 'n Parke- en Ontspanningsdepartement aanbeveel wat met vrug deur alle Bantoesake-administrasierade, groot of klein, gebruik kan word.

Die Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, dr. A.P. Treurnicht, het onlangs gesê dat elke Bantoesake-administrasieraad in sy organisasiestruktuur voorsiening vir 'n afdeling vir sport en ontspanning moet maak.¹⁾

1. "The Department has no intention of establishing a separate organisation for the development of sport and recreation parallel to that of the Boards. Such action would merely be a waste of manpower and finance. It is therefore necessary that within the framework of the Boards a separate Division of Sport and Recreation be established where such division do not already exist." TREURNICHT, A.P., Rede gelewer by amptelike opening van Kwaford sportstadion in Port Elizabeth op 1 Mei 1976

Die daarstel van 'n sport en ontspanningsfunksie vir elke Bantoesake-administrasieraad is baie belangrik, maar daar moet nie vergeet word dat die verfraaiing van Bantoewoonbuurte, die daarstelling van parke en die lewering van ander tuinboukundige dienste van ewe groot belang is om die Bantoewoonbuurte meer leefbaar te maak nie.

Ons het reeds kennis geneem van die historiese ontwikkeling van die Amerikaanse parke- en ontspanningsbeweging, asook die huidige parke- en ontspanningsopset in Amerikaanse stede wat aangetoon het dat 'n gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartement die beste resultate lewer vir die ontwikkeling van hierdie dienste op plaaslike owerheidsvlak.

(sien Hoofstuk 2) Ons het ook reeds die voordele van 'n gekombineerde departement behandel. (p. 86)


Indien ons aanvaar dat 'n sport- en ontspanningsafdeling in elke Bantoesake-administrasieraad tot stand gebring word, en dat elke afdeling benewens die benuttingsfunksie ook sy eie voorsiening- en instandhoudingsfunksie behartig, dan sal die ontwikkeling van sport- en ontspanningsfasiliteite arbeiders, masjinerie en ander toerusting vereis. Geen Bantoesake-administrasieraad behoort sonder 'n tuinboufunksie te wees nie en die ontwikkeling en instandhouding van parke en tuine vereis ook arbeiders, masjinerie en toerusting soortgelyk aan dié wat vir die ontwikkeling van sport- en ontspanningsfasiliteite gebruik word. Met hierdie skeiding van die parke- en ontspanningsfunksies kry ons dus oorvleueling en duplisering van werksaamhede en masjinerie wat onnodige besteding van fondse tot gevolg het. Indien die voorsiening- en instandhoudingsfunksies van die

sport- en ontspanningsafdelings weggeneem word en hulle slegs vir die benutting van die fasiliteite verantwoordelik is, kry ons 'n toestand soortgelyk aan dié wat nou in die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraadsgebied aangetref word (sien p. 375). Volgens hierdie gegewens blyk dit dat die Bantoesake-administrasierade die Bantoepubliek met betrekking tot parke- en ontspanningsdienste die beste kan bedien deur gekombineerde Parke- en Ontspanningsdepartemente met gesentraliseerde dienste-afdelings daar te stel.

Die vraag is nou waar die parke- en ontspanningsfunksies in die organisasiestrukture van die Bantoesake-administrasierade tuishoort. Ondervinding met die huidige studie het aangetoon dat 'n Afdeling Gemeenskapsdienste onder die direkteur van Behuising die beste tuiste daarvoor is, aangesien dit onder geen van die ander funksies van die administrasierade inpas nie. Dié Afdeling Gemeenskapsdienste kan dan afhangende van die omvang van sy funksionele bedrywighede 'n assistent-direkteur of 'n bestuurder in bevel hê met die Welsyns- en Parke- en Ontspanningsafdelings wat as afsonderlike eenhede direk onder hom fungeer.

Die groter Bantoesake-administrasieraadsgebiede moet egter oorweging skenk aan die moontlikheid om behalwe die basiese funksies van 'n Bantoesake-administrasieraad (sien p. 366) ook nog gemeenskapsdienste as 'n onafhanklike funksie met 'n direkteur in die administratiewe opset te voorsien. In so 'n geval sal die direkteur deur 'n bestuurder van Parke en Ontspanning en 'n bestuurder van Welsyn bygestaan word.

BASIESE ORGANISASIESTRUKTUUR VIR PARKE- EN ONTSPANNINGSFUNKSIES VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE



Die struktuur maak voorsiening vir 'n personeel van vyf be-
amptes wat waarskynlik die minimum is waarmee enige Bantoe-
sake-administrasieraad kan klaarkom. Verdere personeel-
uitbreiding sal deur die omvang van die tak se funksionele
bedrywighede bepaal word. Die organisasiestruktuur wat
vir die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad aanbeveel
is, kan as 'n riglyn vir verdere uitbreiding dien.

8.5 DIE RUIMTE WAT VIR PARKE- EN ONTSPANNINGSFASILITEITE
BENODIG WORD

In hoofstuk 3 is daarop gewys dat volgens algemeen aanvaar-
de standaarde daar te min ruimte vir parke- en ontspannings-
fasiliteite in Bantoewoonbuurte in blanke stedelike gebie-
de afgestaan word. Sommige van die redes wat aangevoer
kan word waarom Bantoewoonbuurte meer parke- en ontspan-

ningsruimte benodig as selfs dít wat gewoonlik aan blanke woongebiede in Suid-Afrika toegeken word, is ook gemeld (sien p. 53). Uit hierdie gegewens blyk dit onregverdig te wees om standarde, wat vir die toekenning van parke- en ontspanningsruimte in blanke woongebiede gebruik word, ook in die beplanning van Bantoewoonbuurte aan te wend.

Navraag by die Departemente van Stads- en Streeksbeplanning aan ons universiteite ¹⁾ en ander instansies het getoon dat daar nog geen noemenswaardige navorsing spesifiek oor die toekenning van parke- en ontspanningsruimte vir Bantoewoonbuurte in blanke stedelike gebiede onderneem is nie. In die meeste gevalle waar Bantoewoonbuurte beplan word, word standarde wat op blanke woongebiede van toepassing is, gebruik. Hierdie standarde is grotendeels gebaseer op oorsese standarde wat aangepas is by Suid-Afrikaanse toestande.

In die lig hiervan is dit duidelik dat daar 'n gebrek is aan maatstawwe vir die toekenning van ruimte vir parke- en ontspanningsfasiliteite in die beplanning van Bantoewoonbuurte. 'n Omvattende ondersoek vir die ontwikkeling van sodanige standarde regverdig egter 'n eie ondersoek en is nie die doel van hierdie studie nie. Desnieteenstaande is die daarstel van maatstawwe vir hierdie doel aktueel en wil die ondersoeker volgens riglyne wat uit die literatuurstudie verkry is, en ondervinding wat in die praktyk opge-

1. Universiteite van Pretoria, Stellenbosch, Witwatersrand en Kaapstad. Departement van Gemeenskapsbou - Pretoria en die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling

doen is, die basiese parke- en ontspanningsfasiliteite wat in 'n Bantoewoonbuurt noodsaaklik is, bespreek en aanbevelings doen in verband met die ruimte wat daarvoor benodig word. 1 & 2)

Hierdie aanbevelings moet geensins gesien word as 'n poging om nasionale standaarde daar te stel nie, maar om in die afwesigheid van sodanige standaarde riglyne te verskaf, so dat 'n regverdige ruimtetoekenning vir parke- en ontspanningsfasiliteite vir die Bantoe in blanke stedelike gebiede gemaak kan word.

8.5.1 DIE BANTOE SE BELANGSTELLING IN ONTSPANNING

Voordat aanbevelings gedoen kan word moet ons eers die aard van die Bantoe se belangstelling in ontspanning vasstel. Volgens die ondersoek van De Villiers ³⁾ het hy in vier gebiede (Soweto, Sharpeville, Mamelodi en Daveyton) gevind dat gemiddeld 20% van sy informante aan aktiewe sportsoorte

1. Universiteit van Pretoria, Departement Landskapargitektuur - notas in parke- en ontspanningsbeplanning, para. 323, "Daar beplanning aangewese is tot 'n maatstafstelling om 'n plan te produseer word derhalwe ten opsigte van oopruimte behoeftes ook riglyne neergelê. Die voor- en nadele van subjektiewe standaarde is al talle male beredeneer, maar nogtans bly dit 'n basiese noodsaaklikheid."

2. STYLES, F.G. & GOLD, S.M., Urban Recreation Planning, p. 156, "Despite the pitfalls involved, the stereotyped approaches and so forth --- I fail to see how we can avoid the use of standards, particularly space standards."

3. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 143 en p. 147

deelneem. Van hierdie 20% neem 71% aktief deel aan sokker. Slegs 29% neem aan ander sportsoorte deel. Ook op skool is sokker die heel belangrikste sportsoort, gevolg deur korfbal vir die dogters en atletiek. In hierdie drie sportsoorte het 1 676 spanne gedurende 1972/73 aan die skoolsportligas deelgeneem. ¹⁾ Hierbenewens behartig die Johannesburg Bantu Football Association die wedstryde van 1 582 volwasse en junior sokkerspanne. ²⁾ Volgens die ander bronne wat in hierdie studiestuk behandel is, is sokker ook die gewildste sportsoort onder Bantoes in die ander dele van Suid-Afrika. Die enigste uitsondering is miskien die Oos-Kaap waar rugby 'n groot aanhang geniet. Wat die ander sportsoorte betref, is daar baie minder belangstelling in boks, gewigoptel, tennis, atletiek, krieket, swem en gholf.

Volgens die statistieke wat in hierdie ondersoek oor die bywoning by swembaddens in Soweto (p. 197) behandel word, is dit belangrik dat daar genoeg swembaddens voorsien word. Daar is ook gewys op die gewildheid van speelterreine vir skoolgaande kinders en indien die terreine wat vir hierdie doel beskikbaar gestel word groot genoeg is, kan daar ook vir die voorskoolse kinders van drie tot ses jaar by hierdie speelterreine voorsiening gemaak word. Gholf is baie gewild onder die Bantoes, maar omdat dit 'n duur ontspanningsvorm is en fasiliteite vir hierdie spel tot dusver min aandag geniet het, is daar nog nie veel aktiewe lede by ge-

1. Jaarverslag: Tak Gemeenskapsdienste, p. 1

2. Jaarverslag: Ibid.

vestigde bane nie. Nogtans sal dit met verbeterde lewensomstandighede wat in die nabye toekoms vir die Bantoe voorlê, sekerlik een van die sportsoorte wees wat in die volgende dekade opgang sal maak. Hiervoor moet daar dus voorsiening gemaak word. Tennis in Soweto geniet nie die aanhang wat die bou van 44 bane wat reeds daargestel is, regverdig nie. Sommige van hierdie bane word selde gebruik. Ook hier kon die koste verbonde aan die beoefening van die sportsoort ook die deelname daaraan baie beïnvloed het. Deelname aan hierdie sportsoort mag ook in die toekoms 'n stygende tendens toon. Ander geriewe wat voorsien moet word, is rolbalbane, atletiekbane, stadions, bioskope, gemeenskapsale, klubhuise, korfbalbane, dansarene vir stamdanse en parke.

Uit hierdie gegewens blyk dit eerstens dat sokkervelde en die geriewe wat daarmee gepaard gaan oorwegend die aandag moet geniet wanneer voorsiening vir sportterreine gemaak word. Tweedens sal niemand dit betwis dat kinders speelterreine (waarop speelterreintoerusting aangebring is) benodig nie. In Amerika en Engeland is speelerwe ("playlots") baie gewild omdat dit baie min ruimte in beslag neem en met vrug in woonbuurte van hoë digtheidsbehuising gebruik kan word om speelplek aan die kleiner kinders te verskaf. In Soweto is daar ook heelwat van hierdie speelerwe wat in grootte wissel van 140m^2 tot 372m^2 , maar die ondersoeker is nie bewus van een van die erwe wat ooit ontwikkel is om as speelterrein te dien nie - dit dien slegs as aflaaiplek vir die omgewing se rommel. Ons kan egter nie sonder meer beweër dat die toekenning van sulke erwe onprakties is nie, want daar is nog nooit probeer om enige van hierdie klein

speelerwe behoorlik te ontwikkel en te onderhou nie. Die ondersoeker is egter van mening dat sodanige ontwikkelde speelerwe, tensy daar 'n bekwame opsigter aangestel word, baie aan vandalisme onderhewig sal wees. Omdat dit ekonomies nie die moeite werd is om opsigters by hierdie klein speelerwe aan te stel nie, moet hierdie ruimtevoorsiening vir die speelbehoeftes van drie tot sesjariges gewysig word. (sien p. 401)

Wat speelruimte vir die groter kinders (ses tot vyftien jaar) betref, moet genoeg speelterreine beskikbaar wees binne 800 meter van elke kind se huis. Hierdie speelterreine is besonder gewild, maar is weens vandalisme selde in gebruik. Indien die regte bestuursmetodes en speelterreinopsigters gebruik word, sou vandalisme in 'n groot mate beperk kon word. Hiermee bedoel ons nie net toesig van 8 vm. tot 5 nm. nie, maar van ligdag tot donker. Benewens permanente opsigters wat gedurende normale werksure aan diens is, kan daar ook gedink word aan die indiensneming van deeltydse opsigters in die vroeë oggende en in die laat middag. Dit klink miskien asof die reëling groot onkoste sal meebring, maar die geld wat gespaar sal word aan die herstel van toerusting, sal hiervoor vergoed. Hierbenewens het die hele gemeenskap die voordeel dat hierdie speelterreine altyd bruikbaar en tot die beskikking van die kinders sal wees. Opsigters by hierdie speelterreine sal hulle pligte streng moet nakom.

Derdens is dit absoluut noodsaaklik dat parke in die Bantoewoonbuurte uitgelê moet word. Hiermee word nie bedoel dat tuine en kleiner parke oral in die woonbuurte gevestig

moet word nie, want in Soweto het dit weens vandalisme nog nie 'n sukses blyk te wees nie. Oop terreine van minstens 8ha, wat met gras en bome beplant is, sal meer prakties wees.

8.5.2 DIE BASIESE PARKE- EN ONTSPANNINGSFASILITEITE
WAT IN BANTOEWOONBUURTE VEREIS WORD EN DIE
RUIMTE WAT DAARVOOR AFGESONDER BEHOORT TE WORD

Uit die bespreking hierbo blyk dit dat speelterreine, sportterreine en parke die basiese ontspanningsgeriewe is wat in 'n Bantoewoonbuurt voorsien moet word. Die ruimte vir die ontwikkeling van die fasiliteite word bereken vir 'n Bantoewoonbuurt van 5 000 inwoners. Vir hierdie getal inwoners (vyf per huis) kan al die nodigste stedelike funksies soos woonerwe, skole, administrasie, kerke, klinieke, winkels, strate, ensovoorts op 'n totale grondoppervlak van nagenoeg 100ha voorsien word. (Rossouw se aanbevelings is as riglyne gebruik. ¹⁾)

i) Speelterreine

Indien daar ook vir die voorskoolse kind in die speel-
terreine voorsiening gemaak word, moet ten minste 0,2ha hier-

1. ROSSOUW, P.D., Op. Cit., p. 88

voor afgestaan word. Hierdie deel moet apart van die groter kinders se speelarea wees en kan toerusting soos die stoeltipe skoppelmaai, kloutertrallies, kleuterskoppelmaaie met wiegsitplekke, kleuterskoolwipplanke en -glyers insluit. Sandkuile en selfs plaspoeletjies kan voorsien word. Die maksimum diepte van hierdie plaspoele moet 41cm wees en noukeurige aandag moet aan die dreinerings, watertoevoer, wateruitlaat beheer en aan die area rondom die bad gegee word.

Die speelterreintoerusting vir die groter kinders verg ten minste 0,4ha om dit uit 'n veiligheids oogpunt doeltreffend te rangskik. Speelterreintoerusting moet vir die kinders aantreklik wees. Indien die toerusting in helder kleure geverf word, help dit baie om die kinders aan te lok en skep die speelterrein ook 'n beter indruk. Verder kan gemeld word dat glybane met 'n geelkoper glyoppervlak nie lank in Bantoewoonbuurte hou nie. Dié metaal word gesteel en verkoop. 'n Glyoppervlak wat uit vlekvrige staal vervaardig word, is baie meer doeltreffend.

'n Totale oppervlak van 0,60ha is dus nodig vir die rangskikking van die speelterreintoerusting en 0,40ha moet afgesonder word vir die kinders om sokker te speel. So 'n area is nodig as speelplek vir die kinders wat gedurig tennisballe in die strate rondskop. Oor hierdie faset van speelterreinbeplanning sê Seeley:

"One of the main weaknesses of many existing playgrounds is the failure to subdivide them into separate sections catering for the needs of different age groups, the general absence of imaginative features and a grave de-

ficiency in kick about areas." 1 & 2)

'n Gedeelte van die grond kan ook later gebruik word vir die oprigting van 'n klein klubhuis - elke woonbuurt van 5 000 inwoners het ten minste een so 'n klubhuis nodig waar jeug-aktiwiteite georganiseer kan word en die vrouens van die gemeente kursusse in kookkuns, naaldwerk, breiwerk en ander huisvlytaktiwiteite kan bywoon. So 'n klubhuis is ideaal vir vroueklubs, want die kinders wat saamkom, kan van die speelterreintoerusting gebruik maak terwyl jeugklubs van die ruimte buite vir kleineres spele gebruik kan maak.

ii) Sportterreine

Aangesien sokker baie gewild is, moet 'n minimum van vier sokkervelde in elke woonbuurt van 5 000 Bantoes voorsien word. 3) Soos later aangetoon sal word, is dit nie ekonomies om sokkervelde een-een deur die woonbuurt te versprei nie. In elke woonbuurt moet daar gevolglik twee sportter-

-
1. Conference on outdoor recreation: SEELEY, I.H., Problems of recreational provision in an urban environment, p. 8
 2. Die minimum grootte van so 'n speelterrein word dus op 1ha bereken. Aangesien die beleid met die beplanning van die Bantoewoonbuurte van Soweto was dat geen kind verder as 800 meter moes loop om by die naaste speelterrein te kom nie, sal twee speelterreine vir 'n woonbuurt van 5 000 inwoners nodig wees om aan die vereistes te voldoen.
 3. Volgens de Villiers se bevindinge (p. 397) behoort daar ongeveer 700 sokkerspelers in die woonbuurt te wees. Indien die helfte van hierdie getal volwassenes is wat Saterdag wedstryde speel, sal vier velde nodig wees waarop dan elk vier wedstryde sal plaasvind. (+ 32 spanne)

reine voorsien word. Indien twee sokkervelde wat elk 69m x 110m groot is met 3m spasie tussen die twee en 9m speling rondom die velde op 'n sportterrein aangebring word, word, word 'n area van nagenoeg 2ha benodig. (Die minimum van een veld is 1,1ha) By elke sportterrein moet daar ten minste vir twee korfbalbane voorsiening gemaak word. Die twee korfbalbane (27,4m x 18,3m) wat langs mekaar geleë is met 3m spasie tussen die twee en 9m rondom die twee bane, vereis 'n totale oppervlak van 0,25ha. Op een van hierdie twee sportterreine in elke woonbuurt moet kleedkamers opgerig word en indien 9m spasie om hierdie gebou toegelaat word, moet 0,11ha daarvoor afgesonder word. Op een van die sportterreine word daar gevolglik 2,3ha en op die ander een 2,4ha deur fasiliteite in beslag geneem.¹⁾ Hierdie sportterreine moet so na as moontlik aan die skole in die buurt gevestig word.

iii) Parke

Die derde basiese fasiliteit wat in elke woonbuurt van 5 000 inwoners verskaf moet word, is 'n park van nagenoeg 8ha. In hierdie park kan daar ook 'n baksteenverhoog gebou word vir uitvoerings deur blaasorkeste waarvoor die Bantoe baie lief is. Indien 'n behoefte daarvoor bestaan, kan 'n klein speelterrein en selfs 'n plasdam vir die kinders in so 'n park aangebring word. Die hele opset van hierdie parke kan so ontwikkel word dat dit Sondae baie noodsaaklike ontspanning aan Bantoegesinne sal verskaf. Om tuine

1. Om genoeg ruimte vir uitbreiding en die ontwikkeling van ander fasiliteite op die twee sportterreine toe te laat moet 3ha as die minimum grootte vir elke sportterrein beskou word

op die huidige stadium as deel van hierdie parke te ontwikkel, is egter nie gerade nie. Sodanige verfraaiing van die woonbuurt moet weens die voorkoms van vandalisme tot die administratiewe kantore en dergelike plekke waar daar altyd toesig gehou word, beperk bly.

Om op te som het ons nou twee speelterreine van 1,0ha elk, twee sportterreine van 3,0ha elk en een park van 8,0ha in elke woonbuurt van 5 000 mense. Die ruimtetoekenning vir parke- en ontspanningsfasiliteite kom op 'n totaal van 3,2ha/1 000 inwoners neer.

Ons aanbevelings vir ruimtetoekenning aan elk van die funksies parke, speel- en sportterreine word hieronder gegee:

<u>Funksie</u>	<u>Aantal ha. per 1 000 inwoners</u>	<u>Minimum grootte</u>
Speelterreine	0,4ha	1,0ha
Sportterreine	1,2ha	3,0ha
Parke	1,6ha	8,0ha
	<u>3,2ha</u>	

Die ontwikkeling van die fasiliteite soos dit hier uiteengesit is, verg 'n oppervlak van 16,0ha wat nagenoeg 16% van die totale oppervlak van die woonbuurt uitmaak. Ontspanningsdeskundiges beveel 'n toekenning van 10% aan, maar dan is daar baie faktore bykomend wat hierby in ag geneem moet word (sien p. 54). Hierdie faktore saam met die feit dat die lewenstandaard van Bantoes weens groter salarisse sal toeneem en dat hulle meer vrye tyd tot hulle beskikking het as in die verlede, regverdig 'n groter toekenning as 10%. Hierby moet ook onthou word dat daar aanbeveel is dat

sportgeriewe nie op skoolterreine ontwikkel word nie. Benewens hierdie basiese fasiliteite wat in elke woonbuurt vereis word, is daar ook ander fasiliteite wat benodig word. Aangesien hierdie fasiliteite slegs regverdigbaar is waar daar 'n groter bevolking as 5 000 is, word dit afsonderlik behandel.

8.5.3 BYKOMSTIGE FASILITEITE WAT IN BANTOEWOONBUURTE VEREIS WORD EN DIE RUIMTE WAT DAARVOOR AFGESONDER BEHOORT TE WORD

i) Swembaddens

Die vyf swembaddens in Soweto is besonder gewild. Vir die vier baddens waarvoor statistieke beskikbaar is, is die gemiddelde jaarlikse bywoning 103 022 per swembad. In teenstelling hiermee was die bywoning by die enigste swembad in die Bantoewoonbuurt van Bloemfontein met 'n inwonerstal van nagenoeg 70 000, slegs 29 934. Verskeie redes kan vir hierdie verskil in gewildheid aangevoer word. Eerstens mag dit wees dat Soweto se swembaddens elk 'n groter area bedien, tweedens is swemklere by al die swembaddens in Soweto te huur en derdens kry skoolkinders gedurende skoolure afrigting met die gevolg dat die kinders wat leer swem gereelde bywoners word. Hierdie laaste faktor is miskien die belangrikste rede vir die goeie bywoning in Soweto. Daarom is dit belangrik dat by alle swembaddens in Bantoewoonbuurte daar na oorlegpleging met die Onderwysdepartement soortgelyke afrigting aan skoolkinders aangebied word.

Die ondersoeker wil na aanleiding van ondervinding met die vestiging van swembaddens in Soweto, aanbeveel dat alle

woonbuurte met meer as 20 000 inwoners 'n swembad volgens die aanbevole ontwerp (p.415) kry. So 'n swembad kan volgens blanke standarde nagenoeg 10 000 inwoners bedien.¹⁾ Verdere swembaddens moet nie gebou word alvorens die totale bywoning van daardie swembad 50 000 per jaar oorskry nie. Die swembad wat aanbeveel word, vereis 'n terrein van 0,54ha en daarom moet daar vir elke 10 000 inwoners van 'n woonbuurt 0,54ha beplan word, alhoewel die eerste swembad slegs gebou moet word sodra die totale inwonertal 20 000 oorskry. Die ander terreine sal dan daar wees vir ingeval die aanvraag in die toekoms die bou van addisionele swembaddens vereis.

ii) Gholfbane

'n Gholfbaan is 'n duur projek wat baie ruimte verg. Die algemene aanbeveling is dat daar 'n 18-putjie gholfbaan vir elke 50 000 inwoners beskikbaar moet wees. Hierdie standaard is volgens die lae aantal aktiewe deelnemers in Bantoonbuurte onrealisties en daar word aanbeveel dat 'n gholfbaan vir elke 100 000 inwoners ontwikkel word. Dit beteken egter nie dat ons 'n woonbuurt van slegs 20 000 inwoners sonder 'n gholfbaan moet laat nie. Die ondersoeker wil voorstel dat vir 'n woonbuurt van tussen 20 000 en 30 000 inwoners daar 'n 9-putjiebaan beplan word. Hierdie baan hoef nie dadelik ontwikkel te word nie. Indien die grond beskikbaar is, sal entoesiastiese spelers self hulle

1. Die algemene aanbeveling vir die voorsiening van swembaddens is $1,12\text{m}^2$ per swemmer om 3-5% van die inwoners te bedien. Hiervolgens sal 'n bevolking van 5 000 'n swembad van 280m^2 (5% van 5 000 x $1,12\text{m}^2$) benodig. Die swembad wat aanbeveel word, het 'n wateroppervlak van 523m^2 (5% x 10 000 x $1,12\text{m}^2 = 560\text{m}^2$)

baan "uitlê". Wanneer die aantal lede dit regverdig, kan die ontwikkeling van die baan begin. Vir die ontwikkeling van 'n behoorlike golfbaan word 73-81ha benodig. Hierdie grootte terrein laat 4,05ha per putjie toe terwyl die minimum aanbeveling 'n toekenning van 2,03ha per putjie is. Dan word die hele baan op 'n terrein van slegs 36,5ha ontwikkel. So 'n baan se skoonvelde is egter baie naby mekaar en ongelukke kan maklik voorkom. Die ondersoeker beveel aan dat 'n minimum van 63ha vir elke 100 000 inwoners vir hierdie doel afgesonder word.

iii) Stadions

Wat stadions betref, het Soweto drie waarvan slegs een goed gebruik word. Die rede hiervoor is dat amateursokker nie 'n groot aanhang het nie. Omdat professionele sokker hoofsaaklik op Orlandostadion gespeel word en duisende mense lok, kry die amateurwedstryde wat op die ander stadions gespeel word nie baie aftrek nie. Op grond van die ondervinding in Soweto wil die ondersoeker aanbeveel dat 'n stadion vir elke 250 000 inwoners beplan word. So 'n stadion vereis 'n area van 183m x 153m, 2,8ha en 'n verdere 6,1ha rondom die stadion wat later as parkeerterrein ontwikkel moet word. Dit gee ons dus 'n totale toekenning van nagenoeg 9,0ha/250 000 inwoners vir 'n stadion. Dit kom neer op 0,31ha per 10 000 inwoners.

iv) Tennisbane

Die aantal tennisbane wat reeds in Soweto gevestig is, kom neer op een tennisbaan/10 000 inwoners en ons wil aanbeveel

dat hierdie standaard behou word. ¹⁾ Vir hierdie doel moet 0,07ha/10 000 inwoners dan toegeken word. (sien ook p. 419)

v) Gemeenskapsale

Gemeenskapsale vir toneelopvoerings, konserte, vergaderings, bioskoopvertonings en selfs bokstoernooie word ook in Bantoewoonbuurte vereis. Wat die standaard vir die toekenning van ruimte daarvoor betref, stem die ondersoeker met Mathewson ²⁾ se aanbeveling van een gemeenskapsaal vir 25 000 inwoners saam. Hiervoor word dan 0,2ha/25 000 of 0,08ha/10 000 inwoners benodig.

Benewens die ruimte toekenning vir die basiese parke- en ontspanningsfasiliteite van 3,20ha/1 000 (p. 405) inwoners in elke woonbuurt van 5 000 inwoners word die volgende ruimte vir ander geriewe benodig:

Swembad	0,54ha/10 000 inwoners
Gholfbaan	6,30ha/10 000 inwoners
Stadion	0,31ha/10 000 inwoners
Tennisbane	0,07ha/10 000 inwoners
Gemeenskapsaal	0,08ha/10 000 inwoners

Buiten die reeds genoemde ontspanningsfasiliteite mag daar ander westerse ontspanningsvorme wees wat in die toekoms

1. Ondervinding in Soweto het getoon dat bane wat twee-twee deur die gebied versprei is, dikwels deur vandale beskadig word. Om hierdie rede word aanbeveel dat tennishane in groepe van agt met behoorlike klub- en kleedkamerfasiliteite, opgerig word

2. MATHEWSON, J.E., Op. Cit., p. 87

by die Bantoe gewild kan word, maar hiervoor kan daar by die sportterreine waarvan daar twee in elke woonbuurt van 5 000 inwoners is, voorsiening gemaak word. In gebiede waar rugby meer aanhang geniet as sokker kan die rugbyvelde op die sportterreine daargestel word. Gedurende die somer- seisoen word 'n paar van die sokkervelde in krieketvelde omskep.

As geleentheid tot streeksdeelname in die toekoms steeds vir die stedelike Bantoe beperk bly, moet oorweging geskenk word aan die ontwikkeling van groot streeksparke aangrensend aan die Bantoewoonbuurte. Hiervoor word ten minste 0,81ha/1 000 inwoners met 'n minimum grootte van 81ha vereis. Indien ons aanneem dat 'n oplossing vir die Bantoe se streeksontspanningsbehoefte gevind sal word, sal die volgende ruimtetoekenning vir parke- en ontspanningsdoel- eindes in Bantoewoonbuurte vereis word:

Basiese parke- en ontspannings- geriewe (sien p. 405)	= 3,2ha/1 000 inwoners
Ander geriewe (sien p. 409)	= 0,73ha/1 000 inwoners
<u>Totaal:</u>	= 3,93ha/1 000 inwoners ¹⁾

Hierdie toekenning van 0,39ha/100 inwoners is daarom baie na aan die ideale toekenning van 0,41ha/100 inwoners wat aanbeveel word. (sien p. 52)

1. Weens die huidige beleid ten opsigte van die oprigting van bioskope in Bantoewoonbuurte is die ruimtetoekenning van grond vir hierdie doel nie hierby in berekening gebring nie

8.6 ALGEMENE AANBEVELINGS VIR DIE ONTWIKKELING EN ORGANISASIE VAN ONTSPANNINGSFASILITEITE

Met die ontwikkeling en organisasie van parke- en ontspanningsfasiliteite in Bantoewoonbuurte is daar onder andere die volgende reëls wat in aanmerking geneem moet word:

i) Organisasie

- Wanneer daar een of meer stadions in 'n Bantoewoonbuurt-kompleks is, moet die beheer oor ten minste een daarvan deur die administrasieraad behou word sodat dit ook vir ander doeleindes verhuur kan word. Die Johannesburgse stadsraad het byvoorbeeld geen beheer oor die gebruik van die Ellisparkse Rugbystadion nie. Gedeeltelike beheer is egter oor Orlandostadion behou en dit kan gevolglik met 'n maand kennisgewing aan die sokkervereniging aan wie die gebruik daarvan toegesê is, aan ander instansies verhuur word;

- Indien daar meer as een sokkervereniging in 'n woonbuurtkompleks is, moet die velde aan die administratiewe sorg van die sterkste een toegeken word. Sodanige verenigings moet natuurlik deur hulle moederliggaam by die blanke beherende liggaam van daardie sportsoort geaffilieer wees;

- Parke- en Ontspanningsdepartemente moet nie met individuele klubs oor enige sportaangeleentheid onderhandel nie. Ook is dit gerade dat geen veld aan individuele klubs toegeken word nie. Enige aangeleentheid met betrekking tot die ontwikkeling of gebruik van fasiliteite moet by die sportliggaam wat in beheer is, aanhangig gemaak word. Die sportliggaam sal dan met die Parke- en Ontspanningsdepartement skakel;

ii) Sportfasiliteite

Met die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite (veral in

nuwe woonbuurte) is dit belangrik dat gekonsentreer moet word op kwantiteit eerder as kwaliteit. Hierdeur word nie bedoel dat minderwaardige fasiliteite voorsien moet word nie. Die idee is om soveel as moontlik fasiliteite van redelike kwaliteit eerder as 'n paar luukses daar te stel. Reeds in 1962 het die Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling gewaarsku,

„dat daar gewaak moet word teen oordadige en luukse fasiliteite.“¹⁾

Om die beginsel van kwantiteit voor kwaliteit na te kom, moet soveel as moontlik velde op die ruimte wat toegeken is, gemaak word. Die velde hoef eers net geskraap te word terwyl enige redelike helling verontagsaam word. Wanneer al die velde waarvoor daar ruimte toegeken is, reeds gemaak is, kan daar aan kwaliteit gedink word. Al die velde moet nou gelyk gemaak word en indien die omvang van die taak dit vereis, behoort 'n stootskraper vir hierdie doel aangeskaf te word. Dit is ook raadsaam om die korfbalbane by die sokkervelde te maak, want skole wat deelneem aan die skoleligas neem op dieselfde dae aan sokker- en korfbalwedstryde deel en hierdie gesamentlike ontwikkeling is uit 'n ondersteunersoogpunt baie gerieflik. Met die ontwikkeling van fasiliteite soos sokkervelde en korfbalbane is dit meer ekonomies (die ontwikkeling sowel as die instandhouding daarvan) om dubbele fasiliteite daar te stel.

1. BOTHA, M.C., Openingsrede - Elfde Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 18-21 Oktober 1971, p. 79

iii) Ontwikkelingsplan

Die ontwikkeling van parke- en ontspanningsfasiliteite, hetsy in 'n Bantoewoonbuurt van 5 000 inwoners of in 'n kompleks waarin 500 000 Bantoes woon, kan nie doeltreffend uitgevoer word indien daar nie vooraf 'n ontwikkelingsplan opgestel word waarvolgens gewerk word nie. Met behulp van 'n plan van die woonbuurt of kompleks kan aangestip word waar die parke- en ontspanningsruimte is wat deur die beplanners vir dié doel toegeken is. Hiervolgens kan die ontspanningsfasiliteite met inagneming van die skole in die omgewing en van ander noodsaaklike faktore beplan word. Die belangrikste rede vir so 'n plan is dat die departement se prioriteite ten opsigte van die vestiging van fasiliteite daardeur bepaal kan word. So 'n plan vir die ontwikkeling van die parke- en ontspanningsfasiliteite in elke woonbuurt of kompleks kan slegs behoorlik opgestel word indien die aard van die inwoners se ontspanningsbehoefte bekend is. Om hierdie rede moet die opstel van so 'n plan gepaard gaan met opnames van die inwoners se ontspanningsbedrywighede.

iv) Swembaddens

Wat swembaddens betref, was die totale bywoning by die vier swembaddens in Soweto gedurende 1972/73 meer as 400 000. Hierdie aantal is meer as die helfte van die bywoning by al 30 blanke swembaddens in Johannesburg. As ons in ag neem dat nagenoeg 95% van die totale aantal swemmers in Soweto kinders is (sien p. 193), volg dit noodwendig dat swembaddens in Bantoewoonbuurte hoofsaaklik vir die behoef-

te van die kinders, ontwerp moet word. Om hierdie rede wil die ondersoeker aanbeveel dat die ontwerp van die nuwe swembaddens wat na jare se ervaring in Soweto beplan en gebou is, ook in ander Bantoewoonbuurte gebruik moet word.


Daar is geen sin in om luukse baddens van Olimpiese standaard op hierdie stadium in die woonbuurte te bou nie. Soos reeds gemeld, is swemonderig al sedert 1957 in Soweto aan die gang en tot dusver het nog geen Bantoeswemmer in daardie omgewing die blanke standaard vir 'n nasionale swembyeenkoms bereik nie. Indien dit eendag sou nodig word dat 'n swembad van internasionale standaard wel gebou moet word, kan een van die bestaande swembaddens vergroot word om in die behoefte te voorsien. Dié swembaddens is so ontwerp dat uitbreiding onderneem kan word. Die grondplan van so 'n swembad verskyn op bladsy 415.

Indien swembaddens vir 'n reeds bestaande of nuwe woonbuurt beplan word, is dit gerade om die plan van die woonbuurt te raadpleeg en die posisie van al die swembaddens wat vir die woonbuurt beoog word, daarvolgens te beplan. Hierdie swembaddens moet dan so geplaas word sodat die meeste skole daarby betrek sal word. Genoeg ruimte moet gelaat word sodat swembaddens later, indien nodig, sonder moeite vergroot kan word. Die filtreerkamer en die ondergrondse pype moet dienooreenkomstig beplan word. Swembaddens in Bantoewoonbuurte moet liefers nie met 'n muur omring word nie. Ystertralie om die perseel is heeltemal voldoende en die aktiwiteite in die swembad lok die ander kinders aan.



Die swembad wat aanbeveel word, benodig ook nie gekwalifi-

GRONDPLAN VAN SWEMBAD

DEURSNIT C C



DEURSNIT b b



seerde lewensredders nie, aangesien die maksimum diepte 1,37m is. Die personeel moet egter goed onderrig wees in eerstehulp en in die werking van die filtreerapparaat. Deeglike kontrole oor die higiëniese aspekte van swembadens in Bantoewoonbuurte kan ook nie genoeg beklemtoon word nie. Ons moet onthou dat die moderne swembad sy ontstaan te danke het aan 'n veldtog vir die bevordering van persoonlike higiëne. ¹⁾ Shaw beskryf die nut daarvan soos volg:

"Also, adults arrive, purchase an entrance ticket, and then use the showers in the change-room for a weekly bath, bringing their own soap and towel. What's wrong with that?" ²⁾

v) Stadions

In die bespreking van standarde is aanbeveel dat een stadion vir elke 250 000 inwoners op 'n stuk grond van nagenoeg 9,0ha ontwikkel word. Hierdie aanbeveling beteken geensins dat 'n woonbuurt van 10 000 inwoners sonder 'n stadion moet wees nie. Die idee is dat die terrein vir die stadion so vroeg as moontlik in die beplanning van 'n woonbuurt-kompleks toegeken en dat die stadion dan met verloop van tyd volgens behoefte van die gemeenskap ontwikkel word.

Die keuse van 'n terrein vir 'n stadion is seker die belangrikste faktor in die hele beplanning daarvan. In Soweto is dit juis die posisie van die een stadion (Moroka) wat daartoe lei dat professionele spanne nie graag daar speel

1. BURTON, T.L., Recreation Research and Planning, p. 229

2. SHAW, T.R., Recreation for Non-Europeans, p. 4

nie want hulle weet dat dit baie ongerieflik is vir ondersteuners om daar te kom. Alhoewel dit in die woonbuurt gebou is, is dit ver van die naaste stasie en busse is ongereeld op Saterdagmiddae terwyl huurmotors te duur is en nie al die entoesiaste kan behartig nie.

Eerstens moet die terrein dus gerieflik naby 'n stasie wees en as dit 'n stasie is waar die trein van die blanke gebied af inkom, is dit selfs beter. Orlandostadion voldoen aan hierdie vereistes en die gewildheid van die stadion kan hieraan toegeskryf word. Saterdagmiddae klim die sokker-entoesiaste wat van hulle werk uit die stad terugkeer, betyds vir die wedstryd by hierdie stasie af en gaan direk na die stadion. Wanneer die wedstryd afgehandel is, vertrek hulle weer per trein na hulle huise. Indien hulle weeklikse of maandelikse treinkaartjies het, betaal hulle geen ekstra geld vir hulle vervoer na die stadion nie.

Tweedens is dit raadsaam dat so 'n stadion nie op 'n terrein wat vroeër as 'n munisipale stortingsplek gedien het, gebou word nie. Met die oprigting van pawiljoene en die lê van die dreineringspype ontstaan daar altyd probleme as gevolg van bewegende grond na swaar reëns. Dit is noodsaaklik dat daar reg aan die begin volledige planne opgestel moet word van hoe die stadion uiteindelik daar gaan uitsien. In die ontwikkeling daarvan moet 'n hoë standaard gehandhaaf word sonder om oormatig luuks te wees. Indien dit nie gedoen word nie, sal die stadion, soos dit ontwikkel en uitbrei, gedurig herbeplan moet word en dit is 'n duur proses. Aangesien die standarde slegs vir een stadion vir elke

250 000 mense voorsiening maak, moet dit as 'n multi-funksionele stadion beplan word. Daar moet voorsiening vir 'n speelveld in die middel en 'n atletiek- en fietsrybaan rondom gemaak word. In die beplanning van die stadion moet daar vir tussen 30 000 en 50 000 toeskouers, die nodige geriewe vir toeskouers en voldoende kleedkamergeriewe vir spelers, sowel as vir genoeg in- en uitgange rondom die stadion, voorsiening gemaak word. Daar kan ook gedink word daaraan om binne die stadion voorsiening te maak vir die huisvesting van besoekende spanne, deelnemers aan kursusse of spanne wat oorsee gaan en voor die tyd bymekaarkom vir gesamentlike oefeninge. Huisvesting vir besoekende spanne in 'n Bantoewoonbuurt is altyd 'n probleem en voorsiening daarvoor binne 'n stadion is ideaal met die oog op oefengeriewe.

Vir 'n woonbuurtkompleks met 10 000 - 20 000 inwoners kan daardie deel van die terrein wat as die stadion gebruik gaan word voorlopig al omhein en 'n veld kan daarop aangebring word. 'n Omheining van sinkplaat is goedkoop, maar is baie gou vol loergate en word ook maklik verwyder om ongeoorloofde toegang tot die stadion te verkry. Klaar vervaardigde betonmure is 'n verbetering op die sinkplate, maar hulle word maklik verniel deur stampe van motors en indien parkering om die stadion toegelaat word, sal hierdie probleem baie gou kop uitsteek. Die beste omheining is 'n baksteenmuur alhoewel dit duur is. Die gebruik in baie Bantoewoonbuurte om 'n area wat groot genoeg is vir twee sportvelde met 'n betonmuur te omring, is in die meeste gevalle 'n verkwisting van geld, want wanneer 'n volwaardige stadion benodig word, moet die hele area herbeplan word.

Wanneer professionele sokker in 'n woonbuurt posvat, kry amateursokker weinig ondersteuning van die betalende publiek. Dan is die aanbied van amateursokkerwedstryde op 'n gereelde basis in 'n stadion 'n verlies vir die instansie wat vir die administrasie daarvan verantwoordelik is. Die stadion word gevolglik hoofsaaklik vir professionele sokker gebruik en aangesien daar in een woonbuurt nooit meer as enkele professionele spanne is nie, is een stadion met fasiliteite vir die invordering van toegangsgelde voldoende. Wanneer die omheining aangebring is, kan die res van die ontwikkeling plaasvind soos die woonbuurtkomplekse behoeftes groei en die finansies vir die ontwikkeling daarvan beskikbaar gestel word.

Benewens fasiliteite vir atletiek binne die stadion, kan verdere atletiekbane gedurende die seisoen op die sportterreine naby die skole uitgemeet word. Dit is dan slegs die finale atletiekbyeenkoms wat binne die stadion sal plaasvind;

vi) Tenniskompleks

Daar is reeds gemeld dat ruimte vir tennisebane voorsien moet word. Met die beplanning van 'n woonbuurtkompleks moet ook in gedagte gehou word dat 'n sentrale terrein beskikbaar moet wees waar ten minste agt tennisebane vir kampioenskapsbyeenkomste ontwikkel kan word. Wanneer twee bane (36,6m x 33,5m) langs mekaar gebou word, is 0,12ha nodig, terwyl 0,49ha voldoende is vir agt bane. Met die oog op die latere oprigting van 'n klubhuis op die terrein moet 'n totale area van 0,61ha voorsien word. Volgens die stan-

daarde wat aanbeveel is, sal die ruimte voorsien in die behoefte van 70 000 inwoners en die tennisspelers sal dus nie ver hoef te ry (3,2km) indien die terrein taamlik sentraal geleë is nie. Tennis is in elk geval op die huidige tyd-stip nog 'n spel vir die meer gegoede Bantoes wat vervoer kan bekostig;

vii) Klub- en kleedkamergeboue


Daar is reeds aanbeveel dat 'n gemeenskapsaal vir elke 25 000 inwoners gebou moet word, maar om in die behoeftes van elke woonbuurt te voorsien, is ook aanbeveel dat op een van die twee sportterreine in elke woonbuurt 'n klein klubhuis gebou moet word. Hierdie klubhuise, alhoewel hulle baie geteister word deur vandalisme, dien 'n goeie doel in Soweto. Bedags gebruik die jeug- en vroueklubs die gebou terwyl boksklubs, gewigoptelklubs en liggaamsbouklubs dit saans gebruik. Naweke word dit aan kerkgroepe toegestaan vir hulle byeenkomste. Om te voorkom dat hierdie geboue snags deur vandale verniel word, word aanbeveel dat 'n tweeslaapkamerhuis langs die gebou opgerig word sodat die inwoner 'n oog oor die bedrywighede kan hou. Hy betaal dan gewone huurtarief, maar vir sy deeltydse werk as oppasser van die klubgebou word hy vergoed. Vir verdere beskerming kan 'n hoë draadheining om die kompleks opgerig word. Die oppassers moet verkieslik by die administrasierade in diens wees. Die ekstra uitgawes wat so 'n reëling sal meebring, sal die moeite werd wees omdat vandalisme sodoende tot die minimum beperk kan word. Die klubgebou self moet nie groter as 6,1m x 12,2m wees nie met twee stoor- of pakkamers van 3,05m x 3,7m aan die een kant van die gebou. Deure

wat uit die pakkamers in die groot kamer oopmaak, moet aanbring word. Die geboue moet ook van elektrisiteit voorsien word. Hierdie tipe klubhuise word reeds met sukses in Rhodesië se Bantoewoonbuurte gebruik. ¹⁾

Daar is verder aanbeveel dat kleedkamergeriewe op een van die twee sportterreine in elke woonbuurt opgerig word, maar ook hierdie geboue word baie verniel. Daar word dus weer aanbeveel dat huisvesting vir 'n deeltydse oppasser verskaf word. In Soweto was die oorspronklike idee van die kleedkamergeriewe nie net om in die sportdeelnemers se behoeftes te voorsien nie, maar ook om die inwoners van die omgewing daarvan gebruik te laat maak om te stort. Daar is egter geen warmwatertoestel in hierdie geboue nie, dus word dit slegs by uitsondering deur die inwoners van die omgewing gebruik. Die geriewe is in elk geval weens vandalisme gedurig buite werking. Indien huisvesting aan 'n oppasser en behoorlike stortgeriewe met warm water verskaf word, kan hierdie geboue 'n waardevolle diens aan die Bantoeëgemeenskap lewer.

Om vandalisme verder te ontmoedig, kan van die grondplan wat op bladsy 422 verskyn, gebruik gemaak word. Hierdie tipe gebou is deur die Johannesburgse stadsraad in die Indiërwoonbuurt, Lenasia opgerig en dit blyk 'n groot sukses te wees. Om onderhoud te vergemaklik en vandalisme te beperk, is hierdie kleedkamers met siersteen gebou, die mure

1. ASHTON, E.H., Drankwette in Sentraal Afrika - 9de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleentheid, 16-19 September 1960, p. 108



KLEEDKAMERS

is 2,9m hoog sodat die 0,61m vensterrame ten minste 2,134m bo die grondoppervlak ingebou kan word en dan nie van glas voorsien word nie. Die groot deur wat toegang tot die gebou verleen, is van ystertralies gemaak. Een groot probleem met die geboue sal wees dat stof in die kamers sal inwaai, maar dit is 'n geringer euwel as vandalisme. Die grondplan wat gegee word, is nie volgens skaal nie en dien net om die verskillende afmetings aan te dui.

8.7 SPORTORGANISASIE

In die pers word daar dikwels met die aanbieding van veelvolkige atletiekbyeenkomste gewag gemaak van die feit dat min Bantoes die kwalifiserende standaard vir die byeenkomste haal. Hierdie lae standaard by die Bantoe is nie slegs tot atletiek beperk nie. Dit is dus duidelik dat die Blanke wat as voog van die Bantoe beskou kan word, moet help om hierdie posisie reg te stel. Die ondersoeker is oortuig daarvan dat die regering byna alles in sy vermoë doen om sodanige "hulp" te verleen.

Eerstens neem die regering 'n sterk standpunt in oor die vestiging van sport- en ontspanningsfasiliteite in die stedelike gebiede. Talle toesprake wat gedurende die afgelope twee jaar in die pers verskyn het, bevestig hierdie houding. Tweedens en gepaardgaande met die eerste faktor is die fonds vir Bantoesport en -ontspanning wat deur die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling gestig is en wat van krag tot krag gaan. Derdens is daar 'n sport- en ontspanningsafdeling in die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling in die lewe geroep wat met die

organisasie van Bantoesport in die onderskeie administrasierade behulpsaam is. Vierdens getuig die vordering wat met die aanbied van veelvolkige sportbyeenkomste gemaak is van die regering se opregtheid om die standaard van sy sportaktiwiteite deur mededingende deelname te verhoog.

Daar is egter een groot leemte in die pogings om die sportstandaard van Bantoes te verhoog en dit is die verontagsaming van sportorganisasie by Bantoeskole. Ons pogings vir die verhoging van hulle sportstandaard word gekonsentreer op volwasse deelname en dit sal sonder twyfel vrugte afwerp, maar die ondersoeker is van mening dat 'n werklik betekenisvolle deurbraak slegs gemaak kan word indien die skole aktief by hierdie pogings betrek word.

Die eerste en belangrikste verandering wat met betrekking tot Bantoe-atletiek in Suid-Afrika gedoen moet word, is om atletiekmededinging op skoolvlak op 'n ouderdomsbasis te laat plaasvind en weg te doen met die lengte-indeling wat feitlik oral bestaan (sien p. 295). Die ou argument dat die ouderdomme van kinders nie vasgestel kan word nie, geld tans nie meer nie. Daar is geen rede waarom skoolhoofde nie elke skoolkind se geboortedatum kan bekom nie. Gedurende die eerste seisoen of twee sal die nuwe sisteem miskien twis en onenigheid veroorsaak, maar daarna behoort dit glad te verloop en kan dit Bantoe-atletiek net tot voordeel strek.

Om mededinging op skoolvlak volgens ouderdomme in te stel, is dit nodig dat navorsing gedoen word oor die regte indeling. Die indeling vir Bantoesseuns van 12-15 jaar is

reeds gedoen. Daar is 'n onbeduidende verskil tussen die prestasies van 12- en 13-jariges, dus kan hulle vir wedywe- ring op sportgebied saamgegroepeer word. 'n Hoogs beduiden- de verskil is tussen die prestasievermoë van 13- en 14-ja- riges gevind, dus is dit wenslik dat dié twee ouderdoms- groepe afsonderlik meeding. Omdat daar ook tussen die 14- en 15-jariges 'n hoogs beduidende verskil ten opsigte van liggaamlike prestasievermoë is, moet hierdie twee ouderdoms- groepe ook afsonderlik meeding. ¹⁾

In die tweede instansie word aanbeveel dat sportorganiseer- ders van die onderskeie Bantoesake-administrasierade, in veral die blanke stedelike gebiede, die organisasie van al- le na-skoolse sportbedrywigheide in die hande neem sodat dit op 'n beter georganiseerde en professionele manier uitgevoer kan word. Hierdie stappe sal baie bydra tot die promosie van sport onder Bantoeskoolkinders. Die onderwysers van die onderskeie skole kan, soos in Soweto, nog hulle eie ko- mitees kies wat na die belange van hulle skole sal omsien sonder om die onderwysers te veel by die buitemuurse bedry- wigheide te betrek. Om die praktiese uitvoerbaarheid van die aanbeveling te toon kan Soweto, waar 18 sportorganiseer- ders na bykans 150 skole se na-skoolse sportbedrywigheide omsien, as voorbeeld dien. ²⁾ Oor die sukses van sodanige organisatoriese beheer van skoolsport behoort daar geen twyfel te bestaan nie, want in Soweto word dit al meer as

1. TALJAARD, E.P.S., Prestasiestandaarde in Atletiek vir Bantoeseuens van 12 tot 15 jaar, p. 226

2. Verkieslik moet 'n sportorganiseerder nie meer as tien skole behartig nie

40 jaar so gedoen en die aantal spanne wat deelneem aan die skoleligas (1 379 - sien p. 301) is 'n sprekende voorbeeld van hierdie sisteem se sukses.

'n Verdere vereiste vir die sukses van die voorgestelde skoolsportorganisasie is dat sportvelde nie binne die skoolterrein toegelaat moet word nie. Indien wedstryde op so-danige velde gespeel word, het die sportorganiseerder nie soveel gesag as wat hy buite die skoolterrein het nie. In sulke gevalle kan geskilpunte wat maklik tussen die onderskeie skole ontstaan, moeilik opgelos word. Om hierdie rede is aanbeveel dat sportterreine so na as moontlik aan, maar nie by die skole in elke woonbuurt ontwikkel moet word nie. Hierdie tendens en dié van dualisties gebruik te maak van reeds bestaande skoolfasiliteite, is vinnig besig om in oorsese lande veld te wen. Dit is in só 'n mate die geval dat die Minister van Sport en Ontspanning in Engeland reeds in 1966 die volgende beweer het:

"I have often said that school recreational sports facilities should not be built in the schools but adjoining it, so that they may be shared by the rest of the community." ¹⁾

Hierdie uitsluiting van sportfasiliteite op skoolterreine moet by alle Bantoewoonbuurte ingevoer word, want grond vir Bantoebehuising in stedelike gebiede is reeds so beperk dat geen gemeenskap die luuksheid van dubbele fasiliteite vir skole en die publiek kan bekostig nie.

1. - SEELEY, I.H., Land use Problems, p. 9 - Conference on Outdoor Recreation, 19-21 September 1972, Trent Polytechnic

Elke Bantoesake-administrasieraadsgebied kan, soos die geval in Soweto is, in streke opgedeel word en elke streek kan hulle eie onderlinge kompetisie reël. 'n Finale kompetisie waarin die wenner van elke streek dan teen mekaar te staan kom om die wenner in daardie Bantoesake-administrasieraadsgebied te bepaal, kan dan gehou word. Dit sal egter meebring dat 'n oorkoepelende organisasiestruktuur op streeksvlak ingestel moet word. Op die oomblik bestaan daar nie so 'n oorkoepelende liggaam in Johannesburg wat die hele Witwatersrand se skoolsport administreer nie.

Wanneer die organisasie van skoolsport in elke Bantoesake-administrasieraadsgebied opgeknop is, kan dit met behulp van die sport- en ontspanningsafdeling van die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling verder gevoer word. Dan kan kompetisies waarin die beste seuns en dogters van al 22 Bantoesake-administrasierade op nasionale vlak in sport teen mekaar meeding, ingestel word. Wanneer hierdie ideaal bereik is, kan die uitsoekatlete vir spesiale afrigtingskampe uitgesonder word.

Die ondersoeker wil sterk aanbeveel dat daar in elke Bantoesake-administrasieraadsgebied ten minste een professioneel gekwalifiseerde ontspanningsbeampte (Liggaamlike Opvoedkunde) in die Parke- en Ontspanningsdepartement werksaam moet wees. Hy moet dan nie alleen met die organisasie van sport behulpsaam wees nie, maar ook noodsaaklike navorsingswerk verrig. Om sport en ontspanning in elke raadsgebied op 'n behoorlike georganiseerde basis te plaas, moet ook net van gekwalifiseerde Bantoe-sportorganiseerders gebruik gemaak word. Indien gekwalifiseerde personeel nie gebruik

word nie, kan ons die pogings om die standaard van Bantoesport te verbeter maar net sowel laat vaar en die geld en moeite spaar want dit sal net soos tevore teen 'n slakkepas bly voortgaan.

Wat volwasse sport in die onderskeie Bantoesake-administrasieraadsgebiede betref, moet die organisasie daarvan deur die Bantoes self waargeneem word. Daar moet egter noue skakeling wees tussen die parke- en ontspanningsafdelings in elke raadsgebied en die verskillende sportverenigings. Die Parke- en Ontspanningsdepartemente is immers verantwoordelik vir die toekenning van die fasiliteite aan die onderskeie sportverenigings en vir die instandhouding van sportterreine.

Noue skakeling word ook tussen die Parke- en Ontspanningsdepartemente in die administrasieraadsgebiede en die sport- en ontspanningsafdeling van die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling vereis. Die sport- en ontspanningsafdeling kan 'n groot bydrae lewer tot die bevordering van sport onder die Bantoe-gemeenskap deur kursusse in sport-organisasie vir die Bantoe-sportadministrateurs in die onderskeie Bantoesake-administrasieraadsgebiede aan te bied. Hierdie kursusse kan met behulp van die Parke- en Ontspanningsdepartemente in die gebiede georganiseer word. Die Bantoe-sportadministrateurs is gewoonlik goed bekend aan die personeel van sodanige departemente en hulle kan ook die geriewe vir die aanbied van sodanige kursusse tot die beskikking van die sport- en ontspanningsafdeling stel.

Die sport- en ontspanningsafdeling behoort ook ondersoek in

te stel na die moontlikheid om 'n sportorganiseerderskursus vir alle ongekwalifiseerde Bantoe-sportorganiseerders in die onderskeie raadsgebiede aan te bied. So 'n kursus kan desnoods in Soweto, waar al die fasiliteite vir huisvesting en onderrig by die Orlandostadion beskikbaar is, aangebied word. Die aanbieding van so 'n kursus om die nodige personeel gekwalifiseerd te kry, is dringend noodsaaklik

8.8 STREEKONTSPANNING

Met streekontspanning bedoel die ondersoeker hier ontspanningsgeleenthede vir Bantoes buite hulle woonbuurte. Naby die stedelike gebiede aan ons kuste is hierdie behoefte nie so aktueel nie, want daar is gewoonlik strandgebiede vir die gebruik van Bantoes afgesonder. Vir die stedelike Bantoe in die binneland is daar egter skrale geleentheid om ontspanning buite sy woonbuurt te geniet. Dit is om hierdie rede en ook weens die feit dat die persentasie Bantoes wat motors besit nog redelik klein is (35 000 in Transvaal)¹⁾, dat Bantoes naweke na die stede toe stroom. Hierdie uitstappies na die stad is nie alleen om inkopies te doen nie, maar ook ter wille van 'n bietjie verandering van die daaglikse patroon in die Bantoe woonbuurte. Die treindienste en busvervoer van die woonbuurte na die stede maak dit vir hulle baie gerieflik en goedkoop om in die blanke gebiede te kom. Hierdie gebrek aan behoorlike ontspanningsgeriewe word ook weerspieël deur die talle Bantoes

1. JAMINE, E.J., Potensial of the Vaal river for Non-White Recreational Facilities, p. 5, Symposium - Vaal river, Playground of the Heartland Johannesburg, 8th May 1974

wat oor naweke ontspanningsfasiliteite in blanke gebiede, soos die dieretuine in Johannesburg en Pretoria, besoek. Durban ondervind ook in die jongste tyd dat,

"--- sedert die 'net blankes' kennisgewings in bushuisies en parke verwyder is, die plekke deur 'n vloedgolf swartes ingeneem is." ¹⁾

Volgens De Villiers ²⁾ neem gemiddeld 19,8% van die informante in die P.W.V.-streek aktief aan sport deel. Hierbenewens woon gemiddeld 52,3% ³⁾ van die informante gereeld sportbyeenkomste by. Die ondersoek het duidelik getoon dat sport baie daartoe bydra dat die meeste Bantoes hulle ontspanningsbehoefte oor naweke in hulle eie woonbuurte bevredig. 'n Gebrek aan sodanige fasiliteite sal noodwendig oor naweke 'n groter toeloop na die stede veroorsaak.

'n Groot gedeelte van die bevolking stel egter nie in sport belang nie. By hulle bestaan daar 'n behoefte aan ander ontspanningsvorme. De Villiers se navorsing toon dat 15% van bogenoemde streek se inwoners uitstappies onderneem om veral vriende te besoek. Besoeke aan besienswaardighede en piekniekhou is ook gewilde ontspanningsvorme. Dit blyk inderdaad dat daar genoeg belangstelling in ander ontspanningsvorme buiten sport is om die vestiging van ontspanningsgebiede buite die woonbuurte te regverdig. Dit mag wees dat die hele patroon van deelname aan ontspanningsvorme onder die Bantoes in die toekoms kan verander indien

1. RAPPORT, 11 Mei 1975, p. 9

2. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 143

3. DE VILLIERS, C.M., Ibid., p. 154

genoegsame ontspanningsgebiede buite hulle woonbuurte beskikbaar is. Die groot persentasie inwoners wat sportbyeenkomste bywoon mag dan alternatiewe moontlikhede benut en daardeur sal sportbywoning 'n dalende tendens toon.

Verder is gevind,

"--- dat dit veral die jonger getroude en daarby die meer geleerde en vermoënde informante is wat hulle gesinne vir uitstappies neem." ¹⁾

Ons het reeds vroeër in dié studie daarop gewys dat tyd, inkomste en mobiliteit faktore is wat 'n groot invloed het op ontspanningsdeelname. De Villiers se opname toon dat meer as die helfte van sy informante in die P.W.V.-streek 'n vyfdaagse werkswaek het, terwyl 50% of meer deurgaans meer as 20 dae verlof per jaar kry. In Soweto alleen kry soveel as 70% van die informante meer as 20 dae verlof per jaar. ²⁾ De Villiers se studiestuk verskaf die antwoord op die vraag na waar hierdie Bantoes hulle verlof deurbring. Hy som dit soos volg op:

"--- dat slegs 19% van die ondervraagdes in Mamelodi, 22% van dié in Soweto, 25% van dié in Daveyton en 4% van dié in Sharpeville hul verloftyte in Bantoegebiede deurbring. 'n Nog kleiner persentasie se verlofoorde is blanke plase, terwyl dié van die oorgrote meerderheid (tussen 67 en 94%) blanke stedelike gebiede is. Korreleer ons die verlofoorde met die geboorteplekke van die informante dan blyk dit dat deurgaans meer as 90% van dié wat in die stedelike gebiede gebore is ook daardie gebiede as hul verlofoorde verkies, terwyl meer as 40% - in die geval van Soweto soveel as 62% - van

1. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 186

2. DE VILLIERS, C.M., Ibid., p. 94

dié wat in die Bantoetuislande gebore is hul verloftyd ook daar deurbring." ¹⁾

Die rede waarom so 'n groot persentasie inwoners met hulle verlof by die huis bly, kan miskien toegeskryf word aan 'n gebrek aan finansiële middele om hulle verlof elders deur te bring. Deels kan dit ook toegeskryf word aan 'n gebrek aan vakansiegeriewe in die tuislande. Die vestiging van vakansiegeriewe vir die Bantoes in hulle eie tuislande bied 'n ideale geleentheid om die stadsgebore Bantoes met die tuislande te laat kennis maak.

'n Tekort aan geriewe en beperkte inkomste het die oorgrote meerderheid Bantoes in die verlede dus daarvan weerhou om deel te hê aan ontspanning buite hulle woonbuurte, òf dit deelname op streeksvlak geraak het òf die besoek aan vakansieoorde gedurende hulle verlof. Wat Bantoelone betref, is die toestand danksy die regering se standpunt oor die verhoging van lone en die geleidelike vernouing van die loongaping tussen die wit- en swartman stadig maar seker besig is om te verander. Soos die lewenspeil van die Bantoe met die styging in per capita inkomste toeneem, kan verwag word dat motorbesit onder die Bantoes ook geweldig gaan toeneem. ²⁾

Hieruit blyk dit dat die drie faktore tyd, inkomste en mobiliteit wat in die verlede die Bantoe se deelname aan ont-

1. DE VILLIERS, C.M., Op. Cit., p. 95

2. CLAWSON, M. EN KNETSCH, J.L., Economics of Outdoor Recreation, p. 99

spanning beïnvloed en beperk het, in die nabye toekoms uit die weg geruim kan wees. Omdat deelname aan ontspanning by die Blankes in die algemeen direk eweredig is met inkomste en dit heelwaarskynlik ook van toepassing sal wees op Bantoes, voorsien die ondersoeker dat daar in die volgende dekade of twee, wat die Bantoes betref, 'n "ontspanningsontploffing" sal plaasvind.

Die tekens van hierdie tendens is alreeds te bespeur. Gedurende 1973 het 'n kamp vir Bantoes in die Krugerwildtuin nie minder as 18 000 besoekers gehad nie.¹⁾ Aan die Kaap waar 'n strandplek vir die Bantoes in die natuurtuin by Kaappunt beskikbaar is, moes die hekke op Nuwejaarsdag in 1973 gesluit word omdat die strand reeds oorvol was. Buite die hekke het talle Bantoes wat nie kon binnegaan nie, saamgedrom en later die hekke probeer oopbreek. Die polisie moes met honde die skare tot bedaring bring en gelukkig is die gemoedere op taktvolle wyse gekalmeer sodat niemand beseer is nie.²⁾ Die Umgababa-vakansieoord vir Bantoes aan die Natalse Suidkus, wat deur die Bantoe-Ontwikkelingskorporasie daargestel is, is baie gewild by Bantoevakansiegangers asook by Bantoes van die omgewing wat dit oor naweke besoek. 'n Orkeskompetisie by hierdie oord op Nuwejaarsdag 1972 het 40 000 Bantoes gelok.³⁾ Besoekersgetalle gedurende die afgelope twee jaar aan die Manyeleti-wildtuin vir Bantoes, dui op 'n groeikoers van 20,9% per jaar.⁴⁾

1. JAMINE, E.J., Op. Cit., p. 5

2. S.A.U.K. Nuusbuletin, 9 nm., 2 Januarie 1974

3. SUNDAY TIMES COLOUR MAGAZINE, August 26, 1973, p. 45

4. HUGO, M.L., Die Behoefte van die Bantoebevolking aan Buitelugontspanning tot die jaar 2 000 en die potensiaal van die Tuislande om daaraan te voldoen, p. 44

Hieruit blyk dit dat bestaande ontspanningsoorde reeds druk besoek word deur Bantoes wat dit kan bekostig. 'n Toename in aanvraag as gevolg van die T.I.M.-faktor ¹⁾ sal hierdie posisie in die nabye toekoms verder laat versleg.

Johannesburg het reeds in 1972, 700 000 Bantoe-inwoners gehad en na verwagting sal die getal in 1980 tot meer as 'n miljoen aangroei. Ons kan nie verwag dat 'n miljoen inwoners van 'n stad wat duisende motors en ander voertuie sal besit hulle ontspanningsbehoefte binne daardie stad se grense moet bevredig nie. ²⁾ Navorsing het getoon dat 90% van alle ontspanning plaasvind in 'n gebied binne 200km van die deelnemer se woning. Terselfdertyd is getoon dat 60% van hierdie deelname binne 'n radius van 65km plaasvind; dit dui op mense wat net vir 'n dag se ontspanning uitgaan. Naweke ry die mense verder; dit verteenwoordig 30% van die ontspanningsdeelname. Die orige 10% verteenwoordig ontspanningsdeelnemers wat veel verder reis vir hulle ontspanning en sluit gewoonlik reise na vakansieoorde in. ^{3,4 & 5)} Hierdie afstande sal egter nie konstant bly nie. Mettertyd kan die afstande wat mense sal ry toeneem as vervoermiddele verbeter, of beperkinge soos die huidige petrol-skaarste kan selfs veroorsaak dat die afstande inkrimp.

1. T.I.M. - Tyd, Inkomste en Mobiliteit

2. In 1970 het 35 000 Bantoes in Transvaal reeds motors besit - JAMINE, E.J., Op. Cit., p. 13

3. CLAWSON, M. EN KNETSCH, J.L., Op. Cit., p. 99

4. DOUGLAS, R.W., Forest Recreation

5. VAN DER PAS, J.B., A Visitor Survey in the Jonkershoek State Forest, p. 9

Ontspanningsdeelname in die 65km-radius verteenwoordig die daggebruiksone terwyl die 200km-radius die naweekgebruiksone verteenwoordig. ¹⁾ Hierdie gegewens impliseer dat wanneer die Bantoebevolking van Johannesburg meer mobiel is, daar 'n aanvraag sal wees na ontspanningsgeriewe in die dag- sowel as naweekgebruiksone. Beperkinge soos hierbo gemeld, sal die aanvraag na daggebruik-ontspanningsgeriewe laat toeneem. Met streekontspanning word dus verwys na daardie geriewe wat binne 'n radius van 200km van die deelnemers se woning beskikbaar is.

In sy studie het Page ²⁾ ook gewag gemaak van die noodsaaklikheid daarvan om ontspanningsgeriewe vir die Bantoe op 'n streeksgrondslag daar te stel. Hy het voorgestel dat so- danige geriewe vir die Bantoe-inwoners van die Witwatersrandgebied in die Rustenburggebied voorsien moet word. Omdat hierdie gebied binne 200km van die Witwatersrandgebied is, blyk dit dus die aangewese stap te wees om geriewe vir naweek- en vakansiegebruik in dié tuislande te skep. Etniese verskille is natuurlik hier ter sprake, maar om vir al die etniese groepe wat in Soweto verteenwoordig is in hulle eie tuislandgebiede geriewe vir naweekgebruik te verskaf, is natuurlik weens die lang afstande onmoontlik. (Daar moet onthou word dat net motorgebruik in die vasstelling van bogenoemde radiusse in ag geneem is.)

Die groot probleem blyk egter die verskaffing van geriewe

-
1. Vir ooreenstemmende gebruiksones vind Hugo dat afstande van 55km en 200km vir Bantoes geld. HUGO, M.L., Op. Cit., p. 220
 2. PAGE, D., Die Verstedeliking van Bantoegebiede van Transvaal, p. 219

vir daggebruik te wees. Die ondersoeker wil aanbeveel dat 'n dringende ondersoek gelas word na die moontlikheid van die beskikbaarstelling van ruimte en die vestiging van ontspanningsgeriewe vir die Bantoes van die hele Witwatersrandgebied binne 'n afstand van 80km vanaf Johannesburg.

8.9 OPSOMMING VAN AANBEVELINGS

- i) Die Tuinboukundige- en Ontspanningsfunksies van die Wes-Randse Bantoesake-Administrasieraad moet in een Departement van Parke en Ontspanning saamgevoeg word. (p. 378)
- ii) Daar word aanbeveel dat die parke- en ontspanningsfunksies en die welsynsdienste van die ander onderskeie Bantoesake-administrasierade (21) in een departement van Gemeenskapsdienste saamgevoeg word. Sodanige departemente kan ineenskakel met die behuisingsdienste onder 'n Direkteur van Behuising- en Gemeenskapsdienste. 'n Basiese organisasiestruktuur vir die aanbevole reorganisasie word aangedui. (p. 395)
- iii) Die volgende ruimtetoekenning vir basiese parke- en ontspanningsfasiliteite vir Bantoewoonbuurte word aanbeveel.

<u>Funksie</u>	<u>Aantal hektaar per</u> <u>1 000 inwoners</u>	<u>Minimum grootte</u>
Speelterreine	0,4ha	1,0ha
Sportterreine	1,2ha	3,0ha
Parke	1,6ha	8,0ha
<u>Totaal:</u>	3,2ha/1 000 inwoners	

Ander ontspanningsgeriewe

Swembad	0,54ha/10 000 inwoners
Gholfbaan	6,30ha/10 000 inwoners
Stadion	0,31ha/10 000 inwoners
Tennisbane	0,07ha/10 000 inwoners
Gemeenskapsaal	0.08ha/10 000 inwoners

Totaal: 0,73ha/1 000 inwoners

Die totale ruimtetoekenning van 3,93ha/1 000 inwoners is baie na aan die ideale toekenning van 4,0ha/1 000 inwoners wat deur die National Recreation and Parks Association van Amerika aanbeveel word. (405 & 409)

iv) Met die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite (sokker- en korfbalvelde), veral in nuwe Bantoewoonbuurte, moet die beginsel van kwantiteit eerder as kwaliteit gehandhaaf word. Hiermee word nie bedoel dat minderwaardige fasiliteite geskep word nie. Die idee is om in 'n kort tydperk soveel fasiliteite as moontlik, van 'n redelike gehalte, daar te stel. Afronding van die fasiliteite kan mettertyd onderneem word. (p. 412)

v) Elke administrasieraad moet die gedeeltelike beheer oor ten minste een stadion in sy gebied behou sodat dit ook vir ander funksies uitverhuur kan word. (p. 411)

vi) Om die organisasie van Bantoesport te bevorder, moet die verskillende soorte fasiliteite aan die sterkste sportverenigings in elke Raadsgebied toegesê word. (p. 411)

vii) Die ontwikkeling van parke- en ontspanningsfasiliteite in 'n Raadsgebied moet slegs aangepak word volgens 'n vooraf-opgestelde parke- en ontspanningsplan. Hiervolgens kan

die prioriteite ten opsigte van die vestiging van die onderskeie fasiliteite bepaal word. (p. 413)

viii) Administrasierade moet waak teen die bou van luukse ontspanningsfasiliteite in Bantoewoonbuurte waarvoor daar nie regverdiging bestaan nie. Luukse swembaddens van Olimpiese standaard is byvoorbeeld op die huidige stadium nie nodig nie. 'n Skets van 'n geskikte swembad wat aanbeveel word, word op bladsy 415 gegee.

ix) Stadions en ander sportfasiliteite wat groot getalle toeskouers lok, moet met inagneming van beskikbare treindienste beplan word. (p. 416)

x) Indien klubhuise beplan word, moet daar vir 'n inwonende opsigter wat vandalisme kan bekamp, voorsiening gemaak word. (p. 420)

xi) a) Om die standaard van Bantoe-atletiek te verhoog, is dit belangrik dat mededinging op skoolvlak op 'n ouderdomsbasis moet plaasvind. (p. 424)

b) Sportorganiseerders moet in alle Bantoesake-administrasieraadsgebiede aangestel word om behulpsaam te wees met die sportorganisasie op skoolvlak. (p. 425)

c) Sportfasiliteite moet verkieslik nie op skoolterreine gevestig word nie. (p. 426)

d) Oorkoepelende sportliggame moet in elke administrasieraadsgebied gestig word om die sportorganisasie van skole te bevorder. (p. 427)

e) Daar moet onmiddellik aandag geskenk word aan die opleiding van Bantoe-sportorganiseerders. (p.428)

xii) Faktore soos stygende salarisse, toename in vrye tyd en verhoogde mobiliteit veroorsaak 'n groter deelname onder

Bantoes aan opelugontspanning en daarom moet ondersoek ingestel word na die behoeftes van die Bantoebevolking en daarvolgens moet ontspanningsgebiede op 'n streekbasis beskikbaar gestel word. (p. 429)

8.10 ONDERWERPE VIR VERDERE NAVORSING

i) Aangesien dit noodsaaklik is dat Bantoe-skoolkinderen in atletiek meeding volgens ouderdom, moet prestasieskale vir Bantoe-seuns van 16 tot 19 jaar saamgestel word. Dit is ook nodig dat prestasieskale vir Bantoe-dogters saamgestel word.

ii) Die funksie van 'n Departement Sport en Ontspanning in die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling moet nagegaan word.

iii) Opnames moet in die Bantoe-woonbuurte van die stedelike gebiede onderneem word, sodat die huidige sowel as toekomstige ontspanningsbehoeftes van die Bantoes vasgestel kan word.

iv) Die toekenning van ruimte vir parke- en ontspanningsdoeleindes in gevestigde Bantoe-woonbuurte moet nagegaan word sodat meer spesifieke aanbevelings aangaande toekomstige toekenning gedoen kan word.

v) Aangesien veelvolkige sport die afgelope aantal jare baie veld gewen het, is dit nodig dat navorsing aangaande die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse sportbeleid onderneem word.

B I B L I O G R A F I E

BOEKE

1. ASHTON, H. The Basuto. Oxford University Press, 1967.
2. BURTON, T.L. Recreation Research and Planning. London, George Allen and Unwin, 1970.
3. BUTLER, G.D. Introduction to Community Recreation. New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1967.
4. CALDERWOOD, D.M. Native Housing in South Africa. University of Witwatersrand, 1953.
5. CARLSON, R.E., ET. AL. Recreation in American Life. Belmont, Wadsworth Publishing Co., 1972.
6. CLAWSON, M. AND KNETSCH, J.L. Economics of Outdoor Recreation. Baltimore, John Hopkins Press, 1966.
7. CORBIN, H.D. Recreation Leadership. New York, Prentice-Hall, Inc., 1959.
8. COSGROVE, I. AND JACKSON, R. The Geography of Recreation and Leisure. London, Hutchinson and Co., 1972.
9. COSTELLO, T.W. AND ZALKIND, S.S. Psychology in Administration. New York, Prentice-Hall, 1963.
10. DE GRAZIA, S. Of Time Work and Leisure. New York, Doubleday and Co., 1964.
11. DOELL, C.E. Park and Recreation Administration. Minneapolis, Burgess Publishing Co., 1963.
12. DOUGLAS, R.W. Forest Recreation. New York, Pergamon Press, 1969.
13. DRAPER, M. Sport and Race in South Africa. Johannesburg, S.A. Institute of Race Relations, 1963.
14. GOLD, S.M. Urban Recreation Planning. Philadelphia Lea and Febiger, 1973.
15. GREEN, T.F. Work Leisure and American Schools. New York, Randam House, 1968.
16. JUNOD, H.A. The Life of a South African Tribe. London, MacMillan and Co., 1927.
17. KRAUS, R. Recreation and Leisure in Modern Society. New York, Appleton-Century-Crofts, 1971.
18. MATHEWSON, J.E. The Establishment of an Urban Bantu Township. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1957.

19. MAUD, J.P.R. City Government - The Johannesburg Experiment. London, Oxford Press, 1938.
20. NEUMEYER, M.H. AND NEUMEYER, E.S. Leisure and Recreation. New York, The Ronald Press Company, 1958.
21. PHILLIPS, R.E. The Bantu are Coming. London, Student Christian Movement Press, 1930.
22. PHILLIPS, R.E. The Bantu in the City. The Lovedale Press, 1938.
23. PIETERSE, J.E. (Red.) Jeug en Vrye tyd. Verslag Nr.1 van die Jeug ondersoek van die Nasionale Jeugraad, 1967. U.P.
24. PISTORIUS, R.A. Natal North Coast Survey. Pietermaritzburg, City Printing Works (pty) Ltd., 1962.
25. SAPPORA, A.V. AND MITCHELL, E.D. The Theory of Play and Recreation. New York, The Ronald Press Co., 1961.
26. SCHOONEES, P.C., ET AL. Woordeboek van die Afrikaanse Taal. (Deel A-C), Pretoria Staatsdrukker, 1956.
27. SHORTEN, J.R. Die Verhaal van Johannesburg. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1970.
28. YUKIC, T.S. Fundamentals of Recreation. New York, Harper and Raw, 1970.

ONGEPUBLISEERDE BRONNE

1. BOSMAN, J.S.K. Liggaamlike Ontspanning in Enkele Suid-Afrikaanse Nywerhede. M. Ed., 1962, P.U. VIR C.H.O.
2. BOTHA, J.L. 'n Onderzoek na die Funksie van 'n Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika. D. Phil., 1968, U.P.
3. BOTHMA, C.V. 'n Volkekundige Onderzoek na die Aard en Ontstaansoorsake van Tsotsi-Groepe en hulle aktiwiteite soos gevind in die Stedelike gebied van Pretoria. M.A., 1951, U.P.
4. BOTTO, R. Some Aspects of the Leisure Occupations of the African Population in Cape Town. M.A., 1954, U.C.T.
5. COERTZE, R.D. Atteridgeville, 'n Stedelike Bantoewoonbuurt. Navorsingsprojek, 1969, U.P.
6. DE VILLIERS, C.M. Die Vryetydsbesteding van Volwasse Manlike Bantoe in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging. D. Phil., 1972, U.P.

7. HENNING, J.J. Dorpsstigting in die Bantoe-tuislande. D. Phil., 1969, P.U. vir C.H.O.
8. HUGO, M.L. Buitelugontspanning en die Bantoe-tuislande. D. Phil., 1973, P.U. vir C.H.O.
9. JOUBERT, I.J. n Vergelyking tussen die Algemene Motoriese bekwaamheid van sewentienjarige Blanke- en Bantoeskoolseuns in Transvaal. M. Ed., 1951, P.U. vir C.H.O.
10. LE ROUX, J.P. Motoriese Ontwikkeling van en Prestasiestandaarde vir dogters van 11 tot 16 jaar. M.A., P.U. vir C.H.O.
11. MAGUBANE, B. Sport and Politics in an Urban African Community, A case study of African Voluntary Organizations. M.A., 1963, U.N.
12. MICHAU, J.M.Z. The role and status of the Bantu Social Worker in S.A. with special reference to Integration of Theory and Practice and Occupational Stress. D. Phil., 1969, Unisa.
13. PAGE, D. Die Verstedeliking van Bantoegebiede van Transvaal. D. Litt., 1964, Unisa.
14. PRINS, J.M.G. Aspekte van die Lewe van die Stedelike Bantoejeug en hulle Sendingsbenadering. Baccalaureus in Godsgeleerdheid, 1961, U.S.
15. RETIEF, G.M. Oortredinge onder Jeugdige Stedelike Naturelle. D. Phil., 1959, U.P.
16. ROSSOUW, D.D. Die Stad as Funksionele kern van die Bantoetuisland, met Spesiale Verwysing na die Hammanskraalgebied. M.Sc., 1963, U.P.
17. SERFONTEIN, C.H. Tuislandgerigte administrasie van Bantoes in blankbeheerde gebiede met verwysing na die Wes Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. D. Phil., 1974, P.U. vir C.H.O.
18. SMITH, D.P.J. Die Samestelling van Prestasieskale in die Atletiek vir Studerende Blanke Jongelinge van ses-tienjaar en Ouer. D. Phil., 1948, P.U. vir C.H.O.
19. STEYN, J.N. Die Suid-Kaapse Toeristebedryf: Geografiese patroon en Invloede op Regionale Ontwikkeling. D. Phil., 1972, U.S.

20. TALJAARD, E.P.S. Prestasiestandaarde in Atletiek vir Bantoeseuns van 12 tot 15 jaar. M.A., 1967, P.U. vir C.H.O.
21. VAN DER MERWE, J.A. en Geografiese Studie van Opelugontspanning in Suid-Transvaal, M.A., 1965, Unisa.

VERSLAE

1. City Council of Johannesburg. Report to the Fagan Commission of Enquiry into the Riots at Moroka Emergency Camp on Saturday, 30th August, 1947.
2. City Council of Johannesburg. Supplementary Memorandum to the Fagan Commission of Enquiry into the Riot at Moroka Emergency Camp on Saturday, 30th August, 1947.
3. City Council of Johannesburg. (N.E.A.D.) Survey of Reef Locations. May 1939
4. City Council of Johannesburg. (N.E.A.D.) Survey of Reef and Pretoria Locations. December, 1942.
5. City Council of Johannesburg. (N.E.A.D.) Recreational Facilities for Natives. 1946
6. City Council of Johannesburg. Recreational Study, Forward Planning Branch. 1970
7. Conference on Outdoor Recreation. Trent Polytechnic, London, 19-21 September, 1972.
8. Conference on Urban Juvenile Native Delinquency (Findings and Recommendations) Johannesburg, 10-12th October, 1938.
9. Conference on Urban Juvenile Native Delinquency (Minutes) Johannesburg. 10-12th October, 1938.
10. CONNELL, P.H. Sub-Economic Housing Practice in South Africa. Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Pretoria, 1947.
11. HOPKINS, W.S. Forest Recreation Research, Statistical Reporter, Washington. November, 1969.
12. JOOSTE, M.E. EN VENTER, J.D. Opelugontspanningspotensiaal van sekere Staatseiendomme in Suid-Afrika. Navorsingsreeks No. 27, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965.
13. Johannesburgse Munisipale Regulasies, Volume V, (Swembaddens)

14. Nasionale Behuisingskantoor. Minimum Standaarde van Behuising vir Nie-blankes. Pretoria, 1956.
15. Nasionale Konferensie oor Openbare Ontspanning (verslag). Pretoria, 25-26 April, 1968.
16. National Housing Office. A Guide to the Planning of Non-European Townships, Pretoria, 1955.
17. National European - Bantu Conference (Report). Cape Town. February, 1929.
18. National European - Bantu Conference (Resolutions). Cape Town, February, 1929.
19. National Building Research Institute. Research Committee on Minimum standards of Accommodation.
20. Native Affairs Commission (Report), The Use and Supply of Kaffir Beer. Chairman - G.H. Nicholls, 1941.
21. Native Economic Commission 1930-32 (Report). Government Printer, Pretoria, 1932.
22. NELSON, G.K. Psychological, Nutritional and Sociological studies of Kaffir Beer. C.I.S.R., Johannesburg. 1964.
23. Symposium. Vaal River - Playground of the Heartland. Johannesburg. 8th May, 1974.
24. VAN DER PAS, J.B. A Visitor Survey in the Jonkershoek State Forest. Jonkershoek Forest Research Station, 1973.

JAARVERSLAE EN NOTULES

1. Stadsraad van Johannesburg: Tak Gemeenskapsdienste (A.N.B.S) Alle Jaarverslae vanaf 1960 tot 1973.
2. Stadsraad van Johannesburg: Afdeling Nie-blankesake. Alle Jaarverslae vanaf 1927 tot 1972.
3. Stadsraad van Johannesburg: Alle Notules vanaf 1898 tot 1973.

TYDSKRIFTE EN REFERATE

1. ARNOLD, O.V. Finansiering en Probleme met Finansiering van Parke. Park Administration, 1971, 5, 78-84.

2. ASHTON, E.N. Drankwette in Sentraal Afrika. Referaat gelewer tydens die 9de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 18-21 Oktober 1971.
3. BOTHA, M.C. Openingsrede gelewer tydens die 11de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 18-21 Oktober 1971.
4. BURGER, J.A. Bantoebier. Referaat gelewer tydens die 14de Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede, 30 Augustus - 2 September 1965.
5. LEAN, E.A. "The Hygiene and Control of Swimming Pools" Referaat gelewer tydens die 23ste Jaarkongres van die Instituut van Parke- en Ontspanningsadministrasie, Parke Administrasie, 1969, 1, 68-75.
6. LEWIS, P.R.B. Referaat gelewer tydens feesvieringe ter herdenking van die 70ste verjaarsdag van die Universiteit van die Witwatersrand, 20 September 1966.
7. LEWIS, P.R.B. An Examination of Johannesburg's Native Revenue Account as at 30th June, 1962.
8. OPPERMAN, R.W.J. Our Vanishing Heritage. Vigor, 1957, 1, 39-43.
9. Recreation and Park Education. Parks and Recreation, 1971, 8, 35-43.
10. SHAW, T.R. Recreation for Non-Europeans. Parke Administrasie, 1966, 4, 77-81.
11. SMITH, D.P.J. Die Ontspanningsleier. Parke Administrasie, 1969, 1, 41-46.
12. TALJAARD, E.P.S. Opelugontspanning op Boseiendomme. Suid-Afrikaanse Bosboutydskrif, 1973, 86, 34-37.

AANHANGSEL "A"

SOWETO INTER SCHOOLS SPORTS LEAGUE

HIGHER PRIMARY SCHOOLS

FIXTURE K-1

MONDAY JULY 19, 1971

KNOCK-OUT CUP COMPETITIONS

FIRST ELIMINATIONS

<u>BASKETBALL</u>		<u>JUNIOR GIRLS</u>	
<u>Esidlekeni</u>	vs Zola	2,30 pm. Zola	Mr. S. Sono
<u>FOOTBALL</u>		<u>JUNIOR BOYS</u>	
<u>Esidlekeni</u>	vs Zola	2,30 pm. Zola	Mr. C. Soni
<u>BASKETBALL</u>		<u>INTER GIRLS</u>	
<u>Esidlekeni</u>	vs Zola	3,00 pm. Zola	Mr. S. Sono
<u>FOOTBALL</u>		<u>INTER BOYS</u>	
<u>Esidlekeni</u>	vs Zola	3,00 pm. Zola	Mr. V. Motsepe
<u>BASKETBALL</u>		<u>SENIOR GIRLS</u>	
<u>Esidlekeni</u>	vs Zola	3,30 pm. Zola	Mr. S. Sono
<u>FOOTBALL</u>		<u>SENIOR BOYS</u>	
<u>Esidlekeni</u>	vs Zola	3,30 pm. Zola	Mr. J. Makhafola

FIXTURE K-2

WEDNESDAY JULY 21, 1971

KNOCK-OUT CUP COMPETITIONS

FIRST ELIMINATIONS

<u>BASKETBALL</u>		<u>JUNIOR GIRLS</u>	
<u>Sedibathuto</u>	vs Tau-Pedi	2,30 pm. Mapetla	Mr. S. Sono
<u>FOOTBALL</u>		<u>JUNIOR BOYS</u>	
<u>Sedibathuto</u>	vs Tau-Pedi	2,30 pm. Mapetla	Mr. D. Thabe
<u>BASKETBALL</u>		<u>INTER GIRLS</u>	
<u>Sedibathuto</u>	vs Tau-Pedi	3,00 pm. Mapetla	Mr. S. Sono
<u>FOOTBALL</u>		<u>INTER BOYS</u>	
<u>Sedibathuto</u>	vs Tau-Pedi	3,00 pm. Mapetla	Mr. C. Soni
<u>BASKETBALL</u>		<u>SENIOR GIRLS</u>	
<u>Sedibathuto</u>	vs Tau-Pedi	3,30 pm. Mapetla	Mr. S. Sono
<u>FOOTBALL</u>		<u>SENIOR BOYS</u>	
<u>Sedibathuto</u>	vs Tau-Pedi	3,30 pm. Mapetla	Mr. V. Motsepe

PLEASE NOTE:

All the teams MUST conform to the required height limits:

JUNIORS: Below 4 ft 10 ins (No hair allowance); INTERS: Between 4 ft 10 ins and 5 ft 2 ins.

CHAMPION OF CHAMPIONS BASKETBALL & FOOTBALL SERIES:

In view of the withdrawal of LUYOLO School from further participation in Sports this year, our League will now be represented by the runner-ups - ESIDLEKENI in the Johannesburg and District African Inter Primary Schools Sports Association BASKETBALL SECTION and SEDIBATHUTO in the football Section at the Jabavu Stadium on Monday July 26, 1971

Stanley M. Sono (Senior Sports Organiser)

SMS13771

AANHANGSEL "B"

CITY OF JOHANNESBURG

NON-EUROPEAN AFFAIRS DEPARTMENT

STADIUM	DATE:
TOTAL NO. OF MATCHES FIXTURED	

Turnstile	Cashier	Reading From	To	Difference	Denomina- tion	Amount
No. 1						
No. 2						
No. 3						
No. 4						
No. 5						
No. 6						
No. 7						

TOTAL: _____

AMOUNT RECEIVED FROM CASHIERS

Turn- stile 1	Turn- stile 2	Turn- stile 3	Turn- stile 4	Turn- stile 5	Turn- stile 6	Turn- stile 7	Turn- stile 8
Amount R C	Amount R C	Amount R C	Amount R C	Amount R C	Amount R C	Amount R C	Amount R C
.....							
.....							
.....							

AMOUNT PAID TO CASHIERS ETC.

NATURE OF	NAME	SIGNATURE	AMOUNT R C
.....			
.....			
.....			
.....			

TOTAL: _____

AANHANGSEL "B" (Vervolg)

AMOUNT PAID TO TREASURY:

DATE	TIME	AMOUNT	SIGNATURE	RECEIPT NO.
		R C		

Percentage (BASED ON TOTAL TAKINGS)
CITY COUNCIL%
.....%
.....%

SIGNATURE FOR ASSOCIATION _____

Received from the City Council the sum of
.....
.....

SIGNATURE

ORGANISER'S SIGNATURE

Turnstiles checked by Recreation Officer on

SIGNATURE
RECREATION OFFICER

SIGNATURE
SEN. REC. OFFICER

HvdB
23/4/1971

AANHANGSEL "C"

ONTSPANNINGSFASILITEITE VIR DIE BANTOE IN DIE
ONDERSKEIE STEDELIKE GEBIEDE - 1973*

	<u>Johan-¹⁾</u> <u>nesburg</u>	<u>Bloem-</u> <u>fontein</u>	<u>Kaap-</u> <u>stad</u>	<u>Pre-</u> <u>toria</u>	<u>Port</u> <u>Elizabeth</u>	<u>Durban</u>
<u>Aantal Inwoners</u>	422 000	70 000	103 000	217 000	200 000	160 000
Stadions	3	1	2	2	4	2
Opelug-arenas	1	1	-	1	-	-
Dans Arenas	4	-	-	-	-	1
Gemeenskap en/of						
Ontspanningsale	26	2 ²⁾	8	5	5	10
Sokkervelde	95	5 ²⁾	13	26	22	19
Korfbalbane	78	-	-	11	15	-
Rugbyvelde	2	-	13 ³⁾	-	7	-
Speelterreine	39	2	8	-	-	-
Gholfbane	2	1	-	1	1	1
Swembaddens	5	1	3	1	3	4
Tennisbane	44	8	-	19	5	11
Rolbalbane	1	-	-	-	-	1
Kleedkamers	11	-	7 ⁴⁾	10	-	-
Klubhuise	24	-	-	-	-	-
Fietsrybane (be-						
ton)	2	-	-	2	-	-
Kegelbane	6	-	-	-	-	-
Atletiekbane						
(permanent)	3	1	-	2	1	-
Strandgebied	-	-	1	-	1	1
<u>Personeel</u>						
Ontspanningsbe-						
amptes (Blank)	3	1	2	2	1	1
Ander blanke						
personeel	7	-	-	-	1	2
Bantoe-Ontspan-						
ningsbeamptes	33	1	2	9	2	-
Klubleiers	-	-	10	-	-	-
Arbeiders	159	10	21	27	20	89
Bantoepersoneel						
(ander)	18	5	59	3	14	-
Totaal (Blankes)	10	1	2	2	2	3
Totaal (Bantoes)	210	16	92	39	36	89

* Inligting van die hoofde van die ontspanningsafdelings verkry

1. Slegs in woonbuurte van Soweto wat deur die stadsraad beheer is en sluit dus Meadowlands en Diepkloof wat deur die Bantoehervestigingsraad beheer is, uit
2. Nog 35 ander oop terreine
3. Sokker en rugby op dieselfde velde
4. Openbare badkamers

AANHANGSEL "D"

ONTSPANNINGSFASILITEITE IN DIE WES-RANDSE BANTOESAKE-
ADMINISTRASIERAADSGBIED - 1976

Fasiliteite	Soweto	Diep- kloof	Meadow- lands	Dobson- ville	Kagiso	Alex- andra	Mohla- keng	Bekkers- dal	Totaal
Sokkervelde	90 ⁽¹⁾	6	7	4	7	1	3	4	122
Stadions	3 ⁽²⁾	-	1	1	-	1	-	-	6
Opelug-Arena	1	-	-	-	-	-	-	-	1
Korfbalbane	75	8	7	2	2	2	-	2	98
Swembaddens	5	-	-	1	-	-	-	-	6
Fietsrybane (beton)	2	-	-	-	-	-	-	-	2
Tennisbane	39 ⁽³⁾	2	-	2	2	4	1	1	51
Atletiekbane	2	-	1	1	-	-	-	-	4
Rolbalbane	1	-	-	-	-	-	-	-	1
Gholfbane	2	-	-	-	-	-	-	-	2
Rugbyvelde	3	-	-	1	-	-	-	-	4
Krieket- oefenbane	10	-	3	1	1	-	1	-	16

1) Ses met spreiligte

2) Orlando het spreiligte

3) Drie met spreiligte en 21 weervaste bane